# CHRISTIAAN ROEDOLF DE WET IN DIE ANGLO-BOEREOORLOG

deur

*André Jacobus Pienaar*

****

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad *MAGISTER ARTIUM* in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Potchefstroom
Des. 1974.

Daar staan geskrywe:

"Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede,
dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien
het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al
die dae van jou lewe nie, en jy moet dit aan jou
kinders en jou kindskinders bekend maak."

(Deut.4 vers 9)

Aan:

Ina, Christél en Marius.

# I N H O U D


| | | bladsy |
|---|---|---|
| VOORWOORD | | (iv - vi) |
| HOOFSTUK I: | 'N KORT BIOGRAFIE | 1 - 27 |
| 1. | Agtergrond. | 1 |
| 2. | Jeugjare. | 2 |
| 3. | Transportryer en rustelose boer. | 3 |
| 4. | Deelname aan Eerste Vryheidstryd, 1880 - 1881. | 4 |
| 5. | In verantwoordelike posisies. | 6 |
| 6. | Boer en Volksraadslid in die O.V.S. | 7 |
| 7. | Ná die Tweede Vryheidstryd. | 11 |
| 8. | Minister in die Vrystaatse kabinet. | 13 |
| 9. | Vrystaatse afgevaardigde na die Nasionale Konvensie. | 14 |
| 10. | Ná Uniewording. | 15 |
| 11. | Mede-stigter van die Nasionale Party. | 15 |
| 12. | Rebel, 1914. | 18 |
| 13. | Laaste Jare, 1916 - 1922. | 26 |
| HOOFSTUK II: | VAN BURGER TOT WAARNEMENDE HOOFKOMMANDANT | 28 - 62 |
| 1. | De Wet gaan op kommando as gewone burger. | 28 |
| 2. | In 'n leiersposisie. | 28 |
| 3. | Die geveg by Rietfontein en verdere planne. | 31 |
| 4. | De Wet bewys hom as militêr met die slag van Nicholsonsnek. | 32 |
| 5. | Na die wesgrens. | 36 |
| 6. | Die slag van Koedoesberg. | 41 |
| 7. | De Wet se buit met die slag van Blauwbank, 15 Febr. 1900. | 45 |
| 8. | Die oorgawe aan De Wet by Blaauwboschpan. | 48 |
| 9. | Die slag van Paardeberg en die gevolge. | 49 |
| 10. | Geveg by Poplar Grove, 7 Maart 1900. | 55 |
| 11. | Reëlings ter verdediging van Bloemfontein. | 57 |
| 12. | De Wet keer terug na Abrahamskraal. | 58 |
| 13. | Die val van Bloemfontein, 13 Maart 1900. | 59 |
| 14. | Opsommend. | 61 |
| HOOFSTUK III: | DE WET VERTRAAG ROBERTS SE AANMARS | 63 - 93 |
| 1. | Belangrike besluite. | 63 |
| 2. | Verrassende getalle trek weer saam. | 66 |
| 3. | Twee kenmerkende metodes van De Wet om dissipline te verbeter. | 67 |
| 4. | Sannaspost, 31 Maart 1900. | 68 - 79 |
| | a) Aanloop. | 68 |
| | b) Die geveg. | 71 |
| | c) Slotsom. | 78 |
| 5. | Mostertshoek, 3-4 April 1900. | 79 - 89 |
| | a) Aanloop. | 79 |
| | b) Die geveg. | 85 |
| | c) Slotsom. | 88 |
| 6. | Die beleg by Jammerberg naby Wepener | 89 - 93 |
| | a) Die situasie. | 89 |
| | b) De Wet besluit op beleëring. | 91 |
| | c) Betekenis. | 92 |

*bladsy*

HOOFSTUK IV: DIE STRYD IN DIE VRYSTAAT DUUR VOORT 94 - 130

1. Lord Roberts se aanmars na die Z.A.R. 94
2. De Wet hou hom aanvanklik besig met herorganisasie. 95
3. 'n Mislukte poging om Roberts te stuit lei tot onaktiwiteit tot einde Mei 1900 99
4. Belangrike samesprekings by Renosterrivierbrug. 102
5. De Wet maak hom gereed om die vyand te kwel. 104
6. Militêre situasie in die Vrystaat aan die einde van Mei 1900. 108
7. Swavelkranz: 4 Junie 1900 - 'n Ander betekenis. 108
8. Roodewal: 7 Junie 1900 - 'n Roemryke De Wet-sukses. 111
9. Lord Roberts verplig om weer aandag aan die Vrystaat te gee. 115
10. Die tydperk 8 Junie tot 30 Junie 1900. 116
11. Die rede vir De Wet se belangstelling in Lindley. 120
12. Die gebeure by Lindley versterk De Wet se hande. 121
13. Die slag van Bethlehem: 6 en 7 Julie 1900. 125
14. Opsommend. 129

HOOFSTUK V: GEDWING NA TRANSVAAL - DIE EERSTE DRYFJAG 131 - 171

1. In die Brandwaterkom. 131
2. Uit die Brandwaterkom via Slabbertsnek. 135
3. Generaal Roux hou nie by die plan nie. 138
4. Broadwood fnuik De Wet se planne. 140
5. Ernstige breuk met Piet de Wet. 142
6. Die oorsteek van die spoorlyn werp vrugte af. 142
7. Botsing met 'n afdeling van Broadwood by Reitzburg. 145
8. Die oorgawe van genl. Marthinus Prinsloo dwing De Wet om nog eens sy planne met betrekking tot die Kaapkolonie uit te stel. 146
9. Na die Transvaal. 149
10. Die dramatiese ontwyking. 151
11. Olifantsnek word deurgetrek. 154
12. Agter die Magaliesberge. 156
13. In die voetspore van bobbejane. 157
14. Die waarde van die tog na die Transvaal. 159
15. Terug in die Vrystaat. 159
16. Weer na die Transvaal. 161
17. Die beleg by Frederikstad: 20 - 25 Oktober 1900. 164
18. Die onverwagte verlies by Bothaville: 6 November 1900. 166
19. Opsommend. 171

HOOFSTUK VI: INVALLE IN DIE KAAPKOLONIE LEI TOT 'N TWEEDE DRYFJAG 172 - 205

1. Agtergrond. 171
2. Die Transvalers stel ook belang in 'n inval in die Kolonie. 176
3. Gebeurtenisse wat die eerste voorgenome inval voorafgegaan het. 177
   i) Die geveg by Dewetsdorp: 21 - 23 November 1900. 179
   ii) Laaste reëlings word getref. 180
4. Die eerste poging om die Kolonie binne te val. 181
5. Die vyand word ontduik. 183
6. Die gevolge van die eerste invalspoging. 184
7. De Wet omskep verdediging in aanval. 185

*bladsy*

| | | |
|---|---|---|
| 8. | Sprinkaansnek: 14 Desember 1900. | 187 |
| 9. | De Wet maak gereed vir die tweede inval in die Kolonie. | 192 |
| 10. | Die tweede poging om die Kolonie binne te dring slaag, maar die doel misluk. | 197 |
| 11. | Opsommend. | 202 |

HOOFSTUK VII: DIE DERDE EN GROOTSTE DRYFJAG OM DIE SIEL VAN DIE SOGENAAMDE GUERRILLA-OORLOGVOERING TE VANG, MISLUK — 206 - 240

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Volharding deur die Boere versus pogings van die Britse leër=leiding om die oorlog te beëindig. | 206 |
| | a) Verskroeide aarde. | 206 |
| | b) Konsentrasiekampe. | 207 |
| | c) Blokhuise. | 209 |
| 2. | De Wet hou hom aanvanklik hoofsaaklik besig met organisering en ander sake met die oog op Guerrilla-oorlog. | 211 |
| 3. | Graspan: 6 Junie 1901. | 214 |
| 4. | Samesprekings met die Transvalers. | 215 |
| 5. | Kitchener se reaksie. | 216 |
| 6. | Die geveg by Spuitfontein: 29 November 1901. | 217 |
| 7. | Quaggafontein: 8 Desember 1901. | 220 |
| 8. | Tierkloof: 18 Desember - 'n Mislukking. | 221 |
| 9. | Groenkop: 25 Desember 1901 - 'n Reuse Sukses. | 224 |
| 10. | De Wet weer die middelpunt van Kitchener se belangstelling. | 228 |
| 11. | Die Eerste Dryfjag van 1902 - 'n Mislukking. | 229 |
| 12. | Die Tweede Dryfjag. | 232 |
| 13. | Die Derde Dryfjag. | 236 |
| 14. | De Wet verlaat die Noord-Vrystaat. | 236 |
| 15. | Opsommend. | 238 |

HOOFSTUK VIII: VREDESONDERHANDELINGE — 241 - 280

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Die Eerste Vredepoging. | 241 |
| 2. | Die Pretoriase Vredespoging. | 244 |
| 3. | Onderhandeling met De Wet. | 246 |
| 4. | Die Middelburgse Vredespoging. | 247 |
| 5. | Byeenkoms te Waterval. | 251 |
| 6. | Faktore wat vrede in die hand gewerk het. | 254 |
| 7. | Samesprekings by Klerksdorp. | 257 |
| 8. | Onderhandelinge in Pretoria. | 259 |
| 9. | De Wet reël vergaderings om Vrystaatse verteenwoordigers te kies. | 262 |
| 10. | Die Volksvergadering te Vereeniging. | 266 |
| 11. | Die Kommissie onderhandel in Pretoria en keer terug met 'n finale voorstel. | 270 |
| 12. | Die Einde. | 273 |
| 13. | De Wet se laaste pligte. | 278 |

HOOFSTUK IX: EPILOOG — 281 - 290

KAARTE — 291 - 300

BRONNE — 301 - 310

# VOORWOORD

As jong seun het ek altyd grootoog geluister na die vertellings oor die Anglo-Boereoorlog uit die mond van my oorlede grootvader, mnr. P. E. Kruger. Wat my veral geboei het, was sy vertellings oor genl. De Wet met wie hy op die wesgrens kennis gemaak het, onder wie hy daarna gedien het en vir wie hy 'n groot bewondering gehad het. Ek het my van jongs af die vraag gevra of De Wet werklik 'n bewonderingswaardige figuur is en of sy deelname aan die oorlog betekenisvol was. Hierdie verhandeling is dan 'n poging om 'n antwoord op genoemde vrae te vind.

Dit was nie 'n maklike taak nie daar die beeld van De Wet meestal in die volksmond voortleef en daarby 'n baie romantiese kleur het. Na my wete is dit net C. R. de Wet se eie werk: De Strijd tusschen Boer en Brit (1902), wat 'n beeld gee van hierdie Boeregeneraal in die Anglo-Boereoorlog. De Wet se besondere deelname kom nie hierin duidelik na vore nie aangesien hy te beskeie was om sy eie dade te roem. Die werk kan ook nie vrygespreek word van foute nie aangesien dit ná die oorlog geskryf is en hoofsaaklik op geheue berus. Twee bibliografieë, tw. J. D. Kestell: Christiaan de Wet (1920) en E. Rosenthal: General De Wet (1946) gee wel aandag aan De Wet in die oorlog, maar is nie in alle opsigte wetenskaplik geskryf nie. Veral Kestell se werk is baie subjektief. Met die onthulling van die bekende De Wet-ruiterstandbeeld in Bloem=fontein, is 'n brosjure Christiaan Rudolph de Wet, 1854 - 1922, saamgestel deur M. C. E. van Schoor, S. I. Malan en J. J. Ober=holster (1964) wat interessante inligting bevat. Die inligting is egter nie gegrond op oorspronklike navorsing nie maar hoofsaak=lik saamgestel op grond van reeds bestaande inligting.

Van bogenoemde werke is nuttig gebruik gemaak. Om 'n objektiewe beeld van De Wet te probeer kry, was dit egter noodsaaklik om by die oorspronklike bronne in die argiewe te gaan kers opsteek. Skynbaar het weinig argiefstukke waaruit die beeld van De Wet

duidelik blyk, behoue gebly. In die Vrystaatse Argiefbewaar= plek is daar baie min stukke wat direk op die Anglo-Boereoorlog betrekking het. Daarby moet ook die feit vermeld word dat pres. Steyn se oorlogskorrespondensie asook De Wet s'n in die hande van Britse soldate geval het by Reitz. Belangrike in= ligting kom egter wel broksgewys in hierdie argiefbewaarplek voor, soos: Die aanwinste van pres. M. T. Steyn; Abraham Fischer en senator D. J. Malan; die De Wet-lêer en die afdeling van die Military Governor.

Die Transvaalse Argiefbewaarplek huisves eintlik die dokumente wat op die oorlog betrekking het. Ongelukkig weerspieël dit tot 'n groot mate die stryd in Transvaal. Uit die verskeiden= heid oorlogsverslae, korrespondensie en verklarings was dit nog= tans moontlik om De Wet se spore te volg. Hier is veral met vrug gebruik gemaak van die Imperiale Blouboeke (Cd-reeks), The Lord Roberts Papers, mikrofilms van The War Office, dr. W. J. Leyds-versameling, dr. G. S. Preller-versameling en die Argief van die Kommandant-Generaal.

Behalwe bogenoemde argiefstukke, is ook gebruik gemaak van die uitgebreide literatuur oor die oorlog, veral van Britse kant, koerantverslae, tydskrifartikels en in enkele gevalle van monde= linge getuienis.

Aangesien die oorlog 'n greep uit De Wet se lewe is, het ek dit nodig gevind om 'n kort biografiese oorsig (hoofstuk I) te gee ten einde die oorlog binne De Wet se lewensloop te sien daar sy openbare optrede nie met die oorlog begin of geëindig het nie.

Ofskoon die amptelike benaming Anglo-Boereoorlog is, was dit vir genl. De Wet en die bittereinders 'n stryd ter behoud van hulle vryheid. Om hierdie rede word in die verhandeling ook gebruik gemaak van die benaming Tweede Vryheidstryd en Tweede Vryheids= oorlog.

My hartelike dank gaan aan die volgende persone en instansies son=
der wie se hulp hierdie verhandeling nie moontlik sou wees nie:

.. my studieleier, prof. dr. J. S. du Plessis vir sy kosbare tyd wat hy so gewillig aan my afgestaan het.

.. hulp-studieleier, prof. dr. G. N. van den Bergh.

.. prof. dr. M. C. E. van Schoor wie se kennis van De Wet en wenke van groot hulp was.

.. personeel van die volgende biblioteke: Ferdinand Postma (P.U. vir C.H.O.) en Potchefstroomse Onderwyskollege.

.. personeel van die Transvaalse Argiefbewaarplek, Vrystaatse Argiefbewaarplek en die Nasionale Oorlogsgedenkmuseum.

.. mnr. S. P. R. Oosthuizen, destyds senior-vakkundige beampte by die Nasionale Oorlogsgedenkmuseum en tans verbonde aan die Vrystaatse Argiefbewaarplek.

.. mev. P. S. Jacobs vir die tikwerk.

.. my vrou, ouers, skoonouers, familie en vriende vir hulle belangstelling en aansporing.

André Pienaar

POTCHEFSTROOM.
Desember 1974.

# HOOFSTUK I

## 'N KORT BIOGRAFIE

### I.1 AGTERGROND

Alhoewel Christiaan Roedolf[1] de Wet op verskeie vlakke van die samelewing presteer het, het hy hom veral onderskei as krygsman aan die Eerste en Tweede Vryheidstryd en in 'n mindere mate aan die 1914-Rebellie.

Die navorser soek egter verniet na krygsmanne in sy voorgeslag van wie hy sy besondere krygstalente kon geërf het. Veel eerder was sy voorgeslag kuns= tenaars en boere.[2]

Christiaan de Wet is uit die sesde geslag gebore van die stamvader, Jacobus de Wet wat in Amsterdam gebore is en hom sedert 1693 aan die Kaap as assistent vir die kommissaris bevind het.[3]

Christiaan se vader, Jacobus Ignatius de Wet is op die historiese plaas Boontjieskraal in Caledon in 1823 gebore. Na Jacobus se huwelik met Aletta Susanna Margaretha Strijdom het hy eers in die Kolonie geboer, maar teen 1852 vanaf Aliwal-Noord na die Oranjerivier-Soewereiniteit getrek. Hy het hom daarna op die plaas Leeuwkop in Smithfield se distrik gevestig. Ná 1859 het hy ook op Kalkfontein gewoon en na 1861 permanent op Nuwejaarsfontein, waar hy ook as veldkornet vir die wyk Bo-Modderrivier verkies is.

In die hoedanigheid het hy ook in 1865 aan die Basoeto-oorlog deelgeneem. Hy was 'n goeie vriend van president Brand, is vir 'n tweede maal getroud en was gedurende die laaste jare vóór sy dood op 2 Oktober 1891, blind.

---

1) Die eienaardige spelling van Roedolf kom voor op sy doopseel. Sien J. M. B. de Wet: Die afkoms van Generaal de Wet. (Die Huisgenoot, 3/2/1933, p. 23).

2) Vir besonderhede oor sy geslagsregister soos opgestel deur Justinus de Wet op 5/6/1921, sien Preller versameling, Band 229, pp. 117-119.

3) Jacobus is op 13/11/1698 met Christina, dogter van die bekende Olaf Bergh getroud (Ibid).

4) Nuwejaarsfontein is nie ver van die plaas Kareefontein waarop Dewets= dorp, vernoem na Jacobus de Wet, in 1880 gestig is nie; vgl. J. D. Kestell: Christiaan de Wet. Kaapstad, 1920, p. 15.

Op 7 Oktober 1854 - dieselfde jaar waarin die Vrystaat sy onafhanklikheid verkry het - is die sesde van Jacobus en Aletta de Wet se veertien kinders gebore naamlik Christiaan Roedolf de Wet.

## I.2 JEUGJARE

Reeds as jong seun het Christiaan die karaktertrekke geopenbaar wat in sy latere lewe kenmerkend was en wat van hom 'n leiersfiguur gemaak het: rusteloos, energiek, humoristies en skrander.

As negejarige seun was hy vir die eerste keer geskool in die krygskuns toe hy na veel gesoebat saam met sy vader deelgeneem het aan die Basoeto-oorlog. Sy deelname was slegs beperk tot wagstaan,[5] maar hy het die geleentheid met albei hande gegryp. Terwyl sy vader verder kommando-diens verrig het, het sy moeder ter wille van die veiligheid van haar kinders op Paardekraal, naby Bloemfontein gaan woon.

Hoewel hy reeds by sy moeder geleer het om te lees, het hy hier op Paardekraal sy eerste formele skoolonderrig geniet van 'n onderwyseres, mev. Margaretha Nel. Sy het hom geleer lees en "hom (ook) 'n bietjie verder gebring".[6] By 'n latere geleentheid het hy vir drie maande onderrig ontvang van 'n Hollandse Jood, Bouman, wat hom veral leer reken het. In hierdie vak het die vlugheid van sy brein duidelik geblyk. Tipies van sy tyd het De Wet dus weinig formele skoolonderrig ontvang, maar dit het hom geensins verhinder om in sy latere lewe sy saak duidelik en logies te kon stel nie, ofskoon hy by geleentheid van 'n voorlesing oor die Voortrekkers op 17 September 1920 in die Bloemfonteinse stadsaal self verklaar het dat hy bekend is as 'n swak spreker, maar dat hy by soveel geleenthede reeds op 'n verhoog was "dat ek nie eintlik meer daarvoor skrik nie".[7] Sy besondere intellek het hom selfs in staat gestel om op hoë vlak met erkende geleerdes en hoogwaardigheidsbekleërs om te gaan - soms ook op terreine waar hy veronderstel was om 'n leek te wees. Op hierdie "onbekende" terreine het hy die agting van vakmanne verwerf, soos byvoorbeeld sy Steenbokfonteinmanifes in 1914[8] wat in die oë

---

5) Ibid., p. 6.

6) Ibid., p. 6.

7) Die Volksblad, 7 Februarie 1922: Huldeblyk aan De Wet by sy afsterwe.

8) Hierdie manifes word na inhoud en betekenis bespreek op p. 21.

van die regsgeleerde prof. C. van Vollenhoven "een orakel van wijsheid was".[9)]

'n Verdere bewys van sy besondere intellek word deur Kestell vermeld: Toe hy die predikant wat hom gekatkiseer het, ds. G. Radloff, na baie jare weer in 1902 ontmoet het, kon De Wet nog die teks wat by sy aanneming gebruik is, uit die hoof siteer![10)]

Ten spyte van sy intellektuele krag, het hy die lesse oor eenvoud wat hy in sy ouerhuis geleer het, altyd vooropgestel: sy lewe is gekenmerk deur die grootste eenvoud.

Die dood van sy moeder in 1868 het die jong De Wet as gevoelsmens diep getref. Op Nuwejaarsfontein het hy na haar dood nie net die jonger kinders help groot=maak nie, maar ook sy vader help boer totdat hy op negentienjarige ouderdom met sy jeugvriendin Cornelia Margaretha Kruger, toe sewentien jaar oud, getroud is. Nelie de Wet was werklik vrou en moeder en het met haar sterk persoon=likheid, trou en lojaliteit aan man, kinders en volk, 'n besondere rol gespeel.[11)]

## I.3 TRANSPORTRYER EN RUSTELOSE BOER

Dit is algemene kennis dat die snelle ontwikkeling van Kimberley sedert die ontdekking van diamante 'n uitstekende mark vir landbouprodukte gebied het. Met 'n op-skuld-gekoopte wa en osse het De Wet in die jare ná 1870 sy graan na die diamantvelde aangery, en ook 'n winsgewende transporthandel daarmee gepaar. Op hierdie togte het hy die Suid-Vrystaat goed leer ken. Hierdie kennis het hom tydens die Tweede Vryheidstryd nuttig te pas gekom.

Behalwe die transportryery en die verkoop van graan, het hy later ook sy groente en vleis in Kimberley verkoop. Hierdeur is vanselfsprekend 'n goeie inkomste verseker sodat hy reeds as jong boer sy plaas kon betaal en selfs kapitaal kon opbou. Aangesien daar ook diamantdelwers in Wes-Transvaal was, het sy togte hom spoedig oor die Vaalrivier se driwwe geneem. Dit was sy eerste kennis=making met die susterrepubliek. Dit moes hom skynbaar geval het, want toe

---

9) Aangehaal by Kestell: op.cit., p. 202.

10) Ibid., p. 10.

11) In die studie van Christiaan de Wet staan die figuur van sy eggenote baie sterk. Vergelyk Kestell: op.cit., pp. 10 en 11 asook pp. 146-148. Wat Kestell hier sê, kan in die Bybelse woorde saamgevat word .... haar waarde is veel meer as korale.

sy vader in 1877 die nuus aan hom meedeel dat die Zuid-Afrikaansche Republiek deur sir Theophilus Shepstone geannekseer is, het sy vryheidsdrang in opstand gekom en het hy verergd uitgeroep dat Transvaal sal moet terugkom.[12)]

Dit is nie duidelik of dit die gebeure in die Z.A.R. of sy beter finansiële posisie was wat hom laat besluit het om nader aan die Z.A.R. te trek nie. Wat ook al die geval was, het hy vir hom 'n plaas in die Vredefortse distrik gekoop. Na enkele maande het hy ook hierdie plaas verkoop en na die plaas Weltevrede in die Kroonstadse distrik verhuis. Op hierdie plaas is die dorp Koppies later aangelê.[13)]

In 1880 verhuis hy weer eens en wel na Transvaal en vestig hom op die plaas Rietfontein in die Heidelbergse distrik. Hiermee word hy vir die eerste keer in sy lewe 'n Britse onderdaan. Die sterk moontlikheid van 'n oorlog in hierdie staat het hom nie afgeskrik nie, want volgens sy eie verklaring sou hy aan die oorlog deelgeneem het al het hy ook in die Vrystaat gewoon.[14)]

Tydens sy verblyf op Rietfontein was daar heelwat onrus in Transvaal omdat die burgers Transvaal weer los van Brittanje wou gehad het. Daar De Wet patriot was en sterk gevoel het oor die gebeure in sy nuwe vaderland, het hy aan die protesvergaderings tussen Januarie 1879 en Desember 1880 deelgeneem.

Toe dit uiteindelik blyk dat oorlog die enigste manier was waarop Transvaal sy onafhanklikheid sou terugkry, is op 8 Desember 1880 tydens 'n groot volks=vergadering by Paardekraal besluit om die wapen op te neem. Toe die burgers elk versoek is om 'n klip aan te dra as teken van trou, het Christiaan de Wet ook sy klip by die klipstapel gevoeg.[15)]

## I.4 DEELNAME AAN EERSTE VRYHEIDSTRYD, 1880 - 1881

Toe oorlog tussen Transvaal en Brittanje uitbreek, het De Wet as "proviesie"-

---

12) Kestell: op.cit. p. 19.

13) Vergelyk E. Rosenthal: General de Wet, (Tweede druk), Kaapstad, 1968, p. 21.

14) Kestell: op.cit. p. 19.

15) M. C. E. van Schoor: Christiaan Rudolph de Wet. (W. J. de Kock (hoofred.): Suid-Afrikaanse Biografie Woordeboek I. Kaapstad, 1968, p. 243).

veldkornet by die Heidelbergse kommando diens gedoen.[16] Hierdie kommando was deel van 'n mag van 1 500 burgers onder komdt. genl. P. J. Joubert wat die beskerming van die Natalse grens as doel gehad het. De Wet se gebore leierskap en natuurlike krygstalent het tydens dié stryd, die Eerste Vryheids=oorlog,[17] op die voorgrond getree. Met sy visie en talente het De Wet die aandag tydens krygsraadvergaderings sodanig op hom gevestig dat hy as waarnemende kommandant aangestel is.[18] Op 28 Januarie 1881 het De Wet vir die eerste maal in sy lewe sy geweer gelig om op 'n Brit te skiet toe hy as leier van sy groep in 'n geveg by Mount Prospect betrokke geraak het.

Onder genl. Nikolaas Smit neem hy op 8 Februarie 1881 ook deel aan die geveg by die Ingogorivier en word selfs deur genl. Smit die volgende dag gestuur as leier van 'n groepie om sake deur te kyk. Wanneer De Wet op die dooies en gewondes van die Engelse afkom, openbaar hy twee karaktertrekke wat juis soveel krag aan sy persoonlikheid verleen het, naamlik sy calvinistiese en regverdigheidsin. Toe hy 'n mede-burger vind wat besig was om die lyk van 'n Brit te skend, het hy die burger kwaai aangespreek en selfs onder sy sambok laat deurloop.[19] Van hierdie metode sou hy in die Tweede Vryheidstryd dik=wels gebruikmaak.

Hy het ook aan die finale slag van Majuba deelgeneem en was een van die eerstes om die plato van die berg te bereik.

Waar De Wet daarna saam met die ander burgers digby Majuba op O'Neill se plaaswerf op 23 Maart 1881 die uitslag van die vredessamesprekings afgewag het, het hy nooit kon droom dat op hom gewag sou word om die vredessamespre=kings aan die einde van die Tweede Vryheidstryd te beëindig.

---

16) G. S. Preller: Historiese opstelle, Pretoria, 1925, p. 101.

17) Vir meer besonderhede oor hierdie stryd sien onder andere C. F. Good=fellow: Great Britain and South Africa Confederation 1870-1881, Cape Town, 1966; J. H. Lehmann: The first Boer War, London, 1972; W.J. Leyds: De eerste annexatie van de Transvaal (Deel 2), Amsterdam, 1906 en O. Ransford: The battle of Majuba Hill, the first Boer War, London, 1967.

18) De Kock (hoofred.): op.cit., p. 243. Artikel M. C. E. van Schoor.

19) Kestell: op. cit., p. 26.

Die Eerste Vryheidstryd was vir Christiaan de Wet 'n persoonlike triomf. Nie net het hy onder die aandag van diegene in die hoogste posisies gekom nie, maar hy het ook die agting van sy mede-burgers verwerf. Dit is byna van=selfsprekend dat hy nou verantwoordelike posisies moes beklee.

## I.5 IN VERANTWOORDELIKE POSISIES

Na afloop van die vredesberaad, het die Z.A.R. weer selfregering ten opsigte van binnelandse aangeleenthede gekry. Een van die eerste sake wat nou aan=dag gevra het, was om die Z.A.R. se militêre sake te reorganiseer volgens die ou stelsel: Die Republiek is in distrikte verdeel met 'n kommandant aan die hoof. Die distrik is weer in wyke verdeel met 'n veldkornet in bevel van elke wyk.

De Wet is met 'n groot meerderheid as veldkornet van die wyk Rooikoppies in die distrik Heidelberg gekies. Met kenmerkende deeglikheid en gesonde humorsin het hy van hierdie taak 'n sukses gemaak[20] ten spyte van die feit dat hy aan=vanklik nie in die amp belanggestel het nie.

Na twee jaar as veldkornet het hy bedank toe hy Heidelberg verlaat en hom op die plaas Suikerboskop, distrik Lydenburg, gaan vestig het. Daar het hy kennis gemaak met die gouddelwers. Die goeie mark wat die delwersgemeenskap gebied het, het waarskynlik sy besluit om Heidelberg te verlaat beïnvloed, aangesien Lydenburg beter geldelike moontlikhede gebied het.

Terwyl hy daar woonagtig was, is hy deur die burgers gevra om hom vir die Volksraad beskikbaar te stel. Hy het hom die benoeming laat welgeval. Christiaan de Wet was nie tydens die verkiesingsveldtog in Lydenburg aanwesig nie,[21] aangesien hy 'n besoek aan sy vader gebring het. Onderwyl hy in die Vrystaat was, het hy besluit om sy plaas in Lydenburg te verkoop en sy vader se plaas, Nuwejaarsfontein, te koop.

---

20) Ibid., p. 30.

21) De Wet se afwesigheid was toelaatbaar, aangesien dit die gebruik was dat 'n kandidaat destyds nooit aktief betrokke was by die stryd nie. Dit was die taak van die verkiesingsagente om te sorg dat hulle kandidaat verkies word. Vgl. Kestell: op.cit., p. 33.

Met sy terugkoms het hy egter gevind dat hy tot die Volksraad verkies is. Daar hy nie sy kiesers in die steek wou laat nie, het hy besluit om sy ver=huisingsplanne uit te stel tot na die sitting van 1885. Ofskoon hy baie jonk en 'n groentjie in die Volksraad was, het hy aktief aan die besprekings deelgeneem. Om die belange van sy kiesers te beskerm het hy onder andere standpunt ingeneem teen president Kruger se voorneme om 'n dinamietmonopolie aan persone ten opsigte van die goudmyne toe te staan. President Kruger het met waardering kennis geneem van die standpunt van die jong De Wet.[22)]

De Wet het wel later met Kruger se maatreëls saamgestem. Dit wil egter nie voorgee dat De Wet maklik van standpunt verander het nie. Die teendeel is eerder waar, maar hy was egter altyd bereid om na die ander kant van die saak te luister en om selfs van standpunt te verander as hy daartoe oortuig geraak het. In 1889 het hy byvoorbeeld as lid van 'n protesterende kommando na die buitengewone sitting van die O.V.S. Volksraad opgeruk om sy misnoeë te toon met die voorneme om 'n tolverbond met die Britse kolonies te sluit en 'n spoor=lyn na die Kaapse hawens te bou. Hy was egter een van die eerste om sy teen=kanting te laat vaar toe hy oortuig was van die voordele van die voorwaardes.[23)]

## I.6 BOER EN VOLKSRAADSLID IN DIE ORANJE VRYSTAAT

Na die Volksraadsitting van 1885 het hy as Transvaalse Volksraadslid bedank om na die ou familieplaas terug te keer met die voorneme om meer aandag aan sy boedery te gee. Hy was egter te rusteloos, te besig met ander se welvaart en kon nooit sy aandag lank by een saak bepaal nie, sodat hy nooit 'n baie suksesvolle boer was nie.

Hy was nog maar in sy dertiger jare en het reeds op hierdie stadium op ses plase in verskeie distrikte geboer. Daarby was hy transportryer, spekulant en slagter.[24)]

---

22) Ibid., p. 34 en Rosenthal: op.cit., p. 44.

23) Kestell: op.cit., p. 36.

24) Rosenthal: op.cit., p. 44 haal 'n advertensie van die Barberton Herald and Goldfields Advertiser, van 3/8/1886 aan waarvolgens De Wet sy voor=neme te kenne gegee het om met slaghuise op Barberton en Sheba te begin.

In die vroeë negentiger jare het hy selfs probeer om 'n fortuin met aartappels te maak. Dit het ook misluk, maar het daartoe aanleiding gegee dat Hillegas hom oor 'n gebeurtenis by Nicholson's Nek as volg uitgelaat het:

> *"Before the war, de Wet's chief claim to notoriety lay in the fact that he attempted to purchase the entire supply of potatoes in South Africa for the purpose of effecting a 'corner' of that product on the Johannesburg market. Unfortunately for himself, he held his potatoes until the new crop was harvested, and he became a bankrupt in consequence. Later he appeared as a potatoe farmer near Kroonstad and at Nicholson's Nek in Natal he captured 1,200 British soldiers and incidentally a large stock of British potatoes which seemed to please him almost as greatly as the human captives."* [25]

Waar hy as boer nie so 'n groot sukses was nie, was hy dit wel as leier.

In 1889, pas drie jaar na sy terugkeer in die Vrystaat word hy deur die kiesers van die wyk Bo-Modderrivier na die Volksraad toe gestuur. Tot 1898 het hy Vrystaatse Volksraadslid gebly. Uit die gedrukte notules is dit duidelik dat sy stem nie baie in debatte gehoor was nie. Oor beginselsake het hy egter nooit geswyg nie. Hy was nie 'n dinamiese spreker nie en het ook nie probeer om sy toehoorders op te sweep met sentiment nie. Sy helder en skerpsinnige verstand het hom 'n saak op kernagtige wyse laat stel. Sodoende is sy hoorders gedwing om na hom te luister.

---

25) H. C. Hillegas: With the Boer Forces, London, 1901. pp. 213 - 214.

Dit blyk ook dat hy tegelyk liberaal en konserwatief was. So byvoorbeeld kon hy in sake soos die drankhandel, transportry, spoorweë en landbou baie toegeeflik wees.[26] Onafhanklikheid en die handhawing van die taal is sake wat die volk se diepste wese raak en daarom was hy hierin onbuigbaar.[27] Tydens die sittings het sy onkreukbaarheid en sterk godsdienstige inslag[28] ook duidelik geblyk.

---

26) Drank was vir hom 'n euwel. Self het hy nooit gedrink nie, maar nie nie ander dit ontsê nie, solank dit matig gebruik word. As dit egter vryelik vloei, bring dit ellende soos op die Kimberleyse diamantvelde en Lydenburgse goudvelde waar hy die ellende leer ken het. Hy het hom daarom sterk uitgespreek oor die vryelike verkoop van drank in die O.V.S. - vgl. Gedrukte Notulen van den H.E. (O.V.S.) Volksraad,1892, p. 342 en C. R. de Wet: De strijd tusschen Boer en Brit, Amsterdam, 1902, p. 86. Sien ook sy optrede teenoor drankgebruik in Tweede Vryheidstryd op p. 67 hieronder. Een van De Wet se uitstaande kenmerke, was sy gesonde menseverhoudings. So het hy ook die Kleur= linge se menswaardigheid erken. Transportry was eers net in die hande van die Blankes, maar hy het dit goedgepraat dat Kleurlinge die Blankes kan vervang. Hy het gepleit dat Kleurlinge aangemoedig moes word om transportryers te word deur nie belasting te betaal nie - vgl. gedrukte Notulen van den H.E. (O.V.S.) Volksraad,1895.
Hy wou ook graag sien dat die O.V.S.-dorpe met spoorlyne verbind word, asook Bloemfontein en Kimberley. In 1896 pleit hy daarvoor dat die spoorweë deur die staat en nie 'n privaat maatskappy beheer behoort te word - vgl. gedrukte Notulen van den H.E. (O.V.S.) Volksraad, 21 Mei 1896, p. 459. Die meeste van die landbou-probleme sou volgens hom opgelos word deur die bou van damme.

27) Die vryheidsin was baie sterk by De Wet aanwesig soos dit dan ook tot uiting kom in die Eerste en Tweede Vryheidstryd asook 1914-Rebellie. Vóór die Tweede Vryheidstryd was hy ten gunste van skakeling met die Britse kolonies en die susterrepubliek, solank dit nie die onafhanlik= heid van die Vrystaat in gedrang sou bring nie. Die handhawing van Hollands was vir De Wet 'n ernstige saak, maar hy het ook toegegee dat die jeug Engels moet leer - vgl. M. C. E. van Schoor e.a.: Christiaan Rudolph de Wet, Nasionale Vrouemonumentkommissie, Bloemfontein, 1964, p. 20.

28) Sy anker was juis sy kinderlike geloof in God. Vergelyk in hierdie verband p. 283 hieronder. Tydens die sittings het hy met geesdrif gepraat oor wette teen Sondagontheiliging en het hy ook 'n verhoogde toelaag van die Staat aan die N. G. Kerk goedgekeur. Vgl. gedrukte Notulen van den H.E. (O.V.S.) Volksraad, 1893, pp. 181 - 182.

Toe die nuus van die Jameson-inval in die Z.A.R. in 1896 bekend geword het, het De Wet dadelik tot aksie oorgegaan. As oud-Transvaler het hy sekerlik by die gebeure betrokke gevoel, want hy het na Pretoria vertrek met die doel om die Z.A.R. te help verdedig. Ofskoon sy hulp nie nodig was nie, het die daad van Jameson aan die Vrystaat en De Wet getoon dat onweer in die lug was. De Wet was hierna 'n uitgesproke teenstander van Cecil John Rhodes.[29)]

Die Jameson-inval het ook 'n invloed gehad op die Vrystaatse presidentsverkiesing van 1896.[30)] De Wet was ook sterk betrokke by hierdie verkiesing, want hy het J. A. Venter se voorstel, naamlik dat regter M. T. Steyn as presidents=kandidaat aanbeveel word, gesekondeer.[31)]

Onder Steyn se leiding het hy 'n vurige voorstander geword van nouer vereniging tussen die twee Boere-republieke ten einde sir Alfred Milner se aanslae op die voortbestaan van die Afrikaner-republikanisme die hoof te bied. Sonder huiwering het hy hom gevolglik gereedgemaak vir oorlog toe hy die opdrag op 2 Oktober 1899 ontvang het op sy plaas Rooipoort in die Heilbronse distrik waarheen hy in 1896 verhuis het. Aangesien De Wet die oorlog voorsien het, het hy 'n maand tevore aan sy oudste seun, Jacobus (Kotie) opdrag gegee om vir hom (Christiaan) 'n goeie ryperd te koop. Die perd wat Kotie gekoop het, was die vermaarde Fleur.

Toe De Wet as gewone burger van die Heilbronse kommando saam met sy seuns Kotie, Izak en Christiaan na die Natalse grens vertrek het, was daar weinig aanduidings dat die vyf-en-veertigjarige boer 'n roemryke figuur sou word.

---

29) Rosenthal: op. cit., p. 43.

30) Die kandidate vir die presidentskap was John Fraser en Marthinus Theunis Steyn. Die vernaamste strydpunt in die verkiesing was die kwessie van nouer samewerking met die Z.A.R. Steyn het die nouer samewerking voorgestaan, terwyl Fraser 'n voorstander was van 'n federasie tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie. Die Jameson-inval wat tydens die verkiesingstryd plaasgevind het, het Steyn se verkiesing op 19/2/1896 bo alle twyfel gestel (W. J. de Kock en D. W. Krüger (hoofredakteur): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II, p. 728: Artikel oor M. T. Steyn).

31) Vergelyk gedrukte Notulen van den H. E. (O.V.S.) Volksraad, 11/12/1895, p. 13.

Toe die oorlog op 31 Mei 1902 beëindig is, was hy nie net hoof oor die Vrystaatse kommando's nie, maar ook waarnemende president.[32]

## I.7 NÁ DIE TWEEDE VRYHEIDSTRYD

Sy eerste en grootste taak na die oorlog was om sy gesin te versamel, en om bly= plek te vind.[33] Veel kon hy nie doen aan sy boerdery nie, want as lid van 'n driemanafvaardiging[34] vertrek hy in Julie 1902 aan boord van die Saxon na Europa om fondse te gaan insamel vir die verarmde Boerevolk.

Onderweg na Europa behaal De Wet die besondere prestasie om ten spyte van sy gebrekkige skoolopleiding sy boek, "De Strijd tusschen Boer en Brit", te skryf. Hoewel hy self verklaar dat hy geen skrywer is nie[35] het sy boek soveel tref= krag gehad dat dit in verskeie tale vertaal is.[36] Hierdie boek is 'n onmis= bare bron vir die geskiedenis van die Tweede Vryheidstryd. Die boek was 'n persoonlike sukses. Met die outeursregte kon hy sy verwoeste plaas Rooipoort weer opbou nadat hy in Oktober 1902 teruggekeer het.

Na die Vrede van Vereeniging het die oorlog tussen Brittanje en die twee voor= malige Republieke aan die verlede behoort. Dit is egter nie die geval met die naam van Christiaan Roedolf de Wet nie. Op agt-en-veertigjarige leeftyd was hy 'n legende. Hy was geliefd as oom Krisjan. Voor die oorlog was dit 'n geëerde naam, maar na die oorlog 'n erenaam. Tog het hy 'n eenvoudige mens gebly wat hom uit die kalklig verwyder het om aandag aan die herstel van sy plaas te gee.

Hierdie selfopgelegde "ballingskap" het nie lank geduur nie. Die verslaendheid en teneergedruktheid wat by die Afrikaner aanwesig was na die oorlog het spoedig plek gemaak vir selfrespek. Lord Milner se beleid van anglisasie het die Afrikaner se selfrespek in gedrang gebring en daarom het hy in opstand gekom. Die opstand sou nie weer op die slagveld nie, maar grootliks op politieke verhoë beslis word.

---

32) Vergelyk hoofstukke II tot VIII.

33) Sy eie huis was soos baie ander huise die prooi van die Britse verskroei= de-aarde beleid; vgl. p. 193 vn. 154 hieronder.

34) Die ander twee lede was generaals De la Rey en Botha.

35) De Wet: op.cit., Voorwoord.

36) Kestell: op.cit., p. 162, beweer dat sy boek in Engels, Duits, Russies en Frans vertaal is. Benewens die oorspronklike teks wat in Hollands geskryf is, is die boek ook in Afrikaans vertaal.

Christelik-Nasionale onderwys was een van die teenvoeters teen Milner se beleid. Die doel van die C.N.O. was om die godsdiens, die taal en die geskiedenis van die oorwonne Boere vir die nageslag te bewaar.[37)] Hierdie drie elemente was vir De Wet van besondere belang, daarom het hy 'n leidende aandeel in die C.N.O.-strewe ná 1903 geneem.

'n Saak wat veral ontevredenheid in die Vrystaat verwek het, was die wyse waarop Brittanje die R600 miljoen uitbetaal het wat die Boere weer op die been moes help. Nadat vergaderings gehou is, 'n kommissie die saak ondersoek het en onderhoude met luit.goew. H. Goold-Adams gevoer is, is daar nog nie tot bevredig= ende oplossings geraak oor sake soos kompensasie, repatriasie, konsentrasiekampe, taal, onderwys, geregshowe, verantwoordelike bestuur en veral die ellende waarin die Boerevolk verkeer het nie. Om die saak tot op die been oop te kerf, is gevolglik 'n kongres vir 1 en 2 Desember 1904[38)] belê. Generaal de Wet het hier as onder-voorsitter opgetree. Met erns en diep verontwaardiging het hy oor genoemde sake gepraat. Op hierdie kongres het De Wet hom weer bewys as 'n persoon wat hom nie skuldig gemaak het aan rassehaat nie. Hy was bereid om met almal saam te werk behalwe met diegene wat vyande van sy beginsels was. So het hy aan die Engelssprekende kongreslede dit duidelik gestel: "ons is almal broers".[39)] 'n Ander aspek wat duidelik op hierdie kongres na vore gekom het, was genl. De Wet se bereidwilligheid om Hertzog as leier te volg.

Die jaar 1904 het genl. De Wet ook op 'n ander terrein in die kalklig geplaas. As enigste verteenwoordiger van die Vrystaat, het hy president Kruger se herbegraf= nis op 16 Desember 1904 in Pretoria bygewoon. Uit sy toespraak,[40)] wat op merk= waardige wyse feitlik woordeliks ooreengestem het met Kruger se bekende laaste boodskap, blyk sy rypheid, visie en sy vertroue in sy God. Van Kruger se boodskap het hy vooraf geen kennis gedra nie maar eers gehoor toe genl. Louis Botha dit ná De Wet se eie toespraak aan die begrafnisgangers voorgelees het.[41)]

---

37) Vergelyk J. C. Coetzee (red.): Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960. (Tweede druk), Pretoria, 1963, pp. 168-170 en C.F.G. Gunter: Opvoedingsfilosofieë, Stellenbosch, 1961, pp. 421 - 435.

38) Vir meer besonderhede oor hierdie kongres kan Van den Heever: Generaal J. B. M. Hertzog, Johannesburg,1942, pp. 200-205, geraadpleeg word.

39) Woorde van De Wet aangehaal by Van den Heever: op.cit., p. 200. Mnr. Hugh Gunn het as Direkteur van Onderwys in die Oranjerivierkolonie en as lid van die Wetgewende Raad vir De Wet tussen 1902-1910 goed leer ken. Hy het De Wet as 'n "gentleman" beskryf wat van al die leiers wat hy ontmoet het die minste rassehaat geken het (London Times, 1915,:brief van Gunn ).

40) Vir De Wet se aangehaalde toespraak sien Kestell: op.cit., pp.163-164.

41) Ibid., p. 164.

In die tyd van na-oorlogse woeling het die Vrystaat vier vername leiers gehad: oud-president Steyn as vader van drie "seuns": genl. De Wet, die man van die daad en A. Fischer en genl. J. B. M. Hertzog as manne van die woord. Saam met die genoemdes en ander werk hy aan die stigting van 'n politieke party in die Vrystaat. Hulle pogings het die totstandkoming van die Orangia-Unie in Mei 1906 tot gevolg. Daarmee is Afrikaner en gematigde Engelssprekende in 'n hegte party saamgesnoer. Die party se primêre doel was om volle verantwoorde=like bestuur vir die Oranjerivierkolonie te verkry en om alle volks- en lands=belange te bevorder en te beskerm.[42)]

Die eerste deel van die doel is op 5 Junie 1907 verwesenlik. In die daarop=volgende verkiesing het die Orangia-Unie 'n meerderheid van setels verower. Generaal De Wet is as verteenwoordiger vir Vredefort van die Eerste Parlement van die Kolonie gekies.

## I.8 MINISTER IN DIE VRYSTAATSE KABINET

Alhoewel hy nooit sterk aangetrokke gevoel het tot die aktiewe politiek nie, was hy so 'n openbare figuur en het sy kiesers soveel vertroue in hom gehad as leier dat hy die logiese keuse was. Hy is selfs as minister van Landbou in die kabinet van Abraham Fischer opgeneem en op 27 November 1907 ingesweer deur hoofregter, sir Andries Maasdorp.[43)]

As minister van Landbou was hy met 'n baie moeilike portefeulje belas. Die verarmde Vrystaters, wat hoofsaaklik boere was, het pas vyf jaar tevore, en sommige wat verban was nog later, onder baie moeilike omstandighede met die heropbou van hulle plase begin.[44)]

---

42) Vir besonderhede oor Orangia-Unie, sien A. H. Marais: Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-kolonie, 1902-1907. (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1967).

43) Rosenthal: op.cit., p. 174.

44) Vir besonderhede sien A. P. Janse van Rensburg: Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie, 1902-1907. (ongepubli=seerde O.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1965).

Om naby Bloemfontein te wees, het hy die plaas Leeuberg digby Kaalspruitstasie gehuur.[45] Daagliks het hy nou met die trein na Bloemfontein gereis, maar die lewe as minister was vir hom, wie die vryheid van die natuur verkies het, nóg by sy aard nóg sy aanleg gepas en was te gebonde.[46]

Ten spyte van die gebondenheid het hy sy werk as minister goed gedoen en 'n belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die landbou in die Vrystaat: so was hy onder andere verantwoordelik vir verbetering van paaie, die aanlê van 'n spoorlyn tussen Bloemfontein en Rouxville, bou van damme, gesonde bestuur van landbougenootskappe, asook die invoer van stamboekskape en -beeste.[47]

Ofskoon dit nie op die terrein van sy departement gelê het nie, het hy voorgestel dat 'n pensioen aan oud-presidente Steyn en Reitz betaal moet word.[48]

## I.9 VRYSTAATSE AFGEVAARDIGDE NA DIE NASIONALE KONVENSIE

Die politieke toneel is ná 1907 oorheers deur pogings om 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag tot stand te bring. Toe Abr. Fischer op 22 Junie 1908 voorgestel het dat die Vrystaat deelneem aan die pogings tot nouere samewerking met die ander Britse kolonies, het De Wet vir die voorstel gestem. De Wet is daarna as een van die vyf Vrystaatse afgevaardigdes benoem [49] in die Nasionale Konvensie van 1908-09.

Christiaan de Wet het nie 'n baie groot rol gespeel tydens die samesprekings nie.[50] 'n Moontlike rede hiervoor moet gesoek word in die feit dat hy besef het dat sy ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika onder 'n vrye vlag op hierdie stadium nie moontlik was nie. Hy het Uniewording geredelik goedgekeur, want dit was vir hom 'n stap tot die uiteindelike verkryging van 'n vrye Suid-Afrika. Die konsepgrondwet wat vir Suid-Afrika opgestel is, het De Wet wel goedgekeur alhoewel

---

45) Op die huurplaas het hy die huis betrek wat voorheen deur Jan Kolbe bewoon was. Kolbe was in 1865 kommandant onder wie De Wet se vader as veldkornet gedien het. Vgl. de Wet se vertelling, aangehaal by Kestell: op.cit., p. 165.

46) Ibid., p. 166.

47) Rosenthal: op.cit., pp. 176-177.

48) Kestell: op.cit., p. 166.

49) A. J. H. van der Walt e.a.: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II (Tweede, verbeterde druk), Kaapstad, 1955, p. 99.

50) Vgl. in hierdie verband South African National Convention, 1908-1909. Minutes of proceedings and annexures, Kaapstad, 1911 en L. M. Thompson: The Unification of South Africa, 1902-1910, Oxford, 1960. De Wet se stem is slegs gehoor in sake waarvan hy kennis gedra het of wat hom na aan die hart gelê het.

hy nie daar veel van verwag het nie,[51] omdat dit ondergeskik was aan die Britse vlag. Laasgenoemde was vir hom 'n baie ernstige saak. Daarom waar= sku hy in sy laaste boodskap op 23 September 1919 sy mede-Afrikaners om nie die Britse vlag mettertyd te aanvaar nie en maan hy: "Maar wee die Afrikaner wat daardie vlag lief het".[52]

## I.10 NÁ UNIEWORDING

Nadat die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 'n werklikheid geword het, het hy hom voorlopig van die aktiewe politiek weerhou. Selfs toe genl. Botha hom as senator wou benoem, het hy dit vriendelik van die hand gewys. Sy grootste behoefte was nou om die rustigheid wat die plaas kon bied op te soek. Hy het hom egter wel die benoeming deur die regering as lid van die Verdedigingsraad in 1912 laat welgeval. Op sy plaas Allanvale naby Memel waarop hy hom in 1910 geves= tig het,het hy nie net al sy aandag aan sy boedery gewy nie, maar aan die stroom besoekers laat blyk dat hy steeds 'n lewendige belangstelling in sake van die dag behou het.

Die veranderde politieke situasie na 1912 en die feit dat hy slegs in sy laat vyftiger jare was, het hom egter spoedig weer aktief aan die politiek laat deel= neem.

## I.11 MEDE-STIGTER VAN DIE NASIONALE PARTY

Reeds met genl. J. B. M. Hertzog se aanstelling as minister van Justisie in die eerste Unie-kabinet was dit duidelik dat hy en sy hoofleier, genl. Louis Botha met die grootste moeite sou kon saamwerk.[53] Botha se beleid van konsiliasie is nie gedeel deur Hertzog nie en veral twee vraagstukke wat die Botha-kabinet moes aanpak, t.w. die verhouding tussen Afrikaner en Engelsman in die Unie en die verhouding van Suid-Afrika teenoor die res van die Britse ryk het die kloof

---

51) Kestell: op.cit., p. 167.

52) Sien volledige boodskap in Die Burger, 4/2/1928.

53) Die geskilpunt tussen hierdie twee leiers is oorbekend. Die volgende bronne diens slegs as riglyn: Van den Heever: op.cit., pp. 303 - 343; D. W. Kruger: The age of the Generals, 1958, p. 55 en pp. 68 - 73; en J. J. van Rooyen: Die Nasionale Party, Hoofraad, Kaaplandse Nasionale Party, Kaapstad, 1956.

tussen die twee politici steeds wyer gemaak. In 'n toespraak[54)] op 7 Desember 1912 het Hertzog by DeWildt-stasie sy beginselverskil met Botha ten opsigte van die verhouding van die Unie tot Brittanje duidelik gestel. Die toespraak het 'n skeuring in die kabinet gebring toe kol. Leuchars, 'n verteenwoordiger van Natal twee dae later sy bedanking ingedien het. Die krisis in die kabinet is opgelos toe Botha beide Hertzog en Leuchars uit sy nuwe kabinet gelaat het. Die breuk tussen Botha en Hertzog was hierna finaal.

Sowel binne as buite die parlement het Hertzog heelwat steun en simpatie ontvang na sy uitsetting. Buite die parlement was dit veral genl. De Wet wat hom 'n sterk geesgenoot en ondersteuner van Hertzog betoon het.

De Wet se optrede teenoor Botha tydens veral die Vrede van Vereniging toon duidelik dat hy nie juis erg aan Botha gehad en hom gewantrou het.[55)] Dr. F. V. Engelenburg beweer dat hierdie wantroue gesoek moet word in die feit dat "de Wet sy eie patriotisme mooier as van Botha ag, by wie hy egter as behendige staats=man moet agterstaan".[56)]

Ofskoon Hertzog twaalf jaar jonger as De Wet was, het laasgenoemde 'n besondere dunk van eersgenoemde se intellek en leiersvermoë gehad. Die band wat hulle verder aan mekaar gebind het, was die feit dat albei Vrystaters was. As Vrystaters het die twee persone ook heelwat in gemeen gehad ten opsigte van hulle siening van sake.

Op 28 Desember 1912 het die reaksie op Hertzog se uitsetting 'n hoogtepunt bereik, toe bykans 5 000 mense aan 'n monstervergadering in Pretoria deelgeneem het.

---

54) Sien verslag van Hertzog se toespraak in The Star, 7/12/1912.

55) Vgl. p. 273 hieronder.

56) F. V. Engelenburg: Generaal Louis Botha, Pretoria, 1928, p. 279. Hierdie boek gee egter 'n baie subjektiewe beeld van Botha, en almal wat teen hom gedraai het, word afgetakel. Christiaan de Wet word meer as die ander afgetakel, skynbaar omdat Engelenburg as Redakteur van De Volksstem 'n persoonlike aksie teen De Wet gehad het. Generaal De Wet het naamlik sy koerant se geloofwaardigheid in twyfel getrek!

Die Afrikanervolksgevoel het by hierdie geleentheid tot uiting gekom soos nog weinig tevore. Dit het De Wet, wat ook teenwoordig was, in 'n besondere mate geroer. Toe hy die woord gevoer het, het sy hart oopgegaan, en in sy beroemde mishoop-toespraak[57)] het sy beskeidenheid en liefde vir Hertzog en sy volk duidelik geblyk.

Sy toespraak het 'n belangrike bydrae gelewer om die aanwesiges so te inspireer dat volksliedere gesing en 'n waaksaamheidskomitee gestig is. Met De Wet se verkiesing as lid van hierdie komitee, het hy weer aktief toe die politiek toege= tree en weer midde in die stryd beland.

Hy was aktief betrokke by die Suid-Afrikaanse party se Uniale kongres op 20 November 1913 in Kaapstad. Hier het nie net die finale openlike breuk tussen genls. Botha en Hertzog gekom nie, maar het die leierskap van die party ook in die gedrang gekom. Ten opsigte van laasgenoemde saak het De Wet voorgestel dat president Steyn leier van die party moes word buite die parlement, met die reg om die eerste minister te benoem.[58)] Daaruit blyk wel sy gebrek aan poli= tieke visie maar die voorstel onderstreep nog eens sy besondere gehegtheid aan die oud-president in die besonder en aan die Vrystaat in die algemeen.

Toe die kongres egter weer vir Botha met die meerderheidstem as leier aangewys het, het die Hertzog-volgelinge die saal op dramatiese wyse verlaat, generaal De Wet heel laaste. Skynbaar het die drama van die oomblik hom verwar. Toe C. A. van Niekerk, later president van die Senaat van De Wet wou weet wat hulle nog in die saal soek, het hy met sy haastige en kenmerkende beslistheid geant= woord: "Kom ons loop!"[59)]

Voordat hy die deur uit is, het hy diegene wat agtergebly het, met die hoed in die hand "adieu" toegeroep. Die enkele woord was sprekend van die finaliteit wat die skeiding tussen Botha en Hertzog gebring het, maar ook van die skeiding tussen Botha en De Wet. Hierdie skeiding met sy ou kamerade het vir Botha diep seergemaak, sodat hy letterlik geween het.[60)]

---

57) Sien Van Rooyen: op.cit., p. 7 vir inhoud van toespraak.

58) Ibid., p. 9.

59) Aangehaal by D. P. Goosen (red.): Die Triomf van Nasiona= lisme in Suid-Afrika (1910-1953), Johannesburg, 1953, p. 274.

60) Vergelyk Van den Heever: op. cit., pp. 325 - 326.

Op 13 Desember 1913 het Botha en De Wet wel weer op dieselfde verhoog gesit, alhoewel dit geen politieke verhoog was nie. By hierdie geleentheid is die Vrouemonument in Bloemfontein onthul. Dat De Wet 'n besondere plek in die harte van die volk beklee het, blyk daaruit dat daar 'n beroering onder die aanwesiges was toe hy aan die woord gekom het. Hy is met so 'n spontane toejuiging begroet dat oud-president Steyn die gehoor daaraan moes herinner dat 'n luide gevoelsbetuiging nie gepas het by die plegtige oomblik nie.[61)]

Die skeiding met Botha asook die ongelukkige gebeure die vorige maand, het hom sekerlik baie gehinder, want by hom het dit gegaan om volkseenheid en nie verdeeldheid nie. Ofskoon hy in sy toespraak geen melding gemaak het van sy vete met Botha nie, het die nuwe verwikkelinge op politieke gebied hom tog genoop om die aanwesiges te waarsku om getrou te wees aan die volk en aan die godsdiens van die volk.[62)]

Hierdie vete sou hy in elk geval nie met die woord besleg nie, maar met die daad en wel op 'n terrein waar hy tuis was.

Die beleid wat Hertzog verkondig het, het uitgeloop op die stigting van die Nasionale Party tydens 'n kongres in Bloemfontein op 7 - 9 Januarie 1914.[63)] Generaal J. B. M. Hertzog is as leier van die party verkies en genl. De Wet as onder-leier. Hiermee was De Wet nie alleen verder by die aktiewe politiek betrek nie, maar veral by die partypolitiek.

## I.12 REBEL - 1914

Terwyl die Afrikaner gedurende 1913 'n nasionale politieke krisis beleef het, het die internasionale politieke toneel in Europa ook verdonker. Opeenvolgende krisisse sedert die konferensie van Algericas in 1906 het die spanning in Europa verhoog tussen veral Duitsland en Brittanje. Die rewolwerskoot van Gavrilo Princip op 28 Junie 1914 het die lewe geneem van die Oostenrykse troonopvolger, aartshertog Franz Ferdinand waardeur die Eerste Wêreldoorlog binne enkele weke

---

61) Kestell: op.cit., pp. 170 - 171.

62) Ibid., p. 172.

63) Die program van beginsels wat op die kongres aangeneem is, verskyn in: D. W. Kruger (ed.): South African Parties and Policies, 1910 - 1960, Cape Town, 1960, pp. 69 - 72.

in Europa ontwikkel het. By genls. Botha en Smuts was daar geen twyfel dat die Unie Brittanje in die oorlog moet bystaan terwyl Hertzog en sy volgelinge oortuig was dat die Unie niks met Europa se twiste te make het en dat die land dus neutraal moes bly.

Op 4 Augustus 1914 het Botha aan Brittanje 'n aanbod gedoen, naamlik dat Brittanje sy troepe uit die Unie moet onttrek indien dit nodig blyk te wees en dat die Unie die verdediging van sy grense self sal waarneem.[64)] Die Britse regering het die aanbod met waardering aangeneem en versoek dat die Unie beheer oorneem oor Swakopmund, Luderitzbucht en die radiostasies in Duits Suidwes-Afrika. Algou was dit vir Botha en sy kabinet uit die houding van genls. C. F. Beyers en J. H. de la Rey en ander Transvaalse kommandante duidelik dat die uitvoering van die Britse versoek nie sonder probleme sou geskied nie. Genoemde Transvaalse ontevredenes het hulle net gedistansieer van die gedagte om Suidwes-Afrika binne te val, maar genl. Manie Maritz, die bevelvoerende offisier van die militêre distrik wat aan Duits Suidwes-Afrika gegrens het, wou die militêre situasie aan= gryp om teen Brittanje oorlog te maak met die hulp van die Suidwesters en hulle wapens.[65)]

Aangesien die Vrystaters aanvanklik nie by Botha se planne betrek was nie, het De Wet op 3 September 1914 'n besoek aan De la Rey op sy plaas gebring om inligting in te win. Hier het hy van Botha en Smuts se planne verneem en De la Rey oorreed om die spesiale sitting van die parlement by te woon.[66)] Die bedanking van genl. Beyers as hoof van die Unie verdedigingsmag en die dood van genl. De la Rey in September 1914 het die toestand onder die Afrikaners in die Vrystaat en Trans= vaal uiters gespanne gemaak. Die begrafnis van De la Rey het De Wet op 'n besondere wyse geraak: 'n dag nadat hy die woord op De la Rey se begrafnis gevoer het, neem hy aan 'n protesvergadering op Lichtenburg deel en word hy, genls. Beyers, J. C. Kemp en P. J. Liebenberg benoem om Botha en Smuts te beweeg om van die

---

64) G. D. Scholtz: Die Rebellie 1914 - 1915, Johannesburg, 1942, pp. 41 - 42.

65) Vgl. Judicial Commission of Inquiry into the Causes and Circumstances relating to the Recent Rebellion in South Africa: Minutes of Evidence (U.G. 42-16); p. 73: getuienis van P. G. de Wet.

66) De la Rey was 'n senator en uit protes teen die inval in Suidwes-Afrika het hy geweier om die spesiale sitting by te woon. Op De Wet se aan= drang het hy besluit om wel na die sitting te gaan. (H.S. Webb: De Oorzaken van de Rebellie, Pretoria, 1916, p. 28).

verowering van Suidwes-Afrika af te sien. Toe die regering weier om met die afvaardiging te onderhandel, het De Wet verdere protesvergaderings belê op onder andere, Koppies,[67] Klerksdorp, Heilbron, Vrede[68] en Potchefstroom.[69] Op laas= genoemde vergadering het die oorlogsvoorstanders De Wet met eiers, dooie katte en bakstene gegooi in 'n poging om hom te verhoed om te praat, maar het hy daarin geslaag om sy teenstaanders te vertel wat hy van hulle optrede dink.[70] Op hierdie vergaderings was daar by De Wet nog nie sprake van wapengeweld nie. Hy was nog onseker oor watter gedragslyn hy moet volg. Wat vir hom egter soos 'n paal bo water gestaan het, was dat sy diepe godsdienssin hom oortuig het dat die regering goddeloos is deur met krygsoperasieplanne voort te gaan.

Die skrifwoorde: "Vervloek is die man wat sy naaste se landpale verplant" het 'n groot indruk op hom gemaak.[71] Dit was sy vrees dat God die volk sou vervloek as die regering met sy invalsplanne sou voortgaan. Sy diepe gods= dienssin het die regter tydens sy verhoor selfs laat opmerk dat genl. De Wet 'n fanatikus is.[72]

"Dit was oorspronklik ewemin genl. De Wet se bedoeling as my bedoeling om te rebelleer"[73] het genl. Beyers by geleentheid verklaar. Generaal De Wet is egter deur sy verskoonbare opgewondenheid en verontwaardiging oor 'n hele reeks van regeringsdade sedert die uitsetting van genl. Hertzog uit die kabinet, trapsgewys tot openlike rebellie gelei, veral omdat hy geluister het na sy ondergeskiktes wat taamlik heethoofdig was.

Die afkondiging van krygswet op 12 Oktober 1914 waardeur burgers in die Vrystaat en Transvaal gekommandeer is, het baie mense tot rebellie gedryf.[74] Dit het ook De Wet 'n meer aggressiewer houding laat inneem, 'n Dag na die afkondiging van krygswet het daar by De Wet die gedagte vorm aangeneem om die regering se

---

67) Sien verslag van vergadering op 25/9/1914 in De Afrikaner, 26/9/1914.

68) Webb: op.cit., p. 47.

69) Sien verslag van vergadering op 2/10/1914 in The Star, 3/10/1914; Sunday Post, 4/10/1914 en Transvaal Chronicle, 5/10/1914.

70) Kestell: op.cit., pp. 184 - 190.

71) Ibid., pp. 177- 178.

72) Ibid., p. 231.

73) Aangehaal by Ibid., p. 349.

74) Scholtz: Die Rebellie, p. 183.

dilemma uit te buit en 'n eie vrye Republiek van Suid-Afrika tot stand te bring.[75] Die standpunt het hy sterk gepropageer op 'n protesvergadering te Koppies op 22 Oktober. Omdat dit wapengeweld sou beteken, het die aanwesiges daarteen besluit. Om 'n oplossing te vind is 'n kommissie benoem, wat hulle verantwoordelikheid op genls. Beyers en De Wet afgeskuif het. Die twee leiers het geen behoorlike verbinding met mekaar gehad en oor die praktiese uitvoering van die protesveldtog verskil: Beyers wou hê dat die protesbeweging 'n vorm van lydelike verset aanneem. De Wet het aan 'n meer aggressiewer optrede ge= dink, maar was nog nie baie seker van die vorm nie.[76] Die besluit om Duits Suidwes-Afrika aan te val en die weiering van die regering om na enige oorreding te luister het 'n gewisse opstand onder die nasionaalvoelende Afrikaners onvermydelik gemaak.[77] In sy bekende Steenbokfontein-manifes van 29 Oktober 1914 het Beyers namens homself en De Wet hulle optrede geregverdig. Sy verweer was "dat ons volk in de grootste ellende en ramp zal gedompeld worden en dat Gods vloek ons treffen zal, indien dit besluit van de Regering ten uitvoer gebracht wordt".[78] Op 14 November 1914 het De Wet verklaar dat hy voor die keuse gelaat is om sy vinger "in die oog van God of in die oog van Lewies Botha"[79] te steek. Hy het verkies om sy vinger in Botha se oog te steek, want Botha kan alleen sy liggaam en nie sy siel seermaak nie.

Met die verdrinking van Beyers op 8 Desember 1914, het De Wet die leiding op hom geneem.

Sedert die vergadering op 22 Oktober te Koppies het De Wet begin om 'n kommando te versamel. Sy doel was nou om so spoedig moontlik by genl. Maritz te kom alhoewel hy tog geen kontak met hom gehad het nie.[80] Terwyl De Wet langs 'n

---

75) Webb: op.cit., p. 81 en Kestell: op.cit., p. 205.

76) Vgl. Report of the Select Committee on Rebellion (S.C.1): p. 298. getuienis van C. G. Fichardt.

77) Die rebellie was nie politiek geinspireerd nie (vgl. De Wet se toespraak te Potchefstroom op 2/10/1914 soos opgeteken deur J. H. Malan - opgeneem in Kestell: op.cit., pp. 185 - 189). Alhoewel die Nasionale Party se leuse van Suid-Afrika Eerste ook die uitgangspunt van die rebelle was, is die Nasionale Party nooit met die Rebellie geassosieer nie.

78) Rapport over het uitbreken der Rebellie en de Handelwijze van de Regering met betrekking tot de onderdrukking van deze (U.G. 10-15): pp. 41-42.

79) Aangehaal by S.P.E.Boshoff:Rebelliesketse,Pretoria,1918, p.29.

80) Scholtz: Die Rebellie, p. 158.

omweg tot die ideaal om die republikeinse onafhanklikheid te herstel geraak het, was dit van die begin Maritz se ideaal. De Wet het gemeen om by Maritz duitse wapens te bekom. Met goedbewapende burgers wou hy na Pretoria gaan om die regering te dwing om 'n Republiek uit te roep.[81)] By De Wet was daar dus geen gedagte aan bloedvergieting toe hy op 26 Oktober 1914 se plaas Allanvale met sy ses seuns verlaat het om by die ander vergaderde burgers op Vrede te gaan aansluit nie. Die duitse wapens was slegs nodig om mee te demonstreer. Omstandighede het hom egter spoedig tot wapengeweld laat oorgaan.[82)]

Voordat De Wet se kommando op 8 November 1914 vir die eerste maal met regerings=troepe onder kmdt. F. R. Cronje aan die Sandrivier by Doornberg in aanraking gekom het, het genls. Hertzog en Botha verskeie vergeefse pogings aangewend om genl. De Wet met president Steyn in aanraking te bring, sodat "die vader des volks" ook sy vaderlike invloed op De Wet kon laat geld.[83)] Die vermoede be=staan dat De Wet wel met Steyn in verbinding wou kom, maar die botsing met die regeringstroepe onder Cronje het hierdie moontlikheid uit die weg geruim.[84)]

Dat genl. De Wet tot op hierdie stadium nog nie met wapengeweld wou optree nie, blyk uit sy opdrag dat sy burgers met ontlaaide gewere die regeringstroepe moes nader.[85)] Gebeure tydens die geveg wat gevolg het, het hom egter 'n rebel in die ware sin van die woord gemaak en sy hele houding verander.

Eerstens was daar die verraderlikheid van die regeringstroepe wat "hun hoeden op de geweren (stoken) en licten witte zakdoeken waaien".[86)] Toe De Wet se manskappe ongeveer 15 treë van die regeringstroepe was, is 'n rewolwerskoot op De Wet se manne gevuur. Nadat De Wet se kommando stelling ingeneem het, is die regeringstroepe verdryf.

---

81) De Volksstem, 22/6/1915.

82) Dit moet duidelik gestel word dat van die 11 472 persone wat aan die rebel=lie deelgeneem het, slegs 'n klein persentasie in staat was om slag te lewer vanweë 'n gebrek aan wapens en perde, ongedissiplineerdheid en swak verbindings oor die groot afstand wat hulle verspreid was.

83) Vir korrespondensie met betrekking tot die pogings om De Wet en Steyn byme=kaar te bring, sien Steyn-versameling, lêer 156/1/7: p. 557, Botha-Steyn, 22/10/1914; p. 583, Botha - Steyn, 24/10/1914; Botha - Steyn, 22/10/1914; p. 587, Botha - Steyn, 25/10/1914; p. 559, Steyn - De Wet, 1/11/1914; p. 633, telegram Smuts - Steyn, 7/11/1914; pp. 647 - 651, telegram Smuts - Steyn, 10/11/1914; pp. 677 - 689, telegram Smuts - Steyn, 17/11/1914.

84) De Kock: op.cit., I, p. 248 (artikel deur M. C. E. van Schoor).

85) Steyn-versameling, lêer 156/2/2: p. 653; telegram Steyn-Smuts, 9/11/1914.

86) Webb: op.cit., p. 87.

'n Tweede saak was dat dr. C. Steyn en C. Fichardt wat pas na die geveg by De Wet opgedaag het om hom na president Steyn te neem om oor 'n skikking te praat 'n vrygeleide deur Botha in Engels geskryf,[87] aan De Wet oorhandig het.

'n Derde en belangrike saak was die dood van 'n agttal rebelle waaronder De Wet se seun Danie. Tydens die begrafnis van sy seun het De Wet die lykrede self gehou en daarna 'n toespraak gehou en onder andere verklaar dat daar alleen vrede sou wees as die regering omvergewerp is.[88] Die dood van Danie en die ander rebelle het De Wet diep getref sodat hy besluit het op vergelding by wyse van wapengeweld.[89]

Op 12 November 1914 bots sy kommando weer met regeringstroepe by Mushroom Valley. Sy kommando was teen die oormag nie bestand nie. De Wet slaag egter daarin om te ontsnap, agter om Koranaberg te trek, oor die spoor by Virginia deur te breek en uiteindelik probeer om sy weg met vyf-en-twintig man na Duits Suidwes-Afrika te vind.[90] Later het De Wet slegs ses man by hom gehad,[91] t.w. sy skoonseun Mentz, sy sekretaris[92] Harm Oost en vier burgers van sy oorspronklike kommando.

Op 1 Desember 1914 is De Wet saam met hierdie ses persone deur regeringstroepe onder kol. Jordaan gevange geneem met behulp van motors, vars perde, voorrade en waarskynlik verraad. Generaal De Wet was op die stadium op die Kalahari se grens onderweg na Suidwes-Afrika agter genl. Kemp aan.

---

87) Die optrede van Botha is onverstaanbaar as in ag geneem word dat Botha 'n kampvegter vir Afrikaans was. Sien in hierdie verband Engelenburg: op.cit., p. 210.

88) Kestell: op.cit., p. 213.

89) Ibid. en S.C.I. p. 314.

90) Kestell: op.cit., p. 218. Aan die Vetrivier het hy die res van sy kommando gelas om van Botha se gunstige voorwaardes van onmiddellike oorgawe gebruik te maak.

91) Scholtz: Die Rebellie, p. 281.

92) Tydens 'n besoek aan oud-president C. R. Swart in Oktober 1974 het Swart die interessante feit aan skrywer meegedeel dat De Wet hom gevra het om as sy sekretaris op te tree.

Sy gevangeneming het 'n einde gemaak aan die nou sestigjarige De Wet se mili= têre loopbaan. Slegs twee maande en drie dae was hy met die rebelle in die veld. Vir ses maande was De Wet daarna verhoorafwagtend. Wanneer sy ver= hoor op 9 Junie 1915 voor 'n spesiale hof met regter-president Lange op die regbank begin, verklaar De Volksstem: "There is a contrast which is pitiful between the De Wet of yesterday - Republican general, Minister of the Crown, member of the Defence Council and the wretched captive of to-day, false to his country and his oath, hunted like a wild animal in his native land".[93]

Selfs nie eens die beskuldigdebank kon hom soos 'n beskuldigde laat optree nie. Hy was oortuig dat hy op geloofsgronde onskuldig was aan hoogverraad, maar op sosiale gronde wel skuldig aan oproer.[94] Dit het die regter genoop om in sy opsomming te sê: "(that) you acted, not from ambition or personal motives, but on some fanatical idea, based probably on your religious views".[95] Hierop is De Wet skuldig bevind en gevonnis: ses jaar tronkstraf en £2 000 boete. Op 1 Junie 1915 is hy na die Fort in Johannesburg geneem waar die vonnig uitge= dien moes word.

Die feit dat die geëerde volksman hierdie straf ontvang het, het groot nasionale opwelling tot gevolg gehad. Die Het Volksblad het byvoorbeeld 'n Generaal-De Wet-halfkroon-fonds in die lewe geroep met die doel om die Generaal se opge= legde boete te vereffen.[96] Die oogmerk was om 16 000 halfkrone in te samel, maar die volk het so fluks tot die fonds bygedra dat nie net De Wet se boete betaal kon word nie, maar ook dié van die ander veroordeeldes.

In Junie 1915 is verskeie vrouevergaderings gehou om hulle ontevredenheid met De Wet se gevangeneming te kenne te gee.[97] Op 4 Augustus 1915 het duisende vroue, geklee in wit rokke, die volksgevoel vertolk toe hulle teen Meintjieskop in Pretoria uitbeweeg het om goew.-genl. Earl Buxton om die vrylating van die rebelle en in besonder van De Wet te vra. Hierdie vroue het twee dae later toevallig

---

93) De Volksstem, 5/6/1915.

94) Kestell: op.cit., p. 229.

95) Woorde van regter aangehaal by K. Anderson: Heroes of South Africa, Cape Town, s.j., p. 45.

96) Vergelyk Het Volksblad, 25/6/1915.

97) So het 210 vroue 'n vergadering op Aberdeen (K.P.) bygewoon, 100 vroue op 3/6/1915 in Rustenburg, 160 vroue op 3/6/1915 te Nylstroom en sestien vroue op 29/7/1915 op Middelburg (De Spectator, Aug. 1915).

vir genls. De Wet en Kemp op Pretoria-stasie gesien[98] en met geesdrif om De Wet saamgedrom. Selfs twee Engelse dames, mevv. Robinson en Gladys Potts wou 'n petisie waarin De Wet se vrylating geëis word in Engeland opstel vir onder= tekening.[99] Vlaamse vroue is ook deur middel van lyste opgeroep om Robinson te steun.[100]

De Wet se tronkstraf het dus nie alleen in Suid-Afrika stemme laat opgaan wat om sy vrylating gepleit het nie, maar ook in die buiteland.

In die gevangenis het De Wet die gunsteling van die tronkowerheid geword vanweë sy optrede teenoor almal. Die tronkstraf was egter vir hom 'n onaangename ervaring. Hy het self geglo dat hy "melancholia"[101] het, maar daar was nie sprake van nie. Wat hom veral diep getref het, was die dood van sy jongste dogter in hierdie tyd. Hy is nie toegelaat om haar begrafnis by te woon nie, sodat die Superintendent van die tronk verklaar het: "I think the loss had a great deal to do with his despondency".[102]

Ten spyte van die breuk tussen De Wet en Botha, het die tronkstraf[103] van sy krygskollega vir laasgenoemde baie swaar geweeg. Sonder opgaaf van redes het hy De Wet na elf maande in die gevangenis op 20 Desember 1915 vrygelaat. De Wet is terug na sy plaas by Memel waar die dinge in sy afwesigheid baie verwaarloos het.

Van sy meer as 400 beeste het slegs sowat vyftig oorgebly, terwyl hy ook veel minder skape gehad het as voor die rebellie.[104]

---

98) Die twee genls. is van Johannesburg gebring om teen die rebel, ds. Herman van Broekhuizen te getuig - sien De Spectator, Aug. 1915.

99) Sien De Volksstem, 1/4/1915.

100) Sien De Volksstem, 16/4/1915.

101) Preller-versameling; band 19, p. 9: Brief van Kapt. P. H. Normand - Bateman, 29/5/1922. Vergelyk ook Preller: Historiese opstelle, p. 108.

102) Preller-versameling, Band 19, p. 9: Brief Normand-Bateman, 29/5/1922.

103) Van sy intiemste vriende het gesê dat die straf waarvoor De Wet die grootste vrees gehad het, ofskoon hy dit nooit gewys het nie, was tronk= straf. "As hy moes kies tussen die dood en gevangenisstraf, sou hy doodskiet kies" (Die Volksblad, 7/2/1922.).

104) Kestell: op. cit., p. 244.

## I.13 LAASTE JARE: 1916 - 1922

Twee dinge het hom veral gepla ná sy vrylating: Dit was vir hom baie onreg=verdig dat juis hy en nie die ander of ván die ander leiers losgelaat is nie. Hy was ook ingeperk op sy plaas en verbied om openbare vergaderings by te woon of te belê. Om die swye opgelê te word, was vir hom bitter: "Een toebek is een bitter ding".[105)]

Op 3 Desember 1916 tree De Wet egter met die nodige toestemming op by die be=grafnis van sy vriend en "vader", M. T. Steyn. Toe hy aan die woord gekom het, "het daar 'n trilling deur die skare gegaan, wat hom hoorbaar uitgedruk het".[106)] Met die begrafnis van Steyn is die besondere Steyn-De Wet-verhouding verbreek.

Ook by ander geleenthede het hy hierna wel as geleentheidspreker opgetree. Die boodskap was altoos dat die volk moet verenig, terwyl die gedagte van 'n vry=heidsrepubliek steeds geopper word. Dit was dus geen verrassing nie dat hy op die Nasionale Party se kongres in 1919 benoem is as lid van Hertzog se vryheids=deputasie.[107)] Toe die deputasie van agt man op 4 Maart 1919 na Europa vertrek het, was dit egter sonder hom en P. G. W. Grobler, aangesien die regering pas=poorte aan hulle geweier het.

In 1919 is 'n senatorskap hom aangebied[108)] wat hy egter vanweë sy hartkwaal ge=weier het. Hy was ook 'n slagoffer van die griep wat in 1919 soveel inwoners van die land afgemaai het. In 1920 is vir 'n derde keer gevrees vir sy lewe. Tog het hy telkens herstel.

Al was hy na sy vrylating in 1915 reeds bejaard en het sy gesondheid kommer gewek, het hy steeds 'n rustelose mens gebly. So het hy kort na sy vrylating die plaas Allanvale verkoop en na Puntjiesfontein in die distrik Edenburg verhuis. Vandaar het hy weer verhuis na Klipfontein, nie ver van sy geboorteplaas Nuwejaarsfontein nie. Op hierdie plaas het hy hom besig gehou met die boerdery, besin=ning oor die toestand van die land en die skryf van boodskappe aan die volk.

---

105) Steyn-versameling, 156/29: De Wet - mev. Steyn, 17/4/1916.

106) Kestell: op.cit., p. 248.

107) Die doel van die deputasie was om tydens die vredeskongres van die Eerste Wêreldoorlog, te onderhandel om die volle onafhanklikheid van die Unie of dan minstens die van Transvaal en die Vrystaat te verkry.

108) Kestell: op.cit., p. 249.

Dit is ook op hierdie plaas dat die dood, wat nie onverwags was nie, op 3 Februarie 1922 die eindelike rus gebring het. Van oral oor die wêreld het huldeblyke gekom.[109] Op 8 Februarie 1922 is hy na 'n staatsbegrafnis aan die voet van die Vrouemonument ter ruste gelê.

---

109) Sien die rou-uitgawe van Die Volksblad, 7/2/1922.



"Al is die oog verswak,
hy kyk nog fier omhoog
in jou
soos in sy God se oog . . ."

(Jan F.E. Celliers)

# HOOFSTUK II

## VAN BURGER TOT WAARNEMENDE HOOFKOMMANDANT

### II.1 DE WET GAAN OP KOMMANDO AS GEWONE BURGER

Terwyl lord Alfred Milner, die Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika na "an extremely strong cumulative case"[1] gesoek het, sodat oorlog teen die Zuid Afrikaansche Republiek (Z.A.R.) gemaak kon word, het Cronje die Vrystaat as bondgenoot van die Z.A.R. op 2 Oktober 1899 begin bewapen. Aanvanklik het hy sowat 60% van sy dienspligte burgers opgekommandeer. Onder hulle was Christiaan de Wet, wat op dié datum deur veldkornet Marthinus Els van die wyk Kromellenboog[2] aangesê is om met sy oudste seun, Kotie op kommando te verskyn. De Wet het besluit om ook sy seuns, Izak en Christiaan, wat nie gekommandeer was nie, saam met hom op kommando te neem.

Enkele dae later was die Heilbronse kommando, waaraan De Wet behoort het, op hulle aangewese plek, naamlik die Drakensberge op die Natal-Vrystaat-grens in afwagting op die uitwerking van die Kruger-ultimatum.[3]

### II.2 IN 'N LEIERSPOSISIE

Enkele ure voordat die ultimatum verstryk het, was Christiaan de Wet egter nie meer 'n gewone burger nie. Terwyl 'n krygsraadvergadering gehou is, is De Wet deur sy kommandant aan die hoof van 'n patrollie geplaas om die omgewing te gaan verken. Met sy terugkoms het De Wet gevind dat die res van die burgers hom in sy afwesigheid tot waarnemende kommandant verkies het.[4]

---

1) C. Headlam (ed.): The Milner Papers I, London, 1933, p. 224.

2) Kromellenboog en Vechtkop was die twee wyke waaruit die kommandoskap van Heilbron bestaan het. Die Heilbronse kommando het onder komdt. L. P. Steenkamp gestaan (Breytenbach: (Die Gesk. van die Tweedevryheidoorlog,I,p.34

3) Sien die inhoud en betekenis van hierdie ultimatum in M. J. Hugo: Die Kruger Ultimatum (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1943). Sien ook Cd.9507: Correspondence relating to Status of the South African Republic, 22/10/1899 vir die korrespondensie oor die Britse soewereini= teitskwessie en die eise wat die Britse regering gestel het.

4) Kestell: Christiaan de Wet, p. 51. Dit moet duidelik gestel word dat die waarnemende komdt. geen pligte gehad het as die komdt. teenwoordig was.

Hoewel komdt. Lucas Steenkamp wel by sy kommando was, was hy ongesteld en wou hy eers volkome herstel voordat hy die verantwoordelikheid van die komman= dantskap op hom neem. De Wet was dus in bevel van die Heilbronse kommando met die aanvang van die Tweede Vryheidstryd.

Die eerste opdrag wat hy met sy kommando uitgevoer het, was om Bezuidenhoutspas met 600 burgers te gaan beset op 11 Oktober 1899.[5] Hy was bekend met die pas omdat hy nog vroeër dieselfde dag juis daar verkenningswerk gedoen het. Hy het egter net die pas aan die Vrystaatse kant geken, want hy kon nie tydens sy verkenningstog die Natalse grondgebied betree nie. Die twee Republieke was op daardie stadium nog nie in 'n staat van oorlog met Brittanje nie. Daar was wel geen Britse soldate waar hy verken het nie, maar omdat hy nie geweet het of daar Britte aan die oorkant van die grens was nie, het hy haastig na sy doel vertrek.

Alhoewel hy slegs waarnemend was, het hy hom reeds op die eerste dag van die stryd bewys as 'n persoon wat gesag kan afdwing. Hy voer sy opdrag uit te midde van allerlei probleme soos afstand en burgers wat hom hoofbrekens besorg het omdat hulle nie daaraan gewoond was om onder bevele te staan nie.[6] Sy doeltreffende organisasie is reeds hier waarneembaar, want hy doen "reuzenwerk"[7] sodat hy sy doel in 'n kort tydsbestek gedurende die nag bereik. Tot 17 Oktober het die Heilbronse kommando Bezuidenhoutspas bewaak sonder om Britse soldate teen te kom.

Kommandant Steenkamp was op hierdie tydstip nog steeds ongesteld en daarom het De Wet op 14 Oktober na die hooflaer by Vanreenenspas vertrek waarheen al die Vrystaatse offisiere deur hoofkomdt. M. Prinsloo ontbied is.[8] Tydens die vergadering is die verdere strategie van die Vrystaters bespreek. Daar is be=

---

5) Ibid. pp. 50 - 51. Sien De Wet: op.cit., p. 7 vir plasing van verskil= lende kommando's en Breytenbach: Die Geskiedenis van die Tweede Vryheids= oorlog, I. pp. 172 - 175 vir die krygsplanne van die twee Republieke.

6) De Wet: op.cit., p. 7.

7) Ibid.

8) Steenkamp het hom wel op 12 Oktober by die Heilbronse kommando in Bezuiden= houtspas aangesluit en na alle waarskynlikheid die bevel oorgeneem. Hy kon hom egter nie vermoei nie en daarom is sake wat hom kon vermoei het, soos die bywoning van genoemde vergadering liewer aan De Wet oorgelaat.

sluit dat drie perdekommando's afsonderlik Natal op 17 Oktober sou binnetrek en die spoorlyn so ver moontlik verniel terwyl die vyand tot gevegte uitgelok moes word. Die 500 Heilbronners sou saam met komdt. Naude van Bethlehem se 300 man een van die groepe vorm.[9)]

Steenkamp kon beslis nie hierdie taak onderneem nie, en daarom het De Wet dit op hom geneem. Laasgenoemde skep die indruk dat hy die taak alleen met 500 man aangepak het en gee nie erkenning aan die Bethlehemse-kommando vir hulle deelname nie.[10)] Die rede mag wees dat dit gedoen is omdat De Wet selfstandig opgetree het aangesien daar aan die begin van die stryd nie goeie samewerking was tussen die Republieke en kommando's onderling nie.

Op 17 Oktober moes hierdie drie perdekommando's aan die westekant van Ladysmith omtrek en die spoorlyn wat suid van die dorp lê, opbreek om te verhoed dat die Britse troepe in die dorp per spoor versterk word. Indien dit sonder weer= stand kon geskied, sou die Vrystaters daarna na Dundee gaan om die Transvalers teen die Britse magte by Dundee en elders noord van Ladysmith te gaan help.

Prinsloo se planne het egter nie geslaag nie. De Wet wil die mislukking toe= skryf aan die feit dat "er slordigheid in het spel was".[11)] Hy is reg as hy hiermee bedoel dat die perdekommando's nie noukeurig genoeg was nie. Daar was naamlik 'n kortsluiting in die kommando's se interpretasie en uitvoering van Prinsloo se opdragte en onderlinge samewerking. De Wet se eie interpre= tasie was ook foutief. Hy het naamlik gemeen dat die Engelse wat by Dundee en Elandslaagte was, afgesny moes word van dié by Ladysmith. Verder het hy gemeen dat dit gedoen moes word saam met die Transvalers van Volksrust en 'n deel van die kommando van Vrede. Almal sou volgens hom onder die bevel van genl. Kock staan.[12)]

---

9) Die tweede groep het bestaan uit komdt. Nel van Kroonstad met 600 burgers. Kommandante Theunissen (Winburg) en C. J. de Villiers (Harrissmith) met 800 man het die derde groep gevorm. Sien W. J. Leyds-versameling 709: Oorlogstelegramme, p. 42; K.G. 332: Ontvange telegramme, Komdt.-Genl. p. 734 en Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, Deel I, p. 176.

10) De Wet: op.cit., p. 8. J. D. Kestell: Met de Boeren Commandos, Amster= dam, s.j., p. 8 maak ook nie melding van die Bethlehemse-kommando se aandeel nie.

11) De Wet: op.cit., p. 8.

12) Ibid. De Wet praat hier van genl. Koch in plaas van Kock.

Hoewel 'n groepie van vyftig burgers van die Harrismith-kommando die eerste Vrystaters was wat met die vyand slaags geraak het,[13)] was dit eers op 24 Oktober dat die Vrystaatse hoofmag met die Britse magte in 'n groot slag by Rietfontein betrokke was.

## II.3 DIE GEVEG BY RIETFONTEIN EN VERDERE PLANNE

Terwyl genl. A. P. Cronje, wat die bevel oor die Vrystaatse mag van genl. P. J. de Villiers oorgeneem het, na Besterstasie onderweg was waar 2 500 burgers gewag het, het hy opdrag gekry van president Steyn om na Elandslaagte te gaan.[14)] Hy doen dit op 22 Oktober. Die volgende dag is die rantjies en koppies noord van die plaas Rietfontein sowat agtien kilometer noord van Ladysmith oor 'n afstand van tien kilometer beset. Hierdie rantjies loop parallel met die Ladysmith-Dundee spoorlyn. De Wet met die Heilbronners was in stellings in die laer rante aan die heel oostelike punt. Generaal sir George White het op 24 Oktober uit Ladysmith vertrek om die Vrystaters te verjaag, waarop die slag van Rietfontein gevolg het. Hoewel De Wet met sy kommando ook aan die slag deel gehad het, was hy nie baie aktief betrokke nie aangesien hy te ver van die eintlike brandpunt was.

Hierdie slag was die laaste in Natal waaraan die Vrystaters afsonderlik deelgeneem het, want op 28 Oktober was hulle met die Transvalers verenig. Die gesamentlike optrede was nou gemik teen die sterk Britse mag te Ladysmith.[16)]

Die gesamentlike Boerekommando's het vir die doel oor 'n afstand van nagenoeg sestien kilometer met Nicholsonsnek as middelpunt stelling ingeneem.[17)]

---

13) Hulle was naamlik op 18 Oktober slaags met 'n afdeling van die Natal Carbineers by Besterstasie. Behalwe vir die eerste Vrystater om in die oorlog te sneuwel, F. Johnson, het die Vrystaters tagtig veldtentjies en 'n wa met mondprovisie gebuit - vgl. Breytenbach: Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, I p. 196 asook De Wet: op.cit., p. 10.

14) S. P. Engelbrecht-versameling, 371A., Band 8, lêer 29: Onderafd. President Kruger, no. 1, p. 2: telegram, Staatspres., Bloemfontein - Staatspres., Pretoria, 22/10/1899.

15) Vir besonderhede van geveg, vgl. L. S. Amery: The Times History of the War, II, Londen, 1909, pp. 204-206, asook Breytenbach, op.cit., I. pp. 291-300. Na Rietfontein word ook verwys as Modderspruit of ook Tintwa Inyoni (Tintinyoni).

16) Vergelyk K.G. 346, pp. 226-227: Kmdt.-genl. - Vrystaatse kommando, kmdt. Weilbach en genl. Meyer, 28/10/1899.

17) Vir die posisies van die verskillende kommando's sien Breytenbach: Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, I, pp. 305-307.

Waarnemende-komdt. De Wet was met sy 500 Heilbronners in die omgewing van Zwartbooiskop, anderhalfuur suid van Nicholsonsnek. Kommandant Steenkamp het nou blykbaar in 'n groot mate van sy siekte herstel, want hy het met die res van die Heilbronse-kommando by De Wet aangesluit en die bevel oorgeneem. De Wet het egter nog op 29 Oktober die krygsraadvergadering saam met ander Vrystaatse en Transvaalse offisiere, waaronder ook hoofkomdt. Prinsloo en komdt.-genl. Piet Joubert, bygewoon. Tydens hierdie vergadering is 'n gesamentlike aanval op Ladysmith vir 2 November 1899 beplan en besluit dat die Vrystaters die aanval sou lei.[18]

Ofskoon genl. White bewus was van die Boere se stellings,[19] het hy nie presies geweet wat die Boere se krygsplan was nie, maar hy kon dit aflei uit die be= wegings van die ongeveer 12 000 burgers wat hy selfs vanuit 'n lugballon waar= geneem het.[20] Op grond van sy waarnemings en inligting het hy besluit om op 30 Oktober tot die aanval oor te gaan. Sy plan[21] was dus drie dae vroeër as wat die Boere s'n was. Gedurende die nag van Sondag, 29 Oktober het die Britse troepeafdelings Ladysmith verlaat om stellings in te neem vir die aanval.

Die Britse aanval na sonsopkoms op 30 Oktober was hoewel nie onverhoeds nie, wel vir die Boere 'n groot verrassing, veral toe dit gekom het vanuit stellings waar hulle allermins verwag was.[22] Nicholsonsnek en nie Ladysmith nie het dus die slagveld geword.

## II.4 DE WET BEWYS HOM AS MILITÊR MET DIE SLAG VAN NICHOLSONSNEK[23]

Christiaan de Wet se onmiddellike reaksie toe die eerste skote klap, was dat die Heilbronners na die toneel van aksie moes beweeg. Dit was duidelik dat die

---

18) Leyds 710: Kommandant-genl. - Staatsekretaris, 2/11/1899, p. 26.

19) F. Maurice en M. H. Grant: History of the War in South Africa I, London, 1907, p. 172.

20) L. S. Amery (ed.): The Times History of the War in South Africa, II, London 1902, p.216.

21) Generaal White het gemeen dat sy planne so onfeilbaar was dat hy die Boere met een groot slag kon dwing om vrede te sluit. Vir besonderhede van sy plan, sien Breytenbach: Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog,I,pp. 310-311.

22) De Wet: op.cit., p. 13.

23) Vir besonderhede oor dié slag, sien Amery: op.cit., II, pp. 237-255; Breytenbach: Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog I, pp. 329-341; C. J. Scheepers-Strydom: Ruitervuur, Kaapstad, 1970, pp. 47-51; A. C. Doyle; The Great Boer War, London, 1900, pp. 118-125; Cd.1792, Minutes of Evidence, pp. 403-408; F. H. E. Cunliffe: History of the Boer War. I, London, 1903, pp. 112-121 asook D. Reitz: Commando, London, 1933, p. 37.

vervroegde botsing met die vyand die Boere se planne uit rat gegooi het en dat die kommando's wat oor 'n wye gebied verspreid was, vinnig sou moes kon= sentreer ten einde die Britse aanval suksesvol die hoof te bied. Hierdeur het hy beslis militêre insig openbaar. As ondergeskikte kon hy nie en was dit ook nie in sy aard om die leiding uit die komdt. se hande te neem nie. Daarom het hy eers Steenkamp se toestemming gevra om met sy plan na die Hoofkommandant te gaan.[24] Hierdie optrede moet beklemtoon word, want dit maak nie alleen van hom die ideale burger op kommando nie, maar toon ook dat hy gesag erken het. As hoofkommandant het hy later dieselfde van sy burgers vereis.

Nadat beide Steenkamp en genl. Cronje met sy plan ingestem het, het Steenkamp met 300 Heilbronners waaronder De Wet na die gevegsfront vertrek. Onderweg daarheen het hulle by Cayingubo, 'n kop suid van Nicholsonsnek verbygegaan. Generaal Cronje het die besetting van die kop aan die Kroonstadse-kommando onder komdt. Nel opgedra maar toe die deel van die Heilbronse-kommando daar aangekom het, het hulle tot hulle verbasing gevind dat dit nie Nel was nie, maar 'n Britse afdeling onder lt.-kol. F. R. C. Carleton wat die kop beset het, wat in werklikheid nie daar moes wees nie.[25]

Sonder om verder te trek het Steenkamp na oorlegpleging met De Wet beveel dat die 300 Heilbronners die kop moes ontset. Dit het op 'n skitterende oorwin= ning oor Carleton uitgeloop veral omdat faktore soos die volgende die Boere beslis bevoordeel het:

---

24) De Wet: op.cit., p. 13.

25) Hierdie afdeling van ongeveer 1 000 man was veronderstel om genl. White, wat persoonlik verantwoordelik sou wees vir die hoofaanval op Pepworth Hill, se linkerflank vanaf Nicholsonsnek te dek. Kort na middernag van 29/30 Oktober was die afdeling sowat drie kilometers van sy hoofdoel af. Op die voorpunt van die aanmars was die Royal Fusiliers met gevelde bajonette, gevolg deur Carleton, maj. W. Adye, sy hoofinligtings= offisier, en enkele gidse. Hulle is gevolg deur 'n bergbattery met 'n groot aantal pakmuile, kanonne en ammunisie. Die agterhoede is gevorm deur die Gloucestershire Regiment. Omdat Carleton bang was dat hy nie sy doelwit voor dagbreek sou bereik nie, het hy Cayingubo bestyg sodat hy nie met dagbreek deur die Boere op die vlakte betrap moes word nie - vgl. Amery: op.cit., II, pp. 238-240: verklaring van kapt. Rice in die Daily Mail (London), 15/12/1899 asook Doyle: op.cit., pp. 111-112.

a) Gedurende die nag voor die geveg het die brandwagte van die Pretoriase-kommando 'n sarsie skote op die voorhoede van Carleton gelos terwyl hulle besig was om die kop te bestyg. Dit het 'n groot verwarring onder die gespanne afdeling ver= oorsaak, sodat Carleton sy kanonne en 'n groot aantal ammunisie in die donker van die nag verloor het. Die sewentien kiste ammunisie wat hy wel oorgehou het, het ongeveer twintig patrone vir elke manskap gelaat.[26)]

b) Behalwe hierdie dilemma, het Carleton verkeerd geoordeel deur te besluit dat, indien hy wel op die kop aangeval sou word, dit vanuit die suidelike, oostelike en westelike rigtings sou wees. Gevolglik het hy sy verdediging op genoemde rigtings gekonsentreer en die noordekant baie swak beskerm.[27)] Dit was 'n belangrike faktor, want die Heilbronse-kommando het juis die plat kop van die noordekant af bestyg en aangeval.

c) Vanweë die strawwe mars, was die Britse soldate baie uitgeput. Sommige was so moeg dat van hulle tydens die geveg selfs aan die slaap geraak het!

d) Die Johannesburgse polisie onder bevel van kmdt. G. M. J. van Dam het op 'n kritieke stadium van die geveg tot hulp gekom en die aandag van die Britte op hulle getrek.[28)]

e) 'n Laaste belangrike faktor was De Wet se energieke teenwoor= digheid. Dit was nie Van Dam wat in elk geval sy opwagting gemaak het nadat die geveg reeds aan die gang was of Steenkamp wat die leiding geneem het nie, maar Christiaan de Wet. Uit die gegewens tot dusver is dit duidelik dat De Wet in elk ge= val 'n sterker persoonlikheid as sy hoof gehad het en dat hy deur Steenkamp vertrou is. Dit mag dus wees dat hy deur Steenkamp aangesê is om die leiding te neem. Hy het dit tot so 'n mate gedoen dat genl. M. Prinsloo in sy verslag spesiaal

---

26) Vir die gebeure gedurende die nag, kan Leyds, 709, p. 525: Berig telegra= fis, Modderspruit, 30/10/1899; Amery: op.cit., II, p. 240; Doyle: op.cit., pp. 119-120 asook verklaring van kapt. Rice, op.cit., geraad= pleeg word.

27) Sien Amery: op.cit. II, pp. 242-243 vir volledige plasing van die troepe.

28) Amery: op.cit., II, p. 245 en De Wet: op.cit., p. 16.

melding gemaak het van De Wet se aandeel[29] aan klein Majuba soos die geveg soms genoem word. Dit was ook De Wet wat aan genl. White laat weet het om sy groot getal gewondes te kom haal en sy dooies te begrawe. Amery beweer foutief dat De Wet tydens die geveg gewond is [30]

Die onmiddellike gevolge van die geveg was nie net tot die gevegsterrein beperk nie. Toe stofbesmeerde soldate van Carleton se afdeling ná die geveg Lady=smith binnegestrompel en die verhaal van hulle neerlaag vertel het, het kol. W. G. Knox, wat Ladysmith in die afwesigheid van White moes verdedig, te doen gekry met paniek onder sy manne.[31] Die gevoelige verliese wat die Britte op Cayingubo gelei het, het ongetwyfeld baie daartoe bygedra dat daarna van 30 Oktober as Mournful Monday gepraat is.

Ongelukkig het die Boereleiers aan die Natalse grens die sukses van Mournful Monday nie opgevolg nie. Hulle het verkies om eerder in "klein" geveggies betrokke te raak en om Ladysmith te beleër in plaas van om na Durban op te ruk.

Die Vrystaters se aktiwiteite was dus nou hoofsaaklik beperk tot Ladysmith. De Wet het gevolglik die Heilbronse, Harrismithse en die Vrede-kommando vergesel om 'n afdeling te vorm wat op 31 Oktober stelling ingeneem het ten suide en suidweste van Ladysmith.[32] Op 2 en 3 November was hierdie kommando sonder veel sukses met 'n afdeling onder genl. J. P. D. French betrokke. Tot 9 November was hulle hierna ook in ander minder belangrike skermutselinge betrokke.[33]

---

29) Vergelyk Leyds, 709, p. 541,: Tel. Sekr. Prinsloo - Staatspresident, Bloemfontein opgeneem in Staatspresident, Bloemfontein - Staatspresident Pretoria, 30/10/1899.

30) Amery: op.cit., II, pp. 246 en 255. (vn.), De Wet se naam kom egter nie in die amptelike naamlyste van gewondes voor nie. Vgl. J. H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog II, Kaapstad, 1949, p. 369: Bylaag C.. Prof. M. C. E. van Schoor (U.O.V.S.) het ook in 'n persoonlike mededeling ver=tel dat hy met verskeie oud-stryders oor hierdie saak gesels het. Nie een kon onthou dat De Wet tydens hierdie geveg 'n skietwond opgedoen het nie.

31) Amery: op.cit., II, p. 231.

32) De Wet: op.cit., p. 22. Kestell: op.cit., p. 14, beweer dat die afdeling uit kommando's van Harrismith, Heilbron en Winburg bestaan het.

33) De Wet: op.cit., p. 24.

Dit is nie bekend wat De Wet van hierdie defensiewe optrede gedink het nie, maar in die lig van sy eie optrede op die wesgrens kort hierna kan aanvaar word dat hy nie daarmee gediend was nie.

## II.5 NA DIE WESGRENS

Die feit dat die Vrystaatse regering vir De Wet as oud-Volksraadlid geken en waardeer het en hy hom met die geveg by Nicholsonsnek as 'n militêr met daadkrag, militêre aanvoeling en gesagshandhawer bewys het, verklaar waarskynlik waarom die regering die vrymoedigheid gehad het om hom tot sy grootste verrassing[34)] per telegram op 9 Desember aan te stel as veggeneraal op die wesgrens.[35)] Dit is opgevolg deur 'n telegram van A. Fischer, lid van die Uitvoerende Raad dat hy so gou as moontlik aan die aanstelling gevolg moet gee.[36)] Dit het De Wet in 'n tweestryd met homself geplaas sodat hy aan president Steyn getelegrafeer het om hom 'n tydjie te gee om oor die aanbod na die dink. Dit was nie die groter verantwoordelikheid wat hom gehinder het nie, maar die feit dat hy die stryd veel eerder as gewone burger wou meemaak.[37)]

Wat later tiperend van hom as hoof van die Vrystaatse kommando's sou word wanneer hy met ernstige vrae geworstel het, was dat hy die antwoord voor die aangesig van God gaan opsoek het. Meermale gedurende die stryd, het hy nou ook hier saam met enkele vertroulinge die aangesig van die Here gesoek om leiding te kry.[38)] Nadat hy besluit het om die aanbod te aanvaar, het hy nie weer teruggekyk nie, maar die nuus aan sy teleurgestelde kommando meegedeel dat hulle van mekaar moes afskeid neem.[39)] Hierdie belangrike besluit het verreikende gevolge gehad vir die verloop van die stryd in die algemeen en dié in die Vrystaat in die besonder.

Nog dieselfde aand het hy met veertien van sy strydmakkers met 'n spesiale trein na Viljoensdrif gereis en vandaar met die passassierstrein na Bloemfontein, waar

---

34) Ibid: p. 28.
35) Ibid.
36) Kestell: Christiaan de Wet, p. 53.
37) De Wet: op.cit., p. 28.
38) Kestell: Christiaan de Wet, p. 53.
39) Ibid. p. 54.

hy op 10 Desember aangekom het. In Bloemfontein het hy eers samesprekings met die regering gevoer en is by hom aanbeveel om die vyand geen rus te gee nie.[40] Hierna is hy met sy getroue perd, Fleur[41] na Magersfontein waar hy op 16 Desember aangekom het - net vyf dae na die slag aldaar. Hier het Cronje die opperbevel oor 9 000 burgers gevoer.[42] Onder hom was genl. Koos de la Rey in bevel van die Transvalers en Christiaan de Wet in bevel van die Vrystaters geplaas.

De Wet se eerste plig was om hom op hoogte te stel met die posisie op die wesgrens en om die kommando's onder sy bevel te herorganiseer. Hierna kon hy aandag aan sy primêre taak naamlik om nie die vyand met rus te laat nie, begin gee. Die probleem was egter dat Cronje sedert sy oorwinning by Magersfontein verkies het om aan sy loopgrawe vas te klou, wat van Koedoesberg af aan die Modderrivier tot 'n posisie oos van Jacobsdal gestrek het.[43]

Met die opdrag van sy regering in gedagte het De Wet met sy eweknie, genl. De la Rey, oor planne om die vyand lam te lê beraadslaag. Uit die beraad=slaging was dit duidelik dat die onaktiwiteit van Cronje die vyand die nodige kans gun om hulle magte te monster. De la Rey, wat ook ongelukkig was oor die onaktiwiteit van sy burgers, het met De Wet saamgestem dat hulle twee toegelaat moet word om met 1 500 burgers in die rigting van Hopetown en De Aar te gaan om die spoorlyn op te breek.[44] Dit sou genl. Methuen dwing om sy posisie by Tweeriviere wat vir die Boere daagliks gevaarliker geword het, te ontruim.[45]

Met hierdie plan is genl. De Wet na Cronje. Laasgenoemde was bereid om tot die plan toe te stem,mits die Vrystaatse regering die 1 500 burgers deur ander sou vervang. Dit kon nie gedoen word nie,[46] sodat Cronje nie sy goedkeuring

---

40) Leyds, 713b: telegram 27: Fischer - Grobler, 14/12/1899.

41) Sien artikel oor Fleur deur B. H. J. van Rensburg in Fleur, Sept. 1946, p. 16.

42) Leyds, 717e, nr. 67: Rapport van De Wet - Staatspres., Bloemfontein 23/2/1900. opgeneem in telegr. Staatspres., Bloemfontein - Staatspres., Pretoria, 23/2/1900.

43) Die Brandwag, 15 Okt. 1913, p. 296: Herrinneringen door Generaal Piet Cronje, opgetekend door Kapitein Jack Hindon.

44) De Wet: op.cit., p. 30 asook J. Oosthuizen: Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, P. U. vir C. H.O., Potchefstroom, 1949, p. 189.

45) Sien Leyds 713b, Telegram no. 49, Staatspresident, Bloemfontein - Staatspres. Pretoria, 14/12/1899.

46) Generaal Cronje het die vermoede gehad dat 2 000 Vrystaters vir die wesgrens beskikbaar was. Die regering het die idee die ook ingeslaan. Tewens, dit was duidelik dat daar hoogstens net 'n paar honderd burgers uit die Vrystaat beskikbaar sou wees - vgl. Leyds, 713d Telegram no. 8: Grobler-Fischer, 20/12/1899.

wou gee nie. Hy het gevolglik met sy defensiewe beleid volhard en geglo dat die vyand, "met de hulp des Heeren"[47] verslaan sou word.

Christiaan de Wet het uit sy ervaring op die Natalse grens geweet dat Cronje se strategie op chaos afstuur, te meer omdat die aktiwiteit op die wesgrens feitlik tot stilstand gekom het.[48] Toe kol. de Villebois-Marceuil op 16 Februarie besoek gebring het aan die Boerelaer by Paardeberg, was hy getref deur hierdie tergende onaktiwiteite van die burgers, die jammerlike gebrek aan dissipline en die swak bevelvoering van Cronje.[49]

Die hardkoppigheid en kortsigtigheid waarmee Cronje opgegaan het in sy defensiewe beleid, het die vyand kans gegee om hom stadig maar seker te omsingel. Vir sy twee ondergeskiktes het dit beslis bekommer. Alhoewel die Britse getalle daagliks aangegroei en die sukses van De Wet en De la Rey se plan hierdeur ver=minder het, het hulle tog gedurig pogings aangewend om Cronje tot hulle siens=wyse oor te haal - maar steeds sonder sukses. Cronje se houding moes sonder twyfel bygedra het tot die verwydering wat daar later tussen hom en genls. De Wet en De la Rey ontstaan het en andersyds tot die ontwikkeling van die hegte vriend=skap tussen laasgenoemde twee wat eers beëindig is met De la Rey se dood tydens die 1914-rebellie. Hierdie vriendskap het met die ontwikkeling van die stryd steeds hegter geword omdat albei krygsmanne in hart en niere besiel was met dieselfde vurige vaderlandsliefde.

De Wet het Cronje verskeie kere tevergeefs gewaarsku dat die vyand besig was om hom te omsingel en dat die sukses van hulle plan kwyn. Uiteindelik het De Wet die plan om die vyand te gaan voorkeer aan pres. Steyn voorgelê wat dit dadelik goedgekeur[50] en druk op Cronje begin uitoefen het om dit uit te voer.

Uiteindelik het Cronje toegegee en die twee generaals op 3 Januarie 1900 laat roep. Hy het dit mondeling aan hulle opgedra om nog dieselfde nag met 300 man 'n uittog

---

47) Leyds 713e, Telegram no. 27: Generaal Cronje - Pres. Kruger, 28/12/1899.

48) Die enigste aktiwiteite het van die Britte gekom by wyse van daaglikse bombardement. Hierdie bombardement was eintlik net 'n rookskerm want die Britte het dit gebruik om die Boere besig te hou terwyl hulle hulle weer slaggereed gemaak het. Dit was ook onskadelik want tot middel Februarie is slegs drie ongevalle aan Boerekant aangemeld, waarvan een noodlottig was (De Wet: op.cit., p. 38.).

49) G. de Villebois-Mareuil : War Notes (diary), London, 1901, p. 240.

50) Oosthuizen: op.cit., p. 190.

te maak om die treinspoor tussen Heuningneskloof en Modderrivier te gaan opbreek. Hy wou dat hulle op 4 Januarie weer terugkeer.[51)]

Die twee generaals het wel gegaan om die opdrag uit te voer, maar omdat hulle so min tyd gegun was, kon hulle nie in hulle doel slaag nie. Generaal Cronje is nie laat weet wat die resultate van die sending was nie. Hy het twee keer vir De la Rey laat vra wat gebeur het, maar De la Rey het eers op 6 Januarie gereageer.[52)] Uit die behandeling wat Cronje van die twee generaals ontvang het na hulle terugkoms, asook die trant van die genoemde korrespondensie tussen Cronje en De la Rey, is dit duidelik dat Cronje nie meer met die nodige agting behandel was nie en dat daar iets met die verhouding geskort het. Toe De la Rey kort daarna na Colesberg gestuur is, is sy afdeling ook onder De Wet se bevel geplaas.[53)]

De Wet het hierna daagliks 'n afstand van vier-en-twintig kilometers met Fleur afgelê om die Transvalers en Vrystaters se posisies te inspekteer. Dit was egter nie aangenaam vir hom omdat die burgers nie alleen niks te doen gehad het nie en hom ook lastig geval het met allerlei nietighede.[54)] Die burgers moes ook die gevaar waarin hulle verkeer het begin besef het, veral daar hulle met toenemende intensiteit deur die vyand gebombardeer is. Dit moet aan De Wet se sterk persoonlikheid en inspirasie toegeskryf word dat die burgers onder hóm, ten spyte van die gevaar van omsingeling en klagtes, die fort gehou het soos uit die volgende paragrawe sal blyk.

Dit was vir Christiaan de Wet 'n moeilike tyd. Dit was ook in hierdie tydperk dat sy militêre optrede gevorm is. Foute wat op die wesgrens begaan is soos passiewe optrede, gebrek aan militêre dissipline, die aanhou van walaers en veral die teenwoordigheid van vroue in die Boerelaers,[55)] het hy met groot beslist= heid afgekeur.

---

51) Ibid., p. 191 asook Kestell: Christiaan de Wet, pp. 55 - 56.

52) Oosthuizen, op.cit., pp. 191 - 192.

53) Tereg beweer F. D. Conradie: Met Cronje aan die Wesfront (1899-1900), Kaapstad, 1943, p. 93 dat hierdie reëling nie 'n goeie een was nie, want die Transvalers wou liewer onder hulle eie offisiere gedien het.

54) De Wet: op.cit., p. 30.

55) De Wet het die hoogste agting vir die durf van die Boerevrou gehad, maar het nie van haar teenwoordigheid in 'n Boerelaer gehou nie. Hy het besef dat die groot aantal vroue by Cronje se laers tot 'n ramp kon lei (De Wet: op.cit., pp. 31 - 32) en het die regering gevra om dit te verbied.

Sedert die helfte van Januarie 1900 was die Britse magte op die wesgrens besig om te konsolideer, terwyl die Boere ook georganiseer het vir die verwagte Britse aanval.

Aangesien Cronje met die hooflaer aan hulle loopgrawe vasgeklou het, is die meeste organisasiewerk deur De Wet en sy burgers onderneem. Die probleem was net dat dit wat De Wet georganiseer het, nie altyd Cronje se goedkeuring wegge=dra het nie sodat dit tot ernstige botsing ten opsigte van militêre sake tussen die twee gelei het. Aangesien Cronje die opperbevelhebber was, moes Christiaan de Wet hom noodgedwonge onderwerp.[56)]

Onder die omstandighede was dit egter vir genl. De Wet moeilik om hom te onderwerp, want die verskerpte bombardement van die Britte gedurende die laaste helfte van Januarie het sy skerp waarnemingsvermoë nie ontglip nie. Hy het die Britse plan korrek geanaliseer: "Het was niet anders dan hun politiek .... om ons gedurig onder den waan te doen verkeeren, dat zij ons aanvallen wilden, en ons aldus bijeen te houden in die posities, terwijl zij dan elders hunne voorbereidselen voor het geen dat zij in't oog hadden, konden maken".[57)] Daarom het De Wet hom hoofsaaklik daarop toegespits om die vyand se voorbereidings te probeer vertraag of waar moontlik te dwarsboom. Hy het dit gedoen deur die Britte se bombardement met goeie gevolg te beantwoord.[58)]

Aan die begin van Februarie 1900 was die Britse magte in so 'n mate gekonsolideer dat lord Roberts, die opperbevelhebber, met die uitvoering van sy planne kon be=gin. Deur sy planne geheim te hou en dit slegs aan enkele hoë offisiere bekend te stel en deur die Boere te verplig om op 'n terrein te veg wat hy gekies het,[59)] kon Roberts daarin slaag om vir die eerste maal sedert die begin van die oorlog die skaal in Brittanje se guns te swaai.

---

56) Kort na De la Rey se vertrek het die Vrystaatse Regering bepaal dat Wessels alleen by Kimberley bevel sal voer oor die Vrystaters, terwyl De Wet die bevel sal voer oor die Vrystaters by Magersfontein (De Wet: op.cit., p. 30).

57) De Wet: op.cit., pp. 33 - 34.

58) The Friend van 30/1/1900 gee die getal Britse ongevalle as 963 aan.

59) W. E. Cairnes: Earl Roberts as soldier in peace and war, London, 1901 p. 309.

Roberts se plan was om Kimberley te ontset, dan om Cronje te laat boet vir Magersfontein, Bloemfontein vervolgens in te neem en om dan die oorlog te beëindig met die inname van Pretoria.[60] Hy wou al hierdie dinge in 'n kort tydjie afhandel. Toe sy mag in so'n mate versterk was dat sy planne kon slaag, het hy tot die aanval oorgegaan. Sy magte is aanvanklik per trein tot by Enslin en Heuningneskloof naby Modderrivierstasie vervoer, waarna sy aanmars na Kimberley begin het.[61] Op 2 Februarie het hy aan lt.-genl. lord Methuen opdrag gegee om genl. H. A. MacDonald met die Highland Brigade na Koedoesbergdrif te stuur om, wat Roberts gemeen het die mees begaanbare drif deur die Rietrivier was te beset en 'n klein fort vir 200 man aldaar te bou.[62]

Op 4 Februarie 1900 het MacDonald die drif bereik en dadelik ingesien dat hy 'n maklike skyf vir die Boere sou wees indien laasgenoemde stelling op Koedoes=berg,[63] wat die drif oorheers, sou inneem. Indien hy self op die berg in plaas van by die drif stelling sou inneem, het die gevaar bestaan dat hy van die belangrike watervoorraad uit die rivier afgesny kan word. Hy het Methuen gevolglik van sy dilemma laat weet, maar Methuen het hom gelas om by sy opdrag te hou.[64]

'n Boerepatrollie onder kmdt. Du Plooy het MacDonald se teenwoordigheid onder genl. Cronje se aandag gebring,[65] waarop hy De Wet beveel het om die Britte met 350 burgers te gaan stuit.[66]

## II.6 DIE SLAG VAN KOEDOESBERG[67]

Toe De Wet op die middag van 5 Februarie by Koedoesberg aangekom het, het hy gevind dat die vyand die suidelike deel van die berg wel in besit geneem en 'n halfvoltooide steenmuur gebou het. Hierdie muur wat as skans moes dien,

---

60) Sien Roberts se voorbereidingsplanne in Lord Roberts Papers (L.R.P.), War Office Box 105/6: Despatch by Lord Roberts, Kimberley and surrender of Cronje, Bloemfontein, 26/3/1900.

61) Amery: op.cit., III, pp. 357 - 358.

62) Ibid. III, p. 360.

63) Koedoesberg is in die waarheid 'n koppie wes van die samevloeiing van die Riet- en Modderriviere. Die drif is reg suid van die koppie.

64) Amery: op.cit., III, p. 361.

65) The Friend, 13/2/1900.

66) De Wet: op.cit., p. 34.

67) De Wet: op.cit., se gegewens t.o.v. die slag verskil baie van die ander geraadpleegde bronne, sodat sy boek se gegewens slegs gebruik is in gevalle waar dit onduidelikhede in die ander bronne verklaar.

het van oos na wes oor die berg geloop. Aan die suidekant van die berg het die Britte kamp opgeslaan aan die Rietrivier by die drif. MacDonald se linker= vleuel was in 'n sloot wat aan die westekant van die berg afgeloop het na die rivier.[68] Aangesien die Britte reeds goed ingegrawe was, het De Wet nog 150 burgers en twee kanonne aangevra.[69] Dit is geweier.

Nogtans het De Wet na sy aankoms die berg vanuit die noorde saam met komdt. C. C. Froneman laat bestorm.[70] Onder hewige vuur van die vyand is die voet en uiteindelik die kruin van die berg bereik. Die vyand het egter so hewig van agter die steenmuur geskiet, dat die Boere dit nie nader as 700 meter kon waag nie. Op hierdie afstand het genl. De Wet die aanval gestaak, omdat hy besef het dat hy nie die Britte met die burgers tot sy beskikking kon oorrompel nie. By herhaling het hy Genl. Cronje om versterking gevra. Hy moes ook 'n halfuur te perd terugtrek ter wille van water.[71]

Sy versoek het die keer geslaag, want die aand van 6 Februarie het veggenl. A. P. Cronje met 200 man en twee kanonne onder bevel van. maj. Albrecht as ver= sterking opgedaag.[72]

Versterk deur Cronje het De Wet die geveg vroeg die oggend van 7 Februarie hervat.[73] Tot die middag was daar voortgeveg en het De Wet sy posisie van 5 Februarie weer bereik. Nie een van die twee partye kon die oorhand egter behaal nie. Teen die laat middag het die posisie vir genl. De Wet om twee redes sleg begin lyk toe sy verkenners berig het dat:

a) tagtig van sy burgers onder leiding van komdt. Froneman wat hy tot ses kilometer ten ooste van Koedoesberg gestuur het met die opdrag om genl. MacDonald te verhoed om die berg te omsingel teruggeval het, en

---

68) De Wet: op.cit., pp. 34-35 asook The Friend, 13/2/1900.

69) W. F. Andriessen: Gedenkboek van die Oorlog in Zuid Afrika. Amsterdam, 1904, p. 259.

70) The Friend, 13/2/1900.

71) Ibid.

72) Vergelyk P. A. Nierstrasz: Der Süd-Afrikanische Krieg X, 'S Gravenhage, 1905, p. 758, asook K.G. 340 IV: Telegram Cronje, Modderrivier - Staats= president, Pretoria ingesluit in telegram van H.T.D. Pretoria - K.G., hooflaer, Ladysmith, 7/2/1900 en The Friend, 13/2/1900.

73) De Wet: op.cit., p. 34 beweer foutief dat die geveg eers op 11 Febr. plaasgevind het. Dit was op 7 Febr. 1900 - vgl. Amery: op.cit., III, p. 362; The Friend, 9/2/1900 en The Friend, 13/2/1900.

b) dat 'n Britse versterking onder genl. J. M. Barbington met 'n kavallerie afdeling en twee kanonne in opmars was aan die oostekant van die berg.[74)]

Toe hy van laasgenoemde se koms verneem, het hy 'n besluit wat tipies van hom is geneem: Hy gebruik die verrassingselement deur met ses-en-dertig burgers op Barbington af te storm[75)] om hom te verhoed om met MacDonald te verenig. Dit was egter nie hierdie taktiek wat 'n einde aan die geveg gemaak het nie, maar twee ander elemente: die ondergaande son[76)] en die feit dat die Britse leiers baie swak met mekaar saamgewerk het.

Weereens was De Wet verplig om die berg te ontruim om binne bereik van water te wees.[77)] Die volgende dag (8 Februarie) het De Wet en die ander Boere hulle posisies behou en slegs kanonskote aan beide Boere- en Britse kant afgevuur totdat die nag 'n einde daaraan gemaak het. Beide die Boere en die Britte was aan die einde van die dag van mening dat hulle teenstanders hulle stellings verlaat het.[78)] MacDonald het gevolglik sy troepe volgens bevel teruggetrek en nie die moeite gedoen om Koedoesberg te beset nie.[79)] Toe Andries Cronje en Froneman die berg op 9 Februarie bestyg om die vyand te verken, is uit die aard van die saak geen spoor van die Britte gevind nie.[80)] De Wet het daarop die slagveld besoek en drie Britte onbegrawe gevind.[81)]

Ofskoon die geveg dus nie beslis is nie, grootliks as gevolg van gebrek aan water,[82)] onvoldoende skuiling en die gebrek aan kommunikasie tussen MacDonald

---

74) The Friend, 13/2/1900. Barbington het nooit vir MacDonald tot hulp ge=kom nie, maar na Kimberley voortbeweeg.

75) Ibid.

76) De Wet: op.cit., p. 38.

77) K.G. Band 340, Deel V: Telegram De Wet, Magersfontein - Staatspres., Bloemfontein, 8/2/1900 ingesluit in telegram H.T.D.-K.G., hooflaer, Lady=smith, 9/2/1900.

78) Sien De Wet: op.cit., pp. 38 - 40 en Conradie: op.cit., p. 101 vir boere se siening en F. M. Maurice, e.a.: History of the War in South Africa, I, pp. 439 - 442 asook Amery: op.cit., III, p. 364, vir Britse siening.

79) C. S. Goldman: With General French and the Cavalry in South Africa. London (etc), p. 72.

80) N. Hofmeyr: Zes maanden bij de Commando's, 's-Gravenhage, 1903, p. 293.

81) The Friend, 13/2/1900.

82) De Wet beweer dat Koedoesberg maklik beset kon word, maar 'n gebrek aan water het dit sinloos gemaak (The Friend, 9/2/1900.).

en Barbington was daar wel aansienlike verliese aan albei kante.[83)]

Roberts het gemeen om die aandag op sy westelike flank te vestig deur MacDonald en Barbington se bewegings en die slag by Koedoesberg te bewerkstellig. As hy gedink het om Cronje hiermee te mislei, was hy verkeerd. Cronje het reeds bewys dat hy nie sy stelling sou verlaat nie. Generaal MacDonald se terug= roeping na die hooflaer, bekend as die Modderrivierkamp was ook nie omdat Roberts se planne verwar is met die Boere-aanval nie, maar eerder omdat hy meer vasberade was om Kimberley te ontset. De Wet se weerstand by Koedoesberg moes hom egter laat besef het dat dit nie sonder moeite sou geskied nie, veral toe De Wet op 10 Februarie teruggekeer het in die rigting van die Magersfontein= stellings. Ofskoon De Wet tot op hierdie stadium nie as 'n belangrike teen= stander beskou is nie, was hy wel 'n lastige een.

Behalwe vir die hooflaer van die Boere by Magersfontein, was daar kleiner kommando's versprei oor 'n gebied van dertig kilometer tussen Koedoesberg en Jacobsdal. Generaal De Wet was in bevel van hierdie kommando's. Lord Roberts het hom egter nie veel aan De Wet gesteur nie, omdat Cronje sy aandag getrek het. Toe lord Roberts dus op Maandag, 12 Februarie 1900 met sy aanmars begin het, het hy drie oogmerke met sy geweldige mag[84)] in gedagte gehad: om met beide genl. Cronje en die Kimberley-probleem af te handel en om tegelyk Bloem= fontein te begin bedreig.[85)]

Omdat hy eers Kimberley wou ontset, het hy lt.-genl. T. Kelly-Kenny en lt.-kol. A. E. W. Collville, onderskeidelik in bevel van Sixth en Ninth Divisions, aangesê om Cronje intussen op die flanke besig te hou.

Toe genl. Cronje van die Britse aanmars verneem, het hy besluit om sy stellings by Magersfontein te behou om die vyand in 'n geveg te ontmoet indien dit nodig sou wees.[86)] Vir De Wet het hy aangesê om met sy klein kommando's die vyand van sy poorte weg te hou!

---

83) Ten opsigte van verlies aan Britse kant, beweer W. H. H. Waters: The German official account of the War in South Africa I, (second edition), London, 1905, p. 136 dat twee offisiere en veertig manskappe gesneuwel het. Aan Boerekant was daar drie gedood en ses gewond (The Friend, 13/2/1900.). Vir name van dooies en gewondes, sien The Friend, 9/2/1900; De Wet: op.cit., p. 40 beweer dat slegs twee Boere gedood is.

84) Raadpleeg vir besonderhede L.R.P., No. 2: Roberts se verslag, 26/3/1900.

85) Maurice: op.cit., I, p. 428.

86) Sien Amery: op.cit., III, p. 351.

## II.7 DE WET SE BUIT MET DIE SLAG VAN BLAUWBANK, 15 FEBRUARIE 1900

Generaal Christiaan de Wet is deur sy verkenners op hoogte gestel met die Britse troepebewegings en het met 450 burgers en twee kanonne by Koffiefontein vertoef waar hy sy burgers twee dae lank laat rus het.[87] Die Britte was egter so ingestel op die ontsetting van Kimberley dat hulle nie eens verkenners uitgestuur het nie.[88] Aan die begin het De Wet hom op die agtergrond gehou, die kat uit die boom gekyk deur middel van deeglike verkenning "en van achteren dat (ge)doen dat de aandrang van Lord Roberts naar voren toe hinderen zou".[89]

Lank sou hy egter nie op die agtergrond kon bly nie, want sowel hy as lt.-genl. J. D. P. French, hoof van die Britse berede afdelings, het Watervaldrif by die Rietrivier op 11 Februarie 1900 bereik. Toe French, na skote in die vroeë oggendure van 12 Februarie, besef dat hy nie die drif ongedeerd sou kon oorsteek nie, het hy kol. Gordon, afdelingshoof van die Third Cavalry Brigade opdrag gegee om 'n skynaanval op die drif te doen, terwyl hy self met twee ander afdelings die Modderrivier by De Kielsdrif sou oorsteek. Toe De Wet dit agterkom, het hy dadelik 'n groep Boere gestuur om laasgenoemde drif te beset. Dit was egter tevergeefs omdat French die Modderrivier stormend oorgesteek het, sowat een kilo=meter voor De Kielsdrif.

Die geweldige hitte van die dag het hier 'n belangrike rol gespeel.[90] Sowel Boer as Brit se kragte en energie is so deur die hitte uitgemergel dat nie een kans gesien het om die ander te agtervolg nie. Nogtans het die Britte daarin geslaag om beide Watervaldrif en De Kielsdrif te beset, waarop De Wet hom terug=getrek het in die Winterhoekberge om 'n geleentheid te vind om die Britse agter=hoede aan te val. Om verstaanbare redes kon hy nie die hoofmag aanval nie. Terwyl hy op die geskikte tyd gewag het, het hy egter met kommer gesien dat "miles and miles of wagons were still coming up in rear to add to the overcrowding."[91]

---

87) Amery: op.cit., III, p. 386.

88) Waters: op.cit., pp. 140

89) De Wet: op.cit., p. 40.

90) Vgl. Amery: op.cit., III, p. 383 asook Waters: op.cit., p. 140. Laasgenoemde bron beweer dat die geweldige hitte en gebrek aan water 21 sterftes tot gevolg gehad het, terwyl die helfte van die 15th Brigade nie die pas kon volhou nie en uitgeval het.

91) Amery: op.cit., III, p. 384.

De Wet het nou besef dat French nie van plan was om, soos Cronje vermoed het, op te ruk na Koffiefontein nie, maar na Modderrivier. Omdat hy telegrafies van Cronje afgesny was,[92] het hy sy hoofheliograaf, komdt. Gideon Scheepers, met 'n dringende boodskap na Cronje gestuur[93] met die raad om sy laer uit die pad van die Britse mag te verwyder. Cronje wou nie en het terug geant= woord: "Gaat en schiet die goed dood, en vangt die andere".[94]

Hierdie woorde van Cronje was makliker gesê as gedoen. Amery beweer dat De Wet weens "lack of nerve"[95] 'n taktiese flater begaan het deur nie die stadig voortbewegende Britse afdelings aan te val nie. Tog is De Wet se afwagtende optrede geregverdig: al het hy op hierdie stadium oor die dienste van sowat 800 burgers beskik, het hy rekening gehou met die plat wêreld waarin hy en die Britte hulle bevind het, die uitputtende hitte, gebrek aan water en 'n doelgerigte oormag.

Die geleentheid om aktief op te tree, het hom uiteindelik op 15 Februarie voor= gedoen toe die voorradekonvooi onder kol. Ridley van die Ninth Division van Colville se beskerming moes afsien. Omdat die osse nie die moordende pas kon volhou nie, moes die konvooi naby Blauwbank regoor De Kielsdrif uitspan. Die waens is in 'n laer getrek en die voorrade afgelaai om as skanse te dien. Toe sy verkenners die nuus van die onbeskermde konvooi bring, het die Generaal besluit om die voorraad te gaan buit.

Op 15 Februarie het hy van die ooste- en komdt. Fourie van die suidekant af aangeval.[96] Nadat die hele dag geveg is, het die Boere die Britte tot op die plaas Rooilaagte verdryf.[97] Van die osse het weggebreek en die Bantoe= drywers het die wyk geneem, sodat die Britte die konvooi nie kon beweeg nie. Soos met Koedoesberg die geval was, moes De Wet die volgende oggend ontdek dat die vyand gedurende die nag hulle stellings ontruim het. In hulle haas om weg

---

92) Nadat French die Rietrivier oorgesteek het, het hy die Tenth Hussars ge= stuur om water te soek en die telegraaflyn tussen Jacobsdal en Koffiefon= tein af te sny. Hulle kon nie water kry nie, maar het wel die telegraaf= lyne verbreek.

93) De Wet: op.cit., p. 42.

94) Aangehaal by Ibid.

95) Amery: op.cit., III, p. 398.

96) Nierstrasz: op.cit., X, p. 783.

97) Engelbrecht-versameling: Band 23, Lêer 59, p. 92: Telegram van asst. Landdros, Koffiefontein, opgeneem in telegram Staatspresident, Bloemfontein, - Staatspresident, Pretoria, 15/2/1900.

te kom, het die Engelse egter die deel van die voorraad wat nog nie in De Wet se hande was nie asook hulle gesneuwelde soldate[98] net so gelaat.

Vir die Boere was die buit 'n groot wins.[99] Die verlies van so 'n belangrike kosvoorraad, waens, trekvee, ammunisie en soldate was beslis gevoelig vir Roberts. Dit het Roberts ook gedwing om van De Wet kennis te neem. Die slag kan ook as 'n militêre keerpunt gesien word in die sin dat dit Roberts se planne met betrekking tot Cronje en Bloemfontein vertraag het. Die soldate kon naamlik nie die moordende pas volhou op die halfrantsoen wat hulle noodge= dwonge ná Blauwbank ontvang het nie.[100]

Roberts se planne was nou ook vir almal duidelik, behalwe vir Cronje wat dit nog nie wou insien nie. Ten spyte van goedbedoelde waarskuwings[101] het Cronje eers op 15 Februarie sy hooflaer verskuif na Bossiespan. Hierdie ver= skuiwing het egter nie verhoed dat genl. De Wet en nie genl. Cronje nie, ná die slag van Blauwbank die mees gevreesde Boereleier op die wesgrens was nie.

Die probleem was egter dat De Wet nog altyd onder bevel van Cronje gestaan het, en dat laasgenoemde se traak-my-nie-agtige houding ook op die burgers ingewerk het. Gelukkig egter kon De Wet op die Vrystaters staatmaak, want dit was vir hulle "eene aangename gewaarwording om onder hun eigen landsman"[102] te dien. Die Transvalers en Griekwalanders by hom het egter probleme geskep omdat hulle verkies het om onder hulle eie offisiere te dien.

---

98) The Friend, 16/2/1900.

99) Wat die presiese omvang van die buit was, is nie baie duidelik nie. Amery: op.cit., III, p. 400 (vn.) beweer dat die buit 170 waens, mond= proviand vir 1 500 man, 30 000 voervoorraad en 500 slagvee ingesluit het. De Wet: op. cit., p. 44 praat van "een enorme buit van proviand" w.o. meer as 200 swaarbelaaide waens, tien of twaalf waterkarre en trollies, en perdevoer, terwyl 'n telegram van De Wet in De Boeren Zÿde, p. 120 melding maak van vier-en-dertig krygsgevanges, 180 gelaaide waens, tus= sen 3 - 4 000 osse asook 100 Lee-Metford gewere. Aan Boerekant is drie dood en drie lig gewond. Nierstrasz: op.cit., X, p. 768 maak melding van twintig soldate en agt-en-dertig Bantoe-drywers wat De Wet krygsge= vange geneem het, terwyl Fourie ook krygsgevangenes gehad het.

100) H. Smith-Dorien: Memoirs of Forty Eight Years' Service, London, 1925, p. 147.

101) Sien De Villebois-Mareuil: op.cit., p. 232 en Conradie: op.cit., p. 157.

102) C. C. J. Badenhorst: Uit den Boeren-oorlog, 1899 - 1902, Amsterdam, 1903, p. 13.

'n Verdere probleem was die gebrek aan militêre dissipline wat veroorsaak het dat De Wet die vyand met onwillige en selfs lafhartige burgers moes aandurf. Die passiewe houding van sy onmiddellike hoof en die gebrek aan dissipline moes vir De Wet 'n baie groot frustrasie op hierdie stadium van die stryd ge= wees het. Geen wonder dat hy 'n groep vlugtende burgers na die geveg van Blauwbank onder die klippe gesteek het nie![103)] Onder hierdie omstandighede strek die oorwinning by Blauwbank tot De Wet se persoonlike eer.

## II.8 DIE OORGAWE AAN DE WET BY BLAAUWBOSCHPAN

"De Wet had not been bold enough to tackle the main column",[104)] wat intussen tot by Belmont en Enslin gevorder het.[105)] Dit is egter nie dat De Wet nie dapper of sterk genoeg was nie, maar die byvoeging van die gebuite waens het dit na Blauwbank onmoontlik gemaak om die Britte verder te agtervolg. Aange= sien hy elke geleentheid egter wou gebruik om die Britte aan te val, is die waens via Koffiefontein na Edenburg geneem. Onderweg het De Wet berig gekry dat 'n afdeling van nagenoeg sestig soldate van Kitchener's Horse sowat elf kilometer van Blauwdrif by Blaauwboschpan was.[106)] Met 150 burgers het hy dadelik vertrek en die Britte van drie kante laat omsingel.

By wyse van 'n nota het hy die bevelvoerder versoek om oor te gee. Laasge= noemde was egter nie van plan om dit te doen nie en het 'n offisier na De Wet gestuur, wat op uittartende wyse verklaar het dat die afdelings bykans 100 man sterk was, genoeg ammunisie en goeie stellings gehad en enige oomblik 'n groot Britse mag van Belmont verwag het. De Wet het hom nie laat afskrik nie en die afdeling tien minute tyd gegun om oor te gee waarop die offisier wou weet

---

103) Conradie: op.cit., p. 157.

104) J. Selby: The Boer War, London, 1969, p. 174.

105) Die Britse mag het hier saamgetrek voordat die finale aanslag op Kimber= ley en Cronje gemaak sou word. Dit kon nie presies vasgestel word wat die juiste getalle van die Britse hoofmag was nie. Doyle, op.cit., pp. 324-325 noem 'n getal van 33 000 man en agt-en-negentig kanonne, ter= wyl J. C. G. Kemp: Vir Vryheid en vir Reg, (tweede druk) Kaapstad, 1942, p. 307; dit op 37 000 man stel. De Wet: op.cit., p. 42 het weer geskat dat daar tussen 40 000 en 50 000 Tommies moes gewees het.

106) Die afdeling was reeds sedert 13 Februarie by Blaauwboschpan om die min maar so belangrike water in die pan te beskerm totdat die hooflaer sy opwagting kon maak (Amery: op.cit., III, p. 386).Kitchener's Horse was ook onder andere aangesê om die voorrade wat intussen deur De Wet gebuit is te help beskerm (Ibid., p. 397 (vn.)).

waar die Boere se kanon was. Nadat De Wet dit aan hom uitgewys het, het die offisier gevra dat die Boere op hulle plek moes bly totdat die Britse afdeling eers sestien kilometers weg was! Uiteraard het De Wet hom verbaas dat 'n Britse offisier so min van 'n Boeregeneraal gedink het.[107)] Nietemin was die boodskapper skaars terug in die kamp of die agt-en-vyftig berede Britte het oor= gegee.

## II.9 DIE SLAG VAN PAARDEBERG EN DIE GEVOLGE

Wat Christiaan de Wet kort na sy aankoms op die wesgrens voorsien het, was in hierdie tyd juis besig om 'n werklikheid te word. Na die val van Kimberley op 15 Februarie was Cronje die Britte se volgende skuif. Op 18 Februarie is dan ook met die aanslag op die hooflaer begin.

Die teenwoordigheid van die vrouens en kinders het verhoed dat die hooflaer vinnig kon wegkom nadat Magersfontein op 15 Februarie verlaat is. Weens die stadige vordering is die aand van 16 Februarie eers laer getrek by Paardeberg, ook bekend as Vendutiedrif.[108)] Cronje se doel hierdeur was om sy agtervolgers eers terug te skiet. Hierin het hy grootliks geslaag, maar "om reden het veld uiterst slecht is en het lager niet in orde kon gebracht worden"[109)] is besluit om gedurende die nag verder langs die Modderrivier op te trek.[110)] Die voorsprong wat hy in die nag opgebou het, is vroeg die oggend van die 17de uit= gewis en hy is met grofgeskut bestook.[111)]

Generaal De Wet, wat saam met komdt. Botha tussen Koedoesrand en Paardeberg was, het gehoor hoe daar met Cronje geveg word.[112)] Hy het onmiddellik die erns van die situasie besef en die rantjies naby die gevegsterrein bestorm, nie soseer om die Britse mag aan te val nie, maar om te probeer om 'n pad vir Cronje oop te maak. Hoewel De Wet dit reggekry het om 'n pad oop te maak, kon hy nie met Cronje heliografies kontak maak nie.[113)] Daarna stuur hy sy verkenner,

---

107) Vergelyk De Wet: op.cit., p. 48.

108) Maurice: op.cit., I, p. 178.

109) O.V.S. Informasie Kommissie: De Boeren Zÿde, Jagersfontein,1900,p. 122. Telegram van Cronje 18/2/1900.

110) Ibid. Vergelyk genoemde telegram met die bewering in Anon.: Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika. Amsterdam en Kaapstad, 1904, p. 178, dat Cronje die rivier oorgesteek het omdat die terrein "gunstiger scheen".

111) De Boeren Zÿde, p. 122. Telegram van De Wet, d.d. 19/2/1900.

112) Ibid.

113) Ibid.

twintigjarige Barry Richter om die posisie aan Cronje te verduidelik. Die hardkoppige Cronje was egter nie te beweeg nie en Richter het teen die aand deur die gaping onverrigtersake na De Wet teruggejaag.[114]

Op 18 Februarie is die Britte op die front verder versterk en die kring nog nouer om Cronje getrek. Dit was nou duidelik dat hy vasgekeer was, en dat sy enigste hoop op hulp De Wet was wat by Oskoppies stelling ingeneem het, en in 'n mindere mate ook komdt. J. F. (Tollie) de Beer wat by Koedoesrand was. Hoofkomdt. Ferreira het hom ook by Koedoesrand by De Beer aangesluit.

Tot op hierdie oomblik was De Wet se rol belangrik, maar beslis sekondêr. Twee faktore het egter bygedra dat sy rol 'n primêre een geword het: eerstens die dood van hoofkomdt. Ferreira,[115] waarna genl. De Wet deur die Vrystaatse regering op 20 Februarie aangestel is as waarnemende hoofkommandant. Dit het aan hom gesag gegee oor al die Vrystaters op die wesgrens. 'n Tweede faktor was die feit dat Cronje nou vasgekeer was en De Wet dus op eie inisia= tief moes handel.

De Wet was "met slechts een gedachte vervuld"[116] naamlik om die hooflaer[117] te ontset. Op 20 Februarie het hy die burgers op Koedoesrand vir die taak doeltreffender georganiseer.[118] Vanweë sy reputasie ná die slag van Blauw= bank het sy teenwoordigheid nuwe lewe by die moedelose burgers by Koedoesrand ingeblaas.[119] Hy het ook 'n ontsettingsmag by Poplar Grove byeengebring en met sy eie kommando by Oskoppies gebly om op die geskikte oomblik te wag om Cronje te ontset. Op 21 Februarie was genl. De Wet egter verplig om Oskoppies te ontruim weens 'n gebrek aan ammunisie,[120] kanonne[121] en die druk van

---

114) M. C. E. van Schoor: Vroeë Oggendpraatjies, Nr. 8, (S.A.U.K.-uitsending, Johannesburg, 2/10/1972).

115) Hy is dood aan 'n koeëlwond wat hy opgedoen het toe 'n brandwag se ge= weer afgegaan het (De Boeren Zijde, p. 123: Telegrafiese berig van De Wet.).

116) De Wet: op.cit., p. 54.

117) Die hooflaer is op 18 Februarie hewig gebombardeer. Gedurende die nag het Cronje sy loopgrawe verbeter deur 'n nuwe loopgraaf minder as 1 000 meter van die laer af te grawe (Amery: op.cit., III, p. 445).

118) Engelbrecht-versameling: Band 24. Lêer 60, p. 126: Telegram, De Wet - Staatspresident, Bloemfontein, 20/2/1900 opgeneem in telegram van Staats= president, Bloemfontein - Staatspresident, Pretoria, 20/2/1900.

119) . Rompel: Heroes of the Boer War, London, 1903, p. 130.

120) Leyds-versameling: Band 717d, no. 54: Berig van genl. De Wet 21/2/1900 opgeneem in telegram Staatspresident, Bloemfontein - Staatspresident, Pretoria, 21/2/1900.

121) De Wet het voorsien dat die ammunisie vir sy twee kanonne kon opraak ge= volglik het hy bevel gegee dat hulle na Petrusburg geneem moes word - sien De Wet: op. cit., p. 60.

genl. French.[122] Hy was dus verplig om die sleutel tot genl. Piet Cronje se moontlike ontsetting prys te gee indien hy nie self omsingel wou word nie. Alhoewel die burgers Oskoppies nie in 'n vaste orde verlaat het nie, het almal behalwe die wat nie De Wet se besluit verneem het nie[123] ongedeerd deurgejaag omdat genl. A. P. Cronje, wat tot De Wet se hulp wou kom, met die vyand slaags geraak het[124] en sodoende die aandag van De Wet afgetrek het.

Net noordoos van Stinkfontein het De Wet se manne met die troepe slaags geraak wat teruggekeer het na 'n mislukte poging om De Wet se kanonne te buit. Ten spyte van Britse kanon- en kleingeweervuur kon hulle daarin slaag om son= der ongevalle tussen Bankdrifkoppies en die rante noord van die koppies deur te jaag.[125] De Wet is hierna deur die Ninth Lancers agtervolg, maar deur óm die koppies suid van Koedoesranddrif te trek, is ook hierdie agtervolging afgeskud. Hiermee is French se poging om genl. De Wet te omsingel, gefnuik. Dit was ook genl. Christiaan de Wet se eerste van 'n hele reeks naelskraapse merkwaardige ontsnappings.

Generaal De Wet het sy hoofkwartier hierna by Poplar Grove ingerig. Onderweg daarheen het verskeie versterkings uit Bloemfontein by hom aangesluit. Hieronder was komdte. Theunissen van Winburg en Vilonel van Senekal.[126] Almal was onderafdelings onder bevel van veggenl. Andries Cronje.

Die groter afstand vanaf Poplar Grove na die hooflaer het Cronje se ontsetting bemoeilik. Omdat De Wet geweet het dat dit nodig was om Oskoppies te beheer ten einde Cronje suksesvol te ontset, is op 'n krygsraad besluit om Oskoppies te probeer herower. Die poging is vir 23 Februarie bepaal. Nadat nog meer ver=

---

122) Amery: op.cit., III, p. 476.

123) Nie al die kommandante by De Wet is van die plan om Oskoppies te ont= ruim, ingelig nie, sodat komdt. Speller van Wepener en veertien man gevang is (De Wet: op.cit., p. 60 en Nierstrasz: op.cit., X, p. 805.). Amery: op.cit., III, p. 477 beweer dat vyftig gevang is.

124) Goldman: op.cit., p. 113.

125) Amery: op.cit., III, p. 477.

126) De Wet: op.cit., p. 61.

sterkings op 22 Februarie by De Wet opgedaag het, het sy burgermag tot 2 500 man gegroei.[127)]

Die ontsettingspoging is met drie afdelings onderneem: genl. Philip Botha met komdt. Theunissen sou die vroeëre stellings by Stinkfontein weer inneem, genl. Froneman die koppies verder noord van genls. De Wet en Andries Cronje nog verder noord.[128)] Die hele onderneming waarmee die oggend teen dagbreek begin is, was egter 'n mislukking.[129)] Die Britse oormag het vrees by die burgers laat posvat,[130)] wat kort hierna nog verder vergroot is en direk bygedra het tot die val van Bloemfontein.

Anders as die meeste burgers wat met hierdie poging groot geskrik het, het die onverskrokke De Wet net weer gedetermineerd geword. Ten spyte van Cronje se hardkoppigheid, die waarskuwings wat hy geïgnoreer het en sy aanvanklike weiering om tot De Wet se planne toe te stem, was dit duidelik dat De Wet dit nie wou toelaat dat soveel burgers by Cronje op so 'n kritieke stadium gevange geneem word nie. Daarom wou hy "de zaak (nl. om Cronje te ontset) nog niet opgeven".[131)]

Na die mislukking om Oskoppies te herower, was dit vir De Wet duidelik dat die burgers buite die hooflaer nie alleen die bevryding kon bewerkstellig nie. Cronje en die hooflaer se samewerking was dringend nodig sodat 'n gesamentlike poging aangewend kon word.

---

127) Leyds-versameling: Band 717e, nr. 57, Telegram De Wet opgeneem in telegram Staatspresident, Bloemfontein - Staatspresident, Pretoria, 23/2/1900. Nierstrasz: op.cit., X, p. 812, noem egter 'n getal van 1 600 man, terwyl Amery: op.cit., III, p. 480, tussen 3 500 tot 4 000 man noem.

128) De Wet: op.cit., p. 62; Nierstrasz: op.cit., X, p. 812, en Amery: op.cit., III, p. 480.

129) Vir 'n verslag oor die poging raadpleeg Waters: op.cit., p. 206; Maurice: op.cit., II, pp. 168 - 169; Amery: op.cit., III, pp. 480; De Wet: op.cit., p. 62 en L.R.P. II: Lord Roberts, in laasgenoemde bron beskuldig die Boere daarvan dat hulle dum-dum koeëls gebruik het.

130) De Wet: op.cit., p. 62.

131) Ibid.

De Wet se probleem was egter dat hy sedert 21 Februarie vanweë aanhoudende reën nie meer met Piet Cronje in verbinding kon kom nie. Wanneer dit nie gereën het nie, was dit so bewolk dat heliografiese verbinding onmoontlik was. Sy offisiere was ook nie bereik om met 'n minderheid teen die Britse oormag te veg nie.[132)]

Gelukkig het Danie Theron met verdere versterkings op 24 Februarie vanaf Bloemfontein by Poplar Grove opgedaag.[133)] De Wet was bekend met Theron se moontlikhede en daarom het hy hom versoek om 'n mondelinge boodskap, uit vrees dat 'n skriftelike boodskap dalk in die vyand se hande kon val, aan Piet Cronje te gaan oordra. Theron was te vinde vir so 'n onderneming. Op 24 Februarie het hy saam met twee van sy rapportryers vertrek om die waagstuk, "zooals niet overtroffen zou worden in onze ganschen bloedigen strijd"[134)] te onderneem.[135)]

Die De Wet-plan wat Theron moes gaan oordra was dat De Wet vanaf Poplar Grove in 'n westelike rigting die hooflaer sou nader met twee kommando's. Die pad tussen die kommando's sou oop gehou word deurdat hulle die vyand se aandag sou aftrek. Cronje moes sy kanonne skadeloos stel indien hy nie trekdiere gehad het om hulle mee te vervoer nie. Die hooflaer met waens en tente moes ook agtergelaat word. Hulle moes dus te voet gedurende die nag uitbreek en hulle dan by De Wet aansluit wat hulle halfpad sou ontmoet.[136)]

---

132) Engelbrecht-versameling: Band 24, Lêer 62, p. 155: Rapport De Wet, opge= neem in telegram Staatspresident, Bloemfontein - Staatspresident, Pretoria, 25/2/1900.

133) Dit is nie nodig om in besonderhede in te gaan op die persoon van Danie Theron nie. Vir 'n volledige lewensbeskrywing kan J. H. Breytenbach: Kommandant Danie Theron, Kaapstad, 1950, gelees word, asook W. J. de Kock en D. W. Krüger (hoofreds.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel II, Kaapstad, 1972, pp. 758-760: Artikel deur S. B. Spies. Dit is hier slegs nodig om te wys op die feit dat Theron aanvanklik nie van plan was om De Wet te gaan help nie, maar dat hy van genl. Louis Botha toestemming verkry het om verkennerskorpse in die Vrystaat en die Kaapkolonie te gaan stig. Aan die einde van Januarie 1900 het hy die Natalse front verlaat om vir die doel na die Vrystaat te gaan. In Bloemfontein het hy verneem van die posisie op die wesgrens, en besluit om sy hulp te gaan aanbied. Soos hierna aangetoon sal word, het hy 'n belangrike rol gespeel in De Wet se aanvanklike sukses.

134) De Wet: op.cit., p. 62.

135) Die onderneming is per fiets onderneem tot op 'n bepaalde punt - vgl. G. S. Preller: Danie Theron, Beroemde Boereverkenner en held in ons Vryheidstryd in Die Vaderland, 30 Aug. 1935, p. 14 en Theron-versameling: nr. 39: Mededeling deur Barnie Enslin. Vanaf die punt is Theron alleen te voet verder - vir besonderhede vgl. Breytenbach: Kommandant Danie Theron, pp. 133 - 138.

136) Vergelyk Engelbrecht-versameling: Band 24, Lêer 62, p. 155, Rapport van De Wet opgeneem in telegram Staatspresident, Bloemfontein - Staatspresi= dent, Pretoria, 25/2/1900.

Op 26 Februarie was Theron terug by De Wet en kon hy hom meedeel dat, alhoewel daar onbeskryflike ellende[137] in die hooflaer heers en die krygs=raad nie te vinde was vir De Wet se plan nie,[138] was Cronje wel van plan om met De Wet saam te werk.[139] Daarop het De Wet vir Cronje volgens afspraak vol verwagting tegemoet gery, maar laasgenoemde het nooit sy op=wagting gemaak nie.[140] De Wet het verskoning vir Cronje aangebied naamlik dat die rivier blykbaar te vol was.[141]

Tewens, uit Theron se vermelde telegram in vn. 137 is dit duidelik dat Piet Cronje die aand van 25 Februarie 'n brug oor die rivier wou bou in 'n poging om te ontsnap. Die aanhoudende reëns en gevolglik stygende rivier het sy planne egter verydel.

Toe Piet Cronje op Majubadag, 27 Februarie 1900 onder druk van sy moedverlore burgers, die teenwoordigheid van vroue en kinders, die onwilligheid van sy offisiere en die haglike toestand in die laer oorgee, het De Wet se tweede poging om die hooflaer te ontset ook misluk. Die oorgawe van Cronje was vir De Wet 'n groot teleurstelling,[142] en is geregverdig as sy waarskuwings en ontsettingspogings in gedagte gehou word.

Alhoewel Piet Cronje se oorgawe met sowat 4 000 burgers vir die Tweede Vryheids=stryd verreikende gevolge gehad het, was die onmiddellike gevolg dat dit De Wet in bevel geplaas het van 'n verder gedemoraliseerde groep burgers op die wesgrens. Met hierdie burgers was dit nou sy taak om die seëvierende Britse oormag onder lord Roberts te verhoed om Bloemfontein in te neem.

---

137) Vir besonderhede oor Theron se verblyf in die hooflaer en wat hy daar gesien het, sien Leyds-versameling, Band 717h, nr. 43: Telegram Theron - Staatspresident, Pretoria, 26/2/1900.

138) Conradie: op.cit., p. 219.

139) Leyds-versameling: Band 717h, nr. 18, Telegram De Wet, Petrusburg, 26/2/1900 opgeneem in telegram Staatspresident, Bloemfontein - Staats=president, Pretoria, 26/2/1900. Dit is teenstrydig met dit wat De Wet in sy boek: op.cit., p. 64 sê.

140) Alhoewel genl. Cronje nie kon ontsnap nie, was daar tog burgers w.o. komdte. Potgieter en Froneman wat met 20 man uit die hooflaer uitgejaag het. (Vgl. Engelbrecht-versameling, Band 24, Lêer 1, p. 30. Telegram van De Wet - Staatspresident, Bloemfontein, 19/2/1900 opgeneem in 'n tel. Staatspres., Bloemfontein - Staatspres., Pretoria, 20/2/1900.

141) Ibid.

142) De Wet het sy teleurstelling aldus beskryf: "geen pen kan beschrijven wat in mij omging toen ik zag dat Cronje zich overgaf" (De Wet: op. cit., p. 65.).

Dit was nie net De Wet wat nou probleme gehad het met die burgers wie se moreel geknak was nie. Roberts het ook sy eie probleme gehad. Die belangrikste was dat die uitgerektheid van die beleëring van Cronje en die buitmaking van 'n groot konvooi by Blauwbank,[143)] Roberts se voorrade baie uitgeput het.[144)] Die Slag van Paardeberg het ook 'n lang ongevallelys vir Roberts tot gevolg gehad. Veral die verlies aan opgeleide offisiere was gevoelig en het Roberts verplig om eers te wag op versterkings. Die dooie perde en mense het ook maagkoors onder die Britte tot gevolg gehad wat die verdere aanmars erg gestrem het. Van die soldate wat met De Wet se burgers slaags was, was in 'n uitgeputte toestand en kon dus nie, soos beveel, die voorhoede vorm in die aanmars na Bloemfontein nie.[145)] Daarby het swaar reëns die driwwe onbegaanbaar gemaak sodat die ander afdelings wat hulle by Roberts se hoofkwartier te Osfontein moes aansluit vir die aanmars na Bloemfontein, dit nie kon doen nie.[146)]

Toe die reën teen 6 Maart opgeklaar het, kon egter met die aanmars begin word.

## II.10 GEVEG BY POPLAR GROVE - 7 MAART 1900

Die vertraging in Roberts se aanmars, het aan De Wet die nodige tyd gegun om sy burgers te motiveer en om hom behoorlik by sy hoofkwartier te Poplar Grove, ongeveer tien kilometer van die Britte wat by Osfontein was, in loopgrawe en stellings in te grawe. Oor 'n afstand van sowat agtien kilometer het De Wet sy burgers langs die Modderrivier opgestel om die Britte in te wag. Die be= langrikste stellings was op Leeukop in die noorde en 'n reeks koppies, sewe koppies, in die suide. Behalwe die burgers was hier ook kanonne. In die middel van die koppies was Tafelkop. Hier was die hooflaer en verskeie kanonne.[147)]

---

143) Vergelyk p. 45.

144) Roberts moes op 1 Maart persoonlik na Kimberley gaan om oor voorrade te gaan onderhandel - vgl. Cd. 457, nr. 4, S.A. Despatches, Vol. I, 1901: Roberts se verslag, Bloemfontein, 15/3/1900.

145) Amery: op. cit., III, p. 479.

146) Cd. 457, nr. 4. S.A. Despatches. I: Roberts se verslag, 15/3/1900 en War Office, Film A. 362, Box w.o. 32/861 lêer 2375, No. C in C 126/39: lord Roberts - Secretary of State of War, 31/3 1900.

147) War Office Film A. 362, No. C in C 126/39: Lord Roberts - Secretary of State for War, 31/3/1900.

Roberts het van De Wet se stellings kennis gedra[148] en doelbewus op hulle afgestuur. Toe De Wet op 7 Maart berig ontvang dat Petrusburg in Britse hande geval het,[149] het hy besluit dat president Kruger wat juis die oggend saam met Abr. Fischer by De Wet se hooflaer aangekom het, nie die burgers kon gaan toespreek nie, maar dadelik ter wille van sy veiligheid weer moes vertrek. Christiaan de Wet het daarop dadelik na die gevegsfront gegaan, want die tyd om die Britte te stuit het aangebreek.

Toe hy by die burgers in die stellings kom, het hy tot sy ontnugtering ge= vind dat die vyand alreeds op die Boere was. Die meeste van die burgers was helaas ook besig om te vlug, "zooals ik, vóór dien tijd niet gezien had, en na dien tijd niet zien zou".[150] Hy en sy offisiere het daarop die vlug= tende burgers in die stellings probeer terugdryf. Vir die eerste maal tydens hierdie oorlog het hy doelbewus van die sambok gebruik gemaak om die vlugtendes tot orde te roep en selfs twee perde kapot gery in 'n poging om die burgers voor te keer.[151]

Al hierdie pogings was nie tevergeefs nie. 'n Klompie is wel in die stellings teruggedwing en die handjievol burgers het onder De Wet se besliste leiding soveel weerstand gebied dat die geveg onbeslis geëindig het.[152]

Dit is duidelik uit die plasing van sy burgers dat genl. De Wet met hierdie poging sy vyand onderskat en sy burgers se geestesweerbaarheid oorskat het. Om hierdie rede was hy diep teleurgesteld met die meerderheid burgers se dolle vlug wat gedeeltelik eers vyf-en-twintig kilometer verder by Abrahamskraal

---

148) Ibid.

149) Die berig het later geblyk foutief te wees - Sien De Wet: op.cit., p. 68.

150) Ibid.

151) Kemp: op. cit., pp. 317 - 318.

152) Lord Roberts het die skuld vir die mislukking op French se berede sol= date geplaas. Volgens hom het hulle 'n te wye draai gemaak en so= doende die perde uitgeput (Cd. 457 nr. 1, p. 20 : Roberts - Secretary of State, 15/3/1900.). Die Britte het nogtans een Krupp en ses ossewaens gebuit sowel as 'n groot voorraad ammunisie (War Office, Film A362, no. C in C, 126/39, p. 3: Lord Roberts - Secretary of State for War, 31/3/1900.). In die proses is twee Britse offisiere en twee mans= skappe gedood, terwyl drie offisiere en een-en-veertig manskappe gewond is. Sien ook verslag van geveg in War Office, Film A362, No. C in C, 126/39: Lord Roberts - Secretary of State for War, 31/3/1900.

geëindig het.

## II.11 REËLINGS TER VERDEDIGING VAN BLOEMFONTEIN

By Abrahamskraal, halfpad tussen Kimberley en Bloemfontein, het Christiaan de Wet sy burgers gelaat om eers in Bloemfontein reëlings vir die verdediging van die hoofstad te gaan tref. Voor sy vertrek het hy daarin geslaag om slegs 'n deel van sy burgers te oorreed om saam met sy broer, genl. Piet de Wet, en laasgenoemde se burgers weer stelling in te neem. Dit was nou vir hom duidelik dat die burgers by Abrahamskraal nie die Britse aanmars kon stuit nie. Hulle sou dit alleen maar kon vertraag. Ten einde hom op hoogte te hou met die Britte se bewegings[153)] het genl. De Wet dit aan Danie Theron en sy verkenners opgedra om met hom in Bloemfontein in voeling te bly.[154)]

In Bloemfontein het De Wet samesprekings met die regering gehou[155)] en saam met hoofregter J. B. M. Hertzog na Spitskop gegaan om geskikte stellings uit te soek.[156)] 'n Honderd man wat in die forte by Bloemfontein was, is ook beveel om dadelik met die hulp van Bantoes slote te grawe en skanse te bou.[157)]

---

153) Na 'n rustyd by Poplar Grove, het Roberts op 9 Maart opdrag gegee dat daar na Bloemfontein in drie afsonderlike kolonnes opgeruk moes word. Op die linkerflank het die kolonne onder bevel van luit.-genl. French gestaan, lord Roberts was in die middel en luit.-genl. Tucker op die regterflank (War office, Film A362. No. C in C, 126/39: Lord Roberts Secretary of State for War, 31/3/1900).

154) De Wet: op.cit., p. 72.

155) Uit De Wet se korrespondensie vanaf die weegrens, moes Roberts se planne met betrekking tot Bloemfontein vir die regering duidelik gewees het. Om veiligheidsredes het die Uitvoerende Raad reeds op 24 Februarie 1900 besluit om die hoofsetel na Kroonstad te verskuif (O.V.S. U.R. notule: nr. 17, p. 165). Sy laaste sitting is dan ook op 9 Maart in Bloemfontein gehou.

156) De Wet: op.cit., p. 69. Amery: op.cit., III, p. 573, beweer dat De Wet en president Steyn die stellings uitgesoek het.

157) Oosthuizen, op.cit., p. 232 en De Wet: op. cit., pp. 72 en 74.

## II.12 DE WET KEER TERUG NA ABRAHAMSKRAAL

Toe De Wet berig ontvang dat Roberts vroeg die oggend van 10 Maart sy kamp by Poplar Grove verlaat het op weg na Bloemfontein, het hy dadelik na Abrahams= kraal teruggekeer. Met sy aankoms om 10h00 was 'n geveg reeds in volle swang. Die teenwoordigheid van die twee De Wets, genl. Koos De la Rey[158] en president Kruger[159] het 'n heilsame uitwerking op die burgers gehad. Met sonsondergang is nog steeds geveg. Die nag het die geveg egter onbeslis laat eindig.[160] Die 5 000 burgers wat hulle in die daglig so knap gedra het, het egter gedurende die nag om 'n onverklaarbare rede ongeorganiseerd en paniekerig op vlug geslaan in die rigting van die hoofstad.

Ofskoon die geveg onbeslis was en Christiaan de Wet nie 'n noemenswaardige aandeel daaraan gehad net nie, het dit tog 'n belangrike uitwerking gehad:

a) Roberts is soos verwag nie gestuit nie, maar sy aanmars is wel vertraag;

---

158) Die slag van Paardeberg het ook verreikende gevolge vir die Kaapkolonie gehad, want die nuus van Cronje se oorgawe het ook op die burgers in die Kaapkolonie demoraliserend ingewerk. Gevolglik kon genl. Gatacre groot sukses in die Kolonie behaal. Dit het die Boereleiers waar onder genls.Piet de Wet en Koos de la Rey verplig om na die Vry= staat terug te keer. So het De la Rey Bloemfontein op 5 Maart ver= laat met die opdrag om te help om Roberts se aanmars na Bloemfontein te stuit (Oosthuizen: op.cit., p. 231a). Op 6 Maart het hy by genl. Piet de Wet aangesluit en die bevel oorgeneem (Cd. 457 Vol. I, S.A. Despatches, pp. 18 - 25: Roberts - Secretary of State of War, 15/3/1900).

159) President Kruger se teenwoordigheid het ook 'n heilsame uitwerking op die verslae en doellose burgers gehad, veral nadat Kruger aan die Pretoriase polisie onder luit. De Hart opdrag gegee het om alle drosters wat hy teëgekom het, op die plek dood te skiet. (Amery: op. cit., III, p. 573).

160) Vir meer besonderhede oor geveg, ook bekend as die Geveg van Driefon= tein, sien: Oosthuizen: op.cit., pp. 237 - 241; L. Penning: De Oorlog in Zuid-Afrika II, Rotterdam, 1901, pp. 640 - 647; W. van Everdingen: De Oorlog in Zuid-Afrika II, Delft, 1915, pp. 14 - 20; Amery: op.cit., III, pp. 573- 587, asook Cd. 457, Vol. I, S.A. Despatches, pp. 18 - 25; en L.R.P.: Vol. 2, w/o 105/6, T40/4, pp. 96 -103: Verslag van genl. Kenny Kelly oor geveg Abrahamskraal en Driepan.

b) die Britse aanmars is selfs van koers af gedwing en wel suidwaarts in die rigting van Driefonteinkoppies;

c) die verrassende wyse waarop die burgers weerstand gebied het, het by De Wet die hoop gewek dat die hoofstad tog nie in vreemde hande sou val nie.[161]

## II.13 DIE VAL VAN BLOEMFONTEIN - 13 MAART 1900

Op 12 Maart, is tydens 'n krygsraad besluit om Bloemfontein te verdedig vanuit die stellings wat De Wet en Hertzog gekies het, met Spitskop as kern. Aan elke offisier is ook 'n posisie aangewys wat hy met sy burgers moes verdedig. Laat die aand het De Wet elke stelling besoek en die offisiere en burgers toe= gespreek en hulle aangemoedig om die hoofstad teen enige prys te verdedig.[162] Sy woorde het die burgers vasberade gemaak.

Die vyand het intussen tot baie na aan die stad gevorder en enkele skermutse= linge het ten suide van die dorp teen die aand reeds plaasgevind.[163] Die regering het as voorsorgmaatreël gedurende die nag per trein na Kroonstad ver= trek en 'n telegram aan elke kommandant en landdros in die Republiek gestuur dat niemand deur die verandering ontmoedig moes word nie en gevra dat die burgers die stryd moet voortsit met "dezelfde moed, geduld en volharding .... als tot hiertoe".[164]

Op die vooraand van die belangrike verdediging van Bloemfontein was hierdie moed, geduld en volharding nie meer so sterk na die eerste moeilike maande in die veld nie. Bewus dat die regering Bloemfontein verlaat het, het heelwat kommando's in die vroeë oggendure besluit om die regering se voorbeeld te volg.

Die moontlikheid om Bloemfontein suksesvol te verdedig het verder gekwyn toe komdt. Weilbach die belangrike verdedigingspunt, Brandkop ontruim het.[165]

---

161) De Wet: op. cit., p. 74.
162) Ibid.
163) Van Everdingen: op. cit., I, p. 23.
164) G.S. 1508: Uitgaande telegramme, 8/11/1899 - 13/3/1900.
165) War Office, Film A362, p. 4: Roberts - Secretary of State of War, 31/3/1900,

Generaal De Wet was baie ontevrede toe hy van Weilbach se lafhartige optrede verneem.[166] Aangesien dit te gevaarlik en moeilik sou wees om gedurende die nag na Weilbach te gaan soek, het De Wet noodgedwonge burgers by ander kommando's weggeneem om die uiters belangrike posisie te gaan verdedig. Toe die burgers op die aangewese plek kom, het hulle gevind dat dit reeds in Britse hande was. Aangesien Brandkop dus in Britse hande was en die barste in Boere se verdediging reeds voor die eintlike krisisuur sigbaar was, is dit geen wonder dat De Wet ten spyte van sy deeglike voorbereidings die oggend van 13 Maart in geweldige spanning en "zonder een oogwenk te slapen"[167] afge= wag het. 'n Mens kan alleen vermoed dat De Wet, die hartstogtelike vaderlander wat met die naakte feit dat die hoofstad in gevaar is te make gehad het, in die nagtelike ure die aangesig van God opgesoek het en al sy krygstalent ingespan het om Bloemfontein uit Britse hande te hou.

De Wet word aan die woord gestel in 'n kort maar innige beskrywing oor die gebeure wat die val van Bloemfontein voorafgegaan het:[168]

> *De morgen van den 13den Maart 1900 daagde.*
> *Pas was de zon opgegaan of de Engelschen, die de posities van Com. Weilbach ingenomen hadden, begonnen daaruit op onze daar-aan naast gelegene posities van de zijde te bombardeeren.*
> *En daar ging het!*
> *Die positie werd opgegeven.*
> *Toen werd de een na de ander verlaten. Want toen de burgers van de eene stelling zagen dat die van een ander weken, gingen zij ook weg. Bijna allen verlieten hunne posten zonder een enkel schot te schieten.*
> *Wat ik en mijne officieren ook deden, wij konden de burgers niet keeren, allen weken noordwaarts, en*
>
> *BLOEMFONTEIN WERD HAAST ZONDER EEN SCHOT TE SCHIETEN DOOR LORD ROBERTS INGENOMEN!*

Die val van Bloemfontein[169] het die burgers se moed finaal gebreek. Met sulke burgers kon niemand die stryd verder voer nie.

---

166) De Wet: op.cit., p. 74.

167) Ibid.

168) Ibid., pp. 74 - 75.

169) Sien besonderhede in o.a. Van Everdingen: op.cit., I, pp. 22 - 27 en War Office Film A362, pp. 4 & 5: Verslag van Lord Roberts aan Secre= tary of State, 31/3/1900. Dit is interessant om daarop te let dat Lord Roberts in Bloemfontein sy hele konvooi wat De Wet by Blauwbank gebuit het, feitlik volledig en ongeskonde teruggekry het. (Andriessen: op.cit., p. 262.

Om hierdie rede wou of kon genl. De Wet nie genl. Koos de la Rey se voorneme steun om Bloemfontein weer terug te neem nie.[170] In plaas van weer 'n aanval op die oud-hoofstad te loods, het De Wet aan sy burgers, want van kommando's was daar op hierdie stadium feitlik nie meer sprake in die Vrystaat nie, verlof toegestaan tot 25 Maart.

## II.14 OPSOMMEND

Ofskoon Christiaan de Wet die stryd as gewone burger begin het en dit graag sou wou gebly het, het sy krygsvermoë by aanvanklik die slag van Nicholsonsnek hom onder die aandag van sy regering gebring. Dit het tot gevolg gehad dat hy van die Natalse grens weggeroep is om die pos van veggeneraal van die Vrystaat onder genl. Piet Cronje op die wesgrens te vul.

Op die wesgrens was dit treffend dat die jonger ondergeskiktes soos genl. De Wet liewer offensief wou optree en nie defensief soos die ouer militêre hoofde waarvan Cronje 'n sprekende voorbeeld was nie. Hierdie strategie van die ouer leiers het menslik gesproke gulde geleenthede om die vyand te verdryf laat verbygaan.

Toe die jonger De Wet as waarnemende hoofkommandant die stryd kon begin dikteer, was die kanse reeds verby en het hy voorlopig van sy voorneme afgesien om die vyand aan te val, en verkies om defensief op te tree omdat die vyand se mag te oorweldigend was en daarby te gedissiplineerd en doelgerig. Hierteenoor het De Wet met die probleem te kampe gehad dat hy aanvanklik onder ander leiers gestaan het en na Cronje se oorgawe aan die hoof was van vreesbevange, gedemoraliseerde en ongedissiplineerde burgers. Daarby moet genoem word dat waar die Vrystaters nog hulle hoofstad sou verdedig het, die Transvalers en Griekwalanders onder sy bevel nie dieselfde belang by Bloemfontein gehad het nie.

Ten spyte van hierdie probleme kon De Wet tog met 'n mate van sukses die vyand aanval, stuit, verwar en vertraag. In die proses het hy in die vroeë stadium van die stryd die vertroue deur die regering in hom gestel, bevestig. Die burgers op die wesgrens wat hom nie geken het nie en daarom nie kon verstaan waarom juis hy as veggeneraal oor hulle aangestel is nie, het ook nou die wys=

---

170) De Villebois-Mareuil: op. cit., p. 314.

heid van die regeringsbesluit ingesien.

Tog kon sy visie en militêre vernuf nie verhoed dat lord Roberts Bloemfontein maklik ingeneem het nie. Vir De Wet was dit 'n groot teleurstelling, want die verdediging van die hoofstad was nie vir hom soseer 'n militêre plig nie, maar 'n saak van eer. Sy verdere deelname was egter suiwer militêr, want hy het na die val van Bloemfontein geveg om die behoud van die Vrystaatse onaf= hanklikheid.

Dit is ook duidelik dat De Wet se militêre krag vanaf Nicholsonsnek tot met die val van Bloemfontein nie in grootskaalse oorlog gelê het nie, maar in verrassingsaanvalle. Sy kennismaking met en aangetrokkenheid tot De la Rey was vir die verdere verloop van die stryd van besondere belang.

Die feit dat De Wet binne die kort bestek van vier maande van burger tot waarnemende-hoofkommandant gevorder het, is op sigself 'n militêre prestasie.

# HOOFSTUK III

# DE WET VERTRAAG ROBERTS SE AANMARS

## III.1 BELANGRIKE BESLUITE

Die verlof wat genl. De Wet na die val van Bloemfontein aan die Vrystaters toegestaan het,sou op 25 Maart verstryk. Op hierdie datum moes almal wat nog lus gehad het vir die stryd by die spoorwegbrug oor die Sandrivier by= eenkom.

Hierdie verlofreëlings het vir genl. De la Rey in 'n moeilike posisie geplaas omdat hy dit nie aan sy Transvalers kon gee nie.[1)] Dit het De Wet ook in 'n woordewisseling met genl. Joubert betrokke laat raak toe laasgenoemde op 14 Maart in Brandfort daarvan verneem het. De Wet wat nooit van besluit verander het wanneer hy oortuig was dat hy reg is nie, het Joubert van sy standpunt oortuig, naamlik dat hy bereid was om die stryd voort te sit met tien gewilliges eerder as met 'n honderd onwilliges.[2)] Joubert moes skynbaar beïndruk gewees het met De Wet se sterk standpunt,want hy het nog dieselfde dag aan Kruger laat weet dat alle Transvaalse burgers toegelaat moes word om vir 'n paar dae huis toe te gaan.[3)] Hierna het Joubert en De Wet na Kroon= stac vertrek waar president Kruger en die Vrystaatse regering was.

Gedurende die oggend van 17 Maart het presidente Steyn en Kruger asook genl. De Wet en komdt.-genl. Joubert 'n openbare byeenkoms op die markplein gehou en die aanwesiges in sterk, patriotiese taal toegespreek.[4)] Gedurende die middag het die twee Republieke 'n dringende krygsraadvergadering[5)] gehou om moontlike verwikkelinge en verdere optrede te bespreek. De Wet, wat in die besprekings

---

1) Alhoewel De la Rey hom in die Vrystaat bevind het, het hy steeds onder die Transvaalse beheer gestaan. Die Transvaalse reëling was teen enige vorm van verlof, soos beveel deur genl. Piet Joubert. Vergelyk Joubert se sien= ing oor hierdie saak in J. A. Mouton:Generaal Piet Joubert in die Trans= vaalse Geskiedenis, Argiefjaarboek vir S.A. geskiedenis, Deel I, 1957, pp. 259 - 260.

2) De Wet: op. cit., p. 80.

3) K.G. 350: Telegram komdt.-genl. - Staatspresident, 14/3/1900.

4) Vergelyk De Volksstem, 19/3/1900.

5) President Steyn het opgetree as voorsitter van die krygsraad. Verder was president Kruger, regeringslede van beide Republieke en tussen veertig en vyftig offisiere teenwoordig. De Wet: op.cit., p. 82, dui die datum van die krygsraadvergadering foutief aan as 20 Maart in plaas van 17 Maart.

groot militêre insig getoon en 'n sterk invloed uitgeoefen het, genl. Joubert se teenwoordigheid ten spyt, is amptelik aangewys as hoof-kommandant van die Vrystaatse kommando's.

Twee besluite wat deur genl. Joubert voorgestel en deur De Wet gesekondeer is, handel oor die sake waarvoor De Wet hom ernstig beywer het sedert sy aankoms op die wesgrens. Eerstens het die krygsraad sy voorneme herbevestig om geensins die onafhanklikheid van die twee Republieke prys te gee nie. Vir De Wet was hierdie voorneme na die val van Bloemfontein 'n saak van erns, en om dit te bereik moes offensief opgetree word. Die eerste besluit het dan ook verder ingehou dat alle offisiere te velde van die besluit in kennis gestel en aangesê sal word om handelend en kragdadig op te tree.[6]

Die tweede besluit het ingehou dat die kommando's voortaan verspreid moes optree om die vyand se kommunikasies op verskillende punte af te sny. Daar moes egter sonder waens opgetrek word. Dat De Wet hierdie besluit sou steun en streng toepas, kan nie aan getwyfel word nie,want dit vervat twee sake t.w. handelend optree en 'n verbod op die aanhou van walaers waaroor hy sterk gevoel het sedert sy ervaring op die wesgrens. Tewens, hy het van die vergadering af weggegaan "vast besloten, dat kome wat wil, ek geen wagenlaer meer gedogen zou".[7] Hierdie besluit hou verder in dat van stellinggevegte afgesien word[8] en dat 'n meer beweeglike oorlog gevoer moes word. Dit is juis die tipe oorlog waarvoor De Wet beroemd sou word! Dit is dus 'n belangrike besluit vir sover dit De Wet se krygsmanskap betref.

Die ander drie besluite wat geneem is, is deur De Wet voorgestel en deur komdt. Nel gesekondeer. Met hierdie besluite het De Wet nie alleen sy stempel afgedruk op die krygsraadvergadering nie, maar ook op die verdere verloop van die stryd met betrekking tot dissipline en die Kaapkolonie.

Die saak van dissipline van die burgers en veral van verantwoordelike offisiere wat dit moes handhaaf het swaar by De Wet geweeg. Hiersonder kon die hoop op

---

6) Vergelyk K.G. 353 Deel I, p. 112: Extract uit de Notulen van den Krygsraad, Kroonstad, 17/3/1900.

7) De Wet: op. cit., p. 84.

8) K.G. 353, Deel I, p. 111: Extract uit de Notulen van den Krygsraad, Kroonstad, 17/3/1900.

onafhanklikheid nooit bestaan nie. Die eerste van sy voorstelle het derhalwe betrekking gehad op die hoofkommandant, veggeneraal, kommandant of veldkornet wat deur 'n misstap of weens nalatigheid of pligsversuim krygs=planne laat skipbreuk ly. By skuldigbevinding kon so 'n offisier van sy amp onthef word. Indien die skuldige die hoofkommandant was, sou sy straf deur 'n saamgestelde raad van sy krygsoffisiere bepaal word. 'n Veggeneraal of kommandant se straf sou bepaal word deur die hoofkommandant en sewe ander krygsoffisiere, terwyl 'n veldkornet gestraf kon word deur sy kommandant, bygestaan deur die ander veldkornet(e) van sy distrik. 'n Offisier wat af=gesit is, se plek kon gevul word deur 'n persoon wat deur die krygsraad aan=gestel word totdat die burgers die geleentheid gehad het om 'n ander persoon te kies.[9] Binne twee weke nadat die besluit geneem is, het genl. De Wet dit reeds toegepas in die geval van komdt. Vilonel van Winburg.[10]

Die tweede besluit het aan elke kommandant van beide Republieke die taak op=gedra om toe te sien dat hulle veldkornette 'n korporaal aanstel oor onge=veer elke vyf-en-twintig burgers in hulle veldkornetskap. Die pligte en strawwe van die korporaals is ook verder omskryf.[11]

De Wet het besondere waarde geheg aan die rol wat die Kaapkolonie kon speel in die Republieke se stryd. Dit blyk uit sy poging om na die Kolonie te gaan kort na sy aankoms op die wesgrens[12] en sy latere voorgenome en uiteindelike inval in die Kolonie.[13] Op hierdie stadium het hy voorgestel en het die krygsraad besluit om die regerings van die twee Republieke te versoek om soveel ammunisie en geldelike steun as moontlik aan hoofkommandant Steenkamp en veggenl. Liebenberg in die Kaapkolonie te stuur met die doel om die Boeresaak aldaar te bevorder.[14]

---

9) K.G. 353, Deel I, p. 110: Extract uit de Notulen van den Krygsraad, Kroonstad 17/3/1900.

10) Vir besonderhede sien pp. 68 - 70.

11) Vergelyk K.G. 353, Deel I, p. 109: Extract uit de Notulen van den Krygs=raad, Kroonstad, 17/3/1900.

12) Sien p. 37.

13) Sien hoofstuk VI.

14) K.G. 353, Deel I, p. 108: Extract uit de Notulen van den Krygsraad, Kroonstad, 17/3/1900.

## III.2 VERRASSENDE GETALLE TREK WEER SAAM

Vanaf Kroonstad het genls. Joubert en De Wet en offisiere van laasgenoemde wat die krygsraad bygewoon het hulle na die Sandrivier gehaas om op 25 Maart De Wet se afspraak met sy burgers na te kom. Die vertrek van Kroonstad was seker nie sonder spanning vir De Wet nie, omdat hy nie geweet het hoe die burgers op sy oproep sou reageer nie.

Dat sy besluit om verlof aan die burgers toe te staan die regte een was, is egter bewys deur 'n groot aantal burgers wat alreeds op 20 Maart by die af= gespreekte plek saamgetrek was. Op hierdie datum het genl. Joubert by Virginia aan die Sandrivier verskeie offisiere ingelig oor die besluite van die krygsraadvergadering.[15)] Hy het hulle onder andere meegedeel dat genl. De la Rey aangestel is as asst. komdt.-genl. van die westelike deel van Transvaal en dat genl. C. R. de Wet voortaan hoofkommandant oor die Vrystaatse magte sou wees. Daar was egter drie offisiere in die Vrystaat wat nie gelukkig gevoel het dat De Wet oor hulle koppe aangestel is nie, tw. die bejaarde genl. Marthinus Prinsloo, komdt. J. H. Olivier en genl. ds. Paul Roux, wat as mededingers[16)] van De Wet na vore getree het.

In die gees van die tweede besluit van die krygsraad, het Joubert ook aan die offisiere meegedeel dat geen posisies voortaan in afwagting op die vyand ingeneem mag word nie. Die Britte moes opgesoek en aangeval word. Sterk perdekommando's moes vir die doel uitgestuur word. Oor hierdie saak het genl. Joubert baie sterk gevoel want terug in Pretoria, het hy by sy veel jonger Vrystaatse eweknie gepleit om handelend op te tree en die vyand op sy swakste plekke aan te val.[17)] Hy het gevoel dat indien dit nie gedoen word nie, die vyand toegelaat sou word om hom rondom Bloemfontein in te grawe,

---

15) Vergelyk K.G. 350: Telegram komdt.-genl.-asst.-genl. Grobler, 20/3/1900 waarin besonderhede vervat is van vergadering van offisiere te Virginia. Tot 20 Maart het nie genl. De Wet nie, maar komdt.-genl. Piet Joubert die militêre leiding in die Vrystaat geneem. Na die vergadering met die offisiere het hy egter na Pretoria teruggekeer waar hy 'n week later op 27 Maart 1900 oorlede is.

16) Genls. Prinsloo en Roux is egter op 29 Julie 1900 naby Fouriesburg krygsgevange geneem en Olivier kort hierna. Genl. de Wet se posisie was hierna onaantasbaar.

17) Leyds-versameing 709, Deel IV: Telegram Joubert - De Wet, Smaldeel, 24/3/1900.

by die waterwerke forte te bou, Thaba Nchu te beset en genls. Lemmer en Grobler af te sny.

De Wet was sekerlik van plan om handelend op te tree, sodat Joubert se plei= dooi gesien moet word as een wat gevra het dat De Wet daarmee moet begin. De Wet moes eers wag vir 25 Maart voordat hy aktief kon optree. Tot vóór, op 25 Maart en nog daarna het die burgers in verrassende groot getalle by Sandrivier saamgetrek. Tevergeefs en teleurgesteld het hy egter gewag op die terugkeer van die burgers van Fauresmith en Jacobsdal asook op die van die meerderheid van Phillippolis, Smithfield, Wepener en Bloemfontein. Met die burgers wat wel die afspraak nagekom het, het hy op 25 Maart na Brandfort vertrek. Hier is 'n krygsraadvergadering op 28 Maart gehou om verdere krygsoptrede te beplan.[18)]

Vooraf is egter eers enkele tugsake afgehandel. Dit het waarskynlik te make gehad met 'n groep burgers wat hulle vryheid in Brandfort misbruik en hulle aan drank vergryp het. De Wet, wat self geen sterk drank gebruik het nie en 'n afkeur in drankmisbruik gehad het, was baie verergd toe hy van die misstap verneem het. Hy het dadelik die kroeg laat sluit.[19)] Hierdie stap was veral ook nodig met die oog op die dissipline wat hy nou ten alle koste wou verbeter. Hy sou ook nie die saak by die sluiting van die kroeg gelaat het nie. Streng tug was nodig.

## III.3 TWEE KENMERKENDE METODES VAN DE WET OM DISSIPLINE TE VER= BETER

Dit is reeds duidelik dat De Wet homself die taak gestel het om die swak dissi= pline van die burgers reg te stel. Streng tug, in baie gevalle met die sambok, het sy wagwoord vir dissipline geword. Weliswaar was die burgers in die stryd hoofsaaklik vrywilligers,maar die lesse wat De Wet geleer het tot met die val van Bloemfontein, was dat dissipline 'n voor-vereiste vir sukses was. Gerugsteun deur die krygsraadbesluit in Kroonstad, kon verwag word dat

---

18) De Wet: op.cit., p. 88. Generaal De la Rey was veronderstel om ook teenwoordig te wees, maar was nog in Kroonstad as gevolg van sy siekte. Die verdere krygsverrigtinge is dus sonder hom bespreek alhoewel hy uiteindelik by die krygsplanne ingesluit is (Oosthuizen: op.cit., pp. 251 en 256.).

19) De Wet: op.cit., p. 86.

die oortreders in Brandfort kennisgemaak het met De Wet se voorneme om elkeen wat op kommando was, "onder een strenger tucht (te) plaatsen".[20]

De Wet het ook besluit om voortaan ter wille van dissipline sy krygsplanne geheim te hou en dit nie vooraf aan sy burgers of offisiere behalwe vir enkele vertroudes, mee te deel nie. Hiermee het hy gehoop en daarin geslaag om sy kommando byeen te hou. Eers op die laaste oomblik of in sommige ge= valle terwyl 'n geveg reeds aan die gang was, het die burgers van sy planne bewus geword. Hierdeur is die kanse dat van die burgers kon dros of vlug aansienlik verminder.

Hierdie metode is vir die eerste maal toegepas toe hy Brandfort op 28 Maart verlaat. Aan enkele getroue verkenners sowel as genl. Froneman en komdt. Fourie is sy onmiddellike planne bekend gemaak, omdat hulle die doelwit moes gaan verken en enige beweging van die vyand moes rapporteer.[21] Sy plan was om 'n Britse garnisoen by Sannaspost aan te val. Hier was die waterwerke wat Bloemfontein van sy noodsaaklike water voorsien het. Die plan was primêr om hierdie watertoevoer af te sny. Die res van die sowat 1 500 burgers by hom het niks van die voorneme geweet nie.

## III.4 SANNASPOST - 31 MAART 1900[22]

### a) Aanloop

De Wet was haastig om sy plan ten uitvoer te bring. Sy vordering is egter kwaai gestrem deur die houding van komdt. Vilonel van Winburg. Dit het hom erg ontstel dat Vilonel nie gehoor wou gee aan die krygsraadbesluit ten opsigte van die aanhou van walaers nie. Vilonel se verweer was dat hy sy burgers "geen ongemak wilde opleggen".[23] Toe De Wet hom beveel om die sowat dertig waens dadelik huis toe te stuur, het Vilonel skriftelik versoek dat 'n kryge= raadvergadering gehou word sodat die Kroonstadse besluit herroep kon word.

---

20) Ibid., p. 88. Tug moet hier gesien word as dissipline.

21) Ibid., p. 90.

22) Sien kaart 2., p. 292 hieronder.

23) De Wet: op.cit., p. 90.

De Wet het geweier en haastig geword toe sy verkenners hom op 30 Maart berig gebring het dat genl. Olivier vir genl. R. G. Broadwood vanaf Ladybrand in die rigting van Thaba Nchu vooruitdryf[24] en genl. Froneman en komdt. Fourie hom vertel het van die situasie by Sannaspost.[25]

Die teenwoordigheid van 'n groot Britse mag in die omgewing van Sannaspost het De Wet aangespoor om dadelik handelend op te tree. Generaals A. P. Cronje, J. B. Wessels, C. C. Froneman en Piet de Wet is laat roep. Die planne is aan hulle meegedeel met die waarskuwing om dit geheim te hou.[26] Komdte. P. Fourie en C. Nel met 350 burgers moes De Wet gedurende die nag vergesel om met dagbreek in Koornspruit te wees. Generaals P. de Wet, Cronje, Froneman en Wessels moes met die res van die burgers, sowat 1 150 en die kanonne[27] teen dagbreek regoor De Wet stelling inneem in die rantjies oos van die Modderrivier. Sannaspost is tussen die twee punte maar sou nader aan De Wet wees. Sodra dit lig word, moes die kanonne Sannaspost bombardeer wat, so het De Wet verwag, die Britse garnisoen in die rigting van Bloemfontein moes laat vlug. Aangesien die pad deur Koornspruit gaan, sou De Wet hulle dan inwag en verras. De Wet het verder verwag dat Broadwood in die vroeë oggend gewis die skote moes hoor en dan tot hulp sou kom. Dit was die taak van die res van die burgers in die rante om vir Broadwood, wat volgens inligting nog agter die rante was, dan teë te hou.[28]

In hierdie strategie is die elemente aanwesig wat tot De Wet se suksesse by=gedra het: 'n fyn, vooropgestelde plan, 'n opmars in die nag om met dagbreek 'n verrassingsaanval te loods, die verdeling van sy mag om die taktiese aanval op verskeie fronte te loods en/of om moontlike hulp vir sy vyand te elimineer.

Voordat hy vertrek het om sy plan ten uitvoer te bring, is hy genoodsaak om streng teen Vilonel op te tree. Sy geduld was op toe hy vind dat die Win=burgers nog hulle waens by hulle gehad het. Vilonel, wat ook van die krygs=

---

24) Vir besonderhede sien Amery: op.cit., IV, pp. 19, 30, 74, 75 en 94.

25) De Wet: op. cit., p. 90.

26) Ibid.

27) Preller-versameling, Band 51, p. 655: Verslag van De Wet oor geveg Sannaspost 1/4/1900. Hiervolgens was daar ses kanonne, een Norden=feldt-meksim en 'n kleiner meksim. De Wet op.cit., p. 90 vermeld vier of vyf kanonne.

28) De Wet: op.cit., pp. 90 en 92.

planne gehoor het, het boonop geweier om aan die krygsraadbesluit gehoor te gee en wou nie toelaat dat sy burgers die stelling inneem wat deur De Wet aan hulle toegesê is nie,tensy hy nie self eers die stellings verken het nie.[29)] Vilonel wou selfs dat De Wet sy aanvalsplanne moes uitstel sodat hy Sannaspost eers met sy verkyker kon bespied! Dit was die laaste strooi, sodat De Wet hom die keuse gelaat het om óf te bedank as kommandant óf van sy pos onthef te word. Vilonel het eersgenoemde gekies. Veldkornet Gert van der Merwe[30)] is in sy plek deur De Wet aangestel, omdat die tyd ontbreek het om 'n komman= dant volgens wet te kies. Waarnemende komdt. van der Merwe het die waens onmiddellik huis toe gestuur en die finale aanmars kon begin.

Met sy planne gefinaliseer en die Vilonel-geval afgehandel, het De Wet in sy vierwielwaentjie[31)] die aanmars na Koornspruit gelei.

Daar was 'n lighartigheid onder die jonger burgers tydens die voornag se trek.[32)] Na 'n kort afsaal teen middernag, het dit plek gemaak vir die nodige erns. Tydens die ruspouse het sommige burgers dan ook geslaap, terwyl De Wet en sy generaals die nuutste rapporte van die verkenners bestudeer het. Alles het nog mooi ingepas by De Wet se planne, en volgens die rapporte het Broadwood teen 14h00 Ladybrand verlaat en die aand Thaba Nchu binnegetrek.

De Wet het gevolglik van die ander drie generaals geskei en gedurende die na-nag so stil as moontlik na sy doelwit opgeruk.[33)] Die spruit is ongeveer om 04h00 bereik op 31 Maart. Sy burgers het daarop in die hoë walle van die spruit stelling ingeneem aan weerskante van die drif op die pad van Thaba Nchu na

---

29) Ibid., p. 92.

30) Gerrie van der Merwe - "dapperen, beminnelijken man" (Ibid.) was 'n goeie keuse wat bewys dat genl. De Wet ook sy burgers geken het. Gert van der Merwe was een van die vyf gewondes tydens die slag by Sannaspost ( Preller-versameling, Band 51, p. 655: Verslag van De Wet oor geveg by Sannaspost, 1 April 1900).

31) Hillegas: op.cit., p. 143, beskryf die waentjie as 'n "light, ramshack four-wheeler".

32) Ibid., pp. 143 en 146. Hillegas wat die aanmars met De Wet meegemaak het, beweer dat die jonger burgers gedurende die aanmars met mekaar ge= skerts het: die oueres het in die maanskyn hulle name op hulle hoede of geweerkolwe gegrafeer, terwyl andere in die veld na wild gaan soek het.

33) De Wet: op. cit., p. 92.

Bloemfontein. So merkwaardig stil het die burgers dit gedoen dat geen onraad gemerk is in die Britse kamp wat binne hoorafstand was nie. In die eerste flou oggendstrale is Bantoedrywers van 'n ossewa op die wal gewaar en gevang.[34)] Tot De Wet se verbasing het hy van hulle verneem dat Broadwood nie in Thaba Nchu was nie, maar reg voor hom by Sannaspost.[35)] Die sterker ligstrale het die nuus bevestig.[36)]

Vir genl. De Wet moes dit 'n baie groot verrassing gewees het, want volgens die jongste berigte van sy eie verkenners kon dit nie moontlik wees nie, terwyl hy ook geen Britse verkenners of wagte gedurende die nanag se trek teëgekom het[37)] wat hom op sy hoede kon stel nie. Hy moes ook dadelik die benardheid van sy posisie besef het daar hy sonder 'n enkele kanon en met minder as 400 burgers reg in die pad van die groot mag gestaan het. Die logiese stap sou wees om die stellings te ontruim en aan te sluit by die res van die burgers in die rante. Met sy fyn militêre aanvoeling het De Wet egter 'n taktiese besluit geneem wat verreikende gevolge sou hê: Hy sou in die spruit bly, want sy posisie was uitstekend en hy het vertrou dat die burgers in die rante hulle by die veranderde omstandighede sou aanpas en het verwag dat genl. Olivier met sy groot mag sou kom help omdat hy in die omgewing was. Gevolglik het hy sy eie burgers aangesê om te wag dat genl. Piet de Wet met die kanonvuur moes begin soos afgespreek en om nie te skiet alvorens hy self die teken daartoe gee nie.[38)] Die Boere moes in die spruit bly indien die vyand op die drif afstuur as gevolg van die kanonvuur. Die idee agter die taktiek was vergesog, naamlik om geen agterdog te wek nie, sodat die Britse soldate een na die ander ontwapen kon word wanneer hulle deur die drif gaan.

## b) Die geveg

Omdat sowel die Boere aan weerskante van Sannaspost as Broadwood voor dagbreek onbewus was van mekaar se teenwoordigheid en dit 'n groot rol gespeel het, is dit nodig om net kortliks op die rede hiervoor te wys.

---

34) Ibid., p. 94.

35) Broadwood het Thaba Nchu nie as 'n geskikte plek beskou om met genl. Olivier se mag te bots nie, omdat hy op hierdie punt moeilik versterkings kon bekom. Gevolglik het hy besluit om gedurende die nag sy aanmars na die Britse garnisoen by die waterwerke voort te sit en om vandaar na Bloemfontein terug te keer. Die laaste van sy afdelings was teen 04h30 moeg maar veilig in die hooflaer (Amery: op.cit., IV, p. 34).

36) De Wet: op.cit., p. 94.

37) Ibid., p. 92.

38) Ibid., p. 94.

Soos vermeld het die Boeregeneraals en Christiaan de Wet onder die indruk verkeer dat Broadwood nog onderweg was na Sannaspost. Generaal Christiaan de Wet was die eerste om te vind dat dit nie waar was nie.

Majoor C. G. Amphlett wat die bevel oor die garnisoen by die waterwerke gevoer het, het daagliks 'n roetine verkenningstog na Boesmanskop in die weste gestuur, waar kol. E. G. T. Bainbridge bevel oor 'n klein afdeling gevoer het. Om by Boesmanskop te kom, moes die verkenners deur die Koornspruit gaan. Na gewoonte het hulle dit gedurende die nag gedoen nog voordat De Wet en sy burgers daar was. Op die terugtog is die verkenners deur 'n boer gewaarsku dat daar Boere in die omgewing is. Hulle het daarop na Boesmanskop terugge= keer om Bainbridge te waarsku. Teen 05h00 het die verkenners na maj. Amphlett teruggekeer om hom ook te waarsku. By die drif het hulle ontdek dat dit in die hande van die Boere is, waarop hulle haastig terug is na Boesmanskop. Die boodskap van die teenwoordigheid van Boere het dus nooit die niksvermoedende Britte by die waterwerke bereik nie.[39)]

Generaal Broadwood se oë was uit die aard van die saak ooswaarts gerig van= waar hy genl. Olivier verwag het. Hy was egter so seker dat hy Olivier afge= skud het dat hy geen wagte uitgeplaas het nie en net twee verkennersgroepies gestuur het om seker te maak dat Olivier agtergelaat is. Die een afdeling is na die Modderrivier, maar ofskoon hulle in genl. Piet de Wet en sy burgers se rigting gegaan het, het hulle geen onraad gemerk nie, omdat hulle nie na genoeg aan die heuwels gegaan het nie. Die ander afdeling onder die bevel van 'n luit. Salmon is egter oor die rivier na die rante op die oostelike deel.[40)] Teen dagbreek het burgers wat hulle in die omgewing bevind het waar Salmon verkenningswerk gedoen het, die groot Britse kamp gewaar en moes hulle besef het dat Broadwood nie, soos verwag, nog aan die opruk was nie, maar reeds voor hulle gewees het. Van die burgers wat in die laagte tussen die rivier en die rante was, het ook dadelik op Salmon se verkenners begin vuur. In die Britse kamp was die skote ongetwyfeld hoorbaar, maar daar is geen ag op geslaan nie,[41)] aangesien die Britte nou reeds daaraan gewoond was om daagliks sarsies te hoor of om in klein skermutselinge betrokke te raak.

---

39) Amery: op.cit., IV, p. 35. Majoor Amphlett het hom nie daaroor bekom= mer dat sy verkenners nie op die gewone tyd teruggekeer het nie en het dus ook geen onraad gemerk nie.

40) Ibid.

41) Ibid.

Hierdie verkenners het egter haastig spore gemaak terug kamp toe met die nuus dat hulle met Boere gebots het. Die Britte wat op hierdie stadium hulle oggendete genuttig het, het geen reaksie getoon nie, terwyl die Bantoedrywers van die voorradewaens rustig alles in gereedheid gebring het vir die laaste skof.[42)]

Salmon en sy verkenners was al in 'n hele tydjie terug in die hoofkamp toe die burgers in die rante tussen 06h30 en 07h00 met die aanval op die kamp begin het. Die eerste skote het vanaf vier kanonne op 'n heuwel op die regteroewer van die Modderrivier gekom.[43)] Dit het nie die kol getref nie,[44)] maar ongetwyfeld by Broadwood die vrees laat ontstaan dat Olivier hom tog ingehaal het. Toe die kanonvuur verhoog is en akkurater geword het, is die afdelingsoffisiere beveel om onafhanklik te begin marsjeer,[45)] terwyl die Bantoedrywers in alle haas ordeloos met die voorradewaens vertrek het toe die bomme in hulle nabyheid ontplof. Om Bloemfontein so gou as moontlik te bereik het hulle reg op die drif afgestuur waar Christiaan de Wet en sy burgers hulle ingewag het. Die walaer is gevolg deur die U. Battery en Robert's Horse wat aan weerskante van die kanonne moes ry vir beskerming. Terwyl die Britse mag in beweging gekom het, het genl. Broadwood berig ontvang dat 'n groot groep Boere al langs die rante in die rigting van Boesmanskop jaag.[46)] Generaal Broadwood het dadelik ingesien dat dit probleme gaan skep, want as die klein Britse garnisoen op die kop oorrompel word, sou hy

---

42) L.R.P. T.37/3: Verslag van kapt. C. R. Brooke, p. 3.

43) Ibid.

44) Die rede waarom die kanonvuur aanvanklik nie trefkrag gehad het nie, is dat die kanonne so geplaas was dat hulle Broadwood van agter moes besig hou. Aangesien Broadwood nie meer nog-aan-die-kom was nie, is die stellings in die rante verlaat en nader aan die Modderrivier beweeg waar die kanonne later sowat 4 000 treë van die Britse kamp opgestel is (Amery: op.cit., IV, p. 36).

45) L.R.P., T37/8: p. 8.

46) Amery: op.cit., IV, p. 36 en L.R.P. T.37/8: Verslag van luit.-genl. C. Martyr, p. 3. Die burgers waarvan hier sprake is, het moontlik behoort aan die Bethlehemse en Winburgse kommando's wat in werklikheid nie na Boesmanskop onderweg was nie maar wel na genl. C. de Wet om hom te gaan help. (Sien Preller-versameling: Band 51, (A787), p. 655: Verslag van C. R. de Wet).

en sy mag tussen twee groot Boeremagte vasgekeer wees. 'n Tweede bevel[47] wat die eerste moes vervang, het op dowe ore geval weens die geharwar wat ge= heers het. Die walaer het onder andere in so 'n dolle vaart op die drif afgestuur dat hulle selfs die U. Battery en Robert's Horse agtergelaat het!

Perdekarre waarop hoofsaaklik Engelse inwoners van Thaba Nchu was, en die walaer vergesel het, het die voortou in die dolle vlug geneem. Dit was onge= twyfeld vir die Engelse van die eerste perdekar 'n groot verrassing toe genl. De Wet wat persoonlik saam met komdte. Fourie en Nel by die ingang van die drif stelling ingeneem het, hulle daar ontmoet.

Twee adjudante is nader geroep om die leisels by die man en vrou op die kar oor te neem,na Pretorius se opstal te ry asof niks gebeur het nie, uit te span en die man en vrou in die huis te neem sodat hulle nie 'n wenk aan die Britte kon gee van wat hulle in die drif te wagte kan wees nie.[48] Met die daarop= volgende karre is dieselfde patroon gevolg; Elkeen wat op die karre was, is deur De Wet gewaarsku dat die een wat probeer om die Britte te waarsku, sonder meer geskiet sou word.[49] Tot op daardie stadium het De Wet se taktiek glad verloop sodat niemand onraad gemerk het nie. Die eerste van die voorraadwaens het sake verander, want dit is heelwat moeiliker om 'n ossewa in beweging te kry. Die eerste waens waarop hoofsaaklik siek en gewonde soldate was,[50] se drywers kon met die grootste kalmte en stilte vervang word en na genoemde op= stal geneem word op so 'n wyse dat die Britte nog geen onraad gemerk het nie. Spoedig het die waens egter begin saambondel en het die soldate die kans gekry om in te haal. Die eerste soldate was so verras om Boere by die drif aan te

---

47) Dit het ingehou dat die U. Battery en Robert's Horse moes vooruitry en op die skotige hoogte aan die oorkant van die drif in die omgewing van die opstal van 'n sekere Pretorius wat baie na aan die drif was, die walaer moes inwag. Terselfdertyd kon hulle vanaf die hoogte Boesmanskop dophou om te sien of die Boere, na die kop beweeg. Die 10th Hussars en Household Cavalry onder kol. Fischer is agter die kanonne aangestuur. 'n Afdeling onder kapt. Radcliffe is na 'n koppie suid van Watervaldrif gestuur om die drif te bewaak en die Boere daar van Boes= manskop af te sny (Amery: op.cit., IV, p. 36).

48) De Wet: op.cit., p. 94. Hillegas: op.cit., p. 151 beweer dat dit 'n wa en nie 'n perdekar was nie. Volgens hom was daar op die wa vroue en kinders wat na 'n veilige plek in die spruit geneem is. As in gedagte gehou word dat De Wet altyd bekommerd was oor die lot van die vroue en kinders en hulle nooit naby die gevegsterrein toegelaat het nie, klink Hillegas se bewering waar. Tewens, De Wet sê later dat hy bly was dat die vroue en kinders die huis van Pretorius sou bereik voordat die geveg begin het. Vgl. De Wet: op.cit., p. 96.

49) De Wet: op.cit., p. 96.

50) Doyle: The Great Boer War, p. 382, en J. Barbary: The Boer War, New York, 1969, p. 150.

tref dat hulle sonder meer gehensop het. Spoedig is 200 soldate ontwapen.[51] Die getal kon veel meer gewees het indien die burgers op hierdie kritieke stadium selfstandig opgetree het met die ontwapening. Almal wou nou by De Wet weet wat met die geweer en perd wat afgeneem is, gedoen moet word.[52] Hierdie onselfstandige optrede en die feit dat dit heeltemal te stadig na De Wet se sin gedoen is, het hom laat erken, "was voor een man van mijn haastig humeur te veel".[53]

Die oponthoud by die drif het die offisier in bevel van die artillerie, kol. Rochfort laat dink dat dit die gewone was. Hy het sy adjudant, maj. Wray, gestuur om die verkeer te gaan reël, sodat die kanonne verby kon kom[54] om, ooreenkomstig Broadwood se tweede bevel, op die hoogte anderkant die spruit stelling te gaan inneem. Net vóór Wray het maj. P. B. Taylor met die U-battery by die drif aangekom. Hy is persoonlik deur De Wet ingewag en gevang.[55] De Wet het aan Taylor die situasie geskets en hom beveel om die res van die Britse mag te gaan vra om oor te gee. Hierdie was 'n tipiese De Wet-handeling, naamlik die vyand eers te vra om oor te gee en as hulle weier tot die geveg oor te gaan. Taylor is ook met die waarskuwing weggestuur dat De Wet hom sou skiet indien hy die opdrag nie uitvoer nie.

---

51) De Wet: op. cit., p. 96.

52) Ibid.

53) Ibid.

54) Amery: op. cit., IV, p. 37.

55) Van Everdingen: op.cit., I, p. 99 vn.1: Ooggetuie-verslag van kapt. Asselbergs militêre attaché van die Nederlande by die Boere; Amery: op. cit., IV, p. 38.

Toe Taylor sy troepe bereik, het hulle na 'n oomblik omgedraai en weggejaag. De Wet het daarop die eerste skoot afgetrek.[56] Dit was die teken vir die Boere om 'n geweldige vuur op die terugvallende Britte te open. Die ge= weldige vuur van die burgers het die perde van die Q-battery wat in dolle vaart na die stasiegeboue teruggejaag het[57] verbouereerd in alle rigtings laat skarrel. In die proses het van die kanonne omgekeer en losgeraak van die perde, terwyl die Boere daarin geslaag het om 'n verdere drie of vier perde[58] dood te skiet. Sodoende is die kanonne, vyf in getal, op die slagveld gelaat. Twee kanonne is wel gered, maar daar was nie tyd om die vyf kanonne te red nie aangesien elke Britse soldaat net aan sy eie veiligheid gedink het en derhalwe so gou as moontlik by die stasiegebou wou

---

56) Oor wat presies aanleiding gegee het tot die afvuur van die eerste skoot is daar baie teenstrydighede. Ons noem slegs enkele moont= likhede wat rondom die persoon van Taylor gaan. Amery: op.cit., IV, p. 38, beweer dat Taylor ontglip het in 'n oomblik toe De Wet se aandag nie by hom was nie. Taylor sou hierna sy eie mense en toe maj. Phipps Hornby wat net agter hom was met die "Q" battery gaan waarsku het. Dit klink egter onwaarskynlik dat genl. De Wet sy aan= dag nie by sy belangrike gevangene met sy nog belangriker boodskap sou bepaal nie. De Wet: op.cit., p. 96, maak melding van 'n offisier wat "plotseling" bevel gegee het dat die troepe moet terugval. In die verslae van die Engelse in L.R.P. T. 37/8, wat handel oor Sannas= post, word niks van die Taylor-voorval vermeld nie.
Die reeds aangehaalde ooggetuie verslag van kapt. Asselbergs (vn. 55) maak ook melding van 'n kaptein ("vermoedelijk behoorende tot de U-batterij") wat nie De Wet se boodskap na Broadwood geneem het nie maar na die troepe, iets geroep/geskreeu en gewenk het. Hierop sou 'n klomp Britte hulle kom oorgee het, terwyl die res weggejaag het. Hillegas: op.cit., pp. 153-154, se ooggetuieverslag kan ook nie in sy geheel aanvaar word nie, maar wel die beginsel dat Christiaan de Wet op Taylor geskiet het, om verskeie redes: a) Die situasie by die drif was op daardie stadium van so 'n aard dat die Boere se Mausers nie veel langer kon swyg nie maar b) De Wet se bevel was dat niemand moes skiet voordat hy die eerste skoot vuur nie. c) Indien die persone wat op die perdekarre en waens was die koeëldood sou sterf indien hulle die niksvermoedende aankomende Britte van sy teenwoordigheid sou waar= sku, is dit logies dat De Wet ook Taylor met die dood sou dreig. d) De Wet erken self dat sy humeur op die stadium baie kort was en daarby was dit tipies van De Wet om draties op te tree as sake nie verloop soos hy dit wou nie veral as sy bevele verontagsaam word.

57) De Wet: op.cit., p. 96. Van die stasiegebou sê De Wet (Ibid.) dat toe hy as Volksraadslid vir die aanbou van die spoorlyn gestem het, hy nooit kon dink dat die geboue later as skuiling teen hom gebruik sou word nie.

58) Preller-versameling, Band 51, (A787), p. 655: Verslag van De Wet, 1/4/1900.

kom.[59] Kaptein H. C. Copeman stel dat "a confused mass of loose and wounded horses, chiefly artillery and a large number of men of various corps, including cavalry, artillery and Mounted Infantry, came galloping back from the front."[60]

Hierna het 'n geweldige geveg vir drie-en-'n-half uur lank gewoed tussen aan die een kant genl. De Wet uit sy uitstekende posisie, genl. Piet de Wet vanaf die rante,[61] en die Britte by die stasiegebou asook op verskeie ander fronte.[62]

Eindelik het Piet de Wet daarin geslaag om die Britte met kanonvuur te begin terugdryf. Aangesien Broadwood besef het dat sy ammunisie min raak, sy ammunisiewaens in Christiaan de Wet se hande was, sy kanonne nutteloos op die slagveld lê en sy verwagte hulp[63] nie opdaag nie, het hy beveel dat sy mag moet terugval in die enigste rigting wat nog onbeset was, naamlik suid. Slegs die Q-battery het hulle stelling met vyf kanonne gehou,[64] maar moes

---

59) L.R.P. vol. 65, p. 299: Translation of a Dutch Report taken out of a censored letter, Johannesburg, 2/8/1900. Hierin word melding gemaak van ses of sewe kanonne wat agtergelaat is.

60) L.R.P. T.37/3: p. 4: Verslag van kapt. H. C. Copeman.

61) Generaal Piet de Wet het voortgegaan om die vyand vanaf die rante te bombardeer. Hy het ook besef dat sy broer in 'n dilemma verkeer, en het verskeie kommando's uitgestuur om hom te gaan help. Nie een van die kommando's kon aanvanklik daarin slaag om Christiaan de Wet te bereik nie. Vir redes sien Amery: op.cit., V, p. 37.

62) Vergelyk Ibid. vir besonderhede.

63) Lord Roberts het wel vir genls. Colvile en Martyr gestuur om vir Broad= wood tot hulp te kom. Nie een van die twee generaals het egter betyds opgedaag nie. (sien Amery: op.cit., IV, pp. 44-45 vir Martyr se bewe= ging en Ibid., pp. 45 - 47, Doyle: The Great Boer War, pp. 385 - 386 en J. Scheibert: Der Freiheitskampf der Buren II, Berlin, 1900, p. 338, vir Colville se bewegings). De Wet was ook baie verbaas dat hulp nie opgedaag het nie, aangesien Bloemfontein baie naby is (De Wet: op. cit., p. 100 vn.).

64) Toe die posisie vir die Q-battery lewensgevaarlik geword het, het maj. Hornby, bygestaan deur 'n kapt. Humphreys vrywilligers gevra om die vyf kanonne met die hand te trek na die spanne onbeseerde perde. Uiteinde= lik is daarin geslaag om vier kanonne te red. (Vgl. L.R.P. T.37/3, p. 5: Verslag van H. C. Copeman). Vir die daad het maj. Phipps Hornby sersant C. Parker, kanonier I. Lodge, drywer H. H. Glasock en luit. F. A. Maxwell, die gesogte Victoria kruis verwerf. (Sien L. Creswicke: South Africa and the Transvaal War, VI, Edinburgh, 1902, pp. 193-194.

ook inderhaas die wyk neem voor die burgers wat op Christiaan de Wet se be= vel die vlugtende Britte agterna gesit het.

c) Slotsom

Vir die Britte was die verlies by Sannaspost 'n gevoelige terugslag,[65] ter= wyl die eer van die oorwinning onteenseglik Christiaan de Wet toekom.

Wat bedoel was as 'n verrassingsaanval op 'n klein vyandelike garnisoen, het uiteindelik 'n verrassing geword vir sowel Christiaan de Wet as Broad= wood. Deur kalm te bly en sy taktiek by die veranderde omstandighede aan te pas, het hy in sy oorspronklike doel geslaag, nl. om in beheer van die water= werke te kom. Op die koop toe het hy 'n afdeling van Roberts met voelbare verlies op die vlug gejaag. Hierdie oorwinning het 'n heel belangrike uitwerking gehad:

(a) Anders as vóór die val van Bloemfontein was die burgers met die eerste groot botsing ná 13 Maart meer gemotiveerd en gedissiplineerd. De Wet se strenger militêre houding het bepaald baie hiermee te make.

(b) Die geveg het die verskil tussen die Britse leërleiding en dié van De Wet duidelik onderstreep. De Wet met 'n besliste vooropgestelde strategie die stryd hervat. Die Britte hierteen= oor het nie 'n vooropgestelde krygsplan gehad in die tydperk 13 Maart - 30 April 1900 nie. Trouens,Broadwood was voor die geveg duidelik lugtig om met sterk teenstand te doen te kry. Om hierdie rede het hy genl. Olivier se groot mag sover moont= lik probeer vermy. Sy vrees vir Olivier se mag het hom nie alleen aan lord Roberts in Bloemfontein laat weet dat hy Thaba Nchu gaan verlaat nie[66] sodat versterkings gestuur kon

---

65) Amery: op.cit., IV, p. 44 en voetnoot stel die Britse verlies op 159 gedood en 421 gevang, terwyl sewe kanonne en drie-en-tagtig waens in De Wet se hande geval het.

66) Volgens Amery: op.cit., IV, p. 33 het Broadwood op 30 Maart vir Roberts van sy planne laat weet. Aanvanklik het Broadwood Israelspoort 19 km verder in gedagte gehad waar hy goeie skuiling sou hê, maar 'n gebrek aan water. Hy sou ook te ver van hulp wees,en daarom het hy vervol= gens op Sannaspost besluit.

word nie, maar hy het selfs in die nag getrek om by die garnisoen te kom. Dit moet duidelik gestel word dat dit gedurende die eerste fase van die oorlog nie 'n algemene gebruik van die Britse mag was om gedurende die nag te trek nie. By Sannaspost aangekom,was Broadwood tevrede dat hy Olivier ontglip het. Broadwood het dus nie krygsplanne gehad nie, omdat hy nie 'n aanval verwag het nie.

(c) De Wet se oorwinning het ook aan Roberts getoon dat die oorlog in die Vrystaat nog glad nie oor was nie.

(d) Sannaspost was die eerste in 'n reeks briljante De-Wet-verrassingsaanvalle wat in sy guns geëindig het.[67)]

(e) Die gebrek aan kommunikasie tussen die Britse leiers, hulle oënskynlike planloosheid en veral lord Roberts se onvermoë om sy vinger op die pols te hou was 'n belangrike faktor tot genl. De Wet se sukses by Sannaspost. Hierdie sukses het De Wet aangespoor om die gebrek in die Britse leërleiding verder uit te buit en moes Roberts se beplande aanmars na Pretoria telkens uitgestel word.

## III.5 MOSTERTSHOEK; 3 - 4 APRIL 1900

### a) Aanloop

De Wet het baie moeite ondervind om weer orde te skep uit die "warreboel"[68)] wat ná die geveg by Sannaspost geheers het: die groot aantal gewondes wat ver=

---

67) Behalwe vir die res van sy burgers in die rante, het De Wet geen ander hulp tydens die geveg by Sannaspost gekry nie. Generaal Olivier het wel die skote gedurende die oggend gehoor, maar om 'n onverklaarbare rede eers na die geveg op die toneel verskyn. Sy verskoning was dat hy "niet in staat waren geweest eerder daar te komen". (De Wet: op.cit., p. 102). Aangesien Olivier se mag ook uit Thaba Nchu se rigting gekom het, het Piet de Wet amper op hulle geskiet aangesien hy hulle aanvanklik vir nog 'n deel van die Britse mag gesien het (Amery: op.cit., IV, p. 46).

68) De Wet: op. cit., p. 100.

pleeg moes word, die dooies wat begrawe moes word, die versameling van die buit en die bymekaarmaak van sy eie verspreide burgers. Teen die aand na die geveg was die orde herstel en kon hy die bevel aan genls. Piet de Wet en A. P. Cronje opdra, waarna hy met drie lede van sy staf op 'n verken=ningstog in die rigting van Dewetsdorp gedurende die nag vertrek het.[69] Behalwe die voorgenome verkenningswerk, wou hy ook die Boere in die Dewets=dorp-distrik gaan opkommandeer.[70]

Vroeg die volgende oggend 1 April, het hy met hierdie doel voor oë op die plaas Sterkfontein, halfpad tussen Sannaspost en Dewetsdorp afgesaal. Hy was nou ongeveer vyftig kilometer van sy burgermag. Die feit dat hy ge=durende die nag taamlik moes aangestoot het om hierdie afstand in die donker te kon aflê, is insiggewend want 'n ander merkwaardige eienskap, naamlik sy vermoë om met min slaap klaar te kom word hierdeur blootgelê. Hierdie af=stand is afgelê na 'n vorige dag se harde veg en reëlings waartydens De Wet die sentrale figuur was en 'n voorafgaande nag se spanningsvolle trek waarty=dens hy ook geen slaap gehad het nie! 'n Gebrek aan rus het De Wet egter nooit tam gemaak nie. Inteendeel, die meeste van sy planne vir die volgende dag is gedurende die voorafgaande nag in die fynste detail uitgewerk terwyl sy burgers geslaap het. Dit was die geval in die nag voor die val van Bloem=fontein[71] en voor die slag van Sannaspost.[72]

---

69) Die vertrek van Christiaan de Wet het nie beteken dat alles afgehandel was by Sannaspost nie, want tot 1 April het gevegte nog rondom Sannas=post plaasgevind (Amery: op.cit., IV, pp. 48 - 49). Die gevegte was bedoel om die waterwerke van die Boere terug te wen. Die Boere het egter soveel weerstand gebied dat Roberts verplig was om alle soldate op 2 April terug te roep. Hierna is voorlopig van die waterwerke afgesien met die gevolg dat Bloemfontein van sy watertoevoer afgesny was. Dit het bygedra tot die uitbreek van 'n ernstige maagkoers=epidemie onder die inwoners van en soldate in die stad.

70) Vir die doel het hy onder andere komdt. Fourie huis toe gestuur om so=veel as moontlik Boere te gaan opkommandeer (vgl. Preller-versameling, Band 51, p. 656: Vertaalde verslag De Wet oor Mostertshoek, 9/4/1900). In die omgewing van Dewetsdorp lê die dorpe Wepener en Smithfield. Die grootste deel van laasgenoemde twee dorpe se burgers het juis nie op 25 Maart by Sandrivier opgedaag nie, sodat daar heelwat burgers op die plase was in die omgewing van Dewetsdorp. Dit is juis hierdie burgers wat De Wet wou gaan opkommandeer.

71) Vergelyk p.60 hierbo.

72) Vergelyk p.70 hierbo.

Nadat De Wet in die voormiddag vir 'n kort tydjie op Sterkfontein afgesaal het om sy verlore slaap in te haal, het hy in die middag na sy eie en sy vader se vroeëre plaas Nuwejaarsfontein vertrek. Onderweg hierheen het hy by Boereplase aangedoen om burgers te werf vir die voortsetting van die stryd. Hierin was hy suksesvol, want toe hy teen 17h00 op Nuwejaarsfon=tein[73] verneem dat 'n Britse kolonne[74] Dewetsdorp binnegetrek het, het hy hierdie burgers wat reeds weer aangesluit het, in alle rigtings uitgestuur om alle Boere in die omgewing te gaan opkommandeer. Aan sy broer by Sannas=post het hy ook dadelik laat weet om 2 000 burgers[75] onder genls. J. B. Wes=sels, C. C. Froneman en De Villiers met drie kanonne[76] in alle haas na hom te stuur. Hierdie stappe was nodig om die Britte by Dewetsdorp en die groot mag by Wepener waarvan De Wet ook kennis gedra het,[77] aan te val. Met die opkommandering het dit voorspoedig gegaan, want later die aand het De Wet ongeveer 100 burgers[78] by hom gehad. Ongelukkig was hulle op daardie

---

73) De Wet: op.cit., p. 104 gee voor dat hy van die Britte in Dewetsdorp teen 12h00 gehoor het, terwyl hy op Sterkfontein was. Dit klink on=waarskynlik om twee redes: a) Ná ontvangs van die boodskap het hy manskappe (De Wet: op.cit., p. 104), uitgestuur, terwyl hy slegs drie offisiere met hom saamgebring het. Sy doel was ook om Boere weer op te kommandeer, maar hy sou dit sekerlik nie gedurende die nag gedoen het onderweg na Dewetsdorp nie. Dit is duidelik dat hy op Sterkfon=tein gebly het tot 12h00 om uit te rus. In hierdie tyd kon hy dus ook nie die Boere waarvan hy praat opgekommandeer het nie.
b) Aangesien sy boek ná die oorlog geskryf is en hy toe op sy geheue moes staatmaak, kon hy maklik 'n fout begaan het, soos wat hy wel foute gemaak het. Nuwejaarsfontein lyk dus na die waarskynlike plek waar hy die boodskap gekry het, omdat hy hierdie plaas self aandui as die plek vyf dae na die geveg by Mostertshoek (Preller-versameling, Band 51, p. 656: Vertaalde verslag van De Wet oor geveg Mostertshoek, 9/4/1900).

74) Hierdie kolonne het bestaan uit 400 manskappe en is saamgestel uit die Royal Irish Rifles se berede en voetsoldate en die Northcumberland Fusiliers onder kapt. McWhinnie. Hulle is deur genl. Gatacre vooruit=gestuur vanaf Smithfield na Dewetsdorp (Amery: op.cit., IV, p. 81.).

75) Preller-versameling, Band 51, p. 658: Vertaalde verslag De Wet oor Mostertshoek, 9/4/1900. De Wet: op.cit., p. 104, gee voor dat hy 1 500 man aangevra het.

76) De Wet: op.cit., p. 104.

77) Preller-versameling, Band 51, p. 656: Vertaalde verslag De Wet oor Mostertshoek, 9/4/1900.

78) Ibid. gee die getal as 100 aan, terwyl De Wet: op. cit., p. 104, van 110 melding maak.

stadium nie van veel nut nie. 'n Groot aantal was sonder gewere, terwyl ander wel gewere maar baie min of geen ammunisie gehad het nie. Hy kon dus nie tot die aanval oorgaan nie,maar moes eers wag vir die versterkings. Die burgers is wel gebruik om te verken. Sodoende het hy die vyand onbewus laat dophou en is hy ingelig dat die mag by Dewetsdorp op 2 April die dorp verlaat het, in die rigting van Reddersburg opruk[79] 800 man sterk is en oor twee meksimkanonne beskik. Laasgenoemde inligting was egter foutief.[80]

Daarop het hy die aankomende Boere-generaals laat weet om nie meer na Dewets=dorp te gaan nie, maar ook na Reddersburg. Die opdrag het slegs genls. Froneman en De Villiers bereik, en nie vir genl. Wessels nie.[81] Laasgenoemde was ook reeds te ver van koers af en het onbewus van die verandering in De Wet se planne, voortgetrek na Dewetsdorp. Froneman met 700 man en drie Krupp-kanonne, het hom egter dadelik na De Wet gehaas met die burgers wat nog kans gesien het om verder te gaan ná die strawwe trek vanaf Sannaspost.[82] Hy het noodgedwonge toegelaat dat burgers wie se perde te uitgeput was, stadig agterna kom. Die kanonne kon ook nie vinnig beweeg word nie en moes ook later bykom. Van die burgers wat aanvanklik bereid was om verder te gaan, het ook langs die pad agtergebly. Hierdie burgers het tydens die geveg streep-streep by De Wet aangesluit.

---

79) Roberts is ná Sannaspost gedwing om versigtiger op te tree, veral toe hy verneem dat De Wet suidwaarts getrek het. Om hierdie rede het hy genl. Gatacre beveel om die klein Britse mag by Dewetsdorp terug te roep na Reddersburg waar hulle naby die spoorlyn sou wees. Versterk=ings kon dus maklik gestuur word indien dit nodig sou wees. Die op=drag van Gatacre het McWinnie laat die nag van 1 April bereik. Aange=sien die Britte toe nog nie snags getrek het tensy hulle onder druk ge=plaas was nie, het die terugtrekking vroeg die oggend van 2 April ge=skied. Sien Amery: op.cit., IV, p. 51, vir Gatacre se opdrag aan Mc=Winnie en Creswicke: op.cit., V, p. 17 vir die Britse beweging by Reddersburg.

80) Preller-versameling: Band 51, p. 656: Verslag De Wet oor Mostertshoek, 9/4/1900. Die inligting wat De Wet van die burgers, wat geen goeie verkenners was nie, gekry het, was foutief. Die mag was maar sowat 400 man sterk en het geen kanonne gehad nie ( Amery: op.cit., IV, p. 53.).

81) De Wet: op.cit., p. 106. Amery: op.cit., p. 52 beweer weer dat Wessels wel die boodskap gekry het, maar nie De Villiers nie. Generaal Frone=man het eers die middag van 2 April van Sannaspost weggetrek. Aange=sien die boodskap die oggend gestuur is, verklaar dit waarom hy in elk geval direk na De Wet vertrek het. Aangesien genl. De Villiers wel aan die geveg deelgeneem het nadat hy saam met Froneman by genl. De Wet aan=gekom het, moet Amery foutief wees.

82) De Wet: op.cit., p. 107.

Generaal De Wet het besluit om ondertussen met sy ongewapende mag die vyand te agtervolg en nie sy versterkings tegemoet te ry nie. Die doel was nie om in 'n geveg betrokke te raak nie, maar om binne afstand van die vyand te bly en 'n oog oor hulle te hou. Sodoende kon hy hulle beweging dophou en moontlik hulle planne agterkom sonder dat hulle van sy teenwoordigheid bewus is. Terselfdertyd kon hy ook verhoed dat sy versterkings se roete dalk op 'n ongeleë tydstip met die van sy vyand kruis.

McWinnie het wel 'n redelike voorsprong op De Wet gehad, maar om twee redes is hy stelselmatig ingehaal: Hy was nie haastig nie want hy het nie geweet dat gevaar so naby aan hom was nie. Die tweede en waarskynlik belangrikste rede was dat drie van die vyf kompanies waaruit McWinnie se mag bestaan het, gehawende en uitgeputte voetsoldate was. Hy kon dus nie so vinnig vorder op die ongebaande weg na Reddersburg nie. Die gevolg was dat De Wet en McWinnie op 2 April feitlik urelank langs mekaar aan weerskante van berge getrek het sonder dat laasgenoemde onraad gemerk het!

Dié nag het hy by Oorlogspoort [83] waar die Britte kamp opgeslaan het, verby= getrek en 'n uur daarvandaan op die plaas Schanskopjes[84] aan die Kafferrivier afgesaal. Hierdie beweging is nie uitgevoer om in te pas by sy strategie nie. Hy kon tewens nog geen vaste krygsplanne gehad het nie, aangesien hy op die tydstip nog nie geweet het wanneer sy gewapende mag sal opdaag nie.[85] Dit het De Wet waarskynlik bekommer, want die vyand is intussen toegelaat om nader aan Reddersburg en dus die spoorlyn te trek. Dit het derhalwe dringend noodsaaklik geword om hulle te verhoed om Reddersburg die volgende dag binne te marsjeer. Om hierdie rede het De Wet teen 04h00 op 3 April aan sy op= rukkende generaals laat weet om onverpoosd na hom te kom. Diegene wat nie kon byhou nie, moes agtergelaat word.[86] Met 'n klein klompie goed gewapende burgers het hy gemeen om die knoop deur te haak. Teen 07h00 het Froneman met ongeveer 200 burgers by Schanskopjes opgedaag.[87]

83) Preller-versameling, Band 51, p. 656: Vertaalde verslag van De Wet,9/4/1900.

84) De Wet: op.cit., p. 106.

85) Preller-versameling, Band 51, p. 656: Vertaalde verslag van De Wet, 9/4/1900.

86) De Wet: op.cit., p. 106.

87) Preller-versameling, Band 51, p. 656: Vertaalde verslag van De Wet, 9/4/1900.

Om verstaanbare redes wou Froneman dat sy burgers en perde eers rus, voordat De Wet sy plan, om die vyand op die rante tussen Muishondfontein en Mosterts= hoek van Reddersburg af sny, uitvoer. Hierdie rante is gekies omdat hulle uitstekende stellings gebied het.[88] Hy het besef dat die plan nie kon slaag indien die vyand toegelaat word om veel verder te trek nie. In plaas van Froneman se versoek toe te staan, het De Wet beveel om dadelik "met alle macht voort, (te gaan) en achter(te)laten, die niet bijblijven konden".[89]

Uit hierdie opdrag is dit duidelik dat De Wet nie alleen self onvermoeid was nie, maar dit ook van sy burgers verwag het. Dit was veral so wanneer hy 'n doel voor oë gehad het en dit ten alle koste wou bereik. Gelukkig was daar in sulke tye getroue offisiere soos onder andere Froneman wat met sy growwe stem aan sy burgers die opdrag gegee het: "komt aan, Burgers".[90]

De Wet kon dus op sy doelwit afjaag, al met 'n rant langs verby die vyand sonder om gesien te word. Toe die doel in sig was, het De Wet tot sy teleur= stelling gesien dat die Engelse voorhoede ook die rante in gedagte het en nader as hy daaraan was. Hy self was nog sowat agt kilometer daarvandaan en kon dit dus nie ongesiens voor die vyand bereik nie.[91] Soos in die geval van Sannaspost het die verrassing vereis dat De Wet haastig ander planne moes maak. Vir die vyand was die Boere se onverwagte teenwoordigheid sekerlik ook 'n verrassing. Voordat hulle egter tot verhaal kon kom, het De Wet se vermoë om 'n verrassing vir die vyand in 'n verwarring vir hulle te omskep, weer duidelik geblyk. Hy het dadelik die situasie opgesom en sy taktiek verander deur binne sig verby die Britte te jaag. By Mostertshoek, ongeveer 'n halfuur te perd van Reddersburg af[92] het hy die Britte se weg versper deur sy kommando in drie groepe op die rante te laat stelling inneem: Generaal De Villiers wat intussen ook by De Wet aangesluit het, is beveel om die westelike rante te beset, genl. Froneman met 'n deel van sy burgers het posisie ingeneem op koppies ten ooste van hierdie rante, terwyl De Wet en

---

88) De Wet: op.cit., p. 107.

89) Ibid.

90) Aangehaal by Ibid.

91) De Wet: op.cit., p. 107

92) Preller-versameling, Band 51, p. 656: Vertaalde verslag van De Wet, 9/4/1900.

komdt. Nel stelling ingeneem het op 'n koppie suidoos van die vyand.[93] De Villiers het dadelik na sy aangewese stellings vertrek, maar De Wet het Froneman se kommando vereers nie verdeel nie.

McWinnie het persoonlik vir die eerste keer van die Boere se teenwoordigheid bewus geword toe hy merk dat genl. De Villiers se groep die rantjies bestorm. Hy het gevolglik sy berede artillerie en die voetsoldate beveel om onder=skeidelik ook die westelike en oostelike rante te gaan inneem.[94]

b) Die geveg

Ofskoon dit oorlog was, het Christiaan de Wet nooit sonder meer menselewens op die spel geplaas nie. Soos in die gevalle van Swavelkranz en Sannaspost asook tydens veldslae hierna, is die bevelvoerder eers versoek om oor te gee. Terwyl Froneman se kommando gereed gemaak het om na hulle aangewese stellings te vertrek, het De Wet aan kapt. McWinnie die keuse gestel om oor te gee, aangesien hy 500 man by hom het, nog burgers verwag en oor drie Krupp-kanonne beskik.[95]

As goeie soldaat wie se eer op die spel was, het McWinnie nie aan die versoek voldoen nie. Terwyl De Wet se boodskapper teen ongeveer 11h00 die antwoord ter gneem, het die vyand op hom begin vuur sodat dit "alle verstand te boven gaat hoe de man ongedeerd uitkwam".[96] Nadat die antwoord genl. De Wet bereik en die vyand op sowel genl. De Villiers as De Wet begin vuur het, het hy die Froneman-kommando verdeel. Onder hewige vuur van die Britte is die aangewese stellings bestorm en na strawwe teenstand ingeneem. Vir die res van die dag het Boer en Brit mekaar vanuit hulle afsonderlike stellings bestook sonder dat die een die oorhand oor die ander kon kry. Teen sonsondergang het 'n verdere twee kanonne en 200 burgers by die vegtende Boere aangesluit.[97]

Toe dit reeds baie donker was, is die vuur gestaak. De Wet het hierna die vyand laat omsingel aangesien sy mag nou groter was en sy kanonne meer. Deur hierdie taktiek kon die Engelse verhoed word om te ontsnap en

93) De Wet: op.cit., p. 108. Kommandant Nel is dieselfde persoon wat saam met genl. De Wet en komdt. Fourie die waens by Koornspruit (Sannaspost) ingewag het (sien p. 74 hierbo).

94) Amery: op.cit., IV, p. 52.

95) Ibid. en Preller-versameling, Band 51, p. 656: Vertaalde verslag van De Wet, 9/4/1900.

96) De Wet: op.cit., p. 108.

97) Preller-versameling, Band 51, p. 656: Vertaalde verslag De Wet, 9/4/1900.

was hulle van water afgesny, ofskoon hulle wel 'n voorraad in waterkarre gehad het. Hy het egter geweet dat die voorraad nie baie lank kon hou nie en dan sou die gebrek aan water die beslissende faktor word. Dit was dan ook die geval.

Verkenners is ook gedurende die nag tot naby Reddersburg gestuur om die gerug dat versterkings vir die Britte onderweg was te gaan ondersoek.[98] Die nuus wat hulle gebring het, het die gerug bevestig.[99] Die enigste hoop op sukses was dus om die Britte met dagbreek te verplig om oor te gee voordat hulle hulp kon opdaag.

Met die eerste ligstrale is die geveg hervat met 'n veel groter burgermag as die vorige dag, aangesien daar gedurende die nag nog steeds burgers aan=gesluit het wat die vorige nag die pas nie kon volhou nie. Hierdeur het die kommandosterkte gegroei tot 800 man.[100]

Tot ongeveer 09h30 het die Britte weerstand gebied, waarna hulle moes swig voor 'n Boerekommando wat deur De Wet geïnspireer was om sy krygsbeginsel tot die letter toe te pas, naamlik: "rad in het vechten, rad in het verkennen, rad (als het nodig was) in het vluchten".[101]

By Mostertshoek was dit egter nie nodig om te vlug nie. Die oorgawe van die Britte was in sig toe die berede artillerie wat op die westelike deel met De Villiers in botsing was, die witvlag opgesteek het. Die burgers het hierop van alle kante op hulle aangestorm om hulle te ontwapen.[102] Die Britte op die oostelike deel het egter, ongeag die witvlag, op die aanstormende Boere losgetrek.[103]

---

98) De Wet: op.cit., pp. 108 en 110.

99) Sowel lord Roberts as genl. Gatacre het versterkings vir McWinnie ge=stuur. Vir die verskillende afdelings wat hierby betrokke was, kan Amery: op.cit., IV, p. 53, geraadpleeg word.

100) De Wet: op.cit., p. 110.

101) Ibid, p. 112 vn. 1. Hierdie beginsel vat sy krygstaktiek tydens die Vryheidstryd in 'n neutedop saam.

102) Preller-versameling, Band 51, p. 656: Vertaalde verslag van De Wet, 9/4/1900.

103) In die proses is asst.-veldkornet Du Plessis van Kroonstad en ene Van Wyk van Valsrivier doodgeskiet (Ibid.). De Wet: op. cit., p. 110 noem egter net Du Plessis se naam.

Hierdie daad van die Britte[104] het 'n geweldige uitwerking op die burgers gehad. In plaas van vuur te staak, het die burgers die vyand so kwaai bestook dat daar byna agter elke klip daarna 'n witvlag opgesteek is! Dit het egter geen indruk op die verontwaardige Boere gemaak nie. Hulle het voortgeskiet op so 'n wyse dat De Wet baie moeite ondervind het om hulle tot bedaring te bring en hulle selfs moes dwing om op te hou skiet.[105]

Nadat die gemoedere uiteindelik gekalmeer was, kon die groot getal Britse dooies en gewondes[106] versorg word. Verder is 459 soldate gevangegeneem en het die Boere verskeie osseweens, skotskarre en 100 perde gebuit.[107] Aan Boerekant was die verliese baie gering.

---

104) Tydens 3 en 4 April se gevegte by Mostertshoek het hierdie Britte ook misbruik gemaak van die Rooikruisvlag. Toe De Wet sien dat dit 'n bluf is, het hy later op hierdie vlag laat vuur. Die misbruiking van die witvlag as lokval was taamlik algemeen in veral die vroeë stadium van die oorlog, deur sowel Boer en Brit. Talle voorbeelde in hierdie verband kom voor. Sien Van den Heever: op.cit., pp. 85-87 . Die wyse waarop van die witvlag gebruik gemaak is by Mostertshoek, het egter 'n ander kleur. Dit was nie deur die Engelse bedoel as lokval nie. Selfs die Engelse op die oostelike rante kon die vlag sien - tewens die witvlag "was in their direction" (Preller-versameling, Band 51, p. 656: vertaalde verslag van De Wet, 9/4/1900). Hierdie optrede moet as laakbaar beskou word, en tog is daar verskeie skrywers oor die Tweede Vryheidstryd wat die optrede van die Britte by Mostertshoek probeer regverdig. Sien in die verband onder andere Amery: op.cit., IV, p. 83, en veral Doyle: The Great Boer War, pp. 386 - 387). Genl. De Wet het om verstaanbare redes nie gelukkig gevoel oor die gebeure nie en het pres. Steyn hiervan laat weet. In 'n telegram aan lord Roberts op 10 April 1900 het Steyn amptelik protes aangeteken oor die misbruik van die witvlag (Fischer-versameling: tel. Steyn-Roberts, 10/4/1900). Op 12 April het Roberts in die verband geantwoord: "I cannot, however, believe that British soldiers can have acted on this or any other occasion in a treacherous or cowardly manner" (Fischer-versameling: Tel. Roberts - Steyn, 12/3/1900).

105) De Wet: op.cit., p. 110.

106) Tien soldate is gedood en sewe-en-dertig gewond (Amery: op.cit., IV, p. 83). Kaptein McWinnie het ook tydens die Boere se laaste verwoede snelvuur gesneuwel.

107) Preller-versameling, Band 51, p. 656: Vertaalde verslag De Wet, 9/4/1900.

c) Slotsom

Op 'n buitengewone krygsraadvergadering op 2 April te Kroonstad het pres. Steyn na aanleiding van Sannaspost verklaar dat die Vrystaat onder De Wet se leiding 'n heeltemal ander vegswyse begin het.[108)] Twee dae later het De Wet hierdie stelling weer bewys op so 'n wyse dat Doyle die beskryf as 'n "even more deplorable disaster" [109)] as Sannaspost. Roberts se beplande winteroffensief is hierdeur nie alleen verder vertraag nie, maar sy voorspelling dat die sametrekking van burgers tussen Brandfort en Thaba Nchu en die geveg by Sannaspost dit vir die Boere moontlik gaan maak om vrye toe= gang tot die suidoostelike distrikte te kry,[110)] is bewaarheid.

Die gevolg was dat Roberts sy aanmars na Brandfort tot 6 April moes uitstel, sodat hy eers aandag aan De Wet kon gee. De Wet moes om twee redes gestuit word:

a) Hy het 'n gevaar geword vir die suidelike spoorverbinding wat die voedingsaar was van troepe en voorrade uit die suide. Besettingstroepe is gevolglik uit Helvetia, Smithfield, Rouxville en Zastron onttrek en al langs die spoorlyn en die Oranjerivier geplaas. Boere in bogenoemde distrikte is hierna aan hulle eie lot oorgelaat, met die gevolg dat Roberts hom nie aan sy beloftes van beskerming kon hou nie. Baie Boere het om hierdie rede daarna weer by die kommando's aangesluit.

b) De Wet het nou 'n wesentlike gevaar vir Roberts geword. Die vrees het veral by Roberts bestaan dat De Wet vervolgens na die Kaapkolonie sou gaan. Dit sou fataal vir sy planne met betrekking tot Pretoria wees. Lord Kitchener is daarom gestuur om persoonlik te gaan toesien dat die gar= soene by die brûe oor die Oranjerivier en veral die by Bethulie en Norvaalspont op hulle hoede is.[111)]

---

108) F. Rompel: Präsident Steyn, München, s.j., p. 91.

109) Doyle: The Great Boer War, p. 386.

110) Cd. 457, S. A. Despatches,I,p.39. Roberts - Secr. of War, 21/5/1900.

111) Amery: op.cit., IV, p. 55.

De Wet was egter nie van plan om na die Kolonie te gaan nie. Nadat hy die Britte nog eens 'n gevoelige verlies by Mostertshoek toegedien het,[112] was hy in staat om sy ongewapende burgers van die nodige te voorsien, waar= na hy hom na Aliwal-Noord gehaas het. Van die krygsgevangenes het hy ver= neem dat aan 'n garnisoen by Smithfield getelegrafeer is om ter wille van hulle veiligheid na Aliwal-Noord terug te trek. Sy doel was nou om hierdie gar= nisoen tot oorgawe te dwing voordat hulle kon ontvlug.[113]

## III.6 DIE BELEG BY JAMMERBERG NABY WEPENER[114]

### a) Die situasie

Soos in die geval van Sannaspost, het De Wet nie self die afrondingswerk by Mostertshoek gedoen nie. Dit is aan genl. Froneman opgedra.

Met die oog op sy verdere strategie, is die burgers by hom in twee groepe inge= deel: i) 'n Kommando van 800 man is onder genl. Froneman se bevel geplaas en beveel om sonder versuim die garnisoen by Smithfield aan te val.[115] ii) Die res van die burgers het De Wet met hom saamgeneem om eers na genl. Wessels te gaan soek. Dit het beteken dat hy ooswaarts moes gaan. Op 6 April het dit hom geluk om Wessels, wat van Dewetsdorp na Wepener onderweg was, by Daspoort[116] te vind. Aangesien daar by Wepener 'n heel sterk Britse

---

112) Lord Roberts het die skuld vir Mostertshoek voor genl. Gatacre se deur gelê, omdat hy 'n swak afdeling na Dewetsdorp sou gestuur het (vgl. Cd. 457. S. A. Despatches I, p. 39: Roberts - Secr. of War, 21/5/1900). Generaal Gatacre het 'n skitterende militêre loopbaan tot voor die Tweede Vryheidstryd gehad. (Besonderhede oor sy prestasies in Cres= wicke: op.cit., VI, pp. 165 - 166). Hy is verantwoordelik gehou vir die Britse mislukkings by Stormberg (vir detail sien J. Meintjies: Stormberg, a lost opportunity. Cape Town, 1969, veral pp. 81-103) en Mostertshoek. Roberts het hierna geen dunk meer van hom gehad nie en is hy na Engeland teruggestuur waar kollegas groot simpatie met hom gehad het.

113) De Wet: op.cit., p. 112.

114) Sien Amery: op.cit.,IV, pp. 56 - 66 vir besonderhede.

115) De Wet: op.cit., p. 114.

116) Daspoort is noord van Wepener en ongeveer sestien kilometer van Jammer= bergdrif in die Caledonrivier (Ibid.).

mag was,[117] het genl. De Wet besluit om nou met sy deur genl. Wessels ver= sterkte kommando na Wepener deur te druk.

Die belangstelling in Wepener was veral daarin geleë dat die grootste deel van die Britse mag behoort het aan die Colonial Division. Elke burger was besiel met die begeerte om die afdelings van hierdie divisie, naamlik Cape Mounted Rifles en Brabant's Horse gevange te neem wat, so is verkeerdelik gereken, net uit Koloniale Afrikaners bestaan het. Vir hierdie Afrikaners wat nie ter wille van 'n beginsel nie, maar om 'n soldy teen mede-Afrikaners geveg het, het De Wet geen gevoel gehad nie. Teenoor diesulkes, soos ook teenoor Vrystaatse renegate later in die oorlog, was hy onverbiddelik. Daarom wou hy hierdie Afrikaners by Wepener straf soos Kaïn gestraf is - snel, onverbiddelik.[118]

---

117) Op 24 Maart 1900 is 'n afdeling afgedeel uit die Colonial Division by Aliwal-Noord. Die afdeling is na Wepener gestuur om 'n sekere kapt. Goddard te help met die insameling van wapens en uitdeel van proklama= sies onder die boere. Die bedrywighede van veral burgers wat vroeër saam met genl. Olivier rondom Ladybrand opgetree het, het dit nodig gemaak dat versterkings aangevra word. Op 29 Maart het die eerste versterkings opgedaag en op 30 Maart 'n kompanie van die Royal Scot's M.I. en een onder majoor C. Maxwell. Dit was gou duidelik dat die garnisoen meer met die burgers op kommando as met die burgers op die plase te doen gaan kry. Verdere versterkings is aangevra. Tot en met 4 April het die garnisoen gegroei totdat hulle 1 850 man sterk was. Hulle het verder oor sewe kanonne en ses Maxims beskik. Majoor Maxwell wat die bevel oorgeneem het, het intussen die vyand daagliks laat ver= ken. Die berigte wat hom bereik het, het hom oortuig dat sy mag hom in geskikte stellings moet ingrawe. Daar hy van plan was om Wepener te behou, het hy sy mag aanvanklik laat ingrawe aan die suidekant van die brug oor die Caledonrivier by Jammerbergdrif. Later het hy die rivier laat oorsteek en sy mag beter stellings laat inneem op 'n onge= veer nege kilometer lange reeks rantjies noord van die drif. Alle voorsorgmaatreëls is getref teen 'n moontlike Boere-aanval. Die enigste swakplek in die verdediging sou op die suidwestelike punt wees. Op 5 April het luit. kol. E. H. Dalgety in Wepener aangekom en kort daarna na die stellings vertrek. Al die soldate wat nog in Wepener was, is ook saamgeneem en in die stellings geplaas. Vir die plasing van die troepe sien Amery: op.cit., IV, p. 58 . Dalgety het hierop die bevel oorgeneem by Maxwell en sy mag op 'n gereedheids= grondslag geplaas (Cd. 457. S. A. Despatches, I, p. 39: Roberts - Secr. of War, 21/5/1900).

118) De Wet: op. cit., p. 116.

Om met hierdie mag in die rantjies noord van Jammerbergdrif te kon afreken, het De Wet verkenners na Bloemfontein en Reddersburg gestuur om seker te maak dat Roberts nie 'n ontsettingsmag stuur nie, terwyl die kommando's van genls. Piet de Wet en A. P. Cronje wat nog steeds by Sannaspost was, oos en suidoos van die hoofstad geplaas is,[119)] om die distrikte van Thaba Nchu en Sannaspost te beskerm[120)] met sowat 2 000 burgers, sewe kanonne en 'n aan= tal pom-poms het Christiaan de Wet na Wepener opgetrek.[121)]

Aangesien die vyand bewus was van Christiaan de Wet se koms, het hulle hulle in uitstekende stellings ingegrawe by Jammerberg.[122)] Sy gewone verrassings= aanval kon dus nie hier toegepas word nie. Dit het hom voor 'n probleem geplaas sodat hy vir die eerste en enigste keer in die oorlog getwyfel het oor wat hom te doen staan. Daar was vir hom slegs drie weë oop: om te wag en te kyk of die vyand nie hulle stellings verlaat nie, hulle trompop te loop of te beleër.

b) De Wet besluit op beleëring

Om verstaanbare redes was die vyand nie van plan om hulle uitstekende stellings te verlaat nie. Gevolglik het De Wet die tweede moontlikheid beproef. Vroeg die oggend van 7 April het hy hulle swakste punte, die suidwestelike en die suidoostelike, aangeval. Hy kon nie nader as 500 - 1 500 treë van die vyand vorder nie aangesien daar nie dekking was nie.[123)] Hy het dus van die tweede moontlikheid afgesien omdat dit selfmoord sou beteken.

De Wet was nou verplig om die vyand te beleër. Nadat genl. Froneman onverrigtersake teruggekeer het uit Smithfield en verskeie burgers uit die omgewing weer by hom aangesluit het, het hy daarin geslaag om die Britte geheel en al in te sluit. Teen 9 April was die burgers soos volg versprei: genl. Wessels se kommando was in die suide en suidooste tussen Jammerbergdrif en Wepener, De Villiers was in die weste, genl. Olivier wat die laaste was om by De Wet aan te kom, was op die noordelike punt en Haasbroek in die ooste.[124)]

---

119) Ibid., pp. 114 en 116.
120) Amery: op.cit., IV, p. 59.
121) Ibid.
122) Vergelyk vn. 117, p. 90.
123) De Wet: op.cit., p. 116.
124) Amery: op.cit., IV, p. 59.

Die Boere het nooit 'n gesamentlike aanval op die Britte gedoen nie, maar het afsonderlik met die vyand op die verskillende punte gebots. Weliswaar het die hewigste gevegte aan die begin van die beleëring plaasgevind en wel op 9 en 10 April. Die meeste gevegte het op die smal westelike front voorgekom. Hierna is die gevegte oor 'n wye front gevoer en het die Boere gedurig van stelling verander in 'n poging om deur te breek. Vanaf die aand van 12 April tot 15 April het dit boonop feitlik onafgebroke gereën, sodat die toestande baie moeilik was. Ten spyte van die reën is die gevegte egter voortgesit. Die Boere kon egter nooit daarin slaag om op enige punt grond te wen nie.

Toe die Boere teen 24 April nog geen noemenswaardige vordering getoon het nie en hulle ammunisievoorraad taamlik uitgeput was, het genl. De Wet op dié datum met 'n laaste poging probeer om die vyand uit hulle stellings te ver= dryf. Op die noordelike punt, by die Jammerbergdrif en op die suidelike punt is verwoede aanvalle geloods. Die Britte se ammunisievoorraad was uitgeput en hulle het ook moeilike dae geken in hulle loopgraafstellings, maar nog steeds was hulle nie van plan om die aftog te blaas nie. Generaal De Wet het besef dat dit nodeloos was om langer met die beleg voort te gaan. Op 25 April het hy gevolglik sy mag bymekaar gemaak en na die onsuksesvolle beleg van sestien dae afgesien.[125]

c) Betekenis

Die beleg was wel nie so uitgerek en omvangryk as in die geval van Ladysmith, Kimberley en Mafeking aan die begin van die oorlog nie. In die geval van so 'n klein dorpie soos Wepener, wat relatief geen betekenis gehad het nie, was dit beslis tydmors. Dit is onverklaarbaar waarom De Wet, wat tot op hierdie stadium bewys het dat hy oor militêre aanvoeling en insig beskik, toegelaat het dat soveel kosbare tyd aan die beleg bestee is. Dit het aan Roberts die geleentheid gegun om sy planne dus agtermekaar te kry om so= doende weer offensief op te tree. Hierdie planne was ná Sannaspost en Mostertshoek heelwat verwar.

In plaas van hierdie planne van Roberts verder te verwar en om sy uitstekende suksesse sedert 28 Maart af te rond, het De Wet feitlik al sy burgers met

125) Vir meer besonderhede oor hierdie beleg, sien Amery: op.cit., IV, pp. 56 - 66.

hom saamgeneem. Hierdeur is maj.-genl. sir H. Chermside toegelaat om Reddersburg op 11 April in te neem, terwyl luit.-genl. Leslie Rundle deur genl. Piet de Wet se verdediging gedring en Dewetsdorp herower het.[126)]

Generaal Christiaan de Wet se onnodige vertoef by Wepener met die grootste deel van die Vrystaatse magte, het sake in elk geval ook baie bemoeilik vir genl. Koos de la Rey wat nog steeds by Brandfort was en die militêre situasie noord van Bloemfontein moes hanteer.[127)] De Wet se afwesigheid het veroorsaak dat probleme in die deel noord van Bloemfontein ge-akkumuleer het en toe hy uiteindelik weer vanaf die suide by Thaba Nchu aankom, was daar nie genoeg tyd oor om die nodige reëlings te tref om Roberts in sy aanmars na Pretoria te stuit nie.

Kortom, die beleg van Jammerberg het grootliks daartoe bygedra dat nie meer De Wet nie, maar Roberts weer in beheer van sake in die Vrystaat gekom het. Roberts het hom nou gereed gevoel om met sy aanmars na Pretoria te begin.

---

126) Military Governor (M.G.) No. 1: Letters received and Minute Papers: D.C. - M.G., Rapport vir Junie 1900.

127) Sien Oosthuizen: op.cit., pp. 264 - 273.

# HOOFSTUK IV

## DIE STRYD IN DIE VRYSTAAT DUUR VOORT

### IV.1 LORD ROBERTS SE AANMARS NA DIE Z.A.R.

Die pad wat lord Roberts deur die Vrystaat na Pretoria sou volg, het oor Brandfort gegaan waar genl. De la Rey nog steeds sy hoofkwartier gehad het en oor Kroonstad waar die Vrystaatse regering gesetel was. Teen die einde van April was hy gereed om met sy mag van bykans 100 000 man uit Bloemfontein te vertrek. Die plan was om die Boere voor hulle met hierdie sterk mag te stoomroller.

Die hoofmag[1] onder lord "Bobs" Roberts se persoonlike bevel sou al langs die hoofspoorlyn op die Z.A.R. aanstuur. Hierdie hoofmag is bygestaan deur en sou saamwerk met 'n verskeidenheid ander kolonnes wat oor 'n afstand van byna 800 km versprei was: Op sy linkerflank het luit. genl. sir A. Hunter vanaf Kimberley met 10 000 soldate en agtien kanonne deur Veertienstrome beweeg om die Z.A.R. vanuit die weste binne te val, terwyl genl. Methuen met sy 10 000 manskappe en ses-en-twintig kanonne in 'n reguit lyn deur Boshof en Hoopstad getrek het.[2] Dit was genl. De la Rey se taak om genls. Hunter en Methuen te stuit.

Waar die kolonne op die linkerflank feitlik skouer-aan-skouer met die hoof=mag beweeg het, was die posisie op die regterflank ietwat anders. Die regterflank, wat ons aandag vereis omdat De Wet met sy Vrystaters alhier geopereer het, was nie so sterk nie. Die rede hiervoor is dat die opper=bevelhebber van die Britse magte waarskynlik gedink het dat die Vrystaters wat in heelwat gevegte betrokke was voor die finale aanmars, moeg kon gewees het.

---

1) Sien Amery: op.cit., IV, p. 87 vir samestelling van die hoofmag.

2) Ibid., p. 86.

Generaal Ian Hamilton[3] is in beheer van die kolonne op die regterflank geplaas. Hierdie kolonne, bekend as die "Winburg column",en sowat 14 000 man sterk,[4] het opdrag gehad om sowat vyf-en-twintig kilometer oos van en parallel met die hoofmag saam te beweeg. Die Britse mag in Natal onder genl. sir. R. H. Buller het die regterflank voltooi. Tussen Buller, wat eers later aan die aanmars sou deelneem[5] en Hamilton was daar 'n groot gaping wat, soos aangetoon sal word, daur genl. De Wet deeglik benut is.

Behalwe hierdie kolonne op die linkerflank, die hoofmag in die middel en die kolonne op die regterflank, was daar ook nog ander afdelings agtertoe wat stadig moes volg of die fort moes hou.[6]

Op 3 Mei 1900 het die aanmars vanaf Bloemfontein via Johannesburg na Pretoria in alle erns begin.

## II.2 DIE WET HOU HOM AANVANKLIK BESIG MET HERORGANISASIE

Nadat Christiaan de Wet nie daarin kon slaag om genl. Dalgety by Jammerberg=drif tot oorgawe te dwing nie, het hy besluit om met sy eie kommando terug te trek en om aan te sluit by die res van die Vrystaatse magte onder sy broer, Piet de Wet. Om hierdie rede tref ons De Wet op 25 April by Alexandrië in die onmiddellike omgewing van Thaba Nchu aan.[7]

Die hoofkommandant het hom sekerlik vergewis van die militêre situasie rondom Bloemfontein. Dit kan ook aangeneem word dat hy daarvan bewus was dat die

---

3) Genls. De Wet en Hamilton het nogal heelwat in gemeen gehad. Hulle was onder andere omtrent ewe oud. Hamilton was op hierdie stadium sewe-en-veertig en albei het ook aan die slag van Amajuba in 1881 deelgeneem. Tydens die slag het Hamilton 'n ernstige armwond opgedoen. Daarby het albei 'n fyn militêre aanvoeling gehad. Vir meer besonderhede oor Hamil=ton se loopbaan sien W. S. Churchill: Ian Hamilton's March, London, 1900, pp. 108 - 136 en Creswicke, op.cit., IV, pp. 167 - 168.

4) Amery: op.cit., IV, p. 88.

5) Generaal Buller het eers met die aanmars begin nadat hy op 17 Junie 1900 by Laingsnek op die Natalse grens deurgebreek het.

6) Vir die plasing van en opdragte aan hierdie afdelings, sien Amery: op.cit., IV, pp. 90 - 91.

7) De Wet: op.cit., p. 122.

Britse opperbevelhebber op die punt gestaan het om die stad te verlaat, aangesien hy altyd deeglik laat verken het. Hier by Alexandrië het De Wet met die probleem te make gehad dat hy moes besluit hoe hy sy aansienlike burgermag van 4 000[8] gaan gebruik. Dit was dus nodig dat hy sy strategie beplan met betrekking tot die stuiting van die aanmars van Roberts.

Die ervaring wat hy die voorafgaande maand opgedoen het, het hom geleer dat dit heelwat sukses inhou om die vyand in die rug aan te val. Hy het ook ingesien dat die Britte nie maklik gestuit sou word nie, vanweë hulle oor=mag en deur hulle nie aan te val nie sou heelwat bloedverlies voorkom word. Self sê hy dat diegene wat dit goed bedoel het met die stryd, dit moes doen volgens sy eie oortuiging.[9] En dit was sý oortuiging dat dit sinloos sou wees om lord Roberts te probeer voorkeer.

In plaas van die Britte dus te probeer voorkeer, het De Wet gemeen dat dit nou die ideale geleentheid was om via Norvalspont Kaapland binne te val.[10] Daar kon hy dan sonder vrees vir die oordonderende Britse mag opereer, Kaapse burgers vir die stryd in die Republieke werf en die vyand dwing om moontlik om te draai. Hierdie voorneme het hy aan president Steyn meegedeel toe laasge=noemde hom by Alexandrië besoek het. President Steyn het saamgestem dat dit 'n goeie plan was, maar vanweë die Vrystaters en Transvalers se betrokken=heid wou hy nie toelaat dat dit uitgevoer word nie. Steyn het gevoel dat dit by die Transvalers die indruk sou wek dat die Vrystaters hulle in die krisis=uur in die steek laat. De Wet moes dus voorlopig maar teësinnig van sy planne met Kaapland afsien.[11]

Daarop het genl. De Wet sy kommando's gereorganiseer met die doel om Roberts van agter en op die regterflank so veel as moontlik te kwel.[12]

---

8) Ibid.

9) Ibid., p. 124.

10) Ibid., p. 122.

11) Ibid.

12) Van 'n gesamentlike Transvaal/Vrystaat-strategie was daar op hierdie sta=dium nie sprake nie. Generaals De Wet, De la Rey en Botha het elkeen 'n eie idee daarop nagehou en op eie inisiatief opgetree. Dit is dus ver=staanbaar dat daar onmiddellik nadat Roberts met sy aanmars begin het, 'n kortsluiting tussen genoemde Boeregeneraals en hulle ondergeskiktes ont=staan het, want nie een het presies geweet wat hom te doen staan om die groot stroom te stuit nie.

Vir hierdie doel het hy genl. Philip Botha wat met sy kommando in die drie= hoek tussen Thaba Nchu, Bloemfontein en Brandfort aktief was, op 27 April 1900 beveel om na Alexandrië terug te keer. Met die uitsondering van genl. J. H. de Villiers wat nog in die omgewing van Ladybrand was om 'n verwagte aanval van 'n divisie van Brabant's Horse af te weer, was al sy belangrike Vrystaatse militêre leiers, naamlik genls. Botha, Piet de Wet, Olivier, Grobler, Lemmer, Froneman en Fourie nou by hom. Hy was ook in verbinding met sy regering in Kroonstad via 'n telegrampos by Menschvretersberg, noord van Alexandrië.[13)]

Alhoewel De Wet nie aktief deelgeneem het aan botsings met die vyand terwyl hy by Alexandrië was nie, het hy die beweging van die Britte gedurig laat verken. In hierdie optrede het kapt. Danie Theron[14)] en sy verkenners nog steeds 'n baie belangrike rol gespeel.

Generaal French het wel op 28 April 'n poging aangewend om die groot Boere= laer by Alexandrië te laat omsingel en van die ander Boeremagte af te sny. Sy poging het egter misluk.[15)] Omdat die Britte se doel noordwaarts gerig was, is genl. De Wet hierna met rus gelaat. Hy het dus sy reëlings getref sonder die inmenging van die vyand.

Generaals P. Botha[16)] en Kolbe met ongeveer 3 000 man, een Krupp en een pom-pom is aangesê om op die heuwels tussen die spoorlyn en Thaba Nchu in die

---

13) Amery: op.cit., IV, p. 74. Sièn ook hoe die Boere op interessante wyse kontak gemaak het met Kroonstad in P. Pienaar: Met Steyn en De Wet (in Nederlands verwerk deur A. J. J. Ebeling). Middelburg, 1902, p. 60.

14) Danie Theron was, met die uitsondering van 'n kort tydjie aan die begin van Mei 1900, toe hy uitrusting vir sy verkennerskorps in Pretoria gaan vra het (Breytenbach: Kommandant Danie Theron, p. 165), steeds De Wet se belangrikste oë en ore.

15) Twee brigades, die Gordon's Cavalry Brigade en Dickson's het op hierdie dag vanuit die suide en noorde probeer om die Boere tussen hulle te kry en dan te omsingel. Dit het misluk want die Gordon's is deur 'n kommando onder genl. Fourie en die Dickson's deur Oli= vier verhinder. (Vir detail sien Amery: op. cit., IV, p. 75). Genl. French is op 3 Mei teruggeroep na Bloemfontein waarna genl. Rundle die bevel by Thaba Nchu oorgeneem het.

16) Volgens Churchill: op.cit., p. 152 het 'n groot deel van genl. Botha se burgers bestaan uit Duitsers en Hollanders.

rigting van Winburg te beweeg. Hulle taak was drieledig van aard, naamlik om Winburg te beskerm,[17] Ian Hamilton voor te keer en om kontak met die ander Vrystaatse kommando's te bewerkstellig. Genl. Grobler is as agter= hoede gestuur in die rigting van Ficksburg met 1 500 burgers.

De Wet moes oortuig gewees het dat die einde van die oorlog nog nie naby was nie; vandaar sy opdrag aan genl. J. H. de Villiers[18] om na Korannaberg, 'n bergreeks noordoos van Thaba Nchu te gaan, waar hy met die oog op die winter die graanlande van die suidoostelike Vrystaat[19] moes gaan beskerm het. Saam met hom is die kommando van Ficksburg (komdt. de Villiers), Wepener (komdt. Roux), Smithfield (komdt. Potgieter) en Ladybrand (komdt. Crowther) gestuur.[20]

President Steyn het tydens sy besoek aan Alexandrië[21] waarskynlik aan De Wet vertel dat genl. Louis Botha met 'n kommando onderweg was na die Vrystaat om persoonlik sake te ondersoek. Op 7 Mei het Botha by die Sandrivier die bevel oor al die Transvalers oorgeneem.[22] Dit kom voor asof Steyn aan De Wet gevra het om ook na die Sandrivier te gaan sodat 'n gesamentlike Transvaal/ Vrystaat-poging aangewend kon word om Roberts se aanmars te stuit, want die kommando's onder genls. Lemmer, Olivier en Froneman is na die Sandrivier ge= stuur. Nadat De Wet sy reëlings afgehandel het, was hy die laaste om Alexandrië te verlaat en wes van Doornberg na die Sandrivier te gaan.[23]

---

17) Generaal Philip Botha kon nie verhoed dat genl. Ian Hamilton Winburg op 5 Mei 1900 sonder veel teenstand inneem nie. Vir detail sien Amery: op.cit. IV, p. 107, en Churchill: op.cit., pp. 148 - 154. Winburg is hierna vir 'n lang tyd deur leëroffisiere geadministreer, totdat lt. Trafford op 30 Junie as assistent-kommissaris oorgeneem het. Die kommissaris t.w. kapt. A. Lyon het eers op 5 November 1900 sy pligte op Winburg aanvaar. (Cd.457. S. A. Despatches I, p. 56: Roberts- Secr. of State of War, 21/5/1900).

18) Generaal de Villiers is tydens die slag van Biddulphsberg op 24 Mei 1900 swaar gewond. Enkele dae later het hy aan die wond beswyk waarna genl. De Wet vir genl. ds. Paul Roux in sy plek aangestel het.

19) De Wet: op.cit., p. 124 (vn.) verwys na hierdie landstreek as "de groote graanschuur"waaruit die grootste deel van die Z.A.R. ook gevoed is.

20) De Wet: op.cit., p. 124.

21) Sien p. 96 hierbo.

22) Oosthuizen: op.cit., p. 277. Generaal Louis Botha het nie uit vrye beweging na die Vrystaat gegaan nie, maar is deur pres. Kruger aangesê om dit te doen. Kruger self se aandag is in Transvaal besig gehou aangesien hy ge= reed moes maak vir die baie belangrike laaste sitting van sy Volksraad.

23) De Wet: op. cit., p. 126.

Op 7 Mei het hy by die res van die Vrystaters aangesluit op die plaas van 'n sekere Cronje aan die Sandrivier.[24] Hier het hy ook die kommando's van genls. Philip Botha, Kolbe en Grobler aangetref wat nie daarin kon slaag om Winburg te verdedig nie.

Op hierdie plaas het hy waarskynlik by herhaling sy Vrystaters[25] georganiseer met die oog op 'n gesamentlike optrede. Dit was nodig omdat bogenoemde drie Vrystaatse generaals nie by die Sandrivier verwag was nie en omdat hy en genl. Louis Botha mekaar ook ontmoet[26] en planne vir die stuiting van die Britte bespreek het. Dit is nie bekend wat die presiese planne was nie. Uit die besonderhede van die geveg op 10 Mei is dit egter duidelik dat genls. De Wet, Botha en De la Rey verantwoordelik was vir die optrede van die kommando's onder hulle en dat elke generaal op eie verantwoordelikheid opgetree het.

## IV.3 'N MISLUKTE POGING OM ROBERTS TE STUIT LEI TOT ONAKTIWITEIT TOT EINDE MEI 1900

By Sandrivier, het De Wet gemeen, sou die Britte teëgehou kon word[27] sodat hulle nie Kroonstad sou kon bereik nie. Sandrivier, sowat vyf-en-sestig kilometer suid van Kroonstad, is vir die doel gekies omdat 'n reeks rantjies op die noordelike oewer goeie stellings aan die Boere gebied het. Effens verder noord van hierdie rante is 'n ander reeks rante, bekend as die Boschrand, wat ook goeie skuiling kon bied indien die Boere sou moes terugval. Generaal Louis Botha se stellings het gestrek vanaf Doornberg in die ooste tot Diamantdrif in die weste. Hy het gekonsentreer op die Rietspruit in die weste en veral die Sandrivier, omdat hy 'n aanval uit die suide verwag het. Hy was aan die hoof van die Transvalers wat aan die stuiting van die Britte by die Sandrivier sou deel=

---

24) M. J. Grobler: Met die Vrystaters onder die wapen. Bloemfontein, s.j., p. 49.

25) Amery: op.cit., IV, p. 114, stel die getal op nie meer as 5 000 burgers nie.

26) Grobler: op. cit., p. 50.

27) De Wet: op. cit., p. 126.

neem, aangesien De la Rey intussen na die wesgrens is.[28] Generaal de Wet was op Botha se linkerflank en wel by Doornberg. Van die Vrystaters onder komdte. Fourie, Olivier en Lemmer het van die driwwe in die rivier bewaak.

Lord Roberts se aanmars is met twee dae vertraag, aangesien die Britte deur die opblaas van die brug oor die Vetrivier eers op Smaldeel halt moes roep.[29]

Dit blyk dat genl. Botha, en ons wil aanneem ook genl. De Wet, probleme met die burgers kon gehad het omdat die aantog van die vyand "reeds voor sommigen onzer burgers genoeg was om het hasepad te kiezen".[30] Toe lord Roberts dus op 10 Mei die Boere trompop loop, het laasgenoemde se moed hulle begewe.[31] Generaal de Wet was op hierdie kritieke dag te ver oos van die gevegsfront en het dus nie persoonlik 'n aandeel in die geveg, wat hoofsaaklik deur genl. L. Botha op die middel- en westefronte gevoer is, gehad nie.[32] Weliswaar het die reeds genoemde Vrystaatse kommandante wat die driwwe moes oppas met genls. Tucker en Ian Hamilton te doen gehad, terwyl genl. Philip Botha wat by sy broer Louis was, met Roberts se hoofmag te doen gekry het.

---

28) Op 7 Mei 1900 is Veertienstrome op die Transvaalse wesgrens deur genl. Hunter ingeneem. Dit het genl. De la Rey besorgd gemaak oor die toestand op die wesgrens. Gevolglik het hy deur genl. Botha van pres. Kruger verlof gevra om na die wesgrens te gaan. (Leyds-versameling, No. 7(a) Genl. L. Botha telegram-kopieboek; 10 Nov. 1899 - 25 Mei 1900: De la Rey - Staatspresident, Pretoria, 8/5/1900). Op 9 Mei het De la Rey na die wesgrens vertrek.

29) Cd. 457. S. A. Despatches, I, p. 41, en G. Boldingh; Een Hollandsch officier in Zuid-Afrika (nagelate geskrifte van skrywer verwerk deur G. H. Priem), Rotterdam, 1903, pp. 4 - 9.

30) Leyds-versameling, No. 7A: L. Botha - Staatspres., Kroonstad, 9/5/1900 Dis nie net die Transvalers wat benoud was nie; dit was ook die geval met die Vrystaters. Tewens, genl. P. Botha het vanweë vrees Winburg nie op 5 Mei verdedig nie en het selfs die kommando verlaat en huis=waarts gekeer. (Churchill: op.cit., pp. 149 - 151).

31) M. Davitt: The Boer fight for freedom, New York, 1902, p. 434.

32) Generaal Louis Botha het hier vir die eerste maal met lord Roberts se strategie te doen gehad, en aangesien hy nie daarop voorbereid was nie, het Botha se poging op 'n fiasko uitgeloop nadat genl. French op 10 Mei by Du Preezslaer-drif deurgebreek het. Vir detail oor die geveg by Sandrivier raadpleeg Amery: op.cit., IV, pp. 116 - 125.

De Wet skep die indruk dat hy meer bekommerd was oor sy regering se veilig=heid as oor die stuiting van die Britte.[33] Uit sy optrede blyk dit dan ook die geval te wees. Kort na sonsondergang het hy sy posisie verlaat. Die res van die Vrystaters wat by hom was het voor middernag deur Ventersburg be=weeg en koers gekry na Lindley. Christiaan de Wet het egter met sy staf, komdt. Nel en enkele van laasgenoemde se adjudante na Kroonstad gegaan[34] om samesprekings te voer met pres. Steyn en die regering. Die samesprekings sou nie gaan oor die verdediging van Kroonstad nie, maar oor 'n verandering van hoofstad. Hy het Lindley in gedagte gehad, vandaar die feit dat die Vrystaters daarheen gestuur is deur De Wet.[35]

Met sy aankoms in Kroonstad het hy gevind dat daar chaos heers omdat vrees hom van die inwoners meester gemaak het. President Steyn was ook nie in die dorp nie aangesien hy 'n rukkie voordat De Wet daar aangekom het, na die gevegsfront vertrek het om die burgers, en veral die Vrystaters onder genl. Philip Botha, te inspireer om Kroonstad te verdedig.[36] Steyn, die politieke hoof en nie die militêre hoof De Wet nie, het dus die burgers by wyse van toesprake[37] en 'n persoonlike besoek probeer inspireer om die vyand te stuit. Anders as by Poplar Grove was dit ook nie De Wet nie, maar genl. Philip Botha wat die burgers by Sandrivier in hulle stellings teruggedwing het.[38]

Aangesien die President nie in Kroonstad was nie, het De Wet hom by genl. Philip Botha gaan soek. Van Botha het hy verneem dat die President na genl. Louis Botha is en dat hy met groot moeite probeer om die burgers moed in te praat. Dit het De Wet laat besluit om persoonlik aan die verdediging van Kroonstad deel te neem, en daarom keer hy na die dorp terug om voorbereidings vir die verdediging

---

33) Sien De Wet: op.cit., pp. 126 - 128.

34) Ibid., p. 126.

35) Pienaar: op.cit., pp. 68 - 69. Pienaar se bewering dat De Wet hierdie reëling getref het om die Britte te mislei sodat die regering veiliger in Heilbron sou wees is foutief. De Wet het die burgers na Lindley gestuur voordat hy bewus was van Steyn se besluit om Heilbron die nuwe hoofstad te maak.

36) Amery: op.cit., IV, p. 123.

37) Vgl. die roerende toespraak van pres. Steyn in Amery: op.cit., IV, p. 114. (vn)

38) V. Everdingen: op.cit., Tweede tijdvak, eerste deel: p. 171.

daarvan te tref. Dit was egter reeds te laat want pres. Steyn en genl. Louis Botha het die posisie bespreek en ooreengekom om Kroonstad te ontruim. President Steyn het besluit om Heilbron die nuwe hoofsetel te maak.[39)]

Nadat De Wet oor die besluit ingelig is, het hy enkele sake hanteer waaronder die reëlings vir die vertrek van die regeringslede wat nog in die dorp was en die opblaas van die spoorwegbrug oor die Valschrivier om die Britte wat per spoor onderweg was, te verhinder om Kroonstad maklik binne te kom.[40)] Tydens 'n kort samespreking met genl. Louis Botha in Kroonstad is ooreengekom om me= kaar by die Renosterrivierbrug, sowat vyf-en-vyftig kilometer oos van Kroon= stad te ontmoet ten einde die toekomstige strategie te beplan.

Met die laaste trein wat Kroonstad laat die aand van 11 Mei verlaat het, het De Wet na die plek van samekoms vertrek. Die volgende dag, 12 Mei 1900 het lord Roberts Kroonstad sonder weerstand in besit geneem.[41)]

## IV.4 BELANGRIKE SAMESPREKINGS BY RENOSTERRIVIERBRUG

Terwyl die twee militêre leiers oor die toekomstige stryd besin het, het pres. Steyn hom by hulle aangesluit ten einde hom op hoogte te stel met die militêre situasie en die siening van die twee militêre leiers voordat hy na pres. Kruger in Pretoria is. Die twee leiers was beslis nog vol moed en die inligting wat Steyn hier gekry het, het hom in staat gestel om Kruger van vredesplanne te laat afsien.[42)]

'n Uiters belangrike uitvloeisel van die samesprekings tussen Steyn en Kruger was 'n ooreenkoms tussen die twee Republieke dat die Transvaalse kommando's onder genl. Botha voor die Britse magte oor die Vaalrivier sal terugtrek en alleen verantwoordelik sal wees vir die verdediging van die Z.A.R. Die Vry= staters onder genl. De Wet sou voortaan net in die Vrystaat optree. Volgens

---

39) Amery: op.cit., IV, p. 123.

40) De Wet: op.cit., p. 130.

41) Vgl. Cd. 457 S. A. Despatches, I, p. 42: Roberts - Secr. of State of War, Kroonstad, 21/5/1900.

42) Steyn het eers in Pretoria van Kruger verneem dat laasgenoemde vredes= planne bedink. Steyn het egter daarin geslaag om Kruger op grond van De Wet en Botha se houding van sienswyse te laat verander (Van der Merwe: op.cit., II, p. 59).

De Wet was hierdie besluit "gebaseerd op niets anders dan strategische oog=merken".[43] Die "oogmerken" was dat die Transvalers die vyand van voor sou aanval en die Vrystaters dit in die vyand se rug sou doen. Om verstaanbare redes was die besluit "geheel na mijn (De Wet s'n) hart"[44] aangesien De Wet lank reeds oortuig was dat hy die vyand die meeste skade kon berokken deur hom te kwel. Met hierdie besluit het hy die reg verkry om dit te doen, terwyl die Britte onderweg was na die Z.A.R. Aangesien dit ook duidelik gestel is dat alleen Vrystaters in die Vrystaat sou opereer, het dit aan De Wet die geleentheid gebied om 'n eenvormige strategie daar te stel. Die uitvoering hiervan sou in die toekoms geskied sonder die tussenkoms of dwarsboming van Transvaalse militêre leiers.

Dié besluit het aan die oorlog 'n nuwe dimensie gegee. Dit het ook 'n nuwe fase in die stryd ingelui. Aan die een kant het dit die Z.A.R. voor die realiteit van die stryd geplaas, aangesien die Britse mag nou vir die eerste maal soos 'n golf op sy bodem gebreek het en aangespoel het na Johannesburg en Pretoria.[45] Daarteenoor het die vertrekkende Britse hoofmag ook gevolge vir die Vrystaat nagelaat.

a) Vir die eerste keer was daar verligting aangesien die Vrystaat nie meer die toneel van botsings met die hoofmag was nie;

b) nie alleen was die suidelike Vrystaat, Bloemfontein en Kroonstad in Britse hande nie, maar die hele Republiek is op 24 Mei 1900 deur lord Roberts formeel geannekseer en geproklameer tot die Orange River Colony,[46] waardeur die Vrystaatse burgers ipso facto burgers van die Oranjerivier-kolonie en dus ook Britse onderdane geword het.[47]

---

43) De Wet: op.cit., p. 130.

44) Ibid.

45) Na 'n blaaskans in Kroonstad tussen 12 - 22 Mei het Roberts met sy aan=mars na Transvaal begin. Aangesien daar nie veel teenstand gebied is op sy pad na die Vaalrivier nie (Cd. 457. S.A. Despatches, I, Roberts - Secr. of State of War, Pretoria, 14/8/1900) kon sy voorhoede die rivier op 27 Mei by Vereeniging oorsteek. Uiteindelik is Johannesburg op 31 Mei binnegetrek en het Pretoria op 8 Junie in Britse hande geval.

46) Cd. 426: Proclamations Issued by Field Marshall Lord Roberts in South Africa, no. XI, p. 6 d.d. 24/5/1900.

47) Pres. Steyn kon sake nie so laat nie en het op 11 Junie 1900 'n prokla=masie uitgevaardig dat die anneksasie ongeldig is en dat, solank die kommando's in die veld is, die Republieke voortbestaan. (Cd. 261. Further correspondence relating to affairs in South Africa, p. 155: Prokla=masie van pres. Steyn, 11/6/1900. Die Britse proklamasie was ook in stryd met die Internasionale reg sodat voorts steeds na die Orange Rivier Colony as Vrystaat verwys word.

c) Hierdie proklamasie, die feit dat hy nou in die rug van Roberts kon kom en met kleiner Britse eenhede te doen gekry het, was vir De Wet die prikkel om met nuwe lus tot die stryd toe te tree. Sy her= nieude optrede was die begin van 'n tyd wat as tref-en-trap tipeer kan word of soos hy dit self stel: "Wij moesten (dus) ons kans waarnemen, waar wij die kregen, en voor het overige .... vluchten".[48] Hierdie nuwe manier van oorlogvoering het van genl. Christiaan de Wet die heroïse figuur gemaak wat hy is.

d) Reeds vóór die proklamering van die Vrystaat tot Britse gebied en veral onmiddellik daarna het heelwat burgers hulle aan die stryd onttrek en huiswaarts gekeer. Dit het De Wet met die probleem gelaat dat sy burgermag aansienlik gekrimp het. Daarby is 'n nuwe element gebore, naamlik die van hensoppers.

e) Ofskoon die Vrystaat nou volgens Brittanje amptelik Britse gebied was, was die oostelike distrikte van die Vrystaat soos Senekal, Ficksburg, Bethlehem, Frankfort, Vrede en Harrismith nog nie beset nie. Aan luit.-genl. Rundle is die taak opgedra om hierdie dis= trikte te verower.

Aangesien De Wet nog heelwat beweegruimte in genoemde distrikte gehad het, is dit logies dat hy hier sou konsentreer. Aanvanklik was Roberts se oë slegs op Pretoria gerig. In die proses is sy rug onbeskermd gelaat. Dit het De Wet, wat hom reeds bewys het as 'n suksesvolle, beweeglike en onver= moeide militêre leier, in staat gestel om hierdie eienskappe verder te ont= plooi sodat Roberts gedwing is om weer al sy aandag aan De Wet te gee.

## IV.5 DE WET MAAK HOM GEREED OM DIE VYAND TE KWEL

Nadat genl. Louis Botha terug is na Transvaal het De Wet hom met 1 200 burgers[49] by die Vrystaatse regering op Heilbron aangesluit. Die res van sy burgers was reeds daar, terwyl die ander Vrystaatse kommando's oor 'n groot gebied in die Noordoos Vrystaat versprei was. Uit die Z.A.R. het ook van die Vrystaters

---

48) De Wet: op.cit., p. 131.

49) Ibid., p. 132.

teruggekom.[50] Die kommando's van Heilbron[51] en Kroonstad is intussen ook deur De Wet van die Drakensberge af teruggeroep en was reeds op Heilbron toe hy daar aankom.

Heilbron kon slegs vir minder as 'n week die nuwe Vrystaatse hoofstad wees, want genl. Ian Hamilton het Kroonstad op 15 Mei 1900 verlaat om Roberts se regterflank verder te beskerm. Vir De Wet het die terugkeer na sy tuisdorp moeilike dae opgelewer. Hy was baie besig met militêre reëlings na die val van Kroonstad want sy beskikbare offisiere en burgers moes so ingedeel word dat hulle die beste benut kon word in die nuwe strategie.

Terwyl hy nog met die reëlings besig was, is Lindley op 17 Mei deur genl. Broadwood beset nadat genl. Piet de Wet nie die dorp kon verdedig nie.[52] Generaal Ian Hamilton was onder die indruk dat Lindley die nuwe hoofstad was en het opdrag gehad om die Vrystaatse regering hier gevange te neem. Aan= gesien die regering egter in Heilbron was, was hierdie dorp Hamilton se vol= gende doelwit. Met die doel voor oë, het hy Lindley op 20 Mei 1900 verlaat en twee dae later Heilbron beset.[53] Generaal de Wet het met die verskyning van Hamilton se mag nie kans gesien om 'n geveg op die oop terrein rondom die dorp af te dwing nie en waar daar wel skuiling was, kon hy ook nie die Boere laat stelling inneem nie uit vrees dat die vroue en kinders in die dorp die bomme sou moes ontgeld. Die Britte het in elk geval hulle opwag= ting so onverwags gemaak dat De Wet nie tyd gehad het om taktiek te beplan nie. Hy het nie eers tyd gehad om sy vrou en kinders uit die dorp te ver= wyder nie.[54]

De Wet is nie onverwags betrap omdat hy nagelaat het om te verken nie. Hy het dit wel laat doen, maar soos meermale die geval was, het sy brandwagte nie hulle werk goed gedoen nie.[55] Aangesien die brandwagte nie "rad in het verkennen" was nie, moes hy gevolglik die laaste uitweg kies, naamlik

---

50) Sien Badenhorst: op.cit., pp. 20 - 21.

51) Dit is dieselfde kommando waaraan De Wet aan die begin van die oorlog as gewone burger behoort het en waarmee hy saam na die Natalse grens vertrek het. Dit was die eerste keer sedert hy hulle verlaat het dat hy weer kontak met hulle gemaak het.

52) Sien Churchill: op.cit., pp. 190 - 217 en Amery: op.cit., IV, pp. 127 - 128. Die dorp is hierna op 20 Mei deur die Boere herower, maar op 27 Junie het kol. Brookfield Lindley weer ingeneem.

53) Churchill: op.cit., pp. 218 - 229.

54) De Wet: op.cit., p. 132.

55) Ibid.

"rad in het vluchten". Heilbron het dus ook in die hande van Hamilton geval,[56] sonder dat 'n skoot geskiet is.

'n Ander rede waarom De Wet 'n ernstige botsing met die vyand voorlopig wou vermy, was vanweë die feit dat sy voorraad ammunisie baie uitgeput was. Hy het wel nog ammunisie gehad, maar hierdie voorraad was by Greylingstad in die Z.A.R. onder Sarel Wessels se sorg.[57] Die behoefte aan ammunisie en die vrees vir genl. Buller wat op hierdie stadium van die Natalse grens begin in beweeg het, het dit vir De Wet nodig gemaak om die voorraad dringend te laat haal. Alhoewel De Wet in die gees van die Kroonstadse krygsraad= besluit geen waens meer by die kommando's geduld het nie,[58] was daar wel nog waens by die kommando's van Smithfield, Wepener en Bethulie.[59] Hierdie waens het nou tot De Wet se redding gekom, en hy het hom na Frankfort gehaas om die waens en 'n sterk kommando te stuur om die ammunisie te gaan haal. Die baie verantwoordelike verkenningswerk van die onderneming is opgedra aan Gideon Scheepers.[60]

---

56) De Wet: op.cit., p. 132. Nadat Heilbron in Britse hande geval het, is kol. C. M. Keighley as kommissaris en luit.H. D. Pugh as asst.-kommissaris aangestel. (Cd. 547: Affairs in South Africa: p. 45; Prettyman - Mil= ner, 21/11/1900.) Die siviele administrasie is waargeneem deur die land= dros, Grant en luit.Mann van die garnisoen wat agtergelaat is vanaf 22 Mei tot 8 Julie. Op laasgenoemde datum het Pugh oorgeneem. Die Britse troepe wat hierna verskeie kere deur die dorp getrek het, het baie skade aan geboue en privaat eiendomme waaronder De Wet se plaashuis aangerig (p. 193 vn.154 hieronder. Van die vernieling sê Pugh: "The looting in this convoy is disgraceful" (aangehaal by M.G. 7, Letters Received: D.C. - M.G. 17/7/1900). Teen die einde van Julie het Boerekommando's weer hulle verskyning gemaak rondom Heilbron, sodat die garnisoen verplig was om die dorp weer op 24 Julie te ontruim. Dit het daarna sleg gegaan met die Britte aangesien die kommando's met sukses opgetree het en baie bur= gers weer by die kommando's aangesluit het (vgl. M.G. 7, Letters Received, Pugh - M.G. 26/7/1900).

57) De Wet: op.cit., p. 132.

58) Vergelyk Kroonstadse krygsraadbesluit op p. 64 hierbo en De Wet se ongeduld met Vilonel in die verband op pp. 68 - 70 hierbo.

59) De Wet: op.cit., p. 132.

60) Ibid. Nadat Theron saam met Louis Botha terug is na die Z.A.R. het De Wet in 'n meerdere mate van Scheepers gebruik begin maak. Tydens die stryd en veral met betrekking tot De Wet se togte na die Kaapkolonie het Scheepers baie belangrike verkenningswerk verrig.

Generaal de Wet as uitgesproke teenstander van die aanhou van waens, was be=wus van hierdie waens. Die rede vir sy skynbare swye moet gesoek word in die feit dat hy nou besig gehou is deur groter probleme soos die organisasie in verband met die nuwe krygstaktiek en veral die probleme met die Britse mag wat hom nou van alle kante bedreig het. 'n Ander ernstige probleem was die groot aantal burgers wat oorgegee het en steeds oorgee.[61] Die terug=stuur van die waens kon dalk die burgers wat op kommando was laat besluit het om saam met hulle waens huiswaarts te keer. Dit moet ook onthou word dat die terrein waar De Wet en die kommando's hulle nou bevind het, redelik ge=lyk is, sodat die waens dus nie so 'n groot hindernis kon wees nie.

Terwyl op die ammunisie gewag is, was De Wet, vir sover dit botsings met die Britte betref, vir agt dae na die val van Heilbron onaktief. In hierdie tyd was hy saam met pres. Steyn en die O.V.S.-regering tussen Frank=fort en Heilbron.[62] Daar kan aanvaar word dat baie kopstukke gepraat is tussen Steyn en De Wet en dat Steyn se besoek aan Pretoria[63] heelwat aandag geniet het. 'n Belangrike verandering is in hierdie tyd deur die regering aangebring deur die rang van veggeneraal af te skaf.[64] Hieroor was De Wet ontevrede en hy beywer hom, met sukses, daarvoor om die rang van asst.-hoofkommandant ingestel te kry.[65]

Na die veilige aankoms van sy ammunisie, het De Wet hom gereedgemaak om weer ernstig tot die stryd toe te tree en die Britte te kwel.

---

61) Ibid., p. 131.

62) Kamp is op hierdie punt opgeslaan, omdat die Britte hier nie aktief was nie en die Vrystaatse regering via Frankfort, Greylingstad, Middel=burg tot digby Pretoria telegrafies met die Z.A.R. in verbinding was (De Wet: op.cit., p. 134).

63) Sien p. 102 en vn. 42. hierbo.

64) De Wet: op.cit., p. 138.

65) Ibid. Hy het ook dadelik vir P. de Wet, Philip Botha, C. C. Froneman, en Paul Roux as asst.-hoofkommandante aangestel. Die asst.-hoofkomman=dante was uit aard van hulle posisie, De Wet se persoonlike steunpilare en vernaamste gesagshandhawers.

## IV.6 DIE MILITÊRE SITUASIE IN DIE VRYSTAAT AAN DIE EINDE VAN MEI 1900

Die situasie was kortliks soos volg: Die getalsterkte van die kommando's onder genl. De Wet, was 8 000 burgers.[66] Die kommando's was hoofsaaklik in die Oos-Vrystaat rondom genl. De Wet saamgetrek.[67] Hierdie kommando's se primêre taak was om die spoorlyn tussen Bloemfontein en die Z.A.R. so veel moontlik te verniel sodat die Britte dit nie maklik moes vind om hulle brood=nodige voorrade te vervoer nie.

Toe lord Roberts met sy hoofmag oor die Vaalrivier getrek het, is die Vrystaat nie sonder soldate gelaat nie. Weliswaar was die Britse administrasie in die gebied taamlik chaoties aangesien niemand presies geweet het wie die Britse bevelvoerende offisier[68] was van die sowat 30 000 Britse soldate in die Suidoos-Vrystaat nie.[69]

Die Britte noord van die Sandrivier het nie veel kontak met mekaar gehad nie aangesien die bevelvoerders hulle bevele direk van Roberts ontvang het. Dit het in 'n groot mate daartoe bygedra dat De Wet sy kommando's aan die begin van Junie 1900 in die Noord-Vrystaat met gemengde suksesse kon lei.

## IV.7 SWAVELKRANZ: 4 JUNIE 1900 - 'N ANDER BETEKENIS

Op 29 Mei het De Wet hom gereedgemaak om Frankfort met sy groot burgermag te verlaat. Sy doel was om Heilbron te gaan herower. Toe hy op die punt was om Frankfort te verlaat, het hy tot sy ontnugtering uitgevind dat genl. Col=ville Heilbron net die vorige dag beset het. Hiermee het Colville onder moeilike omstandighede gehoor gegee aan lord Roberts se bevel dat hy op 29 Mei op Heilbron moes wees.[70] Alhoewel dit vir Colville duidelik was dat

---

66) De Wet: op.cit., p. 138.

67) Sien Ibid., pp. 136 en 138 vir sterkte van verskillende kommando's.

68) Op 20 Mei 1900 het Roberts vir kol. O. C. Hannay in beheer geplaas van die verbindingslyn van Bloemfontein na die front. Eers nege dae later is ontdek dat Hannay in die hospitaal is, waarop luit.-genl. T. Kelly-Kenny in bevel geplaas is van al die Britse magte tussen die Oranje- en Sandriviere (Amery: op.cit., IV, p. 263).

69) Van die syfer was ongeveer 10 000 soldate onder Rundle, 3 000 onder Brabant, 8 000 onder Kelly-Kenny en 8 000 onder Chermside. Vir die verspreiding van die Britse kolomme, sien Amery: op.cit., IV, pp. 239 - 259.

70) Sien Amery: op.cit., IV, pp. 244 - 248 vir die omstandighede wat Col=ville se opdrag bemoeilik het.

Roberts nie 'n funksionele doel met hom op Heilbron gehad het nie en dat hy alhier telegrafies afgesny was en nie voorrade vir sy uitgeputte sol= date gehad het nie,[71] het sy teenwoordigheid vir De Wet gedwing om van sy planne af te sien. Sy vrees dat 'n geveg met Colville die inwoners van Heilbron nadelig kon tref, het De Wet laat besluit om na Presidents= koppie, sowat sewentien kilometer noordoos van Heilbron te gaan. Hier was ook burgers onder komdte. Steenkamp en J. H. Olivier.

Dit het op hierdie stadium dringend nodig geword om ook vir die Vrystaatse burgers voedsel en klere in die hande te kry, veral met die oog op die winter wat reeds gevoel kon word. Daar die oorgrote meerderheid Vrystaatse dorpe in vyandelike hande was en die krygskommisarisse die nodige nie meer kon voorsien nie, was dit nodig dat De Wet ook aan die maatskaplike aspek sy aandag moes gee. As leier, gesagvoerder en kenner van sy burgers moes De Wet besef het dat hulle nie hulle beste op militêre gebied kon lewer as dit maatskaplik nie goed gegaan het nie. Die spoorlyn na die noorde het gevolglik nou vir hom 'n ander betekenis gekry. Hy het besluit dat die opblaas van brûe en spoorlyne nou nie meer slegs bedoel sou wees om dit vir die Britte moeilik te maak nie. Voorraadtreine sou in die toekoms voorgekeer en gebuit word nie uit vernielsug nie maar om die nodige voedsel en klere te bekom.

Om sy plan te laat slaag, het De Wet die kommando's by Presidentskoppie ver= deel. Weens die gevaar wat aan 'n onderneming om treine voor te keer ver= bonde was, het hy nie toegelaat dat pres. Steyn saamgaan nie. Laasgenoemde se goed beskermde kamp is op die koppie ingerig.

De Wet het self die onderneming met 600 burgers wie se perde in die beste kon= disie was,[72] gelei en sy bekwame verkenner, Gideon Scheepers, saam geneem om die verkenningswerk te doen. Toe hy die aand van 2 Junie vertrek het,[73] het hy op tipiese wyse sy burgers in die duister gehou oor sy planne.[74] Sy doel was Roodewalstasie waar hy gemeen het om treinwaens met voorrade te vind. Onderweg daarheen het hy op 3 Junie van 'n persoon wat in diens van

---

71) Ibid.

72) De Wet: op.cit., p. 140.

73) Ibid.

74) Badenhorst: op.cit., p. 25.

die Britte gestaan het,[75] 'n berig ontvang van 'n konvooi. Hierdie kon= vooi was van Renosterrivier onderweg met voorrade na Colville in Heilbron.[76] Slegs 'n skuttersafdeling van 160 Bergskotte sonder 'n enkele kanon het die meer as vyftig waens,[77] swaarbelaai met voedsel, vergesel.

Aangesien die konvooi ook bewus geword het van die teenwoordigheid van Boere is op die plaas Swavelkranz uitgespan op die aand van 3 Junie en is alles in gereedheid gebring vir 'n moontlike Boereaanval. 'n Boodskapper is inderhaas na Vredefortweg gestuur om versterking aan te vra.[78] Generaal De Wet het besef dat hy met sy veel groter burgermag nie die geleentheid mag laat verby gaan om die konvooi te oorrompel nie en het dieselfde aand kamp opgeslaan aan die Renosterrivier, sowat twee kilometer oos van die Britte op 'n terrein wat nie geskik was vir 'n geveg nie. Vroeg die oggend van 4 Junie het hy 'n afdeling van sy burgers met die rivier langs gestuur, terwyl hy sy ander burgers met 'n omsingelingsbeweging laat begin het. Hy het aan sy burgers die uitdruklike opdrag gegee dat niemand mag skiet nie tensy hy die teken gee. Die soldate het wel 'n aanval verwag, maar het op 'n verrassende wyse ontdek dat die Boere op hulle was. 'n Aantal soldate wat gaan water skep het uit die Elandspruit het op die Boere wat met die rivier af gestuur is, afgekom, vinnig teruggehardloop en hardop uitgeroep: " ... By Jove, All Boers here".[79] Generaal De Wet het aan die bevelvoerder, luit. Corballis laat weet dat hy hom met 1 200 burgers en vyf kanonne omsingel het en dat hy derhalwe moet oorgee.[80]

Die offisier wat saam met De Wet se boodskapper teruggekeer het, wou, soos dit al gewoonte was,[81] voorwaardes stel. De Wet, ook al na gewoonte, was

---

75) Amery: op.cit., IV, p. 262 en Davitt: op.cit., p. 445. Laasgenoemde bron beweer dat Danie Theron met die onderneming te make gehad het. Dit was onmoontlik aangesien Theron eers op 15 Junie vanuit die Z.A.R. teruggekeer het (De Volksstem, 21/12/1907).

76) Amery: op.cit., IV, p. 262.

77) Amery: op.cit., IV, p. 262 en De Wet: op.cit., p. 142, beweer dat daar ses-en-vyftig waens was, terwyl Badenhorst: op.cit.,p.25 die getal as vier-en-vyftig aangee en Davitt: op.cit., p. 445, vyf-en-vyftig waens noem.

78) Amery: op.cit., IV, p. 262.

79) Aangehaal by Badenhorst: op.cit., p. 25.

80) Amery: op.cit., IV, p. 262.

81) Vergelyk die Britse bevelvoerder se reaksie by Blaauwboschpan, pp. 48-49.

ewe beslis dat die oorgawe onvoorwaardelik moet wees.[82] Corballis het doelbewus die bespreking tussen hom en De Wet uitgerek om die verwagte ver=sterking van Vredefortweg geleentheid te gee om betyds tot sy redding te kom. Toe 'n boodskapper die nuus bring dat die versterking teruggedraai het, was Corballis verplig om oor te gee.[83] Behalwe vir die Skotte wat krygsgevange geneem is, was dit vir De Wet in die besonder en die Boere in die algemeen 'n besondere buit aan veral voedsel.[84] Vir De Wet was Swavel=kranz die begin van 'n baie betekenisvolle hertoetrede tot die stryd.

Veral van belang was die feit dat die Skotte oorgegee het sonder dat 'n enkele skoot nodig was. Dit het die voordeel gehad dat dit nie die Britte in die omgewing se aandag getrek het nie en veral nie diè by Roodewalstasie nie.[85]

Nadat De Wet vir genl. Philip Botha aangesê het om die buit en die krygs=gevangenes na Presidentskoppie te neem, het hy na Walfontein,[86] die plaas van 'n sekere Albert Venter, vertrek waar hy die vorige nag oorgebly het.

## IV.8 ROODEWAL: 7 JUNIE 1900 - 'N ROEMRYKE DE WET-SUKSES

Terwyl sy kommando op bogenoemde plaas gewag het vir genl. Botha om terug te keer het die onvermoeide Christiaan de Wet na Lindley vertrek. Op 6 Junie het hy naby Lindley in geselskap van pres. Steyn en drie-en-dertig offisiere 'n krygsraadvergadering bygewoon, waarop genl. Piet de Wet en die wapenstilstand wat laasgenoemde intussen verkry het, bespreek is. Soos te verstane, het die krygsraad die wapenstilstand verwerp.[87]

---

82) De Wet: op.cit., p. 142.

83) Amery: op.cit., IV, p. 262. Die versterking onder maj. A. E. Haig met 600 man het tot 10 kilometer van die konvooi gevorder maar omgedraai omdat h niks gesien of gehoor het nie.

84) Badenhorst: op.cit., p. 25. Volgens hierdie bron was daar op die waens lekkernye soos koffie, suiker, blikkies groente en vleis wat vir die burgers sekerlik baie welkom was.

85) Roodewalstasie is slegs sowat vier kilometer van die Renosterrivier (L.R.P., No. 7, p. 111: Verslag van Kapt. E. B. Bailley - Officer Commanding, 21/6/1900).

86) De Wet: op.cit., p. 142.

87) Van den Heever: op.cit., p. 108.

Teen die aand was De Wet weer terug by sy burgers. Sy vermoede[88] dat daar 'n trein by Roodewalstasie sal wees, is by sy terugkoms vanaf Lindley deur Gideon Scheepers bevestig.[89] Aangesien daar wel 'n voorradetrein was,[90] was De Wet haastig om sy oorspronklike plan ten uitvoer te bring. Vir die doel het hy sy kommando in vier verdeel om die volgende oggend 'n aanval op drie punte op die spoorlyn te doen: Kommandant Steenkamp is met 300 burgers en 'n Krupp-kanon noordwaarts gestuur om sodra dit lig word Vredefortwegstasie aan te val. Die hoofmag onder genl. Froneman en komdt. Du Plooy met die burgers van Bethulie en Rouxville is na Koppiesstasie ge=stuur, terwyl komdt. Nel saam met hulle moes gaan en aangesê is om 'n afde=ling van die 4th Derbyshire naby Renosterrivierbrug met dagbreek te oorrompel.[91] De Wet het slegs 'n klein kommando en een kanon met hom saamgeneem om die voorradetrein op Roodewalstasie te gaan oorrompel. Dit is duidelik dat hy juis die Britte op dieselfde tydstip op die oggend van 7 Junie met gevegte besig wou gehad het, sodat hulle mekaar nie kon gaan help nie. Om 'n oog op genl. Colville in Heilbron te hou en om 'n buffer tussen hom en die vegtende Boere te vorm, is 'n klein kommando'tjie by Doorndraai gelaat.[92]

Die aanval op Roodewalstasie was nie heeltemal onverwags vir kapt. Gale en sy garnisoen van agt-en-negentig soldate nie. Reeds op 4 Junie het kapt. Grant van die garnisoen van 'n dr. Brett wat sowat vyftien kilometer van Roodewal.

---

88) Sien p. 109 hierbo.

89) Volgens die feite uit L.R.P., No. 7, p. 116: Verslag van kwartier=meester, sersant J. H. Mills, wil dit voorkom of die stasiemeester by Roodewalstasie iets te make het met Scheepers se inligting aan De Wet.

90) Die trein het die middag van 6 Junie Roodewalstasie binnegestoom. Dieselfde middag is die lokomotief en drie trokke teruggestuur na Kroonstad. Die res van die trokke is op 'n sylyn gestoot (L.R.P., No. 7, p. 116 - Verslag van kwartiermeester;sersant J. H. Mills).

91) Sowel Amery: op.cit., IV, p. 265 en De Wet: op.cit., p. 142, noem net drie afdelings, maar in sy verslag ná die gevegte van 7 Junie stel De Wet dit duidelik dat hy sy kommando in vier afdelings verdeel het. Sien Preller-argief, Band 50, p. 417: rapport van C. R. de Wet 9/6/1900. Ook by Badenhorst, op.cit., p. 26 blyk dit duidelik dat Nel nie dieselfde doel as Froneman en Du Plooy gehad het nie. Dié drie leiers was wel naby mekaar in dieselfde omgewing.

92) De Wet: op.cit., p. 142. Colville se mag was die enigste groot mag noord van die Sandrivier. Die ander Britte in hierdie gebied was slegs kleiner afdelings. Sien Amery: op.cit., IV, p. 264.

gewoon het, verneem van die Boere se teenwoordigheid en bewegings.[93] Gevolglik was die Britte deeglik voorberei toe genl. De Wet op Donderdag 7 Junie 1900 teen dagbreek, soos dit nou reeds gewoonte by hom was, 'n brief gestuur het waarin hy vra dat die vyand moet oorgee. Toe hulle 'n halfuur grasie vra, het De Wet sy burgers 800 treë van die stasie stelling laat inneem en die Britte slegs tien minute tyd gegun om te besluit.[94]

Toe die Britte weier om oor te gee, het De Wet die eerste skoot laat vuur - 'n granaat wat die stasiemeester se huis getref het.[95] 'n Hewige geveg wat sewe ure geduur het, het hierna begin. Binne die eerste halfuur is kapt. Gale gedood. Dit was egter nie voordat die hoofmag onder genl. Froneman teen 10h30 tot hulp gekom het dat die Boere die oorhand begin kry het nie. Kaptein Grant, wat die bevel oorgeneem het was verplig om om 12h10 oor te gee. Die rede waarom die soldate by die stasie so goeie weerstand kon bied, was omdat hulle goed verskuil was. Sersant Mills sê dat ook: "The only thing that saved us from being cut to pieces was the good cover we had made from railway trucks, bales of clothing, boots, blankets and other stores, even the mail bags were used, and a rough zareba formed".[96] Ofskoon die ander drie kommando's van De Wet hulle opdragte met groot sukses uitgevoer het,[97] was die Britse verlies by Roodewalstasie die grootste. Die buit was hier so groot dat De Wet nie net aan sy burgers die reg gegee het om te neem wat hulle kon nie, maar die Britse krygsgevangenes selfs toegelaat het om van die voorrade te neem. Mills beweer: "The Boers removed wagon loads of ammunition and stores, their convoy being fully a couple of miles".[98] Die voorraad was so veel dat De Wet besluit het om dit wat oortollig was, die lug in te blaas. Teen sonsondergang het hy dit

---

93) L.R.P., No. 11, p. 123: Verslag van kapt. Grant. In hierdie rapport skep Grant die indruk dat hy die bevel gevoer het by Roodewalstasie aan die begin van die geveg. In werklikheid het hy eers oorgeneem nadat Gale gesneuwel het (L.R.P., No. 7, p. 118.)

94) L.R.P., No. 11, pp. 125 - 126: Verslag van kapt. Grant asook L.R.P., No. 7, p. 116: verslag van sersant Mills.

95) L.R.P., No. 7, p. 117: Verslag van sersant Mills.

96) Ibid., p. 118.

97) L.R.P., No. 7, pp. 105-114: Verslag kapt. E. B. Bailey - Officer Commanding, 21/6/1900, vir detail van geveg by Renostersrivierbrug.

98) L.R.P., No. 7, p. 119: Verslag van sersant Mills.

aan die brand laat steek. Die ontploffings was plaasgevind het, het feitlik die hele nag voortgeduur. Vir genl. Froneman was dit die grootste vuurwerk wat ooit in Suid-Afrika plaasgevind het.[99)] Die lig wat die vuurwerk afgegee het, het volgens hom die lig van die maan oortref. Die ontploffings het op die plek waar dit plaasgevind het 'n gat van ongeveer twintig voet diep, honderd voet lank en sestig voet wyd uit die grond geruk![100)]

De Wet se wins by Roodewal was Roberts se verlies. Hierdie sukses by Roodewal, twee dae na die val van Pretoria, het Roberts dan ook wreed ontnugter en hom gedwing om meer aandag aan die Vrystaat te gee. Aangesien hy ook deur De Wet van alle telegrafiese- en spoorverbinding met die Vrystaat afgesny is, is sy planne met meer as 'n maand in die war gestuur. Daarby het De Wet broodnodige oorlogsmateriaal, ammunisie, skoene, klere en komberse verbrand en in die lug laat vlieg nadat hy eers tussen 500 - 600 kiste kleingeweerammunisie, gewere en klere verwyder het vir gebruik deur sy burgers. Sy kommando's het ook sowat 900 Britse soldate buite aksie gestel.[101)]

Die nuus van Roodewal het ook vir genl. Louis Botha en sy Transvalers aangespoor[102)] om met groter vasberadenheid op te tree en om veral die belangrike oosterlyn, Transvaal se enigste verbindingslyn met die buitewêreld, te verdedig. Dit het gelei tot die belangrike slag van Donkerhoek op 11 en 12 Junie 1900.[103)]

Roodewal het De Wet ook sterk onder die aandag van Europa geplaas.[104)]

---

99) Preller-versameling: Band 48, p. 213: Telegram Froneman - Steyn, 10/6/1900, p. 5.

100) Ibid. asook Preller-versameling, Band 50, p. 423: Officiële oorlogsberig, 18/6/1900.

101) Sien M. A. Gronum: Die Engelse oorlog, 1899-1902, Kaapstad, 1972, p. 16.

102) Amery: op.cit., IV, p. 275.

103) Vir detail, kyk Ibid., IV, pp. 276 - 296.

104) Tydens 'n besoek aan pres. Kruger te Utrecht op 11 September 1902 het 'n Noorweër, Jakob Worm-Müller 'n geskenk gesien wat vir De Wet bedoel was afkomstig van 'n Switserse dame. Die geskenk was 'n groot silwer bord met 'n mooi houtraam. Op die silwerbord word die geveg van Roodewal voorgestel op die oomblik dat die Britse soldate hulle oorgegee het. Op die voorgrond is die stasiegebou en op die agtergrond 'n paar bome en 'n klein kerkie. Op die boonste deel van die raam is 'n portret van De Wet met die Vrystaatse vlag en in die onderste deel 'n portret van die skenker. Sien artikel C. de Jong: Een Noorsbewonderaar van de Boeren (Historia, jrg. 18, nr. 1, Maart 1973, p. 50).

Die waardevolle ammunisie wat buitgemaak is en nie saamgeneem kon word nie, is na De Wet se plaas, ses kilometer van die Renosterrivierbrug geneem om begrawe te word.[105)]

## IV.9 LORD ROBERTS VERPLIG OM WEER AANDAG AAN DIE VRYSTAAT TE GEE

Die sukses op 'n wye front in die noordoos-Vrystaat deur die Vrystaatse kommando's onder aansporing van genl. De Wet, het genl. Kelly-Kenny uit hoofde van sy senioriteit in Bloemfontein tot aksie laat oorgaan. Die oomblik toe hy agterkom dat die Britte in die Vrystaat telegrafies afgesny was van lord Roberts, het hy aan genls. Rundle en Clements opdrag gegee om groter waaksaamheid aan die dag te lê in die linie wat hulle moes bewaak, terwyl hy self in verbinding getree het met genl. Buller by Bothaspas en genl. Hunter by Potchefstroom. Hy het ook die versekering van hulle samewerking gekry indien dit nodig sou wees in onderskeidelik die noordoos- en noordwes-Vrystaat. Meer troepe en kanonne is ook deur hom na Kroonstad en Winburg gestuur, terwyl die garnisoene en poste op die verbindingslinie aansienlik versterk is. Aan luit.-genl. sir. F.W.E.F. Forestier-Walker, wat in bevel was van die verbindingslinie in die Kaapkolonie, het Kelly-Kenny 'n ernstige versoek gerig om versterkings aan hom te stuur.[106)] Lord Roberts was erg bekommerd oor die skade wat De Wet in sy rug aangerig het. Gevolglik het hy vir lord Kitchener op 7 Julie 1900 teruggestuur na die Vrystaat om Christiaan de Wet te vang en om orde te skep langs die spoorlyn. Op 10 Julie het genl. Methuen hom by Kitchener by Vredefortweg gevoeg.[107)]

Uit hierdie optrede blyk dit duidelik dat die Britte besef het dat, ofskoon die Vrystaat tot Britse gebied verklaar was, dit op die vegtende burgers onder De Wet nie indruk gemaak het nie en dat derhalwe ernstige aandag aan die noordoos-Vrystaat in die algemeen en De Wet in die besonder gegee sou moes word.

Dat daar vir genl. De Wet moeilike dae voorgelê het, val nie te betwyfel nie. Die moeilike dae het dan ook begin op 11 Junie toe Kitchener en Methuen gesament=lik teen hom begin optree. Dit is nie nodig om die gevegte waarby De Wet be=

105) De Wet: op.cit., p. 151.

106) Amery: op.cit., IV, pp. 265 - 266.

107) Reeds op 4 Junie het Roberts vir Methuen beveel om 'n brigade, in die geval die 20ste Brigade, en die 38ste Field Battery onder genl. Paget, in Lindley agter te laat, om al die voorraad wat hy kon spaar na genl. Colville in Heilbron te neem en om dan die verbindingslinie te patrol=leer (Ibid., p. 266).

trokke was, hier in besonderhede te beskryf nie. Dit is voldoende om slegs te wys op die hoogtepunte en die betekenis van die tydperk ná Roodewal tot einde Junie 1900.

## IV.10 DIE TYDPERK 8 JUNIE TOT 30 JUNIE 1900

De Wet se laer was 'n ongewone gesig ná die botsing by Roodewal. Sy burgers, oorvloedig voorsien vanweë die buit, was in baie gevalle in volle Britse mondering en alleen die hoed het verraai dat dit 'n Boer was.[108] Aangesien die Boere op die mediese terrein nie so goed ingerig was nie, het De Wet vir maj. Hale van die Royal Army Medical Corps van Kroonstad af laat kom om die talle Britse gewondes in die laer te verpleeg.[109] De Wet het selfs 'n aantal skape van sy plaas aan die gewondes voorsien.[110] Ongeveer 1 200 krygsgevangenes was ook 'n verdere bekommernis in die laer.

Juis vanweë die probleem van die Britse soldate in sy laer, kon De Wet nie sy kamp verskuif nie. Eers op 9 Junie en toe weer op 10 Junie is die krygsgevangenes verwyder na 'n punt tien kilometer van Roodewal aangesien De Wet kennis gedra het van Kitchener se teenwoordigheid en hy 'n geveg met hom wou afdwing. Hy het sy kommando daarom stelling laat inneem op 'n heuwel tussen sy eie plaas, Roodewal en Heuningkoppies. Op Maandag 11 Junie was die kommando slaags met die Britte, maar moes die heuwel ontruim en oor die spoorlyn terugtrek. Tot die nag van 17 Junie het De Wet hom wes van die spoorlyn gehou. In die tyd het hy al sy aandag gegee aan die opblaas van die spoorlyn en brûe. Op 17 Junie het hy 'n Britse kamp by Koppies aangeval wat ook misluk het omdat vrees komdt. Nel oorval het toe hy met dagbreek sien hoe groot die Britse getalle is.[111]

---

108) Pienaar: op.cit., p. 107.

109) L.R.P., No. 7, p. 121: Verslag van sersant Mills.

110) Van Everdingen: op.cit., Tweede tijdvak, eerste deel, p. 281, en voetnoot 1.

111) Vergelyk Badenhorst: op.cit., pp. 27 - 28. Genl. Froneman sou op hierdie dag vanuit die ooste en De Wet vanuit die weste die aanval gesamentlik loods. Die aanval sou op die oggend van 17 Junie gedoen word, maar Froneman het reeds gedurende die nag verkeerdelik 'n aanval op 'n herstel=trein by Leeuspruitbrug gedoen. Pas het Froneman die trein aangeval of 'n tweede trein het sy verskyning gemaak. Froneman se burgers het gehuiwer om die tweede trein tot stilstand te dwing, waarop dit voortgestoom het. 'n Gulde kans om Kitchener, wat op die trein was te vang, is verlore laat gaan (Sien Van Everdingen: op.cit., Tweede tijdvak, eerste deel, p. 312; De Wet, op.cit., p. 158 en Preller-versameling, Band 48, p. 201: Telegram H.T.L. - (Komdt.) Heidelberg, 15/6/1900.

Hierdie onsuksesvolle optrede van sy eie en Vrystaatse kommando's asook die toenemende vasberade Britse bedrywighede langs die spoorlyn, het De Wet laat besluit om vir eers van die spoorlyn af te sien en na Heilbron se omgewing terug te keer.

Tot 19 Junie het De Wet met sy kommando in die omgewing van Slootkraal aan die Renosterrivier naby Heilbron gebly. Gedurende die nag van 19 Junie het hy stelling laat inneem in die rantjies van Elandslaagte met die doel om 'n Engelse kolonne onder leiding van Methuen wat van Groenvlei onderweg was na Heilbron met voorrade vir Colville voor te keer.[112] De Wet het sy kommando aan weerskante van die pad stelling laat inneem en opdrag gegee dat die vyand eers tussen die twee Boeregroepe moes wees alvorens geskiet word. Aan hierdie bevel is nie gehoor gegee nie, want die burgers het op die Britte gevuur nog lank voordat hulle tussen die burgers se stellings was. Die Britte het daarop skuiling gevind en op De Wet se burgers begin vuur. Aangesien die kanonvuur in Heilbron hoorbaar was, is Britse versterkings gestuur. Hierdie kanonne het De Wet van agter begin bestook sodat De Wet, en nie soos beplan die vyand nie, tussen twee vure beland het. Sy kommando was dus verplig om te vlug en die ondergaande son het hom die geleentheid gebied om in die nag te verdwyn.[113]

Deur nie aan De Wet se bevel gehoor te gee nie, het die burgers nie net 'n kon=vooi uit hulle hande laat glip nie, maar veral warm klere waaraan daar nou 'n dringende behoefte bestaan het.[114]

Die mislukte aanval op Methuen se konvooi het De Wet eers gedurende die nag van 19 - 20 Junie na sy laer suid van Slootkraal laat terugkeer. Die volgende dag (20 Junie) het die kommando hom hier versteek en het De Wet planne beraam. Gedurende die nag het hy met sy kommando weggetrek na Paardekraal, ongeveer dertig kilometer noordoos van Kroonstad. Hier het komdt. J. H. Olivier van Stormberg-faam hom met sy kommando aangesluit en is De Wet se kommando aansienlik

---

112) L.R.P., No. 51, pp. 101 - 103: Verslag van Methuen - Chief of the Staff, 20/6/1900 en Preller-versameling, Band 50, p. 428: Oorlogsberig, 25/6/1900.

113) De Wet: op.cit., p. 162 (die datum word hier verkeerdelik as 16 Junie in plaas van 19 Junie aangegee) en Preller-versameling, Band 50, p. 428: Oorlogsberig, 25/6/1900.

114) Badenhorst, op.cit., p. 28.

versterk. Die terugkeer van Danie Theron enkele dae tevore[115] het De Wet verder in staat gestel om op hoogte te wees met die vyand se bewegings.

Lord Roberts het teen hierdie tyd deeglik besef dat De Wet 'n vlieg in die salf is vir sover dit die beëindiging van die oorlog betref. Om hierdie rede het hy ook nie met De Wet nie, maar alleen met Botha kontak gemaak na die val van Pretoria ten einde 'n vredeskikking te probeer kry.[116] Dit is wel waar dat De Wet tot met die val van Kroonstad 'n lastige opponent was, en nog nie so gevaarlik soos in die tydperk wat in hierdie hoofstuk behandel word nie. Deur die Vrystaatse militêre hoof verkeerdelik te ignoreer, het De Wet hom so gekwel dat Roberts baie bekommerd geraak het. Om sy fout te herstel het lord Roberts nie alleen op 16 en 19 Junie 1900 proklamasies[117] uitgevaardig wat indirek teen De Wet se kommando's en direk teen De Wet se persoon gemik was om die verniel van die spoorlyn, die opblaas van brûe en die afsny van die telegraaflyn te voorkom nie, maar hy het op 16 Junie met 'n daadwerklike poging begin om De Wet vas te keer.

Roberts se planne om De Wet vas te trek, is aan al sy generaals in die Vry=staat bekendgemaak. In Heidelberg (Z.A.R.), Frankfort, Heilbron, Senekal, Lindley en Winburg moes garnisoene forte beman. Generaal Rundle moes, sonder om beheer te verloor oor die Ficksburg-Senekallinie na Bethlehem en Vrede gaan.[118] Buller, by Standerton, moes die Vrystaters verhoed om in Transvaal terug te val, terwyl vier "flying columns" wat deur Roberts in die lewe geroep

---

115) Kaptein Danie Theron en sy korps het op 14 Junie 1900 die Vaalrivier oorgesteek en weer Vrystaatse grond betree. Op 15 Junie het hy by die Vrystaatse regering op Frankfort aangekom en is hy met ope arms ontvang (De Volksstem, 21/12/1907). Theron en sy verkenners het hierna 'n belangrike rol gespeel in De Wet se militêre optrede totdat hy genl. De Wet se laer op 10 Augustus 1900 verlaat het.

116) Sien pp. 244 - 246 hieronder.

117) Cd. 426, Proclamations, nr. XIX, Pretoria, p. 10, 16/6/1900 en Cd. 426, Proclamations, nr. XX, Pretoria, p. 11, 19/6/1900. In hierdie prokla=masies is die Boere in krasse taal aangespreek en gewaarsku dat hulle opstalle afgebrand sou word indien vernieling in die nabyheid van die opstal of op die plaas sou voorkom. "Principal civil residents" sou ook krygsgevange geneem word. Dit was die begin van die sogenaamde beleid van "verskroeide aarde".

118) Amery: op.cit., IV, pp. 299 - 300.

is om aan te pas by plaaslike toestande, al die Boere wat nog onder die wapen was tot by Bethlehem moes aanjaag. Een "flying column" is van Transvaal gestuur[119] die tweede onder MacDonald vanaf Heilbron, die derde onder Clements vanaf Senekal en die vierde onder Methuen se bevel sou vanaf die hoofspoorlyn opereer. Toe die plan in werking gestel is, is enkele aanpassings gemaak.[120]

Terwyl die Britte die opdrag van lord Roberts begin uitvoer het, het genl. De Wet by Paardekraal sy burgermag in drie kommando's verdeel om, ten spyte van Roberts se proklamasies van 16 en 19 Junie, die spoorlyn te gaan verniel. Vir die doel is kommandant Olivier met 'n kommando na Heuningspruitstasie gestuur, genl. Froneman na Amerika-spoorweghalte en is hyself na Serfontein=stasie.[121]

Die aanvalle is op 22 Junie gedoen. Generaals De Wet en Froneman was suk=sesvol in hulle onderneming. Geen buit is gemaak nie, maar De Wet het daarin geslaag om sowel die spoorlyn as die telegraafverbinding te ontwrig. Interes=sant is die wyse waarop die telegraafpale gebreek is. Soos De Wet dit stel: "Elke paal werd eerst met het mauser doorgeschoten en toen men hem omrukte, knakte hij waar de kogel was doorgegaan".[122]

Na afhandeling van sy werk, is De Wet na komdt. Olivier by Heuningspruitstasie. Laasgenoemde het nie op die afgesproke tyd met sy aanval begin nie, sodat sy sake skeefgeloop het. Van Kroonstad is ook 'n Britse versterking na ge=noemde stasie gestuur. Aangesien hierdie versterking onder kol. A. M. Brook=field reeds naby was, het De Wet opdrag gegee dat die gevegsterrein onver=rigtersake verlaat moes word. [123]

---

119) Dit was een onder Ian Hamilton. Onderweg na die Vrystaat is Heidelberg op 23 Junie ingeneem. Aangesien Hamilton sy sleutelbeen op dié dag gebreek het, is die bevel aan genl. Hunter wat pas van Potchefstroom gekom het, oorgedra (Amery: op.cit., IV, pp. 299 - 300).

120) Vir besonderhede sien Amery: op.cit., IV, p. 300.

121) De Wet: op.cit., p. 164.

122) Ibid.

123) Ibid. en Amery: op.cit., IV, p. 268.

Met die groter sametrekking van Britte langs die treinspoor en hulle bedrywig=hede in die uitvoering van Roberts se plan, het dit vir die Vrystaters moei=liker en gevaarliker geword om langs die spoorlyn hulle vernieling voort te sit. De Wet het daarom, voorlopig altans, van die spoorlyn afgesien en be=sluit om sy broer by Lindley op te soek met die doel om die kommando's alhier weer doeltreffend te gaan aktiveer. Christiaan de Wet se terugtrekking na Lindley gedurende die nag van 22 Junie het nie net sy eie nie,maar die van ander kleiner Vrystaatse kommando's se bedrywighede langs die spoorlyn gestaak.[124)]

Waar die aanvalle op die spoorlyne sedert die val van Kroonstad bedoel was om die Britte te kwel, het dit later die bybedoeling gehad om voedsel en klere vir die Vrystaters te bekom. In die proses is wisselende suksesse behaal. Ofskoon De Wet nie daarin kon slaag om Roberts permanent skade te berokken nie, was die aanvalle op die spoorlyne funksioneel in die sin dat Roberts se aandag teruggedwing is na die Vrystaat, die vernieling van die spoor=lyn ernstige voedseltekorte vir die Britte geskep het, die agterblywende Britte baie besig gehou was sodat hulle hulle nie by Roberts in Transvaal kon aansluit nie en miskien die belangrikste van alles, De Wet se optrede en teenwoordigheid by sy getroue burgers weer selfvertroue en 'n lus vir die stryd geskep het.

## IV.11 DIE REDE VIR DE WET SE BELANGSTELLING IN LINDLEY

Die rede waarom genl. De Wet juis na Lindley vertrek het, het te make met genl. Piet de Wet en sy kommando en nie soseer met 'n aanval op Lindley nie. Dit was naamlik onder die ander kommando's goed bekend dat Piet de Wet en sy kommando nie meer baie aktief en dat hierdie burgers se hart nie meer in die saak was nie.[125)] Saam met die joviale genl. M. W. Prinsloo se kommando's wat voorheen op die Drakensberge was, het Piet de Wet reeds vir etlike weke die Engelse in Lindley vasgekeer sonder om hulle aan te val en tot oorgawe te dwing.

---

124) Vir die bedrywighede van die klein kommando'tjies langs die spoorlyn sien Van Everdingen, op.cit., Tweede tijdvak, eerste deel, tweede her=siene druk, pp. 321 - 322.

125) Sien besonderhede in H. Ver Loren van Themaat: Twee Jaren in den Boeren=oorlog, Haarlem, 1903, pp. 109 - 116 en Anoniem: Steyn, De Wet und die Oranje Freistaater, Tübingen, 1902, pp. 9 - 16.

Die swak samewerking tussen Piet de Wet en Marthinus Prinsloo het dan tot die onaktiwiteit van die burgers rondom Lindley gelei. Dis juis dié onaktiwiteit van die burgers en die onmin onder die hoofleiers wat Christiaan de Wet na die dorp gedwing het. Om homself eers op hoogte te stel met die stellings van die burgers het hy dit saam met sy broer op 23 Junie[126] besoek. Die doel van die besoek was om die moontlikheid te ondersoek om die stellings van die Boere te verbeter en om die onaktiwiteit van die burgers in 'n aktiewe aanval op die dorp te omskep. Wat Christiaan de Wet dié dag gesien het moes hom, wat laksheid nie geduld het nie, beslis ontstel het: Lindley in 'n staat van "beleg" vir etlike dae deur Boere wat in klompies rondom die dorp in uitstekende stellings was. Die belangrike westekant van die dorp met die oog op Britse versterkings uit Kroonstad of Senekal was glad nie bewaak nie. Die burgers het net in hulle stellings gebly sonder om iets uit te voer, terwyl hulle van die stellings, versterkings of doel van die vyand niks geweet het nie. Generaal Piet de Wet se kuiertjies op sy plaas, 'n halfuur van Lindley af, was ook veel langer as wat nodig was. Daarby was dit ook nie duidelik wie van genls. Piet de Wet of Marthinus Prinsloo die leier was nie. Kortom, die toestand aan Boerekant rondom Lindley was allertreurigs. Terwyl Christiaan de Wet nog planne beraam het om die toestand te verbeter en om Lindley aan te val, is versterkings onder maj. genl. A. H. Paget[127] vanuit Kroonstad toegelaat om die dorp binne te glip grootliks vanweë genl. Prinsloo se halfhartige optrede.[128] Generaal De Wet was verplig om onder die omstandighede sy planne af te gelas en Lindley onverrigtersake te verlaat.

## IV.12 DIE GEBEURE BY LINDLEY VERSTERK DE WET SE HANDE

Dit is logies dat die onenigheid tussen die hoofleiers asook die belangeloosheid van offisier en burger by Lindley vir Christiaan de Wet hewig ontstel het.

---

126) Breytenbach: Kaptein Danie Theron, p. 190, beweer, sonder om die nodige bewyse aan te haal dat dit Danie Theron was wat by die offisiere aangedring het op aktiewe oorlog en dat die Lindley-stellings om dié rede op 24 Junie verken is. Met genl. Christiaan de Wet aan die roer van sake, klink Breytenbach se aanspraak vir Theron vergesog.

127) Cd. 457, S. A. Despatches, I: p. 84: Roberts - Secr. of State of War, Pretoria, 10/10/1900.

128) Hierdie optrede van Prinsloo het skynbaar kapt. Danie Theron met soveel weersin vervul dat hy met veragting van die "beleëraars" weggery het. Vgl. Anoniem: Steyn, De Wet und die Oranje Freistaater, p. 16 en Ver Loren van Themaat: op.cit., pp. 122-125. In die stuiting van die konvooi het Theron se T.V.K. gevoelige verliese gely. (Verloren van Themaat: op.cit., pp. 113 - 115).

Dit was nodig om hierdie sake reg te stel veral aangesien Roberts met 'n nuwe stryd in die Vrystaat begin het.

Die kwessie van wie van Piet de Wet of Prinsloo leier was, het ook twyfel oor De Wet se hoofleierskap aan die lig gebring.

Aangesien genl. Prinsloo intussen bedank het as hoofkommandant van die kommando's wat by die Drakensberge waggehou het, is komdt. Hattingh van Vrede in sy plek gekies.[129)] President Steyn het op die vraag wat Prinsloo daarna was, tereg verklaar dat hy nog 'n gewone burger is.[130)] Kommandant Olivier was nie hiermee tevrede nie en het geëis dat Steyn 'n verkiesing moet uitskryf ten einde 'n hoofkommandant te laat kies. Die President het geweier. Christiaan de Wet, wetende dat sy posisie onder verdenking was, wou onder die omstandighede ook nie hoofkommandant wees nie en het president Steyn[131)] versoek om 'n verkiesing toe te laat,[132)] sodat uitsluitsel oor die saak verkry kon word. Steyn se her=haalde weiering moet gesien word enersyds omdat hy vertroue in De Wet gehad het en andersyds omdat dit 'n baie moeilike en moedelose tyd vir die Vrystaters was. Steyn moes in die lig hiervan besef het dat 'n broedertwis die toestand net sou vererger.

Alhoewel daar 'n hartelike samewerking en meestal eenstemmigheid tussen De Wet en Steyn was, was daar soms vanweë die verskille in persoonlikheid ook verskil van mening. Meestal het De Wet die besluite van Steyn uitgevoer, ofskoon hy nie altyd saamgestem het nie soos in die geval toe hy na die Kaapkolonie wou gaan en dit nie toegelaat is nie.[133)]

Christiaan de Wet het nooit persoonlike belange vooropgestel nie, maar het die saak gedien. Ten einde hom in staat te stel om die gevoel van die offisiere en

---

129) Vgl. De Wet: op.cit., p. 166.

130) Ibid.

131) Die President en die regering was op hierdie stadium in Bethlehem nadat die kamp by Presidentskoppie (Heilbron) ontruim is. Die burgers wat by die President was, het hulle by Lindley by De Wet aangesluit (Ibid.).

132) Ibid.

133) Vergelyk p. 96 hierbo.

burgers oor sy leierskap te toets met die oog op persoonlike leiding, het hy op eie verantwoordelikheid 'n verkiesing gehou. Op twee uitsonderings na[134] was al die oudste kommandante van die Vrystaat met die verkiesing teenwoordig. Vier kandidate, waaronder Christiaan de Wet is teenoor mekaar gestel.[135] Van die twee-en-dertig stemme wat uitgebring is, het ses-en-twintig vir Christiaan de Wet gestem. President Steyn is hierna telegrafies van die verkiesing in kennis gestel. Die besluit is deur hom goedgekeur. Christiaan de Wet was ook tevrede, want hy het nou geweet waar hy staan.[136] Die uitslag het egter nie 'n einde gemaak aan die kleinlike naywer van veral genl. Prinsloo nie.[137]

Die wete dat hy nog sterk gestaan het, het De Wet in staat gestel om sterk op te tree teen die tweede verskynsel wat by Lindley voorgekom het, t.w. die belangeloosheid vir die stryd, wat gelei het tot 'n steeds stygende getal hens=oppers. Lord Roberts se optrede, suksesse, groter getalle Britte wat hulle herverskyning in die Vrystaat gemaak het en veral sy proklamasies was hoofsaaklik

---

134) Hoofkommandant Hattingh en sy offisiere sowel as veggeneraal Roux en sy offisiere kon nie teenwoordig wees nie (De Wet: op.cit., p. 168).

135) Die vier kandidate was: Generaal C. R. de Wet; genl. P. de Wet; genl. M. Prinsloo en komdt. Olivier.

136) Sien De Wet: op.cit., p. 115.

137) Sien in hierdie verband die oorgawe van genl. Prinsloo pp. 147 - 148 hier=onder.

verantwoordelik dat die burgers belang verloor en gehensop het.[138] Tereg het A. M. S. Methuen van hierdie proklamasies opgemerk: "Bewilderd and embarrassed, Lord Roberts waged war by proclamations. It was perhaps the most fatal mistake of all, and again it was political and not military in its origin. The earlier ones were in accord with the rules of civilized warfare; but the latter ones breathed a spirit of anger and revenge utterly opposed of the views which the English delegates had put forth at the Hague Conference in 1899".[139]

De Wet het hom verplig gevoel om met sy burgers te praat oor hulle vrees, moedeloosheid, onverskilligheid en die neerlê van wapens. Aan die Renoster=rivier het hy hulle vanaf 'n wa kragtig, eenvoudig en roerend toegespreek in 'n toespraak wat "hoe langer hoe meer in de harten door (drong)".[140] In hierdie woorde lê'n ander waarheid t.o.v. De Wet as militêr opgesluit. Hy het naamlik in die harte van die burgers in sy teenwoordigheid ingekruip en

138) Die eerste proklamasies van Roberts op 15 Febr. en 15 Maart 1900 het ten doel gehad om die Boere met allerhande beloftes oor te haal om die wapen neer te lê. Aangesien die proklamasies skynbaar nie die gewenste uitwerking gehad het nie, is 'n proklamasie op 26 Maart uit=gevaardig wat 'n nuwe rigting ingelei het, naamlik dat persone nou ver=antwoordelik gehou sou word vir enige beskadiging (Cd. 426, Procla=mations Issued by Field Marshall Lord Roberts in South Africa: nr. VII, Bloemfontein, 26/3/1900, pp. 4 - 5). Daarna het die afbrand van plaashuise en die vernietiging van Boere-eiendom begin en voortgeduur. Dit was die begin van die verwoestingswerk in die Vrystaat (Cape Argus Weekly Edition, 21/6/1900). Selfs die protes van genls. De Wet en Botha teen hierdie vorm van oorlogvoering het Roberts nie van taktiek laat verander nie (Vgl. Cd. 582: Correspondence between the C. in C. in South Africa and the Boer Commanders: nrs. 5 & 7, pp. 4 - 5). Die anneksasie van die O.V.S. op 24 Mei het nog meer burgers laat kleinkoppie maak. Die proklamasie van 31 Mei 1900 het die Vrystaat onder krygswet geplaas (Cd. 426, Proclamations Issued, nr. XII, Pro=clamation, 31/5/1900, p. 6). Omdat Roberts nog nie tevrede was met die reaksie op die proklamasies nie het hy op 1 Junie 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy die Boere van die Vrystaat veertien dae tyd gun om oor te gee anders sou hy hulle as rebelle beskou en behandel (Ibid.,nr. XII, Johannesburg, 1/6/1900, p. 8). Alhoewel hierdie pro=klamasie in sowel Brittanje as Suid-Afrika verontwaardiging en kritiek uitgelok het, het dit baie beslis sy werk goed gedoen, want groot ge=talle burgers het tot en met 14 Junie na hulle plase teruggekeer. Nog meer het die wapens neergelê toe Roberts sy proklamasie nr. XV op 16 Junie opgevolg het met proklamasie nr. XIX waarin hy wrede strawwe aankondig vir die Vrystaters wat nie aan eersgenoemde proklamasie ge=hoor gegee het nie (Ibid., nr. XIX, Pretoria, 16/6/1900, p. 19).

139) A. M. S. Methuen: Peace or War in South Africa, London, 1901, p. 51.

140) Badenhorst: op.cit., p. 29.

daarom kon hy dissipline handhaaf en hulle tot groot hoogtes inspireer. Dit kon nie altyd van sy ander generaals gesê word nie. Die burgers se optrede by Lindley was onder andere 'n goeie bewys van laasgenoemde.

## IV.13 DIE SLAG VAN BETHLEHEM: 6 EN 7 JULIE 1900

Nadat De Wet Lindley verlaat het, het dit vir hom duidelik geword wat Roberts se doel met die sterk kolonnes was: om die Vrystaters tot 'n punt t.w. Bethlehem saam te dryf en om die kommando's dan in die pan te haak.[141)] Roberts se siening dat, met De Wet se gevangeneming ook die ander Vrystaters sou ingee, was beslis nie vergesog nie. Die Vrystaatse offisiere, waarvan Badenhorst 'n voorbeeld was, was bang vir so 'n moontlikheid want hulle het besef dat geen ander offisier of burger De Wet se plek kon volstaan nie. "en de moreele druk bij sijn sneuvelen of gevangenneming zou zeker de moedig= ste voor goed hebben ter neer slagen".[142)]

Om sy doel te bereik het lord Roberts sy oorspronklike plan[143)] ietwat ge= wysig.[144)] Aan genl. Clements is die taak opgedra om Bethlehem in te neem. Hy het Senekal op 28 Junie 1900 met 'n mag van 5 000[145)] verlaat. Generaal Paget, wat van Lindley vertrek het met ongeveer 1 000 man,[146)] sou hom by= staan. Lord Roberts het self die vordering vanuit Pretoria beheer alhoewel genl. Hunter in beheer geplaas is van die ontplooiing van die plan om genl. De Wet, pres. Steyn en die oorgrote meerderheid[147)] Vrystaters in te hok.

---

141) De Wet: op.cit., p. 168 asook Badenhorst: op.cit., p. 33.

142) Badenhorst: op.cit., p. 33.

143) Sien pp. 118 - 119.

144) Generaal Rundle moes nie meer na Vrede gaan nie, maar in Senekal bly ten einde genl. Clements in staat te stel om na Bethlehem te gaan. Hy moes ook 700 van die Colonial Division aan Clements afstaan en sy hoofkwartier na Trommel verskuif ten einde 'n verbinding tussen Ficksburg en Winburg te bewerkstellig. Methuen is aangesê om in Heilbron te bly en die gebied noord van die dorp te verken sowel as suid tot by Lindley sodat genl. MacDonald losgemaak kon word om ook na Bethlehem te trek (Amery: op.cit., IV, pp. 300 - 301).

145) Sien Ibid., p. 302 vir die samestelling van Clements se mag.

146) Sien Ibid., p. 304 vir die samestelling van Paget se mag.

147) Die enigste Vrystaatse kommando wat nog buite die netwerk van lord Roberts se plan was, was die Winburgers onder genl. Roux en komdt. Haasbroek. Hulle was in die Doornberg en het die Engelse in die rug aangeval. So was hier= die burgers op 29 Junie in gevegte gewikkel by Britsberg en op 30 Junie by Sandrivier. Aan die begin van Julie 1900 het die kommando egter ook na die Brandwaterkom/Bethlehem vertrek (Van den Heever: op.cit., p. 110).

Nadat genls. Clements en Paget op 30 Junie verenig het, het genl. De Wet hom met sy Vrystaters op die rantjies oos en suidoos van Lindley gehou om die Britte te verhoed om na Behtlehem op te ruk. Die twee Britse kolonnes het vanaf 2 Julie afsonderlik aan weerskante van die pad tussen Lindley en Bethlehem begin beweeg en stelselmatig gedurende die eerste drie dae die Boere voor hulle uitgedryf. In die proses het heelwat skermutselinge plaas=gevind, en was die verspreide kommando's nie opgewasse teen die oormag van die kolonnes nie.[148)]

Die aand van 4 Julie was Clements en Paget in Bethlehem se poorte. Vir De Wet was dit van die begin af duidelik dat die vyand eers by Bethlehem ge=stuit sou word. Die kommando's wat tot 4 Julie met die vyand gebots het, se taak was waarskynlik om met die gevegte tyd te wen, sodat die President, regering, vroue, ou mans en kinders kans gegun kon word om die dorp te ver=laat ooreenkomstig opdrag van De Wet.[149)] Tyd kon ook sodoende gevind word om genl. Roux in staat te stel om op bevel van De Wet, hom met sy kom=mando by Bethlehem aan te meld.[150)]

Dit was vir die burgers duidelik dat De Wet nie van plan was om Bethlehem sonder weerstand af te staan nie, alhoewel hy hulle nie vooraf omtrent sy planne ingelig het nie.[151)] Ter wille van sy plan met Bethlehem het hy nie te hard opgetree teen die walaer wat teen hierdie tyd weer tot "een

---

148) Volgens genl. Clements se verslag van die aanmars, het genl. Paget op 2 Julie noordwaarts na Groenvlei beweeg en die Boere uitgedryf na Plesierfontein waar 'n geveg afgedwing is (Amery: op. cit., IV, p. 305). Clements het hulp verleen deur die Boerestellings met sy twee vyf-duim-kanonne te bestook op 'n afstand van 10 500 treë. Teen die aand het Paget die stellings verower. Clements het die aand by Erfenis kamp opgeslaan. Op 3 Julie het hy op Erfenis oorge=bly sodat verkenning gedoen kon word. Hierdeur is die Boere hoofsaak=lik op Kafferskop, suid van Erfenis naby Driefontein gevind. Ge=durende die dag het sy berede troepe die Boere uit verskeie minder belangrike stellings verdryf, maar kon nie daarin slaag om die Boere uit Osplaat en Kafferskop te verdryf nie. Genl. Paget het teen die aand in linie met Clements gekom deur Elandsfontein in te neem. Op 4 Julie het Clements Osplaat met sy infanteriste bestorm en die Boere uit hulle stellings verdryf na Kafferskop. Die Boere op die kop is deur Clements se berede troepe vasgekeer. Paget het Blaauwkoppie gehou (L.R.P., Nr. 8, pp. 42-44: Verslag van maj. genl. Clements, Bidduiphsberg, 11/7/1900).

149) Sien De Wet: op. cit., p. 172. Diegene wat gehoor gegee het aan De Wet se opdrag, het na Fouriesburg gegaan.

150) Ibid., p. 168. Slegs 'n deel van Roux se kommando het met dié van De Wet verenig. 'n Deel van sy kommando het by Houtnek naby Ficksburg gebly en 'n ander by Witnek (Ibid.).

151) Vgl. Badenhorst: op. cit., p. 134.

ontzaglijk zwaar wagenlaer"[152] saamgegroei het.

Met die oog op die verdediging van die dorp, was De Wet se kommando's teen 4 Julie in posisies wat gestrek het "van het zuiden van Wolhuterskop, west om tot het noordwesten van het dorp".[153] Die grootste sametrekking van Boere was by Wolhuterskop. Die sterkte van De Wet se mag was sowat 5 000 man.[154]

Die oggend van 5 Julie het die aanval op en verdediging van die laaste Vrystaatse hoofstad in alle erns begin toe Clements aan Paget opdrag gegee het om na Leeupoort op te ruk. Clements sou dieselfde doen sodat hier dan planne vir die aanslag op die dorp beraam kon word.[155] Weens 'n vertraging het Clements teen sonsondergang eers op Bontjeskraal aangekom en daar verneem dat Paget intussen na Waterval beweeg het en met Boere slaags was. Die botsings met die vyand het Paget 'n aansienlike ongevallelys besorg.[156]

Op 5 Julie was De Wet ook baie besig met voorbereidingswerk. Hy het geweet dat die geveg met die Britte hewig sou wees en het derhalwe vir Danie Theron opdrag gegee om die verkenningswerk te kom doen. Toe laasgenoemde op die aand van 5 Julie opdaag, was De Wet se kommando's gereed vir die stryd buite die dorp. In die dorp was dit blykbaar by diegene wat agtergebly het, 'n uitgemaakte saak dat dit net 'n kwessie van tyd was voordat die dorp in Britse hande sou wees. Om die rede was die inwoners reeds besig om voorbe=reidings te tref vir die onthaal van die Engelse.[157]

Teen die aand van 5 Julie was dit duidelik dat die hoofgeveg die volgende oggend sou begin. Vroeg die oggend van 6 Julie het De Wet saam met sy gene=raals en kommandante die posisie gaan inspekteer. Met sy militêre aanvoeling

---

152) De Wet: op.cit., p. 170.

153) Ibid., p. 172.

154) Van Everdingen: op.cit., Tweede tijdvak, eerste deel, p. 328. De Wet: op.cit., p. 168 maak melding van ongeveer 5 300 man.

155) L.R.P., No. 8, p. 44: Verslag van maj. genl. Clements, 11/7/1900.

156) Ibid., p. 45.

157) Talle Boere waaronder ook Theron se T.V.K. het hiervan te hore gekom en van die versnaperings gaan geniet wat vir die Britte bedoel was (Baden=horst, op.cit., pp. 36 en 38; Ver Loren van Themaat: op.cit., pp. 133-135 en D. Theron-versameling nr. 39: verklaring van Enslin).

en met die inligting oor die vyand tot sy beskikking, was dit vir hom duide=lik dat enkele aanpassings nodig was. Hy het elkeen van sy bevelvoerders die stellings gaan aanwys wat hulle dadelik moes inneem.[158)] Dit is vanself=sprekend dat hy ook elke offisier sou laat verstaan het wat sy plig was en hoe hy in die krygsplan inpas. Aangesien Clements en Paget vanuit die noord=weste in aantog was, het De Wet se hoofkommando in 'n suidoostelike posisie stelling ingeneem.[159)] Generaal De Wet se linkerflank was die swakste om 'n bepaalde rede: De Wet wou die Britte dwing om met sy regter- en middel=flanke te bots. Die linkerflank se groot taak was om die pad na die Witte=berge oop te hou omdat dit die enigste veilige plek was waarheen die Boere die wyk kon neem as dit sou nodig word.[160)]

Generaal Clements het gereël dat genl. Paget op 6 Julie Wolhuterskop, dus De Wet se middel- en belangrikste flank sou aanval.[161)] Voordat die Britte tot die aanval oorgegaan het, het hulle onder dekking van die witvlag gevra dat die Boere moet oorgee. Generaal Christiaan de Wet het natuurlik geweier.[162)] Kort daarna is die eerste skote in die twee dae lange geveg om Bethlehem ge=vuur.

Deur die loop van die dag het Clements van sy beplande aanval op Vogelsfon=tein afgesien.[163)] Hierna het hy met Paget op Wolhuterskop gekonsentreer. Die Boere het hewig teenstand gebied en was teen die aand nog in dieselfde stellings as die oggend. Die volgende oggend het die stryd om Bethlehem sy hoogtepunt bereik. Aangesien die Britte nou op die middel- en swakker linker=flank gekonsentreer het, kon die Boere met hulle kleiner getalle nie voldoende

---

158) De Wet: op.cit., p. 172.

159) Op die regterflank was hoofsaaklik die kommando van Bethlehem met twee kanonne onder genls. Piet de Wet, C. C. Froneman en Serfontein. Hulle was in uitgestrekte posisies in rantjies noord- en noordwes van die dorp. Hulle moes onder andere keer dat die Britte onder Clements die Liebenbergrivier oorsteek. Die terrein was ook baie ongeskik vir 'n aanval. Kyk Amery: op.cit., IV, p. 307.

160) Die meeste burgers van De Wet se eie kommando was op die linkerflank onder genls. Roux en Haasbroek. Hulle het die gebruik van vyf kanonne gehad (Ibid., IV, p. 308).

161) L.R.P., No. 8, p. 45: Verslag van maj. genl. Clements, 11/7/1900.

162) Amery: op.cit., IV., p. 307 en Offisiële oorlogsberig, 6/7/1900, opge=neem in Badenhorst: op.cit., p. 39.

163) L.R.P., No. 8, p. 45: Verslag van maj. genl. Clements, 11/7/1900 gee die rede vir Clements se mislukking aan as sou die terrein baie moeilik wees en die Liebenbergrivier nie oorgesteek kon word nie.

weerstand bied nie. Die sterk regterflank is ook van die ander burgers afgesny, en kon gevolglik nie hulp kry nie. Vir Christiaan de Wet moes dit teleurstellend wees om te sien hoe die krake in sy verdediging begin verskyn.[164] Van stelling tot stelling het hy gegaan, raad gegee, moed ingepraat en meermale weer die sambok gebruik om die burgers terug in hulle stellings te foeter.[165]

Paget is in staat gestel om Wolhuterskop te beset toe Clements die First Royal Irish Regiment in die geveg ingestuur het onder dekking van geweervuur op die linkerflank. Die Boere op die linker- en middelflank het hierop die wyk be= gin neem na die Witteberge aangesien hulle reeds moeg was deurdat hulle geruime tyd in die stellings was. Hulle het ook geen vooruitsigte op versterkings gehad soos die Britte nie. Dit het die weg na Bethlehem vir die Engelse onbe= skermd gelaat. Die Boere op die regterflank het ook teen die middaguur in 'n meer ontspanne atmosfeer begin terugtrek uit vrees vir genl. Hunter se magte wat vanaf Transvaal via Reitz die slagveld bereik het.[166]

## IV.14 OPSOMMEND

Lord Roberts het aan die begin van Mei 1900 met sy aanmars na die Z.A.R. begin en "als een groote stroom over het land"[167] (die Vrystaat) gegaan. Nie De Wet of enige van die ander Boere-generaals kon hierdie stroom stuit nie.

Met die Britse hoofmag uit die Vrystaat verwyder en ná die samesprekings met genl. Louis Botha by Renosterrivierbrug[168] is De Wet in staat gestel om die vyand te kwel. Hierin neem De Wet die leiding by Swavelkranz,[169] Roodewal[170] en in die Noordoos Vrystaat[171] op so 'n wyse dat sy naam binne 'n kort tydjie

---

164) Anon.: Steÿn, De Wet und die Oranje Freistaater, p. 29, en Ver Loren van Themaat: op.cit., pp. 129 - 133.

165) Badenhorst: op.cit., pp. 34 en 35.

166) Vergelyk Amery: op.cit., IV, p. 308 en De Wet: op.cit., p. 174.

167) De Wet: op.cit., p. 122: Opskrif hoofstuk XII.

168) Sien pp. 102-104 hierbo.

169) Sien pp. 108-111 hierbo.

170) Sien pp. 111-115 hierbo.

171) Sien pp. 116-120 hierbo.

groei tot 'n legende vanweë sy suksesse, verbasende mobiliteit en astrantheid.

Die versteuring van lord Roberts se verbindingslinies het ook 'n ander betekenis gekry, naamlik die verkryging van broodnodige oorlogsmateriaal. Die sukses= volle verkryging het De Wet in staat gestel om die stryd te verleng en om Roberts se proklamasies af te water. Hierdeur is Roberts verplig om weer aandag aan die Vrystaat te gee en veral aan die vlieg in sy vredessalf, naamlik Christiaan de Wet.

Lord Roberts het daarop persoonlik aan die hoof gestaan van die poging om De Wet en gevolglik sy Vrystaters vas te keer en gevange te neem. Die poging het by Bethlehem misluk. Dit kon dalk nog suksesvol gewees het indien die Britte die inname van Bethlehem dadelik opgevolg het. Deur dit nie te doen nie, is De Wet nie gevang nie en was die oorlog in die Vrystaat nog geensins oor nie.

Tot 15 Julie is die Boere kans gegee om in die Brandwaterkom uit te rus.[172] De Wet het die ruskans gebruik om sy verdere strategie te beplan.

Wat wel van belang is, is die feit dat, behalwe vir Harrismith, alle belangrike Vrystaatse dorpe nou in Britse hande was. Rondom Bethlehem was ook al die belangrikste Britse generaals t.w. genls. Ian Hamilton, MacDonald, Clements, Paget, Methuen en Rundle saamgetrek.

Dit het wel die Boere moedeloos gemaak maar De Wet nie ontstel nie. Geen won= der dat Bennett Burleigh in die Daily Telegraph gewaarsku het dat De Wet nou die gevaarlikste Boeregeneraal was, want as die maan opkom, sê die telegraaflyne: "Wees op u hoede".[173]

---

172) Terwyl die Boere in hierdie tyd in die Witteberge vertoef het, is selfs 'n koerant, De Bazuin uitgegee en versprei. (Sien afskrif van kopie in Badenhorst, op.cit., p. 37 en oorspronklike kopie in Senator D. J. Malan-versameling, 60,3 Privaataanwins 4/7).

173) G. L. Kepper: De Zuid-Afrikaansche Oorlog. Leiden, 1900, p. 290.

# HOOFSTUK V

# GEDWING NA TRANSVAAL - DIE EERSTE DRYFJAG

## V.1 IN DIE BRANDWATERKOM

Die Brandwaterkom waarheen De Wet sy kommando's gevolg het toe dit duidelik was dat die vyand nie by Bethlehem gestuit sou kon word nie, is 'n natuur=like kom, vasgevang tussen die Wit- en Rooiberge, lank en uitgestrek met natuurlike skuiling soos hoë en steil bergspitse, diep klowe en bosse. Drie riviere t.w. die Brandwater, Klein-Caledon en Caledon bied genoegsame water en groenigheid terwyl koring ook in die winter hier te vinde is. Benewens die hoofpasse, Naauwpoort, Slabbertsnek en Retiefnek, is daar ook 'n aantal kleiner passe soos onder andere Witnek, Nelspoort, Bamboeshoek en Golden Gate waardeur toegang tot die kom verkry word. Die Britte het van al die passe kennis gedrag uitgesonderd dié van Golden Gate.[1)]

Retiefsnek was die sleutel tot die kommando's in die kom. As voorsorgmaat=reël is Danie Theron en sy verkennerskorps deur De Wet buite hierdie nek geplaas om sy waghonde te wees.[2)] Gideon Scheepers is waarskynlik ook aan=gesê om die bewegings van die Britte noukeurig dop te hou.

Luitenant-genl. sir A. Hunter is op hierdie stadium in beheer van die Britse magte in die noordoostelike Vrystaat geplaas.[3)] Met sy aankoms in die ver=owerde Bethlehem het hy verneem dat die Vrystaters hulle op enkele uitsonder=ings na in die Brandwaterkom skuilhou. Genls. Clements en Paget het dan ook versoek dat Retiefsnek en Slabbertsnek geblokkeer moet word ten einde De Wet en die ander Vrystaters vas te keer.[4)]

---

1) Cd. 457: South African Despatches, I,: Roberts - Secr. of State of War, Pretoria, 10/10/1900.

2) Ver Loren van Themaat: op.cit., pp. 135 - 138.

3) Hunter het op 9 Julie 1900 in Bethlehem aangekom en dadelik die bevel oorgeneem. Dit sou nou hierdie "remarkable Officer" (Creswicke: op. cit., VI, p. 170) se taak word om De Wet en die ander Vrystaatse leiers vas te trek.

4) Amery: op.cit., IV, p. 312.

Alhoewel genl. Leslie Rundle reeds teen 9 Julie al die moontlike suidelike uitgange in die Witteberge tot so ver as Witnek in die noorde bewaak het,[5] het Hunter om twee redes aanvanklik nie geheer gegee aan Clements en Paget se versoeke nie: sy gebrek aan genoegsame proviand en omdat die kaarte tot sy beskikking nie presies en duidelik die topografie van die omgewing en die kom self aangedui het nie.[6] Daar het gevolglik enkele dae verloop waarin hy op voorrade gewag het. Verkenners is intussen egter uitgestuur om die omge= wing te verken.

Die feit dat Hunter nie dadelik tot die aanval oorgegaan het nie, het aan die Vrystaatse militêre- en politieke leiers die geleentheid gebied om aandag te gee aan ernstige vraagstukke. Een daarvan wat dringend aandag vereis het, was die Boere se ontevredenheid met buitelandse militêre met range wat oor die Boere bevel gevoer het.[7] 'n Ander vraag wat hiermee verband gehou het, was die aanstelling van offisiere. In baie gevalle is 'n popųlêre maar nie bekwame persoon nie as offisier gekies deur die burgers. Op kritieke tye kon hierdie persoon dan nie sy verantwoordelikhede dra nie. Dit is waarskynlik in hierdie tyd dat De Wet 'n reëling tydens 'n krygsraadsitting laat aanneem het om hierdie probleem uit te skakel, naamlik dat hy in die toekoms self die offisiere sou aanstel met die goedkeuring van die President.[8] 'n Ander belangrike probleem wat sekerlik aandag verdien het, was die probleem wie van genls. Piet de Wet of Paul Roux die senior was en wat die posisie van Marthinus Prinsloo was.[9]

Aangesien daar nie meer sprake van 'n bepaalde hoofstad was nie, was dit vir De Wet 'n persoonlike bekommernis wat om in die toekoms met die President te maak. President Steyn het self die oplossing gehad deurdat hy verkies het om by genl. De Wet en sy kommando te bly.[10] Behalwe vir enkele kere was dit nou die geval tot aan die einde van die oorlog. Dit het De Wet se ver= antwoordelikhede egter groter gemaak omdat hy nou in 'n besondere mate moes sorg dat die President uit die vyand se hande bly.

---

5) Ibid., IV, pp. 312 - 314 toon die beweging, sterkte en plasing van Rundle se mag aan.

6) Ibid., IV, pp. 318 - 320.

7) Anon: Met Steijn en De Wet op kommando, Rotterdam, 1902, pp. 40 - 42.

8) Ibid., p. 42.

9) Hierdie ongelukkige toedrag van sake is eers beëindig toe al die persone van die toneel verdwyn het.

10) Rompel: Präsident Steyn, p. 97.

Wat dus bedoel was as 'n tydperk van rus in die Brandwaterkom, was inder= waarheid 'n baie onrustige tydperk.[11] De Wet was nie die oorsaak van al die onrus nie, maar was nou betrokke daarby aangesien hy die vure onder die burgers moes doodslaan en verdere strategie moes beplan. Hy het nou ont= wikkel as die persoon in die Vrystaat wat betrokke was by militêre-, politieke-[12] en persoonlike sake.

Die spanning onder die Boere het teen 13 Julie verhoog aangesien genl. Hunter toe oor voldoende proviand en inligting beskik het.[13] Hy het nou besluit om tot die aanval oor te gaan om 'n einde aan die oorlog in die Vrystaat te maak. Sy plan was dat byna alle uitgange van die Brandwaterkom beset of aangeval sou word op ongeveer 18 Julie.[14] Generaal Hunter sou persoonlik na Retiefnek gaan en genl. Rundle na Slabbertsnek. Van die Britse magte het op 13 Julie reeds na hulle stellings begin beweeg.

Die beweging van die vyand kon nie geheim bly nie aangesien Danie Theron en sy verkenningswerk te deeglik was.[15] Die rapporte wat die verkenners daag= liks gebring het, het aangetoon dat die posisie vir die Boere versleg het, en dat 'n plan van aksie nodig geword het. Van die Boere wou dat stellings op die berge ingeneem word. De Wet was sterk hierteen gekant, want met sy militêre insig het hy geweet dat "het zou onze laatste tegenstand geweest zijn, waren wij daar alleen gebleven".[16]

Op 'n krygsraadvergadering op 14 Julie in die tent van pres. Steyn[17] is die strategie van De Wet met betrekking tot die ontsnapping uit die kom en ver=

---

11) Die onrus onder die burgers en De Wet se kalmerende uitwerking word duidelik weerspieël deur anon.: Met Steijn en De Wet op kommando, pp. 32 - 49.

12) De Wet het na die oorgawe op 8 Junie by Heilbron deur die staatsekretaris en ander hooggeplaaste amptenare ook sterk gestaan in die politiek. Die meeste Vrystaatse proklamasies is hierna deur hom alleen of mede= onderteken.

13) Sy inligting was dat die Bethlehemkommando onder genl. Rooi Michael Prinsloo Naauwpoortnek beset en agt kanonne by hom gehad het, dat De Wet met sowat 4 000 burgers en twintig kanonne in besit was van Retief- en Slabbertsnek en Steyn by Kommandonek was (Grobler: op.cit., p. 55).

14) Vir Hunter se eerste plan van aksie sien Amery: op.cit., IV, p. 320.

15) Vergelyk De Volksstem, d.d. 21/12/1907.

16) De Wet: op.cit., p. 177.

17) Van Everdingen: op.cit., Tweede tijdvak, tweede deel, p. 6.

dere krygsoperasies uiteengesit en aangeneem: Die sowat 7 000 burgers[18] in die Brandwaterkom is in drie groepe[19] verdeel met bepaalde opdragte:

a) Die een groep onder genl. De Wet het bestaan uit genl. Botha met Heilbronse burgers, kommandant Steenkamp met Kroonstadse burgers en nog 'n aantal kleiner groepies.[20] Hierdie groep van sowat 2 000 man waarby die President en die Vrystaatse regering ingeskakel is, sou op 15 Julie deur Slabbertsnek na De Wet se plaas naby die Renosterrivier trek. Hy wou die res van die ammunisie gaan haal wat by Roodewal buitgemaak is.[21] Met sy voorraad weer aangevul, want dit is die voorafgaande maand baie uitgeput, sou hy vervolgens na Kroonstad gaan en vandaar na sy lank gekoesterde ideaal, t.w. die Kaapkolonie.[22] Met die onderneming na die Kolonie sou hy regs van die spoorlyn hou en Roux links. Sy baasverkenners, Gideon Scheepers moes met sy manskappe vooruit verken, en Danie Theron en sy korps die belang=rike agterhoede dek.[23]

b) Die tweede groep onder asst.-hoofkomdt. Paul Roux met genls. P. J. Fourie en C. C. Froneman moes op 16 Julie deur Slabbertsnek trek. Die kom=mando het bestaan uit burgers van Fauresmith, Bloemfontein, Bethulie, Wepener, Smithfield, Thaba Nchu, Rouxville en Jacobsdal.[24] Hulle taak was om na Bloemfontein te trek en vandaar suidwaarts om burgers weer onder die wapen te bring.[25] 'n Nog belangriker taak was om links van die Bloemfontein-Kaapkolonie-spoorlyn te hou en na die Kaapkolonie te gaan[26] saam met De Wet.

---

18) Dit was die sterkte van die hele Vrystaatse mag. Om De Wet se plan te laat slaag is ook die kommando's van Harrismith en Vrede na die Brandwaterkom ontbied (De Wet: op.cit., p. 177 en vn.).

19) De Wet:op.cit., pp. 177 - 178; Preller-versameling, Deel 50, nr. 460: Ektra Oorlogsberig, 15/8/1900 en N. J. van der Merwe; Marthinus Theunis Steyn II, Kaapstad, 1921, p. 62.

20) De Wet: op.cit., p. 177 en Amery: op.cit., IV, p. 316.

21) Kyk p. 115 hierbo.

22) Van der Merwe: op.cit., II, p. 62.

23) Breytenbach: Kommandant Danie Theron, p. 197.

24) De Wet: op.cit., p. 177.

25) Ibid.

26) Van der Merwe: op.cit., II, p. 62.

c) Die derde groep, onder genl. Crowther het bestaan uit burgers van Ficksburg, Ladybrand, Winburg en Senekal. Hierdie groep moes met die kommando's van Harrismith en Vrede onder waarn. hoofkomdt. Hattingh verenig en in die noordoostelike distrikte van die Vrystaat gaan opereer.[27)]

In die kom sou die Bethlehemse burgers onder genl. Marthinus Prinsloo agter=bly wat Slabbertsnek, Retiefnek en Naauwpoort moes verdedig[28)] ten einde die groot getalle vee wat in die kom agtergelaat is, te beskerm.

## V.2 UIT DIE BRANDWATERKOM VIA SLABBERTSNEK

Die plan om die Brandwaterkom te verlaat was beslis gewaagd aangesien 'n ontsaglike Britse troepemag van 70 000 man reeds op 14 Julie buite Slabberts=nek gelê het met die doel om die Vrystaters vas te keer.[29)] Generaal Hunter het op hierdie datum, verkeerdelik, verneem van 'n groot Boerebeweging by Kommandonek met die doel om daar deur te breek. Hy was daarom verplig om sy aanvanklike plan te wysig: Die massa-aanval is nou vir 20 Julie beplan. Tot dan moes die nekke gehou word[30)] sodat die Boere nie kon uitkom nie. Paget en nie meer Rundle nie, is aangesê om Slabbertsnek te gaan beset. Generaals R. G. Broadwood, C. P. Ridley en H. A. (Fighting Mac) MacDonald is ook opdrag gegee om hulle kolonnes as vlieënde kolonnes te laat dien.[31)] Die plan hiermee was om hierdie kolonnes vinnig na 'n nek te laat gaan om te gaan help teen Boere wat dalk deurgebreek het.

As die kommando's volgens De Wet se plan kon opereer, sou hulle dus die vyand se planne vir 'n groot vangs in die wiele gery het. De Wet het oor genoeg insig en ervaring beskik om te weet wat die Britte beoog het. Hy het besef dat vinnige en doelgerigte optrede die Boere uit die omsingelingsbeweging kon red. Daarom het De Wet die aand van 14 Julie met sy groep vanaf die hoof=laer by Retiefsnek in die rigting van Slabbertsnek begin beweeg.[32)]

---

27) De Wet: op.cit., p. 178.

28) Ibid.

29) Ver Loren van Themaat: op.cit., pp. 138 - 140.

30) Amery: op.cit., IV, p. 321, toon aan hoe en deur wie die belangrikste nekke opgepas is.

31) Ibid.

32) Anon: Met Steijn en De Wet op kommando, p. 47.

Die oggend van 15 Julie was De Wet, die President, die Vrystaatse regering sy burgers, en 'n ontstellende getal van 400 waens en karre[33] waarvan De Wet maar net nie ontslae kon raak nie, reeds in die omgewing van Slabbertsnek. Die oggend, dit was 'n Sondag, het sy kommando 'n roerende kerkdiens bygewoon[34] en die res van die dag rustig deurgebring. Na alle waarskynlikheid het sy offisiere van sy planne geweet, maar getrou aan sy beleid het sy burgers nie geweet wat presies die doel en rigting van die beweging was nie.[35]

Teen die aand het die bevel gekom om op te saal en het die burgers net na sonsondergang vanaf Kafferskop deur die nek begin beweeg. Dit moes vir De Wet nie sonder geweldige spanning geskied het nie, want nie net was die veiligheid van pres. Steyn en die regering in sy hande nie, maar ook die van die burgers. Uit inligting van sy wakker verkenners onder Theron en Scheepers, het hy geweet van die oprukkende Britte en die teenwoordigheid van die soldate wat reeds buite Slabbertsnek saamgetrek was. Die stadigbewegende walaer, die geraas wat die rollende wiele oor die ongebaande weg in die nag gemaak het en die konvooi wat oor etlike kilometer[36] gestrek het, moes bygedra het om die spanning te verhoog.

Die feit dat De Wet van metode en presiesheid gehou het, het hom nou opdrag laat gee dat daar orde moet wees.[37] Niemand is meer toegelaat om op sy eie te trek nie. Daar moes saamgetrek word soos in 'n span en daarby moes die burgers twee-twee langs mekaar beweeg om die lengte van die trek in te kort. Verder het elke burger duidelike opdragte van De Wet gehad: daar mag nie afgedwaal word nie, geen sweep mag geklap word nie, drywers is nie toegelaat om op die osse te skreeu nie terwyl die burgers selfs slegs op gedempte toon toegelaat is om te praat. De Wet self het nooit gerook nie, maar vir die meeste burgers was die rookgoed van groot lewensbelang. As deel van sy nuwe metode is niemand egter toegelaat om gedurende die nagtogte te

---

33) De Wet: op.cit., p. 183.

34) Die diens is waargeneem deur die kragtige redenaar en hartstogtelike vaderlander, ds. Marquard van Bloemfontein. Sien Van Everdingen: op.cit., tweede tijdvak, tweede deel, pp. 10 - 11.

35) Boldingh: op.cit., p. 15 en anon.: Met Steijn en De Wet op kommando, p. 47.

36) Van Everdingen: op.cit., Tweede tijdvak, tweede deel, p. 11 noem 'n afstand van vyf kilometer.

37) Sien Pienaar: op.cit., pp. 139 -140; Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 174 en Anon.: Met Steijn en De Wet op kommando, p. 50, Badenhorst: op.cit., p. 42 verwys na De Wet se metode as 'n "groote beleid.

rook nie.

Dit moes indrukwekkend gewees het om die toepassing van sy plan in die prak= tyk te sien. Vooraan Gideon Scheepers met sy verkenners, die President en die regering, dan die waens van genls. De Wet, Philip Botha en Piet de Wet, die burgers te voet, twee Krupp- en twee Armstrongkanonne en een Meksim, die osse- en muilwaens met die voorrade en ammunisie van die verskillende komman= do's, dan die kapkarre en ten laaste die groot groep burgers te perd.[38]

Hierdie streng militêre orde en daarmee gepaardgaande dissipline was vir die Boere totaal vreemd. Dit is gedurende die res van die oorlog meermale met sukses deur De Wet toegepas.[39] Die feit dat dit by sy burgers inslag gevind het en sonder teenstand toegepas is, sê veel vir sy militêre instelling en veral vir sy sterk persoonlikheid. Dit kan ook wees dat die burgers se samewerking tydens die eerste toepassing van hierdie nuwe marsmetode so goed was omdat hulle deeglik bewus was van die omringende gevaar. Die kampvure van die Britte in die rigting van Senekal in die noorde kon naamlik duidelik gedurende die nag gesien word terwyl die kommando langs die nek afbeweeg het.[40]

Hierdie vure het De Wet, wat in volle beheer van die ontsnapping was,[41] in staat gestel om sy kommando ongesiens verby die vyand te lei. Geluidloos het sy kommando agter hom aangetrek na "waar het swarte gat het grootste is".[42]

Behalwe De Wet se dissipline en die Engelse se vure het genl. Paget ook 'n aan= deel gehad aan De Wet se wonderbaarlike ontsnapping. Teen ongeveer dieselfde tyd wat De Wet begin het om deur die nek te beweeg, het Paget die plaas Sebas= topol halfpad tussen Bethlehem en Slabbertsnek op die hoofpad na Senekal bereik.[43] Hier het hy halt geroep vir die nag. Ofskoon hy gedurende die middag 'n groepie Boere, waarskynlik verkenners van De Wet in die nek gewaar het, het hy hom nie

---

38) Vergelyk Anon.: Met Steijn en De Wet op kommando, p. 49. Onder die bur= gers was ook 'n kommando rebelle uit die Kaapkolonie, bekend as die Griek= walanders onder komdt. Van Zijl (Amery: op.cit., IV, p. 316).

39) Sien o.a. p. 144 en p.151 hieronder.

40) Anon: Met Steijn en De Wet op kommando, pp. 49 - 50.

41) Sien Ibid., p. 50 hoe De Wet driftig 'n kar wat uit koers gery het, terug= gebring het en die volgende oomblik weer vriendelik met die Boer langs hom gesels het. Hy was gedurig aan die beweeg om rigting te gee in die donker en om toe te sien dat alles na sy wens geskied.

42) Ibid.

43) Amery: op.cit., IV, p. 321.

daaraan gesteur nie. Onbekommerd oor wat hy onderweg was om te gaan doen, het hy die nag uitgekamp, groot vure laat maak en nie eens 'n enkele verkenner uitgestuur nie.[44)]

Hy was ongetwyfeld 'n verbaasde en bekommerde generaal toe hy die volgende oggend agterkom dat 'n groot Boerekommando uit Slabbertsnek by hom verbygeglip hèt oor die Senekalpad!

V.3 GENERAAL ROUX HOU NIE BY DIE PLAN NIE

De Wet het die nag ononderbroke voortgetrek tot skuins na middernag om so ver as moontlik van die gevaargebied af weg te kom. Toe hy met ligdag op 16 Julie die bevel gee om verder te trek, was sy onmiddellike doel sekerlik om die Britte se aandag van Slabbertsnek weg te lei. Deur dit te doen sou hy dit vir genl. Roux moontlik maak om volgens afspraak die nag van 16 Julie[45)] met sy groep deur Slabbertsnek te trek. Vir dié doel het hy in die rigting van Lindley laat trek om "één of ander"[46)] vyandelike mag te verras. Hierdeur sou die Britte by Slabbertsnek gedwing word om hulp te stuur en daardeur hulle mag te verdeel. De Wet het egter nie geweet van die vlieënde kolonnes wat juis vir so 'n moontlikheid afgesonder sou word nie.[47)] Toe Paget die oggend sy flater agterkom, het hy dadelik die Yeomanry C.I.V. met kanonne[48)] aangesê om De Wet se kommando aan te val. Op die plaas Bultfontein het hierdie soldate De Wet se agterhoede verras.[49)] Die vlieënde kolonne van genl. Broadwood wat intussen by Paget aangedoen het,[50)] is ook dadelik aangesê om 'n aanval op De Wet se regterflank te loods. In plaas van so te maak, het hulle reguit op De Wet se

---

44) Ibid.

45) De Wet: op.cit., p. 177.

46) Ibid., p. 182.

47) Vergelyk p. 135 hierbo.

48) Amery: op.cit., IV, p. 321. Paget het met sy 38th Battery en infanteriste by Slabbertsnek agtergebly.

49) Ver Loren van Themaat: op.cit., pp. 143 - 144.

50) Hierdie eenheid was eintlik onderweg na Senekal met die doel om genl. Rundle te gaan versterk. Dié eenheid, wat Bethlehem op 15 Julie ver= laat het, het bestaan uit die Second Cavalry Brigade met 700 ruitersabels en ses kanonne en Dawsons M.I. met 250 voetsoldate (L.R.P., No.10, p. 93: Verslag van brig.-genl. R. Broadwood, Pretoria, 31/8/1900.).

agterhoede aangestuur. Soos te verstane was daar aanvanklik paniek onder die burgers, maar Christiaan de Wet het sake gou onder beheer gehad deur met tug voorbeelde te maak van drywers van Kaapse karre wat sonder toestemming hulle eie koers ingeslaan het.[51]

Die streng, nugter Vrystaatse strateeg het ook onmiddellik 'n plan gehad met die aanvallende Britte. Terwyl hy sy groot stadigbewegende konvooi vooruitstuur na Lindley, het hy self met drie kanonne en sy burgers wat te perd was, stelling ingeneem in die Witkliprantjies, noord van die Senekalpad. Vanuit hierdie uitstekende stellings, het hy die Britte op die oop vlakte heeldag besig gehou terwyl die konvooi ongestoord noordwaarts beweeg het.[52]

Vir De Wet was dit beslis 'n teleurstelling dat sy ontvlugting uit die Brandwaterkom so gou ontdek is. Sy hoop om 'n Britse mag te verras en om Roux te help is hiermee verydel. Indien sy plan om 'n Britse mag te verras wel geslaag het, sou dit in elk geval nie 'n invloed op Roux se ontsnapping gehad het nie, want Roux en die ander generaals het hulle buitendien nie by die ontsnappingsplan gehou nie: Die oomblik toe De Wet die Brandwaterkom verlaat het en sy teenwoordigheid nie meer voelbaar was nie, het daar weer probleme onder die Boereleiers ontstaan. Hulle was ontevrede met genl. De Wet se reëling dat Roux as leier van die tweede groep moet optree.[53] In plaas van hom nie hieraan te steur nie, het Roux toegestem tot 'n onwettige verkiesing van 'n hoofkommandant. Die vergadering het eers op 27 Julie plaasgevind.[54] By hierdie geleentheid is Marthinus Prinsloo verkies en terselfdertyd besluit om oor te gee.[55]

Alhoewel De Wet se wonderbaarlike ontsnapping dus nie die agterblywende generaals kon inspireer om volgens plan dieselfde te doen nie, het dit minstens die gevolg gehad dat dit Roberts gedwing het om al sy aandag aan die stryd in die Vrystaat te gee. Hy het gevolglik voorlopig daarvan afgesien om in Transvaal verder langs die spoorweg na Delagoabaai op te trek.[56] Deur dit te doen, is genl. Louis Botha tot Roberts se nadeel eers met rus gelaat.

---

51) Amery: op.cit., IV, p. 321.

52) Anon: Met Steijn en De Wet op kommando, pp. 49 - 50.

53) Sien De Wet: op.cit., pp. 178 - 179.

54) Ibid., p. 178.

55) Ibid., p. 179 en p. 147 vn. 99 hieronder.

56) Vgl. Cd.457. S.A. Despatches, Vol. I, p. 56: Roberts - Secr. of State of of War, 10/10/1900.

Roberts was nou vas van plan om:

a) Generaal Christiaan de Wet te vang. Vir hierdie doel is genl. Broadwood afgesonder om jag op De Wet te maak en namate die jagtog voort= geduur het, is meer kolonnes betrek.

b) Om die Boere wat in die Brandwaterkom agtergebly het, onskadelik te stel. Om dit te doen het die Britte onder leiding van genl. Hunter op 17 Julie by Slabbertsnek en 18 Julie by Retiefsnek deurgebreek.[57]

## V.4 BROADWOOD FNUIK DE WET SE PLANNE[58]

Nadat 16 Julie sonder sukses vir óf De Wet óf Broadwood verloop het, het die burgers gedurende die nag hulle stellings ontruim en by die hooflaer gaan aansluit wat intussen tot by Osplaat gevorder het. Dieselfde nag het die onvermoeide De Wet sy kommando verder laat trek tot suidoos van Lindley, waar hy sy burgers gedurende die dag laat rus het. Die aand van 18 Julie het De Wet noordoos van Lindley getrek en op die plaas Riversdale halt geroep. Later die nag is verder versit tot op die plaas van ene Thomas Naude.[59]

Die oggend van 19 Julie het sy verkenners berig gebring van 'n Engelse mag van sowat 800 man[60] wat onderweg was na Lindley. Hy het besluit om die Britte aan te val. Die kommando is in twee verdeel: Om nie sy planne met die Kaapkolonie te laat vertraag nie, is die groot konvooi onder Danie Theron se beskerming gelaat en, soos Badenhorst dit stel: " ... het lager (die konvooi) trok full speed uit".[61] De Wet het self 500 burgers en twee kanonne gemonster om die Britte aan te val.[62] Hy wou hierdie Britse mag

---

57) Sien Amery: op.cit., IV, pp. 329 - 332.

58) Sien kaart 3., p. 293 hieronder.

59) De Wet: op.cit., p. 182.

60) Toe Roberts besluit om De Wet te vang, is genl. Little (met 400 man en ses kanonne) aangesê om na Lindley te gaan met die doel om met Broad= wood saam te werk. Die boodskap het Little op 17 Julie by Rosepan bereik. Sien Amery: op.cit., IV, p. 416.

61) Badenhorst: op.cit., p. 43.

62) De Wet: op.cit., p. 182.

graag in sy hande laat val[63] omdat 'n oorwinning op hierdie stadium dringend nodig was en omdat sy burgers weer 'n behoefte aan voedsel en klere gehad het. Hy was nie baie ver weg van sy konvooi nie toe hy hoor dat genl. Broadwood tot baie na aan hom gevorder het.[64] De Wet was verplig om van sy plan af te sien en om in 'n westelike rigting pad te gee om die groot mag te ontwyk.

Op 19 Julie het De Wet, steeds onder druk van genl. Broadwood se teenwoordigheid in die rigting van Heuningspruit gegaan. Die aand het hy op die plaas Paarde= kraal van 'n C. Wessels laat afsaal[65] waar sy kommando en hooflaer weer verenig het.[66]

Op Paardekraal was De Wet in die omgewing van die Renosterrivier, Heilbron en sy plaas. Aangesien dit sy plan was om die ammunisie op sy plaas te kom op= grawe, sou dit nou nie sonder gevare geskied nie vanweë die Britte se onvoor= siene teenwoordigheid. 'n Verdere probleem was dat hy oor die spoorlyn moes trek. Dit was met sy konvooi 'n uiters gevaarlike onderneming daar die spoor= lyne nou baie goed bewaak is. Ten spyte van die gevare het De Wet, opportunis wat hy was, besluit om die spoorlyn oor te steek en die ammunisie te gaan haal. Derhalwe laat hy die waens en burgers op die oggend van 20 Julie vooruit trek terwyl hy, die President, enkele lede van die regering[67] en Piet de Wet eers op Paardekraal agtergebly het om op uitnodiging oggendete saam met Wessels te nuttig, en na ete persoonlik vanaf 'n kop die vyand te bespied.[68]

---

63) Ibid.

64) Sedert 16 Julie het Broadwood, nadat hy met genl. De Wet se burgers in die Witkliprantjies slaags was, niks gedoen om sy opdrag uit te voer nie. Dit het aan De Wet die nodige tyd gegee om 'n voorsprong op te bou, terwyl Broadwood eers op versterkings gewag het. Op 17 Julie is hy versterk deur Ridley met 700 gewere en 200 manskappe van Paget asook "P" Battery Royal Horse Artillery (L.R.P., No. 10, p. 95: Ver= slag van genl. Broadwood, Pretoria, 31/8/1900). Op 18 Julie is hy verder versterk deur die Derbyshire Regiment en een afdeling van die Field Artillery (Ibid., p. 96). Toe hy om 13h00 op 19 Julie De Wet se agterhoede by Palmietfontein ontmoet, was sy mag ongeveer 2 000 man sterk met veertien kanonne behalwe 'n aantal pom-poms. In plaas van reguit op De Wet af te stuur het hy hom met 'n draai benader.

65) De Wet: op.cit., p. 184.

66) Nie al De Wet se burgers is op Paardekraal verenig nie, want 'n kommando wat afgesny is, was vir dae lank op sy eie aangewys. Eers op 27 Julie kon hulle weer met De Wet verenig (Badenhorst: op.cit.,pp. 43 - 45).

67) De Wet: op.cit., p. 184.

68) Ibid.

V.5 ERNSTIGE BREUK MET PIET DE WET

Terwyl die geselskap gesellig buite gestaan het, het genl. Piet de Wet besluit om met dit wat hom lankal gekwel het, naamlik die vraag oor die voort=setting van die stryd uit te kom, veral noudat hy al hoe verder van Lindley en van sy plaas weggetrek het. Aan sy broer het hy toe gevra of eersgenoemde nog kans sien om met die stryd voort te gaan.

Verergd het Christiaan de Wet hom vir'n oomblik aangekyk en toe uitgeroep: "Ben jij gek?"[69], sy rug op Piet gedraai en die huis ingestap.[70] Hierdie woorde en minagtende houding is sprekend van genl. Christiaan de Wet vanaf die begin van die stryd tot op die laaste oomblik teenoor hulle wat getwyfel het aan die sin daarvan.

V.6 DIE OORSTEEK VAN DIE SPOORLYN WERP VRUGTE AF

Na ontbyt en die verkenningswerk van die kop af het die geselskap vertrek om die kommando in te haal. Om 12h00 het De Wet laat uitspan. Twee ure later is berig gebring dat die vyand aan weerskante van die kommando aan die nader was. De Wet het dadelik laat inspan en voortgetrek. Omdat hy haas=tig was om weg te kom van die vyand sodat die spoorlyn oorgesteek kon word, het die stadigbewegende walaer en die probleme daarmee sy geduld tot die uiterste beproef en die burgers gedemoraliseer.[71] Die trek is voortgesit tot op 'n sekere Hendrik Serfontein se plaas aan die Doornspruit waar op die nag gewag is sodat die grootse onderneming aangepak kon word asook vir inlig=ting deur sy verkenners.[72]

---

69) De Wet: op.cit., p. 184. Vergelyk ook Kestell: Christiaan de Wet, pp. 81 - 82.

70) Die twee broers het mekaar die rug toegekeer en in verskillende rigtings gestap: Christiaan om die stryd voort te sit en Piet om eers na sy plaas terug te keer en om later in diens van die Britte op te tree. Hier=die breuk op 20 Julie was 'n ernstige en finale breuk tussen die twee tot die dood. Veral Christiaan het warm geword by geleenthede waar die twee later in kontak met mekaar was. Onmiddellik na die breuk was Piet 'n gevaarlike man, want hy het vermoed wat Christiaan se planne was, en hy was reg! Sien De Wet: op.cit., p. 184 en Badenhorst: op.cit., pp. 44 & 45.

71) De Wet: op.cit., pp. 184 - 185.

72) Ibid., p. 185.

Terwyl hulle gewag het, het gewone burgers die berig gebring dat groot vyandelike kampe by Heuningspruitstasie en Kaallaagte was. Dit sou be= teken dat daar geveg moes word, 'n moontlikheid wat veral pres. Steyn hewig ontstel het.[73] Christiaan de Wet kon die President gerusstel dat hy nie bekommerd hoef te wees nie tensy sy amptelike verkenners,"my kinders" soos hy hulle altyd genoem het, dieselfde berig sou bring. Hierdie vertroue in sy verkenners was kenmerkend van De Wet: hulle wat sy oë en sy ore was, was deel van sy militêre orde en sukses.

Tewens, die berig wat die verkenners van Gideon Scheepers gebring het, het juis bewys dat die burgers se feite foutief was: die spoorlyn was skoon, "behalwe dat er een tent of zes te Honingspruit-station, en vier in de Kaallaagte ten noorden van Serfontein-siding met kleine wachtjes stond".[74] Die groot vyandelike mag waarvan die burgers berig het, was dus nie waar hulle gesê het nie; maar wel in die omgewing, noord van De Wet. Broadwood het op hierdie datum reeds besliste opdrag gehad om te verhoed dat De Wet Transvaal binnedring.[75] Hy het egter "aanvaar" dat genl. Methuen met 'n groot mag in die omgewing van Kroonstad en daarom suid van De Wet moes wees. Gevolglik het hy self noord van De Wet gehou met die doel om De Wet van die Transvaal af te sny.

Met die wete dat Broadwood naby hom en die spoorlyn skoon was, het De Wet net gewag vir die donkerte van die nag sodat hy sy planne, wat hy reeds die oggend agtermekaar gehad het, kon probeer uitvoer. Sy burgers en offisiere is op daardie stadium nog een nie met sy planne ingelaat nie.[76] Terwyl

---

73) Ibid.

74) Ibid.

75) L.R.P.No5, p. 99: Verslag van Broadwood, Pretoria, 20/7/1900.

76) Die afleiding word gemaak uit die feit dat Piet de Wet vermoed het maar nie geweet het wat Christiaan se planne was nie (De Wet: op. cit., p. 184 en Badenhorst: op.cit., pp. 44 & 45). Dit kan wees dat De Wet teen die middag vir sy offisiere van sy planne gesê het. Dié oggend egter het beslis niemand behalwe De Wet self geweet wat die nag sou gebeur nie!

die laer die middag by Doornspruit verbygetrek het,[77] het De Wet 'n kommando agtergelaat met die doel om genl. Broadwood se mag besig te hou sodat die hoof=laer oor die spoorlyn kon gaan. Die oomblik toe die nag soos 'n kombers oor hulle getrek was, het De Wet tot aksie oorgegaan. Sy groot remskoen was die 460 waens en karre. Hier, anders as by Slabbertsnek, was egter ruimte. Die waens het daarom nie in twee rye beweeg nie,maar in vier! Die walaer se lengte is dus tot 'n kwart van 'n enkel ry verkort! Soos 'n kokon is die walaer toegemaak: burgers aan weerskante en 'n voor- en agterhoede. Onmiddellik tussen die voorhoede en die waens het genl. De Wet en die President gery. Die beperkings op rook en gesels het ongetwyfeld weer gegeld.

Sowat 'n halfuur van die spoorlyn af het De Wet die twee flanke beveel om ver=der van mekaar af te beweeg, terwyl die hoofmag op Serfonteinstasie aange=stuur het. Digby die stasie het De Wet die voorhoede laat stilhou en met vyftien burgers self na die spoorlyn gery om die draad te knip sodat die hoof=laer kon oorgaan. Terwyl hulle hiermee besig was, het 'n trein aangekom. Hulle het niks by hulle gehad om die trein mee te ontspoor nie. Hy het klippe op die spoor laat pak, maar dit het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Nadat die trein verby is, is die kommando veilig oor die spoorlyn.

Toe die laaste ossewa oor die spoorlyn gaan, is berig ontvang dat Danie Theron wel 'n trein van nege-en-twintig waens by Heuningspruitstasie gevang het. De Wet het die ossewaens weggestuur en persoonlik gaan kyk wat by Theron gebeur het. Tot sy groot vreugde het hy in die oggendure van 21 Julie gevind dat Theron vir hulle die broodnodige voedsel gevind het. Die ossewaens, wat vir De Wet 'n onbeskryflike oorlas was,[78] was ongelukkig reeds te ver vooruit sodat die ammunisie nie saamgeneem kon word nie. Dit is toe saam met die ander voorrade wat oortollig was aan die brand gesteek.[79] Die brandende spoorweg=waens het De Wet se ander burgers se aandag getrek, sodat hulle van oral aan=gery gekom[80] en Theron se vernielwerk[81] afgerond het.

---

77) Die beskrywing van De Wet se oortog wat hier volg, is van De Wet: op.cit., pp. 185 - 186 verkry.

78) Vgl. De Wet: op.cit., p. 184.

79) Heuningspruitstasie was dus 'n herhaling in die kleine van Roodewal. Die stasie is ook op dieselfde spoorlyn en nie ver van Roodewal nie.

80) Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 159.

81) Vir die puik stukkie werk het Theron en sy verkenners (wat bestaan het uit Hollanders, Duitsers, Franse, Russe, 'n Ier, Bulgaar, Griek, Turk en 'n Algerynse Arabier (Ibid., p. 97), De Wet se besondere waardering ontvang. Theron is as kommandant aangestel terwyl die ander verkenners in die enig=ste taal wat De Wet geken het, nl. sy eie bedank is (Ibid., p. 159).

Toe die drie afdelings[82] van De Wet se kommando die oggend van 21 Julie by Mahemspruit verenig het, het die burgers weer oor voldoende lewensbehoeftes soos suiker, tee, koffie, ens. beskik.[83]

## V.7 BOTSING MET 'N AFDELING VAN BROADWOOD BY REITZBURG

Aangesien Broadwood nou in die omgewing van Koppiesstasie was en nog verder versterk is deur onder andere die uiteindelike aansluiting van Little se mag, was dit vir De Wet te waagsaam om die ammunisie op sy plaas te gaan haal. Gevolglik het hy op 22 en 23 Julie verder in 'n noordwestelike rigting getrek. Broadwood het hom egter begin inhaal en hy was verplig om gedurende die nag van 23/24 Julie stelling in te neem in die heuwelagtige Renosterpoort, noord van Vrededort.

Toe Broadwood die oggend van 24 Julie Vredefort binnetrek, het hy gesien hoe vyf waens wat die vorige dag deur De Wet na die dorp gestuur is met koring wat gemaal moes word,[84] die dorp verlaat. Generaal C. P. Ridley het dadelik vir Legge's Mounted Infantry wat op Broadwood se linkerflank was, beveel om die waens te gaan afsny.[85] Na 'n jaagtog van sewe tot agt kilo= meter het Kitchener's Horse onder maj. Cookson die waens en agtien burgers by Stinkhoutboom gevang.

De Wet se aandag is deur die skote op die waens en die burgers getrek. Hy het dadelik met ongeveer 400 burgers vertrek om die waens te gaan red.[86] By Reitzburg het hy die sowat seshonderd Britte met die waens reeds in hulle hande, op die vlakte teëgekom. De Wet het beveel dat sy burgers moet storm. Die toneel van verbrande plaaswonings wat die burgers sedert hulle ontsnapping uit die Brandwaterkom begroet het, het sekerlik 'n uitwerking gehad: die burgers wat nou vir die eerste keer na die ontsnapping openlik met die vyand in kontak gekom het, het 'n geveg afgedwing deur pragtig op De Wet se bevel

---

82) Die twee vleuels en die konvooi.

83) Ver Loren van Themaat: op.cit., pp. 152 - 158; P. A. Nierstrasz: Der Süd Afrikanische Krieg, VII (ongepubliseerde manuskrip in Leyds-versa= meling), p. 1000 en Preller-versameling, Deel 50, nr. 460: Ekstra Oorlogsberig, Machadodorp, 15/8/1900.

84) De Wet: op.cit., p. 187.

85) L.R.P.10, p. 101: Verslag van Broadwood, 24/7/1900.

86) De Wet: op.cit., p. 188.

te reageer.[87)]

Broadwood, wat besef het dat daar moeilikheid was toe hy die skote hoor, het dadelik 'n versterking gestuur, wat opgedaag het na 'n uur se veg toe De Wet juis verwag het dat die vyand op die vlug sou slaan.[88)] Vanweë die oormag was De Wet verplig om die stryd gewonne te gee en terug te trek.

Vanaf 24 Julie tot 15 Augustus was daar geen verdere kontak tussen genls. Broadwood en De Wet nie.[89)] In hierdie tyd is Broadwood gedurig versterk deur kolonnes vanuit Bethlehem en Kroonstad[90)] en het De Wet 'n afwagtende houding ingeneem terwyl ook heelwat afdelings burgers weens die Britse verwoestingsmetode by hom aangesluit het.[91)]

## V.8 DIE OORGAWE VAN GENL. MARTHINUS PRINSLOO DWING DE WET OM NOG EENS SY PLANNE MET BETREKKING TOT DIE KAAPKOLONIE UIT TE STEL

Aangesien De Wet nog steeds op vrye voet was, het lord Roberts met groter beslistheid begin optree. Kitchener is weer in beheer geplaas van die poging om De Wet te vang,[92)] terwyl troepe van oral uit die Vrystaat byeengebring is. Op 6 Augustus was De Wet deur ongeveer 11 000 soldate[93)] in die Noordwes-Vrystaat omring.

In Transvaal is ook troepe gestuur om die sirkel te voltooi: Smith-Dorien is langs die spoorlyn tussen Potchefstroom en Johannesburg geplaas, Carrington se magte is aan die westekant van De Wet en Ian Hamilton is met 8 000 by Kommandonek geplaas om te verhoed dat hy na die Magaliesberge sou gaan. Genl. Methuen moes 'n groot aantal driwwe oor 'n afstand van ongeveer vyf-en-twintig kilometer in die Vaalrivier laat bewaak.[94)]

---

87) Ibid.

88) Ibid.

89) Amery: op.cit., IV, p. 419.

90) De Wet: op.cit., p. 188.

91) Sien Preller-versameling, Band 50, p. 460: Ekstra Oorlogsberig, Machadodorp, 15/8/1900.

92) Cd. 457. S.A. Despatches, I: p. 56; Roberts - Secr. of State of War, Pretoria, 10/10/1900.

93) Amery: op.cit., IV, p. 421 toon die troepebeweging aan. Die posisie was op 6 Aug. as volg: Die Colonial Division was by Winkelsdrif met genl. Knox; genl. Broadwood en genl. Hart nog regs van hulle. By Vleijspruit was genl. Little en tussen Vredefort en Parys genl. Ridley. Wes van Parys het die Royal Canadian Regiment by Schietkop gelê. - Sien kaart 4 p. 294 hieronder.

94) D. James: Lord Roberts. London. 1954. p. 337.

Nadat De Wet op 24 Julie met Broadwood slaags was, het hy hom by Renoster= poort in sy stellingss gehou waar hy op 'n geskikte geleentheid gewag het om sy ammunisie te gaan opgrawe.[95] Vir byna dertig kilometer suid van Stinkhoutboom het hy verkenningsposte gehad. Dis sekerlik met kommer dat hy daagliks verneem het hoe die vyand besig was om die tou stywer te trek. Tog het hy kalm gebly en by sy burgers die erns van die oomblik tuisgebring deur middel van gereelde byeenkomste voor sy tent waartydens hy hulle geïnspireer het met kalm toesprake en verslae van suksesse van veral die Trans= valers.[96] Hy het die burgers ook by verskeie geleenthede skynaanvalle laat maak om die vyand ongerus te laat voel en om die burgers nie te veel te laat stilsit nie.[97] Hy het selfs aggressief opgetree deur die kommuni= kasielyn te laat verniel.[98]

Op 2 Augustus, terwyl De Wet steeds gewag het op die geskikte geleentheid om die ammunisie te gaan opgrawe, het die ongelukkige nuus dat genl. Marthinus Prinsloo aan genl. Hunter in die Brandwaterkom oorgegee het,[99] hom bereik.

---

95) Van der Merwe: op.cit., II, p. 63.

96) Vergelyk anon.: Met Steijn en De Wet op kommando, pp. 61 - 62.

97) Sien Ibid., pp. 59 - 69.

98) In die verband was weer eens veral Theron en sy verkenners baie bedrywig. Op 28 Julie het hulle 'n voorradetrein sonder sukses by Amerikaestasie aangeval. Op 2 Augustus is hy egter met sukses beloon toe 'n trein by Holfontein tot oorgawe gedwing is. Van laasgenoemde trein af het 'n sekere lord Algernon Gordon-Lennox ontsnap met belangrike briewe vir lord Roberts. Vergelyk Ver Loren van Themaat: op.cit., pp. 164 - 166. Sien ook C. Headlam ( ed.) The Milner-papers, II, London, 1933, p. 118: Milner-Roberts, 30/7/1900.

99) In aansluiting by p. 139 hierbo en vn. 55 hierbo moet genoem word dat Prinsloo 'n wapenstilstand aangevra het sodat die vraag van oorgawe met De Wet bespreek kon word. Dit is deur genl. Hunter geweier sodat genl. Prinsloo op 30 Julie onder verdagte omstandighede aan genl. Hunter oorgegee het (Vgl. L.R.P., No. 9, pp. 21 - 25: Rapport oor Prinsloo se oorgawe: genl. Hunter - lord Roberts, 4/8/1900). Prinsloo het selfs die veroordeelde gevangene Vilonel as skakelpersoon gebruik, en dis waarskynlik deur sy optrede dat oorgegee is. As "hoofkommandant" het Prinsloo namens al die Vrystaatse burgers en nie-Vrystaters wat tussen Hunter en Harrismith was, oorgegee. Generaal De Wet was hewig ontsteld oor die feit dat Prinsloo homself hoofkommandant genoem het. Sien brief De Wet - Prinsloo, 3/8/1900 opgeneem in De Wet: op.cit., p. 190 in die verband.

Dit het De Wet en sy burgers se vermoede dat alles in die Brandwaterkom nie pluis was nie[100] bevestig. Die nuus was 'n slag vir die Boeresaak in die Vrystaat. Die verlies van so 'n groot getal[101] burgers kon op hierdie stadium van die stryd nie maklik bekostig word nie. Dit het die uitvoering van De Wet se planne met betrekking tot die Kaapkolonie wat reeds onwaarskynlik begin lyk het, die finale nekslag gegee aangesien Roberts nou al sy aandag aan De Wet kon gee en al sy troepe in die Vrystaat hiervoor kon gebruik.

Baie interessant en veelseggend vir De Wet se deeglikheid en militêre instelling is sy optrede toe Broadwood aan hom laat weet het dat genl. Prinsloo se sekretaris, 'n jong Kotzé met 'n brief aan De Wet by hom was. In plaas van Kotzé in sy kamp toe te laat het De Wet, die President en enkele regeringslede hom tegemoet gery.[102] Die doel hiermee was dat Kotzé nie sy stellings moes sien nie want hy was 'n Britse krygsgevangene en kon De Wet by die Britte weggee.

De Wet se antwoord aan Prinsloo was slegs dat hy geen reg gehad het om as hoofkommandant te handel nie.[103]

Pas was daar van Kotzé afskeid geneem of De Wet kry die nuus van twee rapportryers dat nie al die burgers gevange geneem is nie, maar dat ruim tweeduisend burgers kon ontsnap.[104] Generaal J. B. M. Hertzog is daarop dadelik gestuur om die burgers, indien moontlik, te gaan haal en na De Wet te bring.[105]

---

100) De Wet: op.cit., pp. 189 - 190.

101) Ibid., p. 180 beweer dat 3 000 burgers oorgegee het. Die Engelse opgawe, naamlik 4 140 burgers en drie kanonne (Amery: op.cit., IV, pp. 341-342; James: op.cit., p. 333 en Maurice & Grant: op.cit., III, p. 305), is waarskynlik meer korrek aangesien daar soveel misverstand met hierdie oorgawe was. Die Boereleiers wat saam met Prinsloo oorgegee het, was genls. Crowther en Roux asook komdte. De Villiers, Ferreira, Joubert, Du Plooy, Potgieter, Crowther en Van der Merwe. Sir Alfred Milner het gehoop dat Prinsloo se oorgawe die begin van die einde van die oorlog sou wees (Headlam: op.cit., III, p. 118: Milner - Roberts, 30/7/1900).

102) De Wet: op.cit., p. 189.

103) Ibid., p. 198: Brief van De Wet - Prinsloo,Te Velde,3/8/1900. 3/8/1900.

104) Die kommando's onder genls. Kolbe en Froneman en komdte. Olivier, Haasbroek, Visser, Van Tonder en Truter het daarin geslaag om in die rigting van Harrismith te ontsnap. Sien ook brief van genl. Froneman aan De Wet in die verband in Anon.: Met Steijn en De Wet op kommando, pp. 107 - 110.

105) De Wet: op.cit., p. 191.

Die goeie nuus het die Boere opgebeur.[106]

Aangesien De Wet dit nie kon waag om te wag op die moontlike koms van die bur= gers wat genl. Hertzog gaan haal het nie, het hy besluit om na die warmer Transvaalse bosveld te verskuif.[107] Die besluit is geneem omdat Prinsloo se oorgawe die planne met die Kaapkolonie verander het, pres. Steyn graag met pres. Kruger in kontak wou kom en rus en kos gevind moes word aangesien die trekdiere maer, die winter baie straf, die burgers uitgeput was en hy in die Vrystaat baie moeilik deur die verdediging van die vyand kon dring.

## V.9 NA DIE TRANSVAAL[108]

Waarskynlik het genl. De Wet se kommando vanaf die middag van 5 Augustus[109] tot laat in die nag die Vaalrivier by Venterskroon oorgesteek.[110] Generaal De Wet het by wyse van 'n truuk daarin geslaag om sy burgers, wat nie die Vrystaat wou verlaat nie, die Vaalrivier te laat oorsteek. Hy self het dit eers gedurende die nag met 'n groepie burgers gedoen nadat hy aan die vyand se kampvure gesien het dat hulle nog nie verroer het nie en ook waarlangs hy moes trek. Toe sy burgers agterkom dat hy die Vaalrivier oorgesteek het, moes hulle hom ter wille van sy leiding en uit vrees dat hulle gevang sou word indien hulle agterbly, volg.[111] Ten spyte van die Britte wat hom omring het, was daar by De Wet nie sy kenmerkende haastigheid om oor die rivier te kom nie. Tewens, alles dui daarop dat die onderneming met die grootste kalmte gedoen is, en selfs die gewone dissipline is effens links gelaat. Ver Loren van Themaat beskryf die deurtog baie mooi en sê onder andere: "de kaffers spiernaakt, drijven de ossen aan onder helsch geskreeu".[112]

---

106) Ibid.

107) V.d. Merwe: op.cit., II, p. 63. Amery: op.cit., IV, p.415 fouteer beslis as hy beweer dat De Wet van Slabbertsnek weggetrek het met die doel om na Transvaal te gaan. Die idee om na Transvaal te gaan was waarskynlik sedert 24 Julie latent, en het op 2 Augustus vaste vorm aangeneem.

108) Vergelyk kaart 5, p. 295 hieronder.

109) Vergelyk Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 166 en Anon.: Met Steijn en De Wet op Kommando, p. 74. L.R.P., Deel 10: Verslag van Methuen en Headlam: op.cit., II, p. 84: Roberts - Milner, 10/8/1900 gee die datum as 6 Aug. en De Wet: op.cit., p. 191 as die aand van 2 Aug. aan.

110) Amery: op.cit., IV, p. 423.

111) Anon.: Met Steijn en De Wet op Kommando, p. 74.

112) Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 166. Op p. 168 spreek die outeur ook sy verbasing uit oor die kalmte en verstandigheid van die trekkende burgers.

Vanaf die oomblik dat die Britte van De Wet se oortog bewus geword het, het hulle met 'n omsingelingsbeweging begin met die doel om hom in te hok.[113] De Wet was egter deeglik bewus van die vyand se beweging vanweë hoofsaaklik die T.V.K. se deeglike verkenningswerk op die agterhoede. Tewens, dat De Wet en sy kommando by Venterskroon kon deurvlug, was in 'n groot mate te danke aan die wyse waarop die T.V.K. sy agterhoede beskerm het.[114]

Ten einde die Britte te ontglip, het De Wet besluit om die vyand te verwar deur hulle 'n rat voordie oë te draai met 'n netjiese stukkie blufwerk: Hy het met die hooflaer in 'n noordoostelike rigting na Losberg getrek, ter= wyl 'n konvooi onder Danie Theron suidoos gestuur is. Die doel met die kon= vooi was om by die Britte die indruk te laat dat De Wet weer die Vaalrivier wou oorsteek. Hierdie taktiek het die gewenste uitwerking gehad, want die vyand het teruggetrek na Lindequesdrif om De Wet te verhoed om weer die Vrystaat binne te dring.[115] Hierdie rigtingsverandering het nie net die vyand verwar nie, maar ook laat huiwer sodat De Wet die geleentheid gebied is om sy planne agtermekaar te kry. Hy het besluit dat hulle enigste red= middel was om te vlug sodat die vyand"..ten laaste uitgeput en machteloos moet nederliggen".[116] Gedurende die nag van 9 Augustus het Theron weer by die hooflaer aangesluit[117] waarna in 'n noordwaartse rigting koers gekies is.

Toe die vyand egter hulle fout agterkom, het Kitchener sy kolonne[118] by Lindequesdrif die Vaal laat oorsteek en De Wet agtervolg. Terwyl hy oos van genl. De Wet getrek het, het genl. P. S. Methuen hoofsaaklik was van die agterhoede gehou. Laasgenoemde se doel was om te verhoed dat De Wet met genl. De la Rey by die Elandsrivier verenig.[119] Alle kragte is nou inge=

---

113) Generaal P. S. Methuen, die jongste luit.-genl. in die Britse leër, het vanaf Skadinawiëdrif noordoos beweeg en Tygerfontein, noord van Schoemans= drif op 7 Aug. bereik (Maurice & Grant: op.cit., III, p. 358). In die Vrystaat het genl. Little die heuwels op Reitzburg verken terwyl genls. Broadwood en Hart in die rigting van Little opgeruk het en genl. Knox na Skandinawiëdrif (Amery: op.cit., IV, p. 424).

114) Sien Ver Loren van Themaat: op.cit., pp. 166 - 169.

115) Amery: op.cit., IV, P. 424. Generaals Broadwood, Hart en Little het op 9 Aug. weer na Lindequesdrif teruggetrek. Luit.-kol. Ridley het juis op dieselfde dag die drif deurgesteek.

116) De Wet: op.cit., p. 194.

117) Nierstrasz: op.cit., VII, p. 1016 en Ver Loren van Themaat: op.cit. p. 169.

118) Hierdie kolonne was onder die bevel van genls. Hart, Broadwood, Little en Ridley.

119) Amery: op.cit., IV, p. 424.

werp om De Wet te vang. Die dramatiese agtervolging wat hierna gevolg het, is met ingehoue asem gevolg deur nie net baie mense buite die gevegsterrein nie, maar selfs ver buite die grense van die Transvaal. Net wanneer almal gedink het dat De Wet hom vasgeloop het, is telkens in plaas van De Wet net 'n kanon of 'n klompie burgers wat agtergelaat of -gebly het, gevind. De Wet het daarin geslaag om die vyand op sy trek na die Bosveld telkens te ontwyk omdat hy kon staatmaak op die inligting van sy uitstekende verkenners en 'n aantal offisiere met gesag.[120)] Die trek is ook nie voortgesit met 'n georganiseerde hooflaer soos wat die geval vanaf die Brandwaterkom tot aan die Vaalrivier was nie. Die waens het wel in 'n lang ry beweeg, maar De Wet het die burgers doelbewus toegelaat om te ry waar en wanneer hulle wou.[121)] So= doende is die vyand verder verwar en is hulle taak om De Wet en sy burgers te vang, verder bemoeilik.

## V.10 DIE DRAMATIESE ONTWYKING

Deur van bogenoemde taktiek gebruik te maak, het De Wet op 10 Augustus daarin geslaag om voor die neus van genl. Methuen, wat hom by Buffelsdoorn bevind het, by Gatsrand deur te trek.[122)] Nadat die spoorlyn naby Welverdiend in dieselfde formasie oorgesteek is as wat Slabbertsnek verlaat is en die brug en spoorlyn verniel is, is dwarsdeur die nag van 10 Augustus verder getrek om met ligdag by die drif in die Mooirivier te wees.[123)]

Moeilike dae het nou vir De Wet en sy kommando gevolg: kos was skaars,[124)] mens en dier was uitgeput, die vyand het in 'n steeds nouer wordende kring om die burgers saamgetrek, Augustus se winde het stof opgejaag,[125)] die nagte. . . . .

---

120) Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 170.

121) Ibid., pp. 170 - 172.

122) Amery: op.cit., IV, p. 426. De Wet: op.cit., p. 193 gee die datum as 7 Augustus aan.

123) Anon.: Met Steijn en De Wet op Kommando, p. 81.

124. Sien hoe die burgers 'n winkel bestorm het in Anon.: Met Steijn en De Wet op Kommando, p. 82 asook Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 172. Skyn= baar was die laer van De Wet taamlik georganiseerd want Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 172 maak melding van 'n paar jong meisies wat die kombuis behartig het. Daar was vroue in die Brandwaterkom, hoofsaaklik die wat uit Bethlehem gevlug het. Dit mag wees dat van die jong meisies saam met De Wet se kommando op trek gegaan het.

125) Ibid.

was koud en De Wet het hom in 'n kontrei begeef wat hy nie baie goed geken het nie. Daarby was sy kommando lomp terwyl 'n klomp "vulgo Vaalpensen"[126] onder genl. P. J. Liebenberg saamgetrek het vanaf die Mooirivier. Dit het beteken dat die Boeremag nog stadiger sou beweeg voor die agtervolgende Britse troepe.

Veral deur die toedoen van maj.genl. H. L. Smith-Dorien, is die burgers baie lastig geval. Met sy Shropshires het hy tot die jag op De Wet toegetree en in twee-en-dertig uur sowat sewe-en-twintig kilometer gemarsjeer om hom voor te keer, terwyl sy Gordon's en C.I.V.'s (City of London Imperial Volunteers) twintig kilometer in sewentien uur marsjeer het net om De Wet van rigting te laat verander in plaas van om hom voor te keer.[127] De Wet het naamlik uit die grootpad uitgedraai en die Witkopsfonteinberge ingetrek,[128] omdat hy berig ontvang het dat die Britte "..trek o'er die breedte van die aarde",[129] om hom vas te trek.

In die Witkopsfonteinberge sou die hooflaer redelik beskut gewees het. Tog het dit nie verhoed dat De Wet byna daagliks beproefde taktiek moes toepas om die oorweldigende oormag weg te hou nie: burgers is naamlik aangesê om die vyand se perdekolonne wat op die hooflaer afgestorm het weg te skiet sodat die waens kon wegkom.

Belangrik is dit dat Danie Theron en sy korps wat sedert daar van die Witte=berge weggetrek is die moeilikste werk op die agterhoede moes doen, rus baie nodig gehad het. Gevolglik het hulle op 10 Augustus besluit om uit te skei, omdat hulle dienste nie meer so erg nodig was nie en burger en perd rus moes kry.[130] Generaal De Wet was oor hierdie besluit baie ongelukkig,[131] maar

126) Anon.: Met Steijn en De Wet op Kommando, p. 82.

127) H. Brown & E. S. Grew: War with the Boers, V, London,s.j., p. 46 en War Office,Film A388: Roberts - War office, 13/8/1900:

128) Anon.: Met Steijn en De Wet op Kommando, pp. 82 - 84 en Ver Loren van Themaat: op.cit., pp. 168 - 170.

129) Aangehaal by De Wet: op.cit., p. 194.

130) Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 173.

131) Danie Theron-versameling, no. 39: Verklaring deur genl. Enslin. Na twee weke se rus in die omgewing van Potchefstroom, het Theron weer tot aksie oorgegaan. Op 5 September is hy doodgeskiet terwyl hy geweg het vir genl. Liebenberg om 'n gesamentlike aksie na te kom (Vgl. J. H. Breytenbach: Kommandant Danie Theron, pp. 216 - 231). Toe De Wet die nuus van Theron se dood hoor, was dit 'n groot skok want die man "met zoo vele deugden in één persoon verenigd" (De Wet: op.cit., p. 209) was moeilik vervangbaar.

moes toegee. Die Bethlehemse kommando onder genl. A.M. Prinsloo en die Transvalers onder genl. Liebenberg het daarna grootliks die werk van die T.V.K. op die agterhoede oorgeneem.[132]

Ten spyte van die uitgeputte en swak toestand waarin die burgers, perde en osse verkeer het, het De Wet nog daarin geslaag om 'n goeie voorsprong op te bou. Generaal Methuen het egter op De Wet ingehaal deurdat hy vanaf Fredrikstad kortpad geneem het om De Wet noord van Syferbult voor te sny. Hy het die agterhoede ingehaal en so kwaai aangeval dat De Wet verplig was om 'n Krupp-kanon wat deur die 78ste Battery getref is, agter te laat,[133] asook 'n aantal waens wat die pas nie kon volhou nie en sestig Britse krygs= gevangenes.[134] Die gelykheid van die terrein by Kranskop was verantwoorde= lik dat die burgers wat die vyand moes teëhou "niet den rechten lust tot vechten hebben".[135]

Alhoewel dit nie in die aard van die Boer in die algemeen en genl. Christiaan de Wet in die besonder was om besittings te verniel soos landerye, wonings en gras afbrand nie, was De Wet genoodsaak om opdrag te gee dat die winter= gras agter sy kommando afgebrand word. Sodoende wou hy dit vir die vyand onmoontlik maak om weiveld vir hulle osse te vind.[136] In die algemeen was dit ook beslis bedoel om die vyand in sy gang te vertraag.

Op die wyse is voortgetrek totdat die hooflaer teen die middag van 12 Augus= tus op die plaas van ene Smit 'n uur te perd suid van die Witwatersrand[137] uitgespan het.[138] Van hier kon die Magaliesberge waarheen daar teen midder= nag vertrek is, reeds in die noorde gesien word.

Gedurende die nag is twee kommando's van genl. De la Rey ontmoet.[139] Lede van die twee kommando's en veral artilleriste het De Wet se hooflaer die oggend van 13 Augustus besoek waar hulle voor Olifantsnek gelê het.[140] Hierdie pas is gekies om deur die Magaliesberge te trek aangesien daar by die

---

132) Grobler: op. cit., pp. 60 en 61.
133) Doyle: The Great Boer War, p. 488.
134) Amery: op. cit., IV; p. 427; De Wet: op. cit., p. 196 en Anon.: Met Steijn en De Wet op Kommando, p. 83.
135) Anon.: Met Steijn en De Wet op Kommando, p. 83.
136) De Wet: op. cit., p. 196.
137) Ibid.
138) Anon: Met Steijn en De Wet op kommando, p. 85.
139) Ibid.
140) Ibid.

ander passe Britse troepe was.[141)]

Dit moet duidelik gestel word dat genl. De la Rey aanvanklik nie daarvan bewus was dat genl. Liebenberg met De Wet saamgetrek of dat De Wet hom op Transvaalse grond bevind het nie.[142)] Net voor sy vertrek na Rustenburg op 14 Augustus het hy die nuus daaromtrent ontvang.[143)]

## V.11 OLIFANTSNEK WORD DEURGETREK

Terwyl De Wet se kommando die oggend van 13 Augustus aan die voet van die Magaliesberg vir 'n oomblik gerus het, het sy verkenners berig dat daar nie 'n teken van die vyand by Olifantsnek is nie. Dadelik het hy die hoof= laer noordooswaarts laat swenk en is 'n kommando onder sy leiding reeds die middag ongehinderd oor die nek. Die res van die hooflaer het by Vlakfontein laer opgeslaan en die volgende oggend oor die nek getrek.[144)]

Terwyl genl. De Wet in Rustenburg se rigting beweeg het, het genl. Methuen wat De Wet met mening agtervolg het, in drie opsigte gefouteer: Eerstens het hy vermoed dat De Wet hom met De la Rey wou verenig by Elandsrivier wat nooit die doel was nie. Tweedens het hy gedink dat De Wet deur Magatosnek

---

141) Sien Maurice & Grant: op.cit., III, p. 353. Lord Roberts het nog vóór De Wet se intog in die Z.A.R. besluit om af te sien van Rustenburg en Olifantsnek en om Kommandonek en Silkaatsnek vir homself te hou. Op 1 Augustus is genl. Ian Hamilton van die oosgrens oorgebring om die twee nekke in besit te neem en om Baden-Powell se mag te vergesel. Hamilton se mag wat uit 6 000 man en 26 kanonne bestaan het, is vir die doel in twee verdeel. Mahon is met 'n brigade noord van die Magaliesberge ge= stuur om Silkaatsnek te gaan beset, terwyl Hamilton self langs die suide= kant marsjeer het na Kommandonek. Silkaatsnek is na 'n geveg teen burgers van De la Rey onder komdt. Coetzee ingeneem en Kommandonek is onbeset gevind. Op 5 Augustus het Hamilton met sy hele mag vir Baden-Powell buitekant Rustenburg ontmoet. Toe is sowel Baden-Powell as Hamilton deur Roberts beveel om na Pretoria terug te val. Gevolglik is Rusten= burg en Olifantsnek ontruim, terwyl Britse troepe nog by Kommando-, Silkaats- en Magatosnek was.

142) Vergelyk Oosthuizen, op.cit., p. 354.

143) L.R.P., No. 10, pp. 45 - 46; Verslag van Methuen.

144) Gronum: op.cit., p. 17 en Maurice & Grant: op.cit., p. 353.

na Rustenburg sou gaan. Gevolglik het hy om 03h00 op 13 Augustus die agtervolging hervat in 'n westelike rigting, terwyl hy aan Kitchener gevra het om die terrein regs van hom tussen die Mooirivier en Magaliesberge dop te hou.[145)]

Generaal Methuen het op 14 Augustus om 01h00 sy stywe opmars in die rigting van Doornlaagte voortgesit. Toe hy Selonskraal om 11h00 bereik, kon die stof van die burgers naby Buffelshoek teen die veldbrand wat weer deur die Boere gestig is, gesien word.[146)] Methuen het dadelik twee dinge besef, naamlik dat hy De Wet ten einde laaste weer ingehaal het en dat hy nie onderweg was na Magatosnek soos hy vermoed het nie, maar na Olifantsnek. In die proses het hy sy derde oordeelsflater gemaak toe hy gedink het dat De Wet in die hande van Ian Hamilton speel, wat volgens sy inligting by Olifantsnek was. Dit was egter nie die geval nie.[147)] Methuen het gedink dat De Wet, wat toe reeds agter die Magaliesberg in 'n noordelike rigting aan die beweeg was, algou van Hamilton se teenwoordigheid bewus sou word en dan sou omdraai om te probeer om via Magatosnek die berg oor te steek. Gevolglik het Methuen besluit om die agtervolging te staak en na Magatosnek te vertrek. Voor sy vertrek daarheen het hy egter van 'n Bantoe verneem dat De Wet, vergesel van ander reeds Olifantsnek deur is.[148)] Omdat hy dit net nie wou glo nie, het hy wel na Magatosnek vertrek wat om 17h00 bereik is. Toe daar teen die aand geen nuus van die ander omliggende generaals gekom het nie, het Methuen, soos seker ook die ander genls. Kitchener, Hart, Broadwood, Little, Baden-Powell, en Hamilton taamlik bekaf besef dat De Wet tog ontsnap het. Dit was grootliks vanweë omstandighede soos swak samewerking onder die Britse aanvoerders en 'n te groot lomp mag wat deur Roberts vanuit Pretoria beheer is. Verergd moes Methuen dan aanteken dat De Wet "had escaped through the one outlet which I felt sure was occupied and which I had forced De Wet to make for".[149)]

---

145) Maurice & Grant: op.cit., p. 353.

146) L.R.P. No 10.pp.47 - 48: Verslag van Methuen. Buffelshoek is sowat ses kilometer van Olifantsnek.

147) Generaal Hamilton moes inderwaarheid by die nek gewees het want toe lord Roberts op 11 Augustus verneem dat De Wet noordwaarts trek het hy aan Hamilton bevel gegee om nie meer na Pretoria te kom nie maar om Baden-Powell by Kommandonek agter te laat en met 'n afdeling Olifantsnek weer te beset. Hamilton moes met sy hoofmag posisie inneem in die Hekpoortvallei tussen genoemde twee nekke.

148) L.R.P., No.10:p.48: Verslag van Methuen.

149) Ibid.

Selfs Smith-Dorien gee in sy dagboek onder datum 14 Augustus die skuld aan die opperbevel wat 'n "mess of it" gemaak het "in not ensuring Olifant's Nek being held".[150] Indien genl. Hamilton volgens opdrag by Olifantsnek was,[151] was daar beslis groot probleme vir De Wet aangesien die vyand al die paaie na die weste en noordweste beheer het.[152]

## V.12 AGTER DIE MAGALIESBERGE

Die volgehoue agtervolging het dit vir De Wet dringend noodsaaklik gemaak om sy burgers te laat rus noudat hulle agter die berge buite die vyand se gesigsveld verdwyn het. Gevolglik het hy vir 'n paar dae langs die Krokodilrivier laat uitspan. Hier het hy sy verdere planne agtermekaar gekry. Dit is natuurlik nie aan sy burgers meegedeel nie. Op die burgers se vrae waarheen hulle gaan, was sy humoristiese antwoord: "Wij retireeren nu naar een plek, waar gij aan den eenen kant in den muil van den Leeuw en aan den anderen kant in de Engelsche bommen spring, als gij retireeren wilt".[153]

---

150) Smith-Dorien: op.cit., p. 234.

151) Generaal Hamilton was nie op sy pos by Olifantshoek om De Wet voor te keer nie, hoofsaaklik vanweë twee redes: (a) hy het hom baie langsaam gehaas en (b) het nog verder tyd verspeel deur 'n ompad na die nek te volg. Vir detail oor sy aanmars kan Maurice & Grant: op.cit., III, pp. 348 - 356 geraadpleeg word asook L.R.P., No.33 ., R19/83: Hamilton - Roberts, Kommandonek, 9/8/1900; R19/84: Hamilton - Roberts, Kommandonek, 10/8/1900, R19/87: Hamilton - Roberts, Kommandonek, 11/8/1900, R19/88: Hamilton - Roberts, Kommandonek 11/8/1900, R19/90: Hamilton - Roberts Doornspruit, 12/8/1900 en R19/93: Hamilton - Roberts, 13/8/1900.

152) Methuen het alle paaie wes en noordwes beheer vanaf 'n punt nege kilometer van Magatosnek, Kitchener was saam met Broadwood, Hart en Little naby Kwaggasfontein om om die pad na die suide te beheer. (Amery: op.cit., IV, p. 428). Generaal Broadwood was tewens die oggend van 14 Augustus slaags met van De Wet se agterhoede op die direkte roete na Olifantsnek. Smith-Dorien het weer vanaf die spoorweg in die suidooste die C.I.V. uitgestuur om verder druk op De Wet toe te pas.

153) Aangehaal by Anon.: Met Steijn en De Wet op Kommando, p. 90.

Sy werklike plan was om pres. Steyn in staat te stel om pres. Kruger te gaan besoek. Vanweë die Britte se teenwoordigheid in groot getalle was dit te gevaarlik vir De Wet om saam met Steyn te gaan. Hy het gevolglik besluit om na die Vrystaat terug te keer ten einde burgers vir die voortsetting van die stryd te gaan opkommandeer. Vir hierdie doel sou die burgers in komman= do's opgedeel word ter wille van makliker beweegbaarheid en om die vyand te verwar ten einde die aandag van Steyn af te trek. De Wet self sou op sy pad terug by plase sy terugtog bekend maak om die aandag op hom in plaas van die President te vestig.[154] Hierdie voorneme van De Wet toon dat hy weldeeg= lik bewus was van sy betekenis in die stryd. Op 'n vergadering van sy kommandante het hy sy planne meegedeel en is dit goedgekeur.[155] Kommandant L. Steenkamp van Heilbron, onder wie De Wet aan die begin van die stryd as gewone burger gedien het en saam met wie hy Nicholsonsnek bestorm het,[156] is as asst.-hoofkomdt. gekies om die President se laer deur die Bosveld na pres. Kruger te lei.[157] President Steyn het op 14 Augustus vertrek[158] en genl. De Wet drie dae later.[159] Laasgenoemde is vergesel van 'n kommando van 246 burgers waaronder genl. Philip Botha, komdt. Prinsloo en kapt. Scheepers.[160]

## V.13 IN DIE VOETSPORE VAN BOBBEJANE

Die tydjie se rus ~~aan die~~ Krokodilrivier was moontlik omdat "Difficulties with regard to supplies" [161] die Britte daarvan weerhou het om die jag op De Wet en sy burgers voort te sit. Teen 17 Augustus is die dryfjag hervat. Op 16 en 17 Augustus het genls. Methuen en Hamilton daarin geslaag om 'n kom= mando onder 'n Van Zyl, wat deur De Wet by Olifantsnek agtergelaat is, te verjaag. Hierdie nek sowel as Magatosnek is daarop weer beset.[162] De Wet

---

154) De Wet: op.cit., p. 198.

155) Ibid.

156) Sien pp.32-35 hierbo.

157) De Wet: op.cit., p. 198 en Amery: op.cit., IV, p. 430.

158) Ibid.

159) Ibid en anon.: Met Steijn en De Wet op Kommando, p. 90.

160) Sien De Wet: op.cit., p. 198.

161) L.R.P., Field Marshall Despatch, 10/10/1900.

162) Amery: op.cit., IV, pp. 429 - 430 en Badenhorst: op.cit., p. 47.

bewus van Methuen en Hamilton se hernieude bedrywighede, is gevolglik noordwaarts gedryf op die Pretoria-Rustenburg-pad in die rigting van Kommandonek. Hy het hierdie nek op dieselfde dag van sy vertrek, t.w. 17 Augustus bereik maar agtergekom dat die nek deur die Border Regiment be= waak word wat deur genl. Ian Hamilton agtergelaat is, terwyl die Argyll en Sutherland Regimente by Silkaatsnek gestasioneer was. Kitchener was by Wolhuterskop op sy terugreis vanaf die Elandsrivier.[163]

De Wet was dus teoreties ten einde laaste vasgekeer. Die Generaal was egter nie van plan om gevang te word nie en het sy teenwoordigheid van gees behou. Hy was dadelik gereed met 'n oplossing, naamlik om die Magalies= berg uit te klim al was daar geen gebaande weg nie. By 'n nabygeleë Bantoe= hut het hy gaan vra of dit wel moontlik was. Toe die Bantoe hom die ver= sekering gee dat slegs bobbejane daar loop waar hy wil oor, het De Wet sy manne beveel om hom te volg, want waar 'n bobbejaan kan oor, "daar kunnen wij, daar moeten wij ook over".[164] "Almost in full view of his enemies he climbed over to the south of the Magaliesberg by a precipitous path west of Commando Nek",[165] en behaal die merkwaardige prestasie om nog eens die Britte te fnuik.

Die feit dat hy die een oomblik in sig was, net om die volgende oomblik uit die gesigsveld te verdwyn, het 'n legio beriggewing tot gevolg gehad. Met verbasing het die buitewêreld verneem dat al die gerugte van sy gevangeneming onwaar was en dat hy veilig na sy vroeëre kamp by Renosterpoort aan die Vaal= rivier teruggekeer het. Sy ontsnapping het die grootste verering van hierdie opportunistiese krygsman tot gevolg gehad, asook 'n nuwe belangstel= ling vir die stryd.[166] Dit het selfs lord Milner verstom laat staan oor "De Wets' remarkable agility".[167] Die vyand het ook erken dat De Wet en De la Rey hom lesse in die krygskunde gee.[168]

---

163) Vergelyk Amery: op.cit., IV, pp. 430 -431.

164) De Wet: op. cit., p. 201 .

165) Amery: op. cit., IV, p. 431. Sien die baie mooi beskrywing van hierdie sonderlinge oortog oor die Magaliesberge in De Wet: op. cit., pp. 201-204.

166) De Wet: op. cit., pp. 201 - 204. Sien F. J. du T. Spies: ' Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat. Amsterdam, 1946, pp. 206 en 207.

167) Headlam: op.cit.,II,p.35.: Milner - Roberts, 23/8/1900.

168) Preller-versameling, Band 50, p. 463; Oorlogsberig, 20/8/1900.

Vanaf Renosterpoort waarheen De Wet ongehinderd getrek het via Gatsrant, vandaar oor die spoorlyn ten noorde van Bankstasie en Potchefstroom,[169] wat intussen deur die Britte verlaat is, het hy na enkele dae se rus die Vrystaat weer binnegetrek.

## V.14 DIE WAARDE VAN DIE TOG NA DIE TRANSVAAL

Belangrik was dit dat die tydperk aan en oor die Vaalrivier aan die swaar geteisterde Vrystaatse mag blaaskans gegun het. Die sak sout wat hy saam met sy burgers tydens die dryfjag moes opeet asook die wyse waarop hy hulle veiligheid op die hart gedra het, moes ongetwyfeld leier en burger baie nader aanmekaar gebring het. Die toneel van afgebrande plaaswonings en De Wet se dinamiese dryfkrag het 'n nuwe vasberadenheid by sy burgers opgewek wat aansteeklik ingewerk het op die Transvalers veral genl. Liebenberg. Weliswaar het hy op sy tog na die Z.A.R. 'n hele aantal waens verloor asook een kanon en 'n aantal burgers, maar die feit dat hy moreel baie bereik het, het daarvoor vergoed. Tewens, sy burgers het hom gevolg al het hulle nie geweet waarheen nie!

Sy vermoë om uit die vyand se hande te bly het van De Wet 'n legende in sy eie tyd gemaak grootliks vanweë sy deeglike beplanning en militêre aanvoeling, tesame met die feit dat hy oor betroubare verkenners en aanvoerders beskik het en telkens in die donkerte van die nag getrek het. Daarteenoor het dit die Britte se ondoeltreffende verkennerstelsel aan die lig gebring asook hulle gebrek aan samewerking.

## V.15 TERUG IN DIE VRYSTAAT

Pas na sy afskeid van pres. Steyn by die Magaliesberg het Christiaan de Wet 'n brief aan die President gestuur waaruit sy eerlikheid met homself en sy behoefte aan onafhanklikheid gespreek het en waarin hy gevra het om teenwoordig te wees indien vredespogings ter sprake sou kom.[170] Aangesien Steyn bevestig

---

169) Op Potchefstroom het hy hom met die tweehonderste Mauser wat weer diens=baar gemaak is, laat afneem. Vgl. Kestell: Christiaan de Wet, p. 91, asook foto hierby.

170) Anon.: Met Steijn en De Wet op Kommando, p. 105. Van der Merwe; op.cit., p. 63 bevestig die bestaan van so 'n brief.

het dat hy nie enige planne gehad het om oor vrede met Kruger te praat nie,[171] het De Wet met lus vir die stryd na die Vrystaat teruggekeer. Hy was egter nie van plan om aanvanklik weer veldslae in die Vrystaat te ontketen nie. Hiervoor was sy burgermag vir eers te klein. Dit is nog verder verklein om aan 'n groot werwingsaksie deel te neem. Die offisiere wat saam met De Wet teruggekeer het, sowel as die ander wat saam met komdt. Steenkamp met die walaer sou terugkeer, het opdrag gehad om in hulle tuisomgewings burgers te gaan opkommandeer.[172] De Wet kon egter die Britte in die Vrystaat nie met rus laat nie. Vanweë die beperkte getal burgers kon egter net die spoor-, telefoon- en telegraaflyn so veel moontlik opgebreek word om sodoende die kommunikasielyn te versteur.[173] Met hierdie twee doelstellings voor oë, naamlik die werwing van nuwe burgers en die ontwrigting van die Britse kommuni= kasie, is na die Vrystaat teruggekeer.

Die werwing van burgers was nie so 'n maklike taak nie. Weliswaar het groot getalle sonder om gewerf te word, weer aangesluit, maar ewe groot getalle het uit vrees vir lord Roberts se dreigement-proklamasies[174] nie weer aangesluit nie. Nogtans kon genls. J. B. M. Hertzog, Piet Fourie, C. C. Badenhorst e.a.[175] daarin slaag om weer sterk kommando's op die been te bring.[176]

Generaal De Wet het in hierdie tyd ook heelwat gereis ten einde die vinger op die pols van die werwingswerk te hou. Aangesien die heraansluiting op 'n suiwer vrywillige basis geskied het, het hy die kommando's besoek om oortuigings=

---

171) Van der Merwe: op.cit., II, p. 73

172) Badenhorst: op.cit., p. 49 en Grobler: op.cit., p. 65.

173) De Wet: op.cit., p. 205.

174) Sien hoofstuk VII.

175) Hierdie persone het elk opdrag gekry om die werwingwerk in 'n bepaalde gebied te doen (De Wet: op.cit., p. 213). Volgens Amery: op.cit., V, p. 3 het Hertzog daarin geslaag om 1 200 burgers te monster, Fourie 750 burgers en Badenhorst 1 000.

176) M.G. 8: Letters received, D.C.-M.G., 14/10/1900.

werk te doen. Dit het hom dwars oor die Vrystaat geneem met so 'n tempo dat "iemand die de Wets' morgen ziet, weet nooit, waar's hij de avond is".[177)] Op sy vriendelike dog besliste manier, het hy dit nou duidelik gestel dat hy veral twee soorte burgers nie op kommando sou duld nie: die wat lafhartig is,[178)] en die wat nie van hulle waens wou afsien nie.[179)]

Namate die getalle van die kommando's aangegroei het, is weer tot aksie oor= gegaan. Die stryd het nou 'n ander karakter aangeneem. Stellinggevegte en 'n vaste linie het nie meer bestaan nie. Dit was 'n tref-en-trap strategie: guerrilla-oorlog. Soos reeds vermeld, was die spoorverbinding die skyf wat met hernude ywer aangeval is. Dit is interessant om daarop te let dat die Britte nou hoofsaaklik met hulle eie ammunisie wat van hulle afgeneem is, aan= geval en die spoorlyn ook met hulle eie dinamiet opgeblaas is. De Wet het nie net die voorbeeld gestel van die deeglikheid waarmee die spoorlyn opgeblaas moet word nie,[180)] maar het self met sy keurkommando weer tot die aanval oor= gegaan.

V.16 WEER NA DIE TRANSVAAL

Gedurende September 1900 het Roberts se magte daarin geslaag om die Transvaal-Portugese grens te bereik en het die politieke en militêre ineenstorting vir hom na 'n voldwonge feit gelyk. Die hernieude militêre aksies in die Vrystaat weens De Wet se teenwoordigheid en suksesvolle werwing van burgers was gevolglik vir Roberts baie ongeleë. Dit was derhalwe vir hom nodig om einde September 1900 nuwe reëlings in die Vrystaat te tref ten einde die vuur wat weer opgevlam het, dood te slaan: Heilbron sou as voorraadbasis dien vir genls. Rundle wat na Vrede moes gaan, J. E. Boyes na Reitz en Frankfort, Bruce Hamilton na Lindley, MacDonald na Kroonstad, terwyl genl. Hunter, bygestaan deur luit.-kol. P. W. J. Gallais 'n vlieënde kolonne sou vorm om op te tree waar nodig.[181)]

---

177) Boldingh: op.cit., p. 179.

178) Badenhorst: op.cit., pp. 56 & 57: brief van De Wet - Badenhorst, 4/10/1900.

179) Kestell: Christiaan de Wet, pp. 95 en 96.

180) Ibid., p. 93 en De Wet: op.cit., pp. 209 & 210.

181) Vergelyk Amery: op.cit., V, pp. 7 - 8.

Die opdrag aan hierdie bevelvoerders was "(to) clear the whole of supplies and inform the burghers that if they choose to listen to De Wet and carry on a guerilla warfare against us, they and their families will be starved".[182]

Die aksie was teen De Wet gemik en daarom is die troepe in die noordelike distrikte van die Vrystaat saamgetrek waar genl. De Wet hom bevind het. Om die vyand die hoof te bied was dit vir die Hoofkommandant nodig om oor 'n groter burgermag te beskik. Vir dié doel het hy sy hoofkwartier verlaat en na Heilbron vertrek. Hy sou hier volgens afspraak, op 25 September die Heilbronse kommando ontmoet.

Onderweg het hy van Gideon Scheepers verneem dat die kommando's van Harris=smith en Vrede onder genl. Hattingh by Spitzkop naby Heilbron was. Dadelik is hy daarheen, en ontmoet hulle op 23 September. Nadat hy aan die burgers verduidelik het waar hulle moes opereer[183] en opgedrag het om hulle hoof=saaklik besig te hou met die opbreek van die spoorlyn,[184] het hy ook die onmiddellike afskaffing van die waens geëis.[185]

Op 25 September het hy die Heilbron-kommando, wat 'n week verlof gehad het, ontmoet. Juis op die tydstip het die Colonial Division die omstreke van Heilbron bereik om te help om van die dorp die voorradedepot vir die Britte te maak. De Wet het dadelik aan genl. Hattingh laat weet om hom te kom aanmeld met sy kommando sodat die Colonial Division voorgekeer kon word. Tot die Vrystaatse militêre leier se bittere teleurstelling moes hy egter hoor dat die meeste burgers sedert De Wet se verbod op die aanhou van waens eerder huis toe is in plaas van om daarvan af te sien.[186] De Wet was dus verplig om met sy klein kommando'tjie bestaande uit die oorgeblewe burgers van Vrede en Harrismith en dan die Heilbron-kommando, sowat 800 burgers en twee kanonne,[187] die wyk te neem.

---

182) Aangehaal by Ibid., p. 8.

183) Hierdie kommando is aangesê om saam met genl. Philip Botha in die Kroon=stadse distrik te werk en om die kommunikasielyn tussen Kroonstad en Sandrivier te verniel (De Wet: op.cit., p. 218).

184) Die kommando van genl. Hattingh was nie baie suksesvol met hulle taak nie sodat die deel teen Des. 1900 deur die Britte skoon gemaak was deur die vee weg te voer en die meeste inwoners na konsentrasiekampe te neem ( M.G. 7: Letters received: D.C.-M.G.,3/11/1900, 3/12/1900 en 4/2/1901).

185) De Wet: op. cit., p. 218.

186) Ibid., pp. 219 - 220.

187) Amery: op.cit., V, p. 8.

Die spoorlyn naby Wolwehoekstasie is gevolglik gedurende die nag van 30 September oorgesteek, die spoorlyn daarna op verskillende plekke opgebreek, 'n slapende Britse garnisoen van dertien man gevange geneem, en koers gekies na die suidekant van Parys. Vandaar is na die koppies ten weste van Vredefort getrek en 'n paar dae alhier oorgebly.[188]

Dit was nodig om die aanrukkende Britte nog eens 'n rat voor die oë te draai om tyd te wen sodat die Vrystaatse magte kans kon kry om te verenig. Sodoende sou 'n herhaling van sy tog na die Magaliesberg voorkom kon word. Om die Britte te verwar, het De Wet sy kommando weer eens in twee verdeel: 'n keurkommando onder homself en die res onder genl. Philip Botha met die opdrag om na Kroonstad te gaan en om saam met die Kroonstadse kommando die spoorlyn ten suide van die dorp te gaan verniel.[189]

Die vyand onder genl. De Lisle het intussen tot veel nader geverder en op die plaas Klipstapel, suidoos van Parys, kamp opgeslaan. Toe De Wet daarop aangeval word, het hy eers weerstand gebied, maar was verplig om op sy verjaarsdag, 7 Oktober, voor die oormag weer oor die Vaalrivier te wyk.[190]

Terug in Transvaal en in kontak met die strydende burgers in Wes-Transvaal, het genl. De Wet van genl. Liebenberg[191] die versoek ontvang om te kom help teen genl. G. Barton wat by Frederikstadstasie was.[192] Per brief het hy aan Liebenberg belowe dat hy nie dadelik nie, maar wel 'n paar dae later sou kom help.[193] Die rede waarom De Wet nie dadelik gegaan het nie was omdat hy dit eers nodig gevind het om die Britte te verwar en die indruk te laat dat hy die stryd in

---

188) De Wet: op.cit., p. 220.

189) Ibid., p. 221.

190) Ibid.

191) Generaal Liebenberg het, nadat hy saam met De Wet na die Magaliesberge getrek het, ook net soos De Wet teruggekeer na sy eie gevegsgebied. Dat hy ernstig was om genl. Barton aan te val, blyk daaruit dat hy aan genl. De la Rey 'n brief gestuur het wat laasgenoemde op 5 Oktober ontvang het. Hierin het hy om ammunisie gevra wat De la Rey wel gehad het, maar nie kon aanstuur nie. Wel het De la Rey laat weet dat hy van plan was om nader na Liebenberg te trek (Oosthuizen: op.cit., p. 376).

192) Sien Amery: op.cit., V, pp. 9 - 10 vir 'n verduideliking van Barton se teenwoordigheid by Frederikstad.

193) De Wet: op.cit., p. 221.

die Vrystaat weer gaan opneem. Sodoende kon hulp vir Barton van De Wet se agtervolgers vermy word.

Ten aanskoue van sy vyand het hy na die Vrystaat teruggekeer via Schoemansdrif en nog sowat vyf-en-twintig kilometer verder suidwaarts getrek tot op die plaas Baltespoort aan die Renosterrivier.[194] Hier het hy kortom gedraai en feitlik in sy spore teruggery na die Vaalrivier onderweg na Liebenberg.

## V.17 DIE BELEG BY FREDERIKSTAD: 20 - 25 OKTOBER 1900

Op 20 Oktober 1900 het De Wet met sy kommando hulle in die omgewing van Frederikstadstasie bevind, waar hy as die senior in samewerking met genl. Liebenberg besluit het om dadelik tot die aanval op genl. Barton oor te gaan.

Barton was reeds op 15 Oktober met genl. Liebenberg by Buffelsdoorn naby Welverdiend in botsing.[195] Op 17 Oktober het hy met sy kolonne by Frederikstadstasie aangekom en hulle dadelik uitgeplaas op die rante noord en suidoos van die stasie met die grootste getal soldate in die omgewing van die stasie.[196] Op 18 Oktober is hy verder versterk deur 500 kavalleriste van die Royal Imperial Light Horse en die 79th Co. I.Y. en twee pom-poms.[197] Op 20 Oktober het sy voorradekonvooi ook veilig aangekom. Op 24 Oktober het Barton gedurende die oggend bewus geword van die groeiende getalle van De Wet wat hom omsingel en het hy om versterkings gevra.[198]

Tot 24 Oktober het sowel die Boere as Britte gedurig van posisie verander met die Britte steeds van buite beleër. Tot op hierdie datum is ook geveg met verliese aan albei kante.[199] Die vyand kon egter nie tot oorgawe gedwing word nie. Dit het De Wet bekommer, want sy kans om lord Roberts 'n

---

194) Ibid.

195) Sien L.R.P., No. 52: Telegram nr. 2040P: pp. 34 - 38: Telegram Barton, Deelkraal - lord Roberts, Pretoria, 15/10/1900.

196) Die Royal Welsh Fusiliers onder kol. sir R. Colleton is op die rantjies noord van die stasie en die Royal Scots Fusiliers onder kol. Carr en Marshall's Horse aan die suidekant geplaas. Vgl. Amery: op.cit., V., p. 10 en De Wet: op.cit., p. 221.

197) Amery: op.cit., V, p. 10.

198) L.R.P., No. 52: Telegram 2113P: p. 56: Telegram Barton, Frederikstad - lord Roberts, Pretoria, 24/10/1900.

199) Sien Amery: op.cit., V, p. 11.

gevoelige verlies toe te dien sou daarmee heen wees indien versterkings vir Barton opdaag.

Om die beleg tot 'n punt te dryf, moes genl. Barton se hoofkamp, wat hy reeds op 20 Oktober van die stasie na 'n hoërliggende koppie sowat drie kilometer verder suid verskuif het, aangeval word. Dit sou 'n baie gevaarlike onder= neming wees. Met genl. Liebenberg is toe ooreengekom om 180 burgers af te staan, terwyl De Wet 80 burgers van genl. Froneman sou byvoeg om onder dekking van die nag (24/25 Oktober) die onderneming aan te pak.[200)]

Gedurende die dag (24 Oktober) het De Wet sy kanonne gespaar en slegs van skerpskutters gebruik gemaak. Hy het ook probeer om Barton van water af te sny maar kon nie daarin slaag nie.[201)] Die beplande onderneming om 'n einde aan die beleg te maak, is gedurende die vroeë oggendure van 25 Oktober ten uit= voer gebring. Toe Barton te hore kom van die naderende burgers, het hy hulle dadelik laat aanval met groot verliese vir die burgers.[202)]

---

200) De Wet: op.cit., pp. 221-222; P.H.S. v. Zyl: Waar en Trou. Johannesburg, 1948 p.132.

201) L.R.P., No. 52, telegram 2114P, p. 57: telegram Barton, Frederikstad - lord Roberts, Pretoria, 24/10/1900.

202) Barton het skynbaar eers nie die omvang en implikasie van die aanval besef nie en die Boere eers met 'n klein groepie Skotte aangeval. Later het hy die Boere asof met 'n donderslag getref, sodat die Boere hulle gewere weggegooi en gevlug het, terwyl twee-en-tagtig Boere buite ak= sie gestel is by wyse van gedood, gewond of gevange geneem (vgl. Amery; op.cit., V, p. 12). De Wet: op.cit., p. 222 beweer dat net dertig gedood en gewond is en omtrent net soveel gevange geneem. Waar Amery beweer dat ook burgers van Liebenberg onder die twee-en-tagtig was, sê De Wet: op.cit., p. 222 dat die totale mislukking van sy plan toe te skryf was aan die feit dat Liebenberg se manne nooit opgedaag het nie en dat die tagtig man alleen die onderneming aangepak het. Skrywer is geneig om Amery se getal te aanvaar: Nie alleen lyk dit meer realis= ties nie, maar dit klink onwaarskynlik dat tagtig burgers met so 'n gewaagde onderneming sou voortgaan aangesien hulle bewus was van die vyand se getalle en posisie en dat hulle hier met fusilliers te make gehad het vir wie se bajonette die burgers 'n doodse vrees gehad het. Hoe dit ook al sy, dit was in De Wet se woorde "een treurige geschie= denis" (op.cit., p. 222).

Terwyl De Wet se plan besig was om jammerlik te misluk het die hulp waar= voor Barton gevra het vanaf Krugersdorp opgedaag.[203] De Wet was skynbaar so vasgevang met sy plan met Barton, dat hy vir 'n oomblik vergeet het om behoorlik verkenningswerk te laat doen. Hy was nie op die groot vyande= like versterkings voorberei nie en moes gevolglik die beleg afgelas toe hy van die versterkings verneem.

## V.18 DIE ONVERWAGTE VERLIES BY BOTHAVILLE - 6 NOVEMBER 1900

Die Britte in die Vrystaat wat agter De Wet aan was, het intussen sy bluf agtergekom en besef dat hy nie in die Vrystaat nie maar in Transvaal was. Hulle het gevolglik hulle soeke in die Vrystaat gestaak en hom na Transvaal gevolg. In opdrag van lord Roberts was maj.-genl. Charles E. Knox die volgende Britse offisier om jag op Christiaan de Wet te maak. Hy was, naam= lik by Heilbron op 21 Oktober toe hy van hoofkwartier in Pretoria bevel gekry het om die troepe onder kols. H. de Lisle en P. W. J. le Gallais onder hom te verenig en Barton by Frederikstad te hulp te snel. Op 23 Oktober het hy met De Lisle se kolonne, nou onder bevel van maj.-genl. J. G. Maxwell, by Witkoppies verenig en op 25 Oktober het Le Gallais by hom op Reitzburg[204] aangesluit. Hierna het Knox haastig na Potchefstroom vertrek.

Toe De Wet van Van Vuurenskloof kom met die doel om oor Schoemansdrif na die Vrystaat terug te keer, moes hy tot sy teleurstelling uitvind dat die Britte in die Vrystaat nie alleen weer op sy spoor is nie, maar dat genl. Knox reeds oor Schoemansdrif en in Potchefstroom was, De Lisle by Schoemansdrif en Le Gallais by Tygerfontein.

Die drif waardeur met soveel gemak die afgelope weke beweeg is, was dus ge= blokkeer sodat hy op 27 Oktober deur die Vaalrivier via Witbanksfontein na die Vrystaat teruggekeer het.[205] Pas terug in die Vrystaat het die kommando hom in die vyand vasgeloop en 'n kanon verloor. Weer was dit nodig om te bluf deur eers in 'n oostelike rigting te trek en gedurende die nag reg wes te draai en terug te trek. De Wet het nou besluit om na Bothaville, wat kort tevore feitlik met die grond gelyk gemaak is,[206] te trek waar hy gemeen

---

203) Amery: op.cit., V, p. 12 en vn.

204) Ibid., p. 13.

205) De Wet: op.cit., p. 224.

206) Sien J. C. Otto: Die Konsentrasiekampe, Kaapstad, 1954, p. 24.

het dit rustiger sou wees. Onderweg daarheen het hy op 29 Oktober by Winkeldrif aan die Renosterrivier berig gekry dat pres. Steyn vergesel deur genl. Louis Botha terug van pres. Kruger en by genl. De la Rey was.[207] In die laer van De la Rey is krygsplanne bespreek wat reeds deur die President en genl. Botha aangeroer is onderweg na Wes-Transvaal. Die wens om Johannesburg van alle kante aan te val met onder andere De Wet se hulp is ook uitgespreek deur óf genl. De la Rey[208] óf Botha.[209] Die plan om De Wet aan die besprekings te laat deelneem is laat vaar omdat hy nie betyds opgespoor kon word nie. Hy het egter wel Steyn se versoek ontvang om na De la Rey te kom.[210] Sy kommando van sowat 800 man is gevolglik onder leiding van genl. Froneman na Bothaville vooruitgestuur terwyl hy met sy staf na die President vertrek het.[211] Op 31 Oktober het hy die President naby Ventersdorp ontmoet.[212] Die samesprekings tussen Steyn, De la Rey en Botha was toe reeds afgehandel. Die planne met betrekking tot Johannesburg wat hier uitgekristalliseer het, het sekerlik na Steyn en De Wet se ontmoeting ter sprake gekom. Van hierdie plan het niks gekom nie, maar De Wet sou in elk geval ook nie daarmee saamgaan nie, want hy het enkele dae tevore 'n gevoelige verlies by Frederikstadstasie gely.[213] Sy eie kommando was te moeg en klein vir so 'n belangrike onderneming, en om vir sy ander burgers wat hoofsaaklik in die Wes-Vrystaat en Suid-Vrystaat was te wag, sou te lank neem. Daarbenewens was die nuus wat hy van genls. Fourie en Hertzog juis uit hierdie dele van die Vrystaat ontvang het in hierdie tyd ook baie bemoedigend want heelwat burgers het weer die wapen opgeneem.[214] Hy wou liewer suid na hierdie burgers en vandaar na die Kaapkolonie[215] in plaas van noord na Johannesburg.

---

207) De Wet: op.cit., p. 226. Op sy terugtog na die Vrystaat, is Steyn deur genl. Louis Botha vergesel. Op 18 Oktober het die geselskap by Beyers aangekom (G.D. Scholtz: Generaal Christiaan Frederik Beyers, Johannesburg, 1941, p. 39). Vanaf Beyers is hulle na genl. De la Rey waar die President van plan was om sowat agt dae te bly sodat sy moeë diere goed kon rus, maar De la Rey het hom aangeraai om so gou moontlik by De Wet aan te sluit (Oosthuizen: op.cit., p. 382).

208) Sien Oosthuizen, op.cit., p. 382.

209) Sien Van der Merwe: op.cit., II, p. 66.

210) De Wet: op.cit., p. 226.

211) Ibid.

212) Ibid.

213) Sien pp. 164-166 hierbo.

214) De Wet: op.cit., p. 226.

215) Ibid.

Weliswaar het De Wet tevore in Transvaal opgetree. Dit was egter nie om die Transvalers te help nie, maar om sy eie burgers en die Vrystaat kans te gee om te rus. 'n Aanval op Johannesburg sou hulp beteken en volgens 'n besluit van die twee republikeinse regerings moes elke Republiek verantwoordelik wees vir sy eie verdediging.[216] Steyn sou ook ongetwyfeld van die krygsplanne wat tydens sy besoek aan Kruger bespreek was, vertel. Die belangrikste krygsplan was dat die O.V.S. en Transvaal 'n gesamentlike poging in die Kaapkolonie moes aanpak.[217] De Wet se eie volgende stap is hierdeur versterk.

Met die Kaapkolonie as oogmerk, het die geselskap op 2 November in die rigting van Bothaville vertrek om die burgers alhier te kry en om dan suidwaarts te gaan. De Wet was egter onbewus daarvan dat Knox van sy teenwoordigheid in die omgewing van die Vaal geweet en planne beraam het om hom vas te trek.[218] Uit die mededeling van twee verskillende Bantoes, het die vyand ook presies geweet van De Wet se bewegings en dat Steyn by die laer is.[219]

Toe genl. De Wet en sy geselskap op die oggend van 5 November op Bothaville by sy wagtende kommando aankom,[220] het hy waarskynlik reeds geweet dat die vyand warm op sy spoor is. Van sy verkenners was naamlik die ganse 3 November in botsings met 'n troepemag onder genl. Le Gallais.[221] Generaal Le Gallais het juis gedurende die middag van 5 November sy opwagting vanaf Heuningspruit gemaak[222] waarop van die burgers op die voorhoede met troepe van Le Gallais in 'n skermutseling betrokke was. Vuur is egter gestaak toe die vyand terugtrek.[223]

---

216) Sien p.102 hierbo.

217) Sien p.252 hieronder.

218) Sien L.R.P., No. 57, p. 3: Telegram Knox, Renosterrivier - Roberts, Johannesburg, 1/11/1900 asook Ibid., p. 5: Telegram Knox, Renosterrivier - Roberts, Johannesburg, 2/11/1900.

219) Sien Ibid., p. 6: Verslag Le Gallais opgeneem in telegram Knox, Renosterrivier - Roberts, Johannesburg, 2/11/1900.

220) De Wet: op.cit., p. 226.

221) Sien L.R.P., No.57, p. 6: Telegram Knox, Renosterrivier - Roberts, Johannesburg, 4/11/1900.

222) Toe genl. Knox agterkom dat De Wet hom gefnuik het, het hy besluit om nie die kans om die Boereleier te vang, verby te laat gaan nie. Le Gallais is daarop per spoor na Heuningspruit gestuur en het links van De Wet na Bothaville beweeg, De Lisle by Koppies was in die middel en die Colonial Division by Grootvlei was op die regterflank. Teen die middag van 5 Nov. het Le Gallais met sy mag bestaande uit die 5th, 7th en 8th Mounted Infantry, 17th en 18th Companies I.Y., vier kanonne en 'n paar Bantoes wat nou algemeen gebruik is om te verken, op die spoor van De Wet se burgers gekom (Amery: op.cit., V, p. 15).

223) De Wet: op.cit., p. 226.

Generaal De Wet het nie geglo dat Le Gallais vir hom groot gevaar ingehou het nie en het gedurende die nag net tot agter die eerste bult getrek en op die plaas Doornkraal laat afsaal. Hulle was nou sowat veertien kilo= meter van die Britte met net die Valsrivier en enkele brandwagte tussenin.[224]

Vroeg die volgende oggend (6 November) het die brandwag van De Wet aan hom berig gebring dat hulle die Britte se vure gesien het maar dat daar niks te vrese was nie. Gerusgestel deur die brandwag het die Generaal van sy burgers laat voortslaap en self rustig beskuit en koffie genuttig.[225] Pas was hy hiermee besig en die brandwag weer weg of die eerste skote van die vyand val. De Wet het eers gedink dat beeste geslag word,[226] maar toe 'n tweede sarsie val en die vyand binne tweehonderd treë van die laer verskyn, was die verwarring groot. De Wet kon later konstateer: "Ik had veel verschrikking gehoord - hier zag ik wat zij eigenlijk is!"[227]

In die harwar wat in die Boerelaer ontstaan het, het 'n groot aantal burgers halsoorkop gevlug en het De Wet self tevergeefs probeer om die vreesbevange burgers terug te bring. Slegs op een punt, naamlik in 'n vrugteboord het 'n klompie burgers stelling ingeneem.[228] Nie ver van die boord af nie het die Britse bevelvoerende offisiere in 'n plaashuis skuiling gaan soek aange= sien die geveg op dié punt moorddadig was. Van die Boere wat in die boord betrokke was, is van alle kante bestook en moes die verlies van veral staatsprokureur Jacobs de Villiers, veldkornet Jan Viljoen en komdt. Van Zyl van Griekwaland betreur word.[229] Van die offisiere wat in die genoemde plaashuis was, is "een van de dapperste aanvoerders der Engelschen"[230] en inisieerder van die geveg, kol. Le Gallais dodelik getref asook kol. Ross en kapt. Williams terwyl kapt. Percy Smith en ander gewond is. Op die slagveld

---

224) Ibid.

225) Ibid., p. 228.

226) Ibid.

227) Ibid.

228) Sien kaart 6, p. 296 hieronder.

229) Vergelyk Preller-versameling, Band I, pp. 180 - 181: Brief van pres. Steyn - Komdt.-genl. 30/11/1900. Hiervolgens was die dood van De Villiers vir pres. Steyn "bijna onherstelbaar".

230) De Wet: op.cit., p. 228. Komende van De Wet, moet die woorde as 'n pluim= pie beskou word. Knox sê ook dat alle eer vir die sukses eerstens Le Gallais "a most brilliant officer" toekom en na sy dood De Lisle - (L.R.P., No. 57, p. 13: telegram Knox, Kroonstad - Roberts, Johannesburg, 6/11/1900).

het ook heelwat Britse offisiere en manskappe gesterf.[231] Uiteindelik was die burgers wat nog die fort gehou het in die boord verplig om aan De Lisle oor te gee.[232]

Generaal de Wet was egter nie in die hitte van die stryd teenwoordig nie, aangesien hy pres. Steyn en die hooflaer die wyk geneem het.[233] Gevolglik is die burgers in die vrugteboord sowel as feitlik al sy grofgeskut aan hulle eie lot oorgelaat en het hulle die Britte ten prooi geval.

Die verlies[234] vir De Wet was aansienlik en op die vooraand van sy planne met die Kaapkolonie was dit soveel te meer voelbaar. Tewens, die geveg by Bothaville was genl. De Wet se persoonlike grootste verlies en neder= laag tydens die oorlog.

Alhoewel genl. Knox die hooflaer agterna gesit het, moes hy na sowat agt kilometer die agtervolging staak toe De Wet, bewus van die agtervolging, die hooflaer in klein groepies laat verdeel het wat in alle rigtings uitmekaar gespat het.[235] Sodoende het hy dit vir Knox onmoontlik gemaak om hom te vang en moes Knox erken dat 'n "glorious opportunity"[236] om De Wet by Bothaville te vang, gefnuik is.

---

231) Sien Amery: op.cit., V, p. 18 en L.R.P., No. 57, pp. 13 - 14: Telegram Knox, Kroonstad - Roberts, Johannesburg, 6/11/1900.

232) Vir besonderhede oor geveg, raadpleeg genoemde bronne in vn. 231.

233) L.R.P., No.57, p. 12: Telegram Knox, Kroonstad - Roberts, Johannesburg 6/11/1900.

234) Amery: op.cit., V, p. 20 gee die verlies aan Boerekant aan as: sewentien gesneuwel en sewentien gewond wat saam met sewe-en-negentig gevange ge= neem is. Verder is vier Krupp, een twaalfponder, asook waens met klein= gewere en ammunisie, saals en klere gebuit. Generaal Knox (L.R.P., Deel 57, pp. 11-12: Telegram Knox - Roberts, 6/11/1900) maak melding van 'n verskeidenheid kanonne, ammunisie, waens, 100 gevangenes en vyf-en-twin= tig gedood en dertig gewond. In sy brief aan Botha, maak Steyn melding van 'n verlies van slegs ses kanonne en sowat 100 burgers (Preller- versameling, Band 1, pp. 180 - 181: brief Steyn - Botha, 30/11/1900). De Wet: op.cit., p. 230 noem ses kanonne, nege gedood, tussen vyf-en- twintig en dertig gewond en 100 gevang.

235) L.R.P., No.57, p. 15: Telegram Knox, Kroonstad - Roberts, Johannes= burg, 6/11/1900.

236) L.R.P., No.65, p. 417: Telegram Knox, Kroonstad - Roberts, Johannesburg, 8/11/1900.

## V.19 OPSOMMEND

Die tydperk wat gevolg het op die ontsnapping vanaf Slabbertsnek, was nooit sonder 'n ledige oomblik nie. Dit het De Wet ver paaie onder moeilike om= standighede laat loop om uit die gevaar te bly en om sy eie en sy metgeselle se veiligheid te waarborg. Hierin het hy tot voor die geveg by Frederikstad= meesterlik geslaag grootliks vanweë sy leiding, sy burgers se mobiliteit en sy verkenners se goeie werk. Dit was swak verkenningswerk wat hom probleme by Frederikstad besorg het en verantwoordelik was vir die fiasko by Bothaville op 6 November 1900.[237)]

Tog kon die verlies van sy grofgeskut nie weer sy planne met die Kaapkolonie verander nie. Doelgerig is daar van Bothaville af padgegee en kontak met die Britte verbreek om kontak met die Kolonie te gaan maak.

Die groot skrik van die burgers by Bothaville het ook algou plek gemaak vir die wil "om tot het einde toe te strij".[238)]

De Wet en die Kaapkolonie vereis nou ons aandag.

---

237) Die nalatigheid van die wagte by Bothaville is in 'n baie ernstige lig beskou. Hulle is deur 'n krygsraad skuldig bevind en gestraf (Preller-versameling, Band 1, pp. 180 - 183: Steyn - Komdt.-genl. 30/11/1900).

238) Ibid., p. 183.



Christiaan de Wet pas terug van die Magaliesberge. Foto geneem op Potchefstroom met die tweehonderdste mauser wat herstel is.

## HOOFSTUK VI

# INVALLE IN DIE KAAPKOLONIE LEI TOT 'N TWEEDE DRYFJAG

## 1. AGTERGROND

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was die Kaapkolonie steeds 'n self=regerende Britse gebied met geen politieke bande met die twee Boererepublieke nie. Die grootste deel van die Blanke bevolking was Afrikaans wat, ofskoon nie baie politiekbewus nie, in 'n politieke party, die Afrikanderbond[1] geor=ganiseer is. Hierdie Bond was C. J. Rhodes, Eerste Minister van die Kaapkolo=nie, aanvanklik goedgesind,[2] maar na die Jameson-inval in 1896 het die Bond sy steun aan Rhodes ontsê.[3] Hierdie Bond was ook nie gelukkig oor die aan=stelling in 1897 van lord Alfred Milner as goewerneur van die Kaapkolonie en hoë kommissaris in Suid-Afrika nie. Milner en Chamberlain "reminded them (die Bond) too much of Frere and Carnavon".[4]

Die Jameson-inval in Transvaal en die wantroue in Milner was grootliks daar=voor verantwoordelik dat die algemene verkiesing vir die Wetgewende vergadering van die Kaapkolonie in Oktober 1898 uitgeloop het op 'n oorwinning vir die Afrikanerbond.

Die nuwe regering met W. P. Schreiner as Eerste Minister het dit as 'n selfopgeleg=de taak gesien om die vrede in Suid-Afrika te bewaar. Sy optrede in hierdie verband het Milner se oorlogsplanne aanvanklik gedwarsboom omdat laasgenoemde opdrag gehad het om 'n oorlog te waag, slegs as die meerderheid Afrikaners in die Kaapkolonie die imperiale beleid steun. Milner het geweet dat dit nie die geval is nie maar het ook geweet dat die nuwe regering weens sy skrale meerderheid

---

1) Vir besonderhede oor die Bond, sien o.a. C. J. Beyers: Die Kaapkolonie en die Jameson-inval. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.S., 1951), pp. 134-156 & T.R.H. Davenport: The Afrikander Bond. Cape Town, 1966.

2) P. A. Molteno: Life of Sir J. C. Molteno. London, 1900, p. 25.

3) Beyers: op.cit., p. 141 en vn. 65. (Die aangehaalde bron in vn. 65 is nie deur skrywer geraadpleeg nie).

4) E. A. Walker: A History of South Africa, London, 1928, p. 469.

in die parlement baie gematig sou moes wees. Hy kon nou ook op die steun van die pro-Britse Progressiewe opposisie reken omdat hulle uit die kussings gelig was en 'n neerlaag nie meer kon vrees nie.

Die druk wat Milner op die Schreiner-regering uitgeoefen het met betrekking tot die naderende oorlog, het dit vir hulle baie moeilik gemaak. Aan die een kant is die Schreiner-regering deur die Ryksregering gedwing om prokla= masies mede te onderteken. So moes die regering toestem tot 'n proklamasie op 12 Oktober 1899 wat die burgers van Kaapland gewaarsku het om hulle te weerhou van dade wat die vrede en goeie orde in die Kolonie kon versteur.[5] Aan die anderkant wou hy nie aanstoot aan die twee Republieke gee nie. Hy was steeds van plan om neutraal te bly[6] en nie by die stryd betrokke te raak nie. In 'n telegram het Schreiner dan ook aan pres. Steyn gevra om nie toe te laat dat die Vrystaat 'n inval in die Kolonie maak nie.[7] Steyn was daar= toe bereid op voorwaarde dat die Britse magte die Kolonie nie as militêre basis gebruik nie. Die Britte het dit egter wel gedoen en Steyn het hom gevolglik nie verplig gevoel om nie Kaapse grondgebied te betree nie.

'n Ander probleem was dat inwoners van die Kolonie in drie kampe verdeel was oor die oorlog. Die meerderheid van die inwoners was gematigd. Hierdie groep het simpatie met die Republieke gehad en het die Britse oogmerke met die Republieke gelaak.[8] Hulle was egter nie genoeg gemotiveerd om teen hulle eie regering te rebelleer nie. Die tweede groep, hoofsaaklik Engelssprekendes, was anti-Boer en anti-republikeins. Hulle was uiterste lojaliste wat bereid was om die Britse leiers te dien. Die derde groep, hoofsaaklik boere in die omgewing van die Vrystaatse grens, was in hart en niere pro-Boer en uitge= sproke anti-Brits. Hierdie groep was bereid om die twee Republieke te help

---

5) Kyk Cape of Good Hope Government Gazette, 13/10/1899: Proklamasie nr. 277/1899 d.d. 12/10/1899.

6) C. J. S. Strydom: Kaapland en die Tweede Vryheidstryd, Kaapstad,1943, p.35

7) Ibid., p. 37.

8) Ibid., p. 59 en J. H. Snyman: Die Afrikaner in Kaapland, 1899-1902. (ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, P. U. vir C. H. O., 1973), Hoofstuk IV.

en het dit later ook gedoen. Om hierdie groep in toom te hou, is krygswet vanaf 16 Oktober 1899 van toepassing gemaak op die noordelike distrikte.[9] Hierdeur is die inwoners as Britse onderdane verbied om aan die oorlog deel te neem aan Boerekant. Ten spyte van die verbod het groot getalle Afrikaners uit die noordelike distrikte by die Boerekommando's as rebelle aangesluit.[10]

'n Dag na die uitbreek van die oorlog, was Transvalers onder komdt. F. R. Cronje reeds in Betsjoeanaland. Dit het tot gevolg gehad dat heelparty Boere en veral Hollanders vrywillig aangesluit het. Hierdie vrywilligers het probleme geskep, want hulle was ongewapend en moes van wapens en ammunisie voorsien word.[11]

Die aanwesigheid van Britse troepe in Noord-Kaapland met die aanvang van die oorlog, het pres. Steyn genoop om onder andere opdrag te gee om op 14 Oktober 1899 die Kolonie te beset,[12] toe die eerste Vrystaatse kommando's die Wesgrens oorgesteek het. Dit is eers 'n maand later gedoen toe 'n gesamentlike mag van Transvaal en die Vrystaat onder genl. H. Schoeman en hoofkomdt. E. R. Grobler, Aliwal-Noord op 14 November 1899 en Burgersdorp en Colesberg die vol= gende dag beset het.[13] Kort hierna is ook die distrikte van Albert, Aliwal, Barkly-Oos en Woodhouse beset.[14]

Net soos wat die geval op die Natalse grens was,[15] is die suksesse nie opgevolg nie, maar het die Boereleiers verkies om na aan die Vrystaatse grens kamp op te slaan. Hierdie defensiewe in plaas van offensiewe beleid het tot gevolg gehad dat die Boere stelselmatig gedurende die laaste week van November 1899 teruggedryf is. Met die slag van Magersfontein op 9 - 10 Desember 1899 het die Boer vasgeskop waarna die Kolonie oop gelê het vir die Republikeine.[16] Generaal Piet Cronje het die geleentheid egter nie aangegryp nie.

---

9) Sien Cape of Good Hope Government Gazettes in die tydperk Okt.-Nov. 1899.

10) Sien Snyman: op.cit., pp. 145 - 146.

11) Leydsargief 710, telegram 11: Kommissie, Venterstad - Staatspresident, Pretoria, 28/11/1899; telegram 27: Staatspresident, Bloemfontein - Staats= president, Pretoria, 28/11/1899.

12) Sien Gouvernementcourant van den Oranjevrijstaat, 20/10/1899: Proklamasie nr. 544, 14/10/1899.

13) Strydom, op. cit., p. 97 asook Snyman: op.cit., p. 160.

14) Strydom, op. cit., p. 70.

15) Sien p.35 hierbo.

16) Strydom, op. cit., p. 87.

Met genl. De Wet se aankoms op die wesgrens in hierdie tyd, was dit vir hom duidelik dat 'n gulde geleentheid om die Kolonie binne te trek by die dag verminder. Hy en genl. De la Rey wou na die Kaap om te red wat nog gered kon word. Toestemming om te gaan is egter nie gegee nie.[17] 'n Mens kan alleen oor die vraag spekuleer of 'n inval in die Kolonie deur onder andere De Wet 'n groot verandering in die stryd teweeg sou bring. Feit is net dat die Britse troepe ongehinderd in die Kolonie gemonster is[18] en op 11 Februarie het die aanmars na die Vrystaat kon begin.[19] Die eerste Britse welslae is kort hierna behaal met Cronje se oorgawe. Eienaardig genoeg het Cronje se oorgawe 'n held van hom gemaak in die oë van veral Europa. Die assosiasie was: Napoleon - St. Helena - Cronje.[20] Die entoesiasme vir die Boere=saak het hierna momentum gekry in lande[21] soos Nederland, België onder veral die Vlaamse deel, Duitsland, Frankryk, Rusland en Amerika. Dit was egter nie regerings nie, maar individue wat in hulle eie lande gehelp het deur simpatie te toon, protesbyeenkomste gehou het en geld geskenk het. 'n Klein groepie individue[22] waarvan die Fransman kol. De Villebois-Mareuil,[23] 'n goeie voorbeeld is, het na Suid-Afrika gekom om met die roer in die hand steun te bied. Goeie raad wat deur dr. H. P. N. Müller, oud-konsul-genl. van die Oranje-Vrystaat aan die immigrante gegee is, was dat hulle nie moet vloek nie, nie sterk drank misbruik nie, nie parmantig wees teenoor die Boere nie, goed kan skiet, 'n uitstekende ruiter wees, bereid wees tot 'n karige en harde lewe op die kaal veld, eerbied betoon aan die Boere-offisiere, die Boere, hulle gods=diens en gewoontes, hoe primitief dit ook al mag voorkom.[24]

---

17) Sien pp.37-38 hierbo.

18) Amery: op.cit., III, p. 95 meld dat sowat 20.000 kaapse burgers gedurende die eerste agt maande van die oorlog opgekommandeer is.

19) Ibid., V, p. 371.

20) F. J. du T. Spies: 'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat. Amsterdam, 1946, p. 162.

21) Vir meer besonderhede oor lande se deelname kan o.a. Ibid.,: G; D. Scholtz: Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, Johannesburg, 1939 en A. Smits: Betrekkingen tussen Vlaanderen en Zuid-Afrika, Brugge, 1943 geraadpleeg word.

22) Danie Theron se verkennerskorps is 'n goeie voorbeeld van hierdie indivi=due.

23) De Villebois-Mareuil het by Boshof op 5 April 1900 gesneuwel en is selfs deur pres. Kruger tot generaal bevorder op 19 Maart 1900.

24) Spies: op.cit., p. 139.

Die stroompie vrywilligers is net deur De Wet se militêre dade, pres. Steyn se onbetwiste staatsmanskap, dr. Müller se fyn diplomatieke optrede en ywer in Europa en die propagandawerk van bevriende joernaliste[25] wat teen die einde van 1900 na Europa teruggekeer het van die slagveld, in stand gehou. Teen September 1900 het die stroompie egter feitlik opgedroog. Aangesien hulp-in-persoon dus nie meer verkry kon word van Europa of elders in die buiteland nie, maar van bevriende Afrikaners in die Kolonie op 'n goedkoper en sekerder wyse, het De Wet in Julie 1900 besluit om die Kaapkolonie in te val.[26] Die vernederende oorgawe van Prinsloo het die planne tydelik gedwarsboom [27] en die behoefte aan Kaapse hulp net meer dringend gemaak.

Christiaan de Wet se planne met die Kaapkolonie was dus tot pas voor die val van Kroonstad offensief van aard, maar weens die bogenoemde veranderde om= standighede later defensief. In plaas van die vyand in die Kolonie te gaan aanval, was die doel van 'n inval nou om vrywilligers te gaan werf ten einde die voortsetting van die stryd te verseker. Ná die eerste dryfjag op hom was dit ook nodig om vars perde te vind[28] en ná die verlies van sy ammunisie by Bothaville[29] het die behoefte aan Kaapse vrywilligers vergroot. De Wet se mannekrag moes versterk word alvorens 'n aanval op die vyand gewaag kon word. So 'n aanval was dringend nodig ten einde ammunisie van hulle af te neem, want op hierdie stadium (November 1900) het De Wet se grofgeskut bestaan uit slegs een Krupp-kanon wat nog sestien skote sou kon afvuur.[30]

## VI.2 DIE TRANSVALERS STEL OOK BELANG IN 'N INVAL IN DIE KOLONIE

Generaal De Wet se plan om die Kaapkolonie binne te val het ook die goedkeuring van die Transvalers weggedra soos onder andere besluit is op die konferensie tussen die twee Republieke by Waterval op 21 Junie 1900.[31] Van Transvaalse kant was dit veral genl. Smuts wat 'n sterk voorstander[32] was van 'n inval

25) Veral van belang was F. V. Engelenburg van De Volksstem wat teen Nov. 1900 na Nederland is en Frederik Rompel wie se groot hoeveelheid propagandawerk, en veral Siegen oder Sterben, 's-Gravenhage, s.j. 'n wye leserskring ge= vind het.

26) Sien p. 134 hierbo.

27) Sien pp. 146 - 149 hierbo.

28) De Wet: op.cit., p. 232.

29) Sien p. 170 hierbo.

30) De Wet: op.cit., p. 232.

31) Sien p. 252 hieronder.

32) Vergelyk W. K. Hancock & J. v.d. Poel: Selections from the Smuts Papers, Vol. I, Cambridge, 1966, pp. 357-360: Brief nr. 142: Brief Smuts - L. Botha 23/1/1901; pp. 372-373: Brief nr. 147: Brief Smuts - De la Rey, 16/2/1901, pp. 377-378: Brief nr. 148: Brief Smuts - De la Rey, 17/2/1901 asook P.A. Pyper: Genl. J. C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog. (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P. U. vir C. H. O., 1960), p. 59.

in die Kolonie. Teen November 1900 het hy ook ingesien dat die omstandighede dit regverdig om 'n inval te maak. In sy kersbrief aan genl. De la Rey roer hy die saak sterk aan.[33)]

Die gesamentlike plan met die Kolonie het vorm aangeneem toe Transvaal besluit het om 3 000 man onder genl. Beyers te stuur om saam met De Wet en sy kommando na die Kolonie te gaan.[34)] Toe Beyers by De la Rey kom, het hy verneem dat De Wet reeds 'n poging aangewend het om na die Kolonie te gaan.[35)]

## VI.3 GEBEURTENISSE WAT DIE EERSTE VOORGENOME INVAL VOORAFGEGAAN HET

Na die slag van Bothaville het De Wet die Vrystaters se taak in die Vrystaat as tydelik afgehandel beskou en het hy beplan om met al sy kommando's 'n inval in die Kolonie te doen.[36)] Aangesien hy daarmee haastig was het hy beveel dat alle waens en karre agtergelaat en slegs die nodigste saamgeneem word.[37)] Die kommando's moes verder verdeel word in groepe nie groter as 150 burgers nie, wat afsonderlik moes beweeg en oor die Oranje trek. Eers in die Kolonie moes hulle weer met mekaar kontak maak.[38)] De Wet het ook sy voorneme om die Kolonie binne te val per brief aan Louis Botha en sy offisiere bekendgemaak en gevra dat vrede nie in sy en pres. Steyn se afwesigheid gesluit moes word nie.[39)]

Iewers in die omgewing van die Sandrivierbrug het De Wet sy eie kommando verdeel. Generaal Froneman is met die burgers van Vrede en Heilbron teruggestuur na die Noord-Vrystaat[40)] om die vyand se aandag af te trek en om voorrade, perde en ammunisie te vind.[41)] Met sowat 200 burgers het De Wet op 10 en 11 November

---

33) Hancock & Van der Poel: op.cit., Vol. I, pp. 351-354: Brief nr. 141: Smuts - De la Rey, 25/12/1900.

34) Kemp: op.cit., p. 368.

35) Ibid.

36) Badenhorst, op.cit., p. 85.

37) Ibid.

38) Ibid.

39) Preller-versameling: Band I, pp. 161 - 163: De Wet, Koppiealleen - Louis Botha, 7/11/1900.

40) De Wet: op.cit., p. 232.

41) Cd. 522: Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th March, 1901, relative to military operations in South Africa, p. 8: punt 9.

oor die spoor tussen Ventersburgstasie en Smaldeel op sy eerste skof na die Kaapkolonie vertrek. Nadat die spoorlyn en enkele bruggies die lug in ge= blaas is,[42] is hy in die rigting van Doornberg waar hy komdt. Haasbroek en sy burgers aangetref het. Generaal Phillip Botha is ook gelas om by hom aan te sluit wat op 13 November geskied het.[43]

Met sy kommando wat intussen tot ongeveer 1 500 man aangegroei het, het hy daarna in die rigting van Sprinkaansnek, oos van Thaba Nchu getrek. Hy het baie stadig gevorder vanweë die perde se swak kondisie, uitputting, swak veld en baie lentereëns. Op 16 November was hy by Sprinkaansnek en die volgende dag by die Modderrivier. Laasgenoemde is nie sonder probleme bereik nie, want die kommando moes verby die blokhuislinie en Bloemfontein- Ladybrand.[44] Dit is gedoen deur sy enigste kanon ses skote op 'n blokhuis te laat vuur terwyl die res van die burgers deurgejaag het.[45]

By die Modderrivier het De Wet waarskynlik die plan gekry om die garisoen by Dewetsdorp wat na sy vader vernoem is, te gaan aanval. Sy doel hiermee was tweeledig: om die broodnodige ammunisie wat by Bothaville afgestaan is te verhaal en om verlore prestige te herwin.[46] Om sy burgers 'n blaaskansie te gee vir dié taak, het hy op 18 November net 'n klein entjie weggetrek van die Modderrivier tot op die plaas Erinspride.[47] Terwyl die burgers gerus het, het hy genl. Philip Botha met 'n patrollie gestuur om die posisie te ver= ken. De Wet het dit nie nodig geag om self te gaan nie daar hy Dewetsdorp self baie goed geken het.[48]

Die volgende dag (19 November) het hy helder oordag in die rigting van Bloem= fontein getrek om, soos tydens die oortogte oor die Vaalrivier,[49] die vyand te bluf. Sy doel was om deur die vyand gesien te word en hulle gerus te stel dat hy haastig na Bloemfontein trek. Soos in die verlede het die taktiek meesterlik geslaag.[50]

---

42) Preller-versameling, Band 1, p. 211: Brief De Wet, Smithfield - komdt.-genl. Louis Botha, 10/12/1900 en De Wet: op.cit., p. 232.

43) De Wet: op.cit., p. 232.

44) Ibid., p. 234.

45) Ibid.

46) Ibid., p. 235.

47) Ibid., p. 234.

48) Ibid.

49) Sien pp. 149-164 hierbo.

50) De Wet: op.cit., p. 234.

Toe hy op die plaas Roodekraal[51] aankom, het hy halt geroep om op die nag te wag om sy plan ten uitvoer te bring. Hier het hy hom buite sig van die garnisoen versteek om die indruk te wek dat sy kommando weg is. Hieruit blyk nog eens hoe De Wet, wat geen formele militêre skoling gehad het nie, met 'n geslaagde stukkie taktiek die vyand 'n rat voor die oë gedraai het. Die aand het hy so stil as moontlik na Dewetsdorp teruggekeer om met dagbreek die garnisoen onder maj. W. G. Massey[53] aan te val. Later het De Wet van hierdie terugtog opgemerk: "Nooit te voren was ik gewoon geweest het dorp (sy jeugdorp) te bekruipen ..."[53] Vanaf drie punte is die dorp omsingel: op die tafelkop suidoos van die dorp was genl. Philip Botha in bevel; De Wet, met die hulp van komdt. De Vos was op die een punt van 'n rant noord van die dorp en komdt. Lategan met die enkele kanon op 'n kop aan die westekant. Laasgenoemde was die belangrikste punt omdat die Gloucesters en twee kanonne hier was.[54] Die Britte was ook in beter stellings in die rante as die bur=bers van Lategan.

Generaal De Wet se burgermag waarmee hy die garnisoen aangedurf het, was aan=sienlik kleiner as toe hy deur Sprinkaansnek getrek het. Aangesien die vyand hom steeds agtervolg het, moes hy sy kommando gedurig in die rug dek. Om hierdie rede het hy slegs 450 man by hom gehad terwyl die res van sy kommando in drie groepe verdeel is: 'n sterk patrollie was sowat vyf-en-twintig km verder weg op Roodekop met die opdrag om hom betyds te waarsku indien versterk=ings vir die vyand sou opdaag. 'n Tweede groep met dieselfde opdrag het die noordwestelike lyn na Thaba Nchu, Wepener en Reddersburg verken. Die derde groep het die laertjie van pres. Steyn wat op die plaas Prospect, gelaat is, beskerm.[55] Hieruit blyk duidelik dat De Wet op elke moontlike situasie be=dag was ten einde sy planne nou te laat slaag.

VI.3.1 <u>Die geveg by Dewetsdorp: 21 - 23 November 1900</u>[56]

Met dagbreek (21 November) is met die aanval vanaf al drie punte begin. Die

---

51) Ibid., p. 235.

52) Sien Amery: op.cit., V, p. 29 en De Wet: op. cit., p. 236.

53) De Wet: op.cit., p. 235.

54) Amery: op.cit., V, p. 29.

55) De Wet: op.cit., p. 236.

56) Sien kaart 7, p. 297 hieronder.

Britte, onder die indruk dat De Wet weg was, is sekerlik deur die eerste skote onaangenaam verras en verwar. Stadig maar seker het die burgers nader na die vyand hulle pad oopgeskiet. Vir De Wet was dit 'n plesier om te ervaar hoe dapper die burgers hulle onder moeilike omstandighede, soos onder andere geen skuiling, gedra het.[57] "By the superior field-craft and marksmanship of the foe",[58] is die Highland Light Infantry stelselmatig deur genl. Botha en die Gloucester Regiment deur De Wet teruggedryf. Teen die aand is tot digby die vyand se skanse gevorder. Dié stellings is deur die Boere gedurende die nag behou, terwyl die Highland Light Infantry (H.L.I.) hulle s'n verlaat en hulle by die Gloucester regiment aangesluit het.[59] Die H.L.I. het hierdeur 'n fout begaan, want daar was nie plek vir hulle én die Gloucesters in die loopgrawe nie.[60]

Baie vroeg op 22 November het De Wet sy burgers , onder sy volle beheer, weer tot die aanval laat oorgaan. Hulle het spoedig die meeste afgeleë forte in besit gehad en teen die middag die Britte van water afgesny.[61] Teen die aand het so min teenstand oorgebly dat De Wet die taak om die dorp die vol= gende dag te beset aan veldkornet W. Wessels opgedra het terwyl hy self na die President by Prospect oorgery het.[62] Slegs op die westelike punt het die vyand nog fort gehou, maar De Wet het komdt. De Vos beveel om hierdie fort die volgende oggend (23 November) aan te val.[63]

Toe De Wet die oggend terugkeer, was Wessels reeds besig om die dorp in te neem en moes De Wet oop en bloot jaag om Wessels in te haal. Terwyl enkele van die Britte nog weerstand gebied het in hulle skanse, het die Generaal die geleentheid gebruik om by enkele ou kennisse in die dorp te gaan koffie drink![64] Teen die middag het die vyand onvoorwaardelik oorgegee. Vir die Boere was dit 'n groot wonder dat dit moontlik was: die vyand se forte was stewig en hulle kon alleen getref word deur deur die skietgate te skiet.[65]

---

57) De Wet: op.cit., p. 236.

58) Amery: op.cit., V, p. 30.

59) Ibid., p. 31.

60) Ibid.

61) Ibid.

62) De Wet: op.cit., pp. 238 en 240.

63) De Vos het dit onder moeilike omstandighede met sukses uitgevoer (De Wet: op.cit., p. 238).

64) Ibid., p. 240.

65) Preller-versameling, Band 1, p. 211: Brief De Wet, Smithfield - komdt. - genl. Louis Botha, 10/12/1900.

Die doel met Dewetsdorp is bereik want 'n groot hoeveelheid ammunisie het in De Wet se hande gekom[66] terwyl die vernedering by Bothaville grootliks uitgekanselleer was. Daarby het die Boere ook aan die vyand geleer dat hulle nog oor genoeg daadkrag beskik en dat dorpe nie deur 'n onafhanklike stelsel van forte onder Britse beheer gehou kon word nie. Die 409 krygs=gevangenes is saamgeneem met die doel om hulle in die Kaapkolonie los te laat.[67] Vir die eerste maal het De Wet egter met 'n ander plan gekom met betrekking tot die gevange offisiere, waaronder maj. Massey, naamlik om hulle tot aan die einde van die oorlog by hom te hou.[68]

Op 24 November is 'n groot deel van die verowerde ammunisie weggeskiet op die versterkings wat gestuur is om Massey te ontset. Toe hierdie versterk=ing blyke toon dat hulle op verdere versterking wag, het De Wet, om nie tyd te mors nie, sy stellings by Prospect verlaat en in die rigting van Bethulie getrek.

VI.3.2 <u>Laaste reëlings word getref.</u>

Digby Bethulie op die plaas Klein Bloemfontein, het De Wet genl. P. J. Fourie en by Karmel hoofregter J. B. M. Hertzog ontmoet. Van albei het hy die bemoedigende nuus verneem dat vrywilligers weer in groot getalle aansluit. Kaptein Gideon Scheepers het ook op laasgenoemde plaas sy opwagting gemaak. By De Wet was nou ongeveer 2 500 burgers van verskillende kommando's.

De Wet was haastig om die Kolonie te bereik om sy inval te laat saamval met 'n groot volkskongres[70] 'n nie-amptelike byeenkoms van die Afrikanerbond[71] wat vir 6 Desember op Worcester beplan is. Hiermee het hy gehoop om die kli=maat in die Kolonie positief te vind. Gevolglik het hy sy finale planne agter=mekaar gekry: Hertzog sou die Kolonie binnetrek met sy kommando by Hopetown,

---

66) Ibid., en De Wet; op.cit., p. 240.

67) Preller-versameling, Band 1, p. 211: Brief De Wet, Smithfield - komdt.-Louis Botha, 10/12/1900.

68) Ibid. Bewyse kon nie gevind word dat hy met die plan volgehou het. In die lig van verdere gebeure kan aanvaar word dat hy nie lank volhard het nie.

69) Ibid., p. 212.

70) Sien Strydom: op.cit., p. 87. Vir die doel en gevolge van die kon=gres, raadpleeg Snyman: op.cit., pp. 99 - 123.

71) Sien Davenport: op.cit., p. 228.

genl. Philip Botha by Colesberg en Fourie by Aliwal-Noord. De Wet, die President en lede van die Uitvoerende Raad sou laasgenoemde vergesel. In die Kolonie sou hy dan die ander kommando's opsoek.[72] Met Hertzog is afgespreek dat hulle met die inval teen die middel van Desember sou begin.[73]

Op die plaas Goede Hoop, naby Karmel, waarheen De Wet vanaf Klein Bloemfontein getrek het, het verkenners berig dat 'n groot kolonne in die omgewing is.[74] Dadelik het De Wet die kolonne op 2 Desember van twee kante laat bestorm. Die burgers kon egter nie hond haaraf maak nie aangesien die vyand in goeie stellings was. Die volgende dag is die geveg hervat maar teen die middag het De Wet die bevel gegee om onverrigtersake pad te gee aangesien vyandelike versterkings opgedaag het.

## VI.4 DIE EERSTE POGING OM DIE KOLONIE BINNE TE VAL[75]

Bewus van die groot getal Britte, onder bevel van genl. Knox,[76] se teenwoordigheid, het De Wet op 3 Desember in gietende reën vertrek op 'n tog in die tipiese De Wet-idioom. Ten einde die vyand af te skud laat hy sy burgers vir sewe-en-twintig uur ononderbroke ry en bereik Kareepoort aan die Caledonrivier teen die aand van 4 Desember.[77] Deur in 'n halwe sirkel te beweeg, het hy nie net vir Knox afgeskud nie maar hom ook verwar. Knox, onder die indruk dat De Wet noordwaarts is, het te laat besef dat De Wet in werklikheid suidwaarts is.[78] Ten spyte van die genoemde skynbare doellose rondtrek het daar 'n positiewe gees onder De Wet se burgers geheers,[79] wat ongelukkig nie

---

72) Sien Preller-versameling, Band 1, p. 212: brief De Wet - Smithfield - komdt.-genl. L. Botha, 10/12/1900: Amery: op.cit., V, p. 35; De Wet: op.cit., p. 248; asook Strydom: op.cit., p. 91.

73) Van den Heever: op.cit., p. 114.

74) Sien Amery: op.cit., V, p. 34 vir die rede vir die teenwoordigheid van die kolonne.

75) Sien kaart 8, p. 298 hieronder.

76) Nadat Roberts verneem het dat De Wet deur die Bloemfontein-Ladybrandlyn gebreek het (sien p.178 hierbo) het hy dadelik vir Knox vanaf Pretoria gestuur met die uitdruklike opdrag om met die hulp van kanonne onder Pilcher, Herbert en Barker vir De Wet te agtervolg en te vang (Amery: op.cit., V, p. 33). Dit was juis met die kolonne van Herbert met wie hy by Goede Hoop gebots het en Barker wat hom te hulp gekom het.

77) L.R;P. No. 59, p. 94: Telegram Kitchener, Bloemfontein - Roberts, Oos-London, 6/12/1900.

78) Amery: op.cit., V, p. 35.

79) Preller-versameling, Band 1, p. 213: Brief De Wet, Smithfield - komdt. genl. Louis Botha, 10/12/1900.

die geval by die burgers onder die ander Vrystaatse leiers was nie.[80]

Die Caledonrivier, wat weens die reëns intussen gestyg het, kon ook nie die burgers en De Wet se geesdrif demp nie. Al het dit "groote duivels dood, en kleintjes de beenen af"[81] gereën, is die vol Caledonrivier die oggend van 5 Desember deurgetrek na agterlating van die Krupp-kanon.[82] Hierdie kanon het intussen 'n las geword aangesien geen ammunisie meer daar= voor beskikbaar was nie.

Teen die aand is die Oranjerivier bereik. Die gebeurtenis was veronderstel om groot vreugde te bring, maar die teleurstelling was daar, want die rivier wat tussen De Wet en die Kolonie was was in volle vloed. Die onverwagte vyand het ook die drif waar hy gemeen het om deur te trek, op die suidelike oewer bewaak.[83] Terwyl hy besig was om sy boek vyftien maande later te skryf, het die gesig van die vol rivier hom weer helder voor die gees gestaan want met 'n "Och!"[84] het hy weer sy teleurstelling uitgekreun. Die vol rivier het De Wet ook vir 'n oomblik in die war gehad en hom laat twyfel oor wat hom te doen staan: Aliwal-Noord kon hy wel bereik deur oor die brug te gaan, maar die teenwoordigheid van 'n sterk Britse mag aldaar het so 'n moontlikheid uitgeskakel. Die Caledon het intussen ook sy walle oorstroom sodat hy vasgevang was tussen twee vol riviere. Indien hy in die haglike, nat toestande passief wag vir die Caledon om te sak, sou die vyand genoeg tyd gebied word om die moontlike driwwe, Commissie- en Jammerbergsdrif, te beset en dan was hy ingehok. 'n Ander alternatief vir De Wet was om via Basoetoland (Lesotho) te trek. Vrees dat so 'n stap die goeie verhouding met Basoetoland[85] sou vertroebel, het hom daarvan weerhou om so 'n moontlik= heid te oorweeg.[86]

---

80) Hertzog het met sy terugkoms van genl. De Wet af op 10 Des. "onwillige honde" by sy kommando bespeur (V.d. Heever: op.cit., p. 114). Ook aan die oosfront van die Vrystaat het genl. Michael Prinsloo teenstand ondervind (Grobler; op.cit., p.73).

81) Aangehaal by De Wet: op.cit., p. 248.

82) Amery: op.cit., V, p. 37.

83) Dit was die Coldstream Guards. Soos hulle naam inderwaarheid aandui, was hulle taak om riviere te bewaak. Hierdie guards was aanvanklik nie nodig by die driwwe nie en is daarom na Komatipoort verplaas. Na 'n ruskan= sie in Transvaal is hulle teruggeplaas na die Oranjerivier met die opdrag om al die driwwe te bewaak. Sien Creswicke: op.cit., VI, p. 134.

84) De Wet, op.cit., p. 248.

85) Raadpleeg H. J. van Aswegen: Die verhouding tussen Blank en Nie-blank in die Oranje-Vrystaat; 1854-1902. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.O.V;S., 1968, Band 1, pp. 267 -320.

86) De Wet: op.cit., p. 248.

Die vol Oranjerivier het De Wet dus verhoed om die Kolonie te bereik terwyl die vol Caledonrivier vir Knox verhinder het om De Wet te bereik!

Dit was dus 'n voldonge feit dat De Wet nie met die inval in die Kolonie kon voortgaan nie. Dat De Wet ook humoris was, blyk daaruit dat hy Knox ver= antwoordelik gehou het vir die uitstel van die invalsplanne want "..mijn oude vriend Genl. Charles Knox was er namelijk op tegen".[87)]

De Wet se genialiteit en opportunisme kon egter nooit toelaat dat hy, pres. Steyn of enige van sy burgers gevang word nie. Terwyl die Britse pers al= reeds aan die wêreld verkondig het dat die spil waarom alles in die Vrystaat gedraai het ten einde laaste gevang is,[88)] het Christiaan de Wet besluit om te waag.

## VI.5 DIE VYAND WORD ONTDUIK

Voor sy vertrek op 6 Desember het De Wet ook vir komdt. Kritzinger van Roux= ville, kapt. Gideon Scheepers en Fouche met 300 man na die Kolonie gestuur om die spoorlyn aldaar te gaan verniel.[89)] Laasgenoemde reëling is getref om die oorlog na die Kolonie uit te brei en om saam met Hertzog die regte klimaat te skep ter voorbereiding van De Wet se koms wat noodgedwonge uitge= stel maar nie afgestel is nie.

De Wet self het met die hooflaer op 6 Desember ooswaarts vertrek om die vyand te verwar. Sy werklike oogmerk was egter Commissiedrif waarheen hy 'n kommando van 300 burgers op dieselfde dag gestuur het om die terugtog te gaan verseker. Nadat De Wet 'n ent ooswaarts getrek het, het hy noordwaarts gedraai na Commissiedrif. Toe hy die drif op die oggend van 7 Desember be= reik het hy gevind dat die vooruitgestuurde kommando Commissiedrif nie kon in= neem nie vanweë die teenwoordigheid van die Highland Ligh Infantry.[90)] Ter= wyl van sy burgers bo- en onderkant die drif na 'n deurkomplek gesoek het,

---

87) De Wet: op.cit., p. 250.

88) C. J. S. Strydom: Ruitervuur, Kaapstad, 1970, p. 150.

89) Preller-versameling, Band 1, p. 212: Brief De Wet, Smithfield - komdt. genl. Louis Botha, 10/12/1900.

90) By hierdie drif, wat op dieselfde dag bereik is, het die kommando veertig lede van die H.L.I. onder luit. D. A. Blair aangetref. Na 'n skermutse= ling is die kommando gedwing om te wyk (Amery: op.cit., V, p. 37).

het De Wet die Highland Light Infantry onder skoot gehou, maar kon nie daarin slaag om hulle te laat retireer nie.[91] Teen die middag het van sy burgers berig gebring dat daar wel 'n moontlike deurkomkans was sowat sestien kilometer noord van Commissiedrif. De Wet het dadelik daarheen vertrek en met sonsondergang Lubbesdrif in die nabyheid van Kruppel Koos Swanepoel se plaas Sewefontein bereik.[92] Alhoewel dit donker geword het, die perde en burgers in 'n uiters uitgeputte toestand en die drif moeilik begaanbaar was, omdat die water nog nie heeltemal gesak het nie, het De Wet besef dat dit nou of nooit was. Hy het gevolglik sy burgers aangesê om dadelik met die deurtog te begin.[93] Met die oortog van die laaste klompie burgers op 8 Desember is die Britse pers verneder en die vyand verstom agter=gelaat. Hiermee is die eerste poging om die Kolonie binne te val voorlopig gelaat.

## VI.6 GEVOLGE VAN DIE EERSTE INVALSPOGING

Enkele belangrike gevolge het voortgevloei uit die eerste poging om die Kaap=kolonie binne te val:

a) Die Britse leërleiding het besef dat indien De Wet se planne geslaag het, dit verreikende gevolge kon hê. As voorsorgmaatreël teen 'n moontlike tweede inval en veral teen die teenwoordigheid van die kommando's wat die Kolonie wel bereik het, was die hele Kolonie met die uitsondering van die hawestede en bantoegebiede teen 17 Januarie 1901 onder krygswet.[94] Op 4 Januarie is ook begin met die daarstelling van 'n koloniale verdedigings-mag.[95] Hierdie maatreëls het reeds die doodsvonnis oor die tweede inval van De Wet uitgespreek want pro-Boer-gesindes in die distrikte wat deur krygs=wet geraak is, was nou versigtig en het ook aansienlik afgekoel.[96]

b) Deurdat die Afrikaners vanaf begin 1901 belangstellings verloor het, het die tweede inval wesenlik van die eerste verskil.[97] Waar hulle met die eer=ste inval hulp sou verleen, openlike simpatie betoon en aangesluit het, het krygswet verhoed dat hulle dit met die tweede inval gedoen het.[98]

---

91) Amery: op.cit.,V, pp.37 - 38.

92) Kestell: Christiaan de Wet, p. 103; De Wet: op.cit., p. 252; Doyle: op. cit., p. 542 en Amery: op.cit., V, p. 38.

93) Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 235.

94) Cd.547: Further Correspondence ...pp. 29 - 30: Milner - Chamberlain,19/1/1901.

95) Sien Government Notice, no. 8, 1901.

96) Midland News, 2/2/1901.

97) Snyman: op.cit., pp. 181 - 182.

98) Ibid.

c) Deur gekke te maak van die Britte in die oë van die wêreld omdat hy by herhaling hulle onvermoë om hom te vang onderstreep het, is die Britse metode van verskroeide aarde met meer beslistheid toegepas.

d) Lord Roberts was gedetermineerd om De Wet te vang nadat hy ontsnap het. Knox is aanvanklik hiervoor afgesonder.

e) Deur die aandag nou geheel en al op hom te vestig het De Wet vir Hertzog, Kritzinger, Scheepers en Fouche in staat gestel om ongehinderd die Kolonie binne te trek.[99]

f) Die mislukking van die eerste poging het nie De Wet se geesdrif vir sy plan gedemp nie. Tewens, hy was van plan om sy ontsnapping dadelik op te volg met 'n inval om sodoende nog sy afspraak met Hertzog na te kom.[100] Alvorens hy die voorneme ten uitvoer kon bring, was dit dringend nodig dat mens en dier eers 'n welverdiende rus kry, na die foltering wat die ontkoming vir hulle ingehou het en die daarmee gepaardgaande spanning.[101] Deur noordwaarts te trek het hy in die hande van Knox gespeel. Laasgenoemde het dit vermoed[102] en De Wet op 12 Desember noordwaarts gevolg.[103]

g) Deur sy geslaagde bluftaktiek het De Wet nie net uit die hande van die vyand gebly nie, en Roberts genoop om na hom as 'n "slipping character" te verwys wat hulle 'n "rough time" gegee het "by marching and counter-marching",[104] maar het hy die vyand twee dae afgeskud om sy burgers en dié se perde 'n blaaskansie te gun by Helvetia, naby Smithfield.

## VI.7 DE WET OMSKEP VERDEDIGING IN AANVAL

Ten spyte van die spanning en haglike weerstoestande, het die burgers egter die pas met De Wet makeer grootliks omdat hulle tussen twee pole vasgevang was. Die eerste en belangrikste pool was De Wet se fluitjie waarop hy telkens

---

99) Kritzinger, Scheepers en Fouche het die Kolonie sonder veel moeite binne= geval op 15 Desember (Sien Preller-versameling, Band 1, p. 318: Brief van Scheepers en Fouche, dist. Venterstad - De Wet, 22/12/1900).

100) Sien p. 181 hierbo.

101) Ver Loren van Themaat: op.cit., hoofstuk 17 gee in 'n neutedop die gees van die ontkoming weer en wys telkens op die geweldige foltering van mens en dier en hoe dit die spanning verhoog het.

102) L.R.P., Nr. 59, p. 97: Verslag Knox opgeneem in telegram Roberts, Bloem= fontein - lord Milner, Cape Town, 8/12/1900.

103) Amery: op.cit., V, p. 39.

104) L.R.P., Nr. 59: Telegram Roberts, Bloemfontein - lord Milner, Cape Town, 8/12/1900.

geblaas het sodat die burgers geweet het dat hulle moet opsaal. Die feit dat dit die fluitjie en nie De Wet was nie wat later gehaat is,[105] toon dat De Wet steeds die agting van sy burgers onder moeilike omstandighede ge= niet het. Die tweede pool was die Britte se teenwoordigheid in groot ge= talle. Vrees vir gevangeneming was erger as die vrees vir die dood.[106] Dit het die burgers laat voortbeweeg agter die hooflaer aan al het De Wet na gewoonte hulle totaal in die duister gelaat oor waarheen hy mik.[107]

Teen 11 Desember het die burgers egter die sekerheid gehad dat De Wet se planne met betrekking tot die Kolonie voorlopig laat vaar is. De Wet is hiertoe gedwing deur genl. Knox, op 10 Desember verder versterk deur 300 man onder kol. White en 300 man onder kol. Laing. Op 11 Desember het Knox met sy versterkte mag Smithfield verlaat en noordwaarts agter De Wet aan getrek omdat die vyand op hoogte was van sy beweging.[108]

Dit is van belang om op hierdie stadium te meld dat die spoorlyne 'n al hoe groter wordende bondgenoot vir Brittanje geword het. Nie net kon troepe van verskillende punte relatief vinnig bymekaar gebring word nie, maar kon hulle ook uitgerus 'n knelpunt bereik. In teenstelling hiermee moes De Wet se mag van ongebaande en op hierdie stadium soms onbegaanbare weë gebruik maak. Heel dikwels moes eers halt geroep word sodat diegene op die voorpunt met perde en dié op die agterhoede, wat te voet was, weer kon verenig. Dit het aan dié wat op die voorpunt was 'n blaaskansie gegun, maar dié op die agterhoede net meer uitgeput. Sodra die voor- en agterhoede byeen was, is sonder versuim weer voortbeweeg. Generaal De Wet het dus die nadeel ervaar dat hy tyd verloor het deurdat hy moes wag vir die voor- en agterhoede om te verenig terwyl Brittanje tyd gewen het met die spoorlyne.

Toe De Wet dus op 12 Desember berig ontvang het van sy verkenners dat die Britte die pad na die Kolonie by Edenburg[109] versper het, het hy besluit om

---

105) Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 232.

106) Ibid., p. 236. Treffend skryf Ver Loren van Themaat oor "oude oompies" en jongmanne wat met geweer, patroonband en sommige selfs met hulle saal op die rug met verslete skoene oor die klippe gedraf het, net om uit die vyand se hande te bly.

107) Ibid., p. 237.

108) Amery; op.cit., V, p. 39.

109) De Wet: op.cit., p. 253 asook Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 238. Aangesien die Britse garnisoen Edenburg reeds op 27 Okt. 1900 verlaat het weens die bedrywighede van die Boerekommando's was daar wel periodiek leërafdelings in en om die dorp (Cd. 547: Affairs in South Africa, p. 44: Prettyman- Milner, 24/11/1900).

verder noordwaarts te gaan omdat dit sinloos sou wees om met sy uitgeputte burgers en dié se perde asook 'n gebrek aan ammunisie verby Knox te probeer kom.[110] Die rede waarom hy dus op die Noord-Vrystaat besluit het, was om hier weer vars perde te gaan kry en om ammunisie te gaan opgrawe.[111]

Om so vinnig as moontlik van die vyand weg te kom, het De Wet nou alle hinder=nisse soos waens en selfs ekstra handperde laat agterbly terwyl hy hoofsaaklik gedurende die nag so ver as moontlik laat trek het. Sy verkenners het in hierdie nagtogte 'n baie belangrike rol gespeel. Hulle moes in alle wind=rigtings verken en sodoende De Wet op hoogte van die Britte se bewegings hou sodat hy hom nie onverwags in die vyand sou vasloop nie. Met 'n swenkslag na die ooste het De Wet gedurende die nag 12/13 Desember twee-en-dertig kilo=meter getrek[112] in die rigting van Sprinkaansnek. Uit die gebeure wat hierop gevolg het, is dit duidelik dat Christiaan de Wet van plan was om offensief op te tree om die vyand van die suide van die Vrystaat weg te lok. Hierna wou hy weer die vyand ontglip, terugkeer na die suide en ongehinderd die Kolonie binnetrek.

## VI.8 SPRINKAANSNEK - 14 DESEMBER 1900

By Sprinkaansnek het die geleentheid hom voorgedoen om bogenoem plan ten uitvoer te bring.

Hierdie nek is ongeveer vier-en-twintig kilometer oos van Thaba Nchu. Die pas daardeur is ongeveer een kilometer breed. Britse forte is aan albei ingange gebou met die doel om die nek te bewaak. Generaal Knox, bewus dat De Wet onderweg was na hierdie nek, het hom agterna gesit en op 13 Desember binne gesigsafstand van sy agterhoede gevorder.[113] Die Boere was op hierdie dag oor 'n afstand van ongeveer twaalf kilometer ten noordooste van Daspoort, waar Knox hom met sy mag gehou het,[114] versprei.[115] De Wet, ook bewus van Knox se teenwoordigheid, se plan met sy Britse agtervolger was weer eens 'n

110) Sien Preller-versameling, Band 1, pp. 259-260: Brief C. R. de Wet - C. L. Botha, 11/1/1901.

111) Ibid.

112) De Wet: op.cit., p. 253 asook Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 238.

113) Amery: op.cit., V, p. 34.

114) Ibid., p. 39.

115) De Wet: op.cit., p. 253.

truuk: Sy hooflaer is deur rante op die plaas Rietfontein verskans.[116] Alhoewel De Wet nie van plan was om in 'n geveg met Knox betrokke te raak nie, het hy die indruk laat wek dat hy dit wel gaan doen: Burgers wat hy agter die rante gelaat het[117] is beveel om in hulle stellings te bly en skanse te pak met klippe.[118] Knox, wat al die gewerkskaf van sy vyand gesien het, het besluit om nie dadelik tot die aanval oor te gaan nie, maar daarmee te wag tot die volgende dag wanneer hy op volle sterkte sou wees. Hy het dus besluit om eers op sy agterhoede te wag. Deur hierdie besluit het Knox in die hande van De Wet gespeel en het laasgenoemde hom weer eens as 'n uitmuntende militêr bewys. Na gewoonte is die burgers nie met De Wet se planne om gedurende die nag weg te trek en om die bou van die skanse slegs as 'n truuk te gebruik, bekend gestel nie. Die Boere was oortuig dat hulle vanuit die stellings en skanse in en agter die rante op 14 Desember met Knox sou kragte meet.[119]

Die planne van De Wet is nie op die ingewing van die oomblik gemaak nie, maar vooraf beplan. Dit blyk daaruit dat komdt. Michael Prinsloo met sy Bethle=hemse burgers reeds op 13 Desember, terwyl daar met die bou van die skanse voortgegaan is, deur die nek gestuur is met die opdrag om 'n posisie oos van Thaba Nchu in te neem. Hier moes hulle die vyand besig hou sodat die res van die burgers ongehinderd gedurende die nag die nek kon deurtrek.[120]

Toe De Wet teen die aand bevel gee dat in die rigting van Sprinkaansnek opge=ruk word, was daar heelwat ontevredenheid onder die burgers.[121] Behalwe dat hulle baie moeg en die perde uiters swak was, was dié in die rante skyn=baar ook tevrede met hulle posisie en skanse waaraan hulle gedurende die dag so hard gebou het. Niemand het dit egter gewaag om Christiaan de Wet se bevel te verontagsaam nie. Die aanmars het ook duidelik die stempel van sy meester=

---

116) De Wet: op.cit., p. 253 en Kestell: Christiaan de Wet, p. 104. Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 239 praat van Rietpoort.

117) Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 239.

118) De Wet: op.cit., p. 253 en Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 240.

119) Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 240.

120) De Wet: op.cit., p. 254; Amery: op.cit., V, p. 40; Kestell: Christiaan de Wet, p. 105; Grobler; op.cit., p. 75 skryf dat Prinsloo met 300 man die nag van 14 Des. die nek moes deurtrek.

121) De Wet: op.cit., p. 254.

like leiding gedra. De Wet het hom in geselskap van genl. Philip Botha by die agterhoede gehou. Assistent-hoofkomdt. Piet Fourie, veldkornet Johannes Hattingh[123] en pres. M. T. Steyn[124] het die voorpunt gelei. Die rede waarom De Wet nie, soos sy gewoonte was, die aanmars gelei het nie, was skynbaar dat hy hom wou ontferm oor die enkele waens en burgers te voet en veral omdat hy wou toesien dat die burgers op die agterhoede nie sy plan verongeluk nie. Sy ervaring by die deurtog oor die Caledon het hom geleer dat leiers van die agterhoede soos komdt. Truter wat die ammunisie en enigste kanon in die steek gelaat het,[125] nie altyd te ver= trou was nie. Sy teenwoordigheid en onvermoeide gees "sterkt voormannen en burgers aan, wekt den geest der loomen op, staalt het lichaam van de tra= gen".[126] Sy teenwoordigheid en sambok het daarvoor gesorg dat die gaping tussen voor- en agterhoede nie te groot word nie. Deur die burgers dus van agter af aan te jaag, is nie minder as agt-en-veertig kilometer gedurende die nag afgelê nie ten spyte van struikelblokke soos vermoeidheid by mens en dier, 'n groot kommando en moeite met die waens. Die geweldige pas onder De Wet se dryfkrag, laat Kestell dan ook uitroep: "Wat 'n nag was die nag van 13 Desember!"[127]

Tog is die nek ten spyte van De Wet se pogings nie gedurende die nag bereik nie. Met dagbreek was dit duidelik dat dit 'n helder sonskyndag sou wees, en dat die nek ten aanskoue van die vyand deurgejaag sou moes word. Dit is dan ook deur Fourie gedoen[128] op bevel van pres. Steyn.[129] De Wet het dadelik ingesien dat indien hy sou toelaat dat die voorhoede deurjaag, die stadig bewegende agterhoede met groot probleme sou sit. By Sprinkaansnek was die Britte onder bevel van kol. Tobin. Waar die Boere die nek moes uit= gaan, was daar links en regs forte: op die regterflank die Thorneycroft's Mounted Infantry onder leiding van luit.-kol. A. W. Thorneycroft[130] en links

---

123) De Wet: op.cit., pp. 254 en 255.

124) Kestell: Christiaan de Wet, p. 105.

125) Sien De Wet: op.cit., p. 248.

126) Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 246.

127) Kestell: Christiaan de Wet, p. 104.

128) De Wet: op.cit., pp. 254 - 255.

129) Kestell: Christiaan de Wet, p. 105. De Wet kon nie die bevel gee nie, want hy was nog by die agterhoede. Amery (op.cit., V, p. 41) beweer verkeerdelik dat genl. Fourie die bevel gegee het. Amery neem De Wet selfs kwalik dat hy in die krisisuur nêrens te vind was nie (Ibid.) In die lig van die omstandighede is sy kritiek op De Wet onregverdig.

130) In Creswicke: op.cit.,VI, p. 186, word Thorneycroft beskryf as "a gaint in every sense of the word".

het luit.-kol. J. Hedworth G. Byng met sy 300 lede van die South African Light Horse waggehou. Laasgenoemde het egter nie vir De Wet gevaar ingehou nie.[131] Die gevaar was dat die voorhoede wel daarin kon slaag om verby Thorneycroft te kom, maar dat die stadigbewegende agterhoede afgesny kon word. Die agterhoede sou ook nie kon terugdraai nie. Generaal Knox het, nadat hy agtergekom het dat De Wet hom geflous het, hom agterna gesit op dieselfde wyse as wat hy dit sedert 11 Desember meëdoenloos gedoen het: maj. George White op die linkerflank, genl. Barker in die middel, kapt. Williams op die regterflank met kol. Long verder na agter.[132] Die skote vanuit die Mounted Infantry se gewere op die voorhoede sou Knox se aandag trek. Hy sou dus pro=beer inhaal.

Nadat De Wet seker gemaak het dat Knox nie in sig is nie,[133] het hy die bur=gers op die agterhoede beveel om "zachjes met hunne swakke paardan aan te komen"[134] waarna hy en Botha na die voorpunt gejaag het. Die oomblik toe hy genl. Fourie met die voorste stormparty tussen die forte inhaal, was sy planne agtermekaar: om al die burgers gelyke geleentheid te bied om deur te jaag, het De Wet met die voorste burgers buite sig van die vyand in die forte tot agter die eerste bultjie gejaag. Daar het hy die burgers hulle perde laat bly en dadelik tot tussen 800 - 900 treë van die forte laat terugkeer. Hier het hulle links en regs van die forte stelling ingeneem en 'n geweldige vuur op die vyand in die forte geopen. Sodoende is die aandag afgetrek van die burgers wat oor 'n afstand van ruim 3 000 treë oop en bloot tussen die forte moes deurjaag.

Aanvanklik het die burgers kalm deurgejaag, maar toe die vyand die voortbewe=gende Boere hewig begin bestook, het dit ontaard in 'n deurstorm.[135] So haastig was die burgers dat hulle van alle hindernisse soos persoonlike besit=tings waaronder komberse en handperde afgesien het.[136] Dit het egter nie

---

131) Generaal Michael Prinsloo se burgers het Byng se deelname uitgekansel=leer deurdat hulle na 'n geveg verjaag is (Amery: op.cit., V, p. 41 en Grobler: op.cit., p. 76).

132) Amery; op.cit., V, p. 39.

133) De Wet: op.cit., p. 255.

134) Ibid.

135) Ibid., Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 242 beskryf dit as "een wilde vlucht".

136) Ibid.

ontaard in 'n vlug soos onder derglike omstandighede by Poplar Grove en Bothaville.[137] Dit moet ongetwyfeld toegeskryf word aan veranderde omstandighede. De Wet se persoonlike invloed en die feit dat hy nou sy vinger op die pols van sy burgers gehad het: Hy het nou geen "bochterij"[138] geduld nie en het teen hierdie tyd militêre dissipline afgedwing.

Die innerlike krag van De Wet en die samewerking van sy burgers het tot gevolg gehad dat Sprinkaansnek op 14 Desember behalwe vir die persoonlike hindernisse met feitlik die hele laer, karre, waens en selfs een van die kanonne wat by Dewetsdorp van die vyand afgeneem is, deurgetrek is.[139] Met genl. Piet Fourie in bevel van die burgers wat die Britte besig gehou het, het genl. De Wet die deurtog so doeltreffend georganiseer dat slegs een burger gewond[140] is, ofskoon sy ambulans onder drs. Fourie en Poutsma gevang is[141] asook burgers onder komdt. Haasbroek.[142]

Christiaan de Wet het die eer vir die merkwaardige ontsnapping deur Sprinkaansnek sonder lewensverlies nie vir homself opgeëis nie. As diepgelowige het hy die eer aan"..de beschikking en onwederstaanbare bescherming van den almachtigen God, die zijn hand genadiglijk over ons hield"[143] gegee.

Die deurtog deur Sprinkaansnek het die einde beteken vir Knox se tweede dryfjag op De Wet[144] aangesien die agtervolging vir Knox en sy manskappe 'n uiters uitputtende taak was. Generaal de Wet het die ruskans wat genl. Knox hom gebied het nuttig gebruik om sy planne vir die tweede poging om die Kaapkolonie binne te val, agtermekaar te kry.

---

137) Sien pp. 56 en 169 hierbo.

138) Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 245.

139) De Wet: op.cit., p. 255. Amery: op.cit.,V, p. 42 beweer dat De Wet met die deurtog wel twee kanonne en twintig burgers as krygsgevangenes verloor het.

140) De Wet: op.cit., p. 255.

141) Ibid. Die ambulans het volgens gebruik eers buite die gevegsterrein gewag waar hulle gevang is. By die ambulanswaens was burgers w.o. De Wet se seun Izak wat masels gehad het. Uit vrees dat sy soldate kan aansteek, het Knox die ambulans losgelaat.

142) Kommandant Haasbroek met Winburgers was te ver agter om met die hooflaer deur te trek. Die opdrag wat hy van genl. De Wet ontvang het, was om Knox in sy agtervolging van De Wet lastig te val. By Victorianek het Haasbroek en maj. White in 'n geveg betrokke geraak. Aan dr. Fourie het Knox 'n brief rakende die geveg gegee om aan De Wet te oorhandig. Hierdie brief het vertel dat dit sleg met Haasbroek gegaan het. Wel is agt gedood, drie-en-dertig gewond en sewentien gevang (Amery: op.cit., V, p. 42), maar Haasbroek en 'n deel van die kommando het weggekom. 'n Paar dae later is hulle deur Ysternek (Kestell: Christiaan de Wet, p. 106)en het hulle weer by De Wet aangesluit.

143) De Wet: op.cit., p. 255.

144) Doyle: op.cit., p. 542

VI.9 DE WET MAAK GEREED VIR DIE TWEEDE INVAL IN DIE KOLONIE

Onmiddellik nadat die hooflaer by Sprinkaansnek verby was, het De Wet in die rigting van Senekal beweeg. Onderweg het 'n aantal geveggies plaasgevind.[145] Op Kersdag 1900 het die hooflaer by Tafelkop, vyftien kilometer oos van Senekal, aangekom.[146]

Ter voorbereiding vir sy voorgenome inval in die Kolonie was dit vir De Wet duidelik dat hy nie hoop gehad het op oorwinnings met sy lomp en moeë kommando nie. Sy burgers en veral hulle perde het rus dringend nodig gehad. Aangesien die vyand sy en die President se bloed gesoek het, het genl. De Wet besef dat hulle twee tydelik van die burgers moet weggaan,[147] anders kon daar nie sprake wees van rus vir dier en mens nie. Vars perde en ammunisie moes ook gevind word ten einde 'n moontlike sukses in die Kolonie te verseker. Gevolglik is op 26 Desember by Tafelkop besluit om die kommando in twee te verdeel: die twee dele is onderskeidelik onder die bevel van asst.-hoofkommante Philip Botha en Piet Fourie geplaas.[148] 'n Lyfwag onder komdt. Davel het gesorg vir die beskerming van pres. Steyn en die regeringslede.[149]

Christiaan de Wet het Tafelkop op 27 Desember verlaat om genl. Froneman met die Heilbronse kommando in die Heilbron-distrik te gaan opsoek. Op 29 Desember het hy hom by genoemde kommando aangesluit.[150] Sy onmiddellike doel was om die wapens wat op 7 Junie by Roodewal gebuit is[151] en wat hy as gevolg van omstandighede na sy ontsnappings uit die Brandwaterkom op sy plaas nie kon gaan opgrawe nie,[152] nou met 'n sterk mag wel te gaan opgrawe. Deur dit te doen kon hy sy tekort aan Lee-Metford patrone aanvul wat nodig sou wees op sy tweede tog na die Kolonie. Dit was vir hom 'n probleem om waens en osse te vind om

---

145) Sien Amery: op.cit., V, pp. 39 - 40.

146) De Wet: op.cit., p. 256.

147) Ibid.

148) Ibid., p. 258.

149) Ibid.

150) Ibid.

151) Sien pp. 113-115 hierbo.

152) Sien pp. 146-149 hierbo.

dit te gaan haal aangesien die vyand veral vanaf die begin van 1901 daarop ingestel was om plase af te brand asook waens en vee te vernietig wat nie weggevoer kon word nie. Waens wat nie op hierdie wyse verwoes is nie, was in die hande van vroue en ou mans wat dit gebruik het om voor die Engelse uit te vlug. Soos in die volgende hoofstuk sal blyk,[153] was die afbrand van geboue en eiendom en die daaruit voortspruitende ellende van vroue en kinders 'n baie belangrike faktor veral by die vredesluiting. Op sy organi= sasietogte in hierdie tyd het die afgebrande plaaswonings ongetwyfeld 'n groot indruk op De Wet gemaak. Hierdie beeld van afgebrande plaaswonings sowel as die van sy eie woning wat hy skynbaar in hierdie tyd besoek het,[154] het hom net meer onverbiddelik gemaak. In 'n groot mate was die National Scouts vir die vernieling verantwoordelik. In 'n rapport[155] aan komdt. Badenhorst gee De Wet opdrag dat die rowers (waaronder National Scouts) onder veldkornette geplaas of ontwapen moet word. Indien hulle hulle straf nie rustig op die plaas afwag nie moes hulle perde en saals geneem word. Indien dit ook nie help nie, moes hulle na die Britse kampe gejaag word, maar nie voordat hulle vyf-en-veertig houe met die stiegriem toegedien is nie!

Die tweede inval in die Kaapkolonie het ook as gevolg van die smarte van vroue en kinders wat op die verwoesting van plaaswonings gevolg het 'n ander bymo= tief gekry. In 'n brief aan die verskillende kommando's het genl. De Wet en pres. Steyn nie alleen hulle plan om die Kolonie by herhaling in te val verduidelik nie, maar dit ook duidelik gestel dat dit moes dien as weerwraak op die eiendomme van Britse onderdane.[156]

---

153) Vergelyk pp. 206 - 208 hieronder.

154) De Wet se plaaswoning was een van die eerstes wat die Britse beleid van verskroeide aarde ten prooi geval het. Op 15 Junie 1900 het Roberts aan Methuen opdrag gegee om De Wet se plaas "as soon as possible" af te brand (War Office Film A393, nr. 65: Telegram nr. C. 2107, lord Roberts. Pretoria - lord Methuen, Koppies, 15/6/1900). Die volgende dag het Methuen laat weet: "De Wet's farmstead burnt this morning"(War Office Film A393, nr. 65: Telegram A942: Lord Methuen, Koppies - lord Roberts, Pretoria, 16/6/1900). Rompel: Heroes of the Boer War, p. 138 maak meld= ing van 'n geheime besoek deur De Wet aan sy plaas in die tyd nadat hy deur Sprinkaansnek is. Saam met hom was genls. Froneman en Fourie. Laasgenoemde het later aan ds. Van Broekhuizen vertel wat tydens hierdie besoek gebeur het: By die aanskoue van sy afgebrande woning sou De Wet gesê het dat die onbesonne daad Brittanje sewe miljoen pond sou kos.

155) Sien De Wet se rapport, Doornberg, 26/1/1901 opgeneem in Badenhorst: op.cit., pp. 90 - 91.

156) E. Hobhouse: Die Smarte van die oorlog, (Vertaal deur N. J. van der Merwe) Kaapstad, 1923, p. 123.

Nadat De Wet die nodige waens en osse gevind het, het hy gedurende Nuwejaars= dag 1901 opgemerk die spoor naby Roodewal-stasie oorgesteek. Die volgende nag is die ammunisie ongeskonde gevind en op die waens gelaai. Terwyl Frone= man dit teruggeneem het, het De Wet met tien van sy staflede na die Vredefortse kommando vertrek.[157] Toe hy hom op 6 Januarie weer by die Heilbronse kommando aansluit, het hy verneem dat die ammunisie veilig aangekom het en ook dat genl. Knox weer op sy spore loop, nadat hy sy mag in drie kolonnes verdeel het.[158] Een kolonne het met genl. Fourie en komdt. Prinsloo naby Bethlehem slaags geraak, 'n ander het in die rigting van Heilbron getrek en die derde kolonne was met genl. P. Botha op 4 Januarie[159] by Kromspruit slaags. In die geval van genls. Fourie en Botha het dit vir die Boere op suksesse uitgeloop sodat die ammunisievoorraad, wat steeds onvoldoende was,[160] verder aangevul is. Toe De Wet op 8 Januarie by genl. P. Botha se kommando naby Lindley kom, het hy verneem dat Knox na sy kolonne se mislukking na Kroonstad teruggetrek het.[161] Om volkome uit te rus en verdere bevele van Roberts af te wag, het Knox hom in Kroonstad gehou tussen 8 - 25 Januarie 1901. Dit het De Wet se burgers blaaskans in die noordelike en noordwestelike distrikte van die Vrystaat gegee.[162]

'n Saak wat al De Wet se onmiddellike planne op die lange baan geskuif het, was briewe wat hy van genl. Kritzinger en Scheepers uit die hande van rapport= ryers op 8 Januarie ontvang het.[163] In hierdie briewe skets sowel Kritzinger[164] as Scheepers[165] die toestand in die Kaapkolonie baie positief vir die Boere= saak en wag die inwoners van die Kolonie hiervolgens net op die koms van De Wet.[166] Beide vra dat De Wet so gou as moontlik na die Kolonie moet kom.

---

157) De Wet: op.cit., p. 260.

158) Ibid.

159) Amery: op.cit., V, p. 131; De Wet: op.cit., p. 260 gee die datum as 3 Januarie aan.

160) Sien Preller-versameling, Band 1, p. 259: Brief van De Wet, Te Velde, naby Lindley - C. L. Botha, 11/1/1901; Preller-versameling, Band 1, 323: Brief van De Wet, Te Velde, naby Vredefort - Smuts, Staatsproku= reur, 16/1/1901.

161) Preller-versameling, Band 1, p. 323: Brief van De Wet, Te Velde, naby Vredefort - Smuts, Staatsprokureur, 16/1/1901 en De Wet: op.cit., p. 262.

162) De Wet: op.cit., p. 262.

163) Ibid.

164) Preller-versameling, Band 2, pp. 289 - 290: P. Kritzinger, Roostershoek - C. R. de Wet, 22/12/1900 (Kopie gemaak in De Wet se laer).

165) Preller-versameling, Band 1, pp. 318 - 321 (Kopie): G. J. Scheepers en Fouche, Ezelshoek, dist. Venterstad - C. R. de Wet, 20/10/1900.

166) Die briewe het 'n vals indruk gegee want die positiewe gevoel was by 'n klein persentasie Kolonialers aanwesig. Vgl. Snyman: op.cit., pp. 179-180.

De Wet het gevolglik besluit om eers sy plan te laat vaar om na Transvaal te gaan ten einde met 'n Transvaalse generaal te gaan onderhandel om 'n kommando na die kolonie te stuur.[167] Hy het besluit om eerder dadelik met 'n tweede inval te begin. Vir dié doel het hy aan genls. Piet Fourie, Philip Botha en Froneman asook komdte. Prinsloo (Bethlehem), Steyn (Ficksburg), Haasbroek (Winburg), De Vos (Kroonstad), Van der Merwe (Parys), Ross (Frank= fort), Wessels (Harrismith), Kolbe (Bloemfontein) en Jan Theron (T.V.K.)[168] laat weet om op 25 Januarie by Doornberg, distrik Winburg met hulle kommando's te versamel.[169] Hierdie oproep is by wyse van 'n brief gedoen.[170] Anders as wat sy gewoonte was, het hy die offisiere en gevolglik ook die burgers ingelig wat sy planne is, naamlik om 'n deel van die burgers in hulle tuis= distrikte agter te laat en om met die res na die Kaapkolonie te gaan.[171]

Die waarskynlike rede waarom De Wet sulke belangrike planne op so 'n wyse bekendgemaak het, was dat die burgers moes weet wat hulle te wagte is en dat hulle gereed moes wees vir die onderneming. Hy was ook haastig om so gou

---

167) Preller-versameling, Band 1, p. 324: Brief van De Wet, Te Velde, naby Vredefort - Smuts, Staatsprokureur, 16/1/1901. In Transvaal was dit veral genl. Smuts wat ernstig was om in die tyd onder bespreking ook na die Kolonie te gaan. Gedurende Des. 1900 en Jan. 1901 het hy dan ook verskeie briewe oor hierdie voorneme aan genls. Botha en De la Rey geskryf (Sien Hancock en Van der Poel: op.cit., I, nr. 141, pp. 351 - 354: Smuts,Blesbokfontein - De la Rey, 25/12/1900, nr. 142, pp. 357 - 360: Smuts, Losberg, dist.-Potchefstroom - Botha, 23/1/1901 en nr. 145 pp. 367 - 368: Smuts, Jachtfontein - Botha,3/2/1901). De Wet was be= kend met Smuts se voorneme en het hom aangespoor om tot die stap oor te gaan (Preller-versameling, Band 1, p. 324: De Wet, Te Velde naby Vrede= fort - Smuts, 16/1/1901). Smuts het daarop na De Wet gaan soek om 'n inval in die Kolonie te bespreek maar kon laasgenoemde nie vind nie (Hancock en Van der Poel: op.cit., I, nr. 142, p. 359: Smuts, Losberg dist. Potchefstroom - Botha, 23/1/1901). Hierna het hy per brief aan De Wet laat weet dat hy en genl. Beyers na die Kolonie gaan om "een constitutioneele revolutie" te bewerkstellig (Hancock en Van der Poel op.cit., nr. 146, pp. 370 - 371: Smuts, Gatsrand - De Wet, 10/2/1901). Vir besonderhede oor Smuts se tog na en in die Kaapkolonie, kan Pyper: op.cit., hoofstukke IV - VI geraadpleeg word.

168) Vergelyk De Wet: op.cit., p. 262.

169) Ibid. en Preller-versameling, Band 1, p. 324: Brief De Wet - Smuts, 16/1/1901.

170) Hobhouse: Die Smarte van die Oorlog, p. 123.

171) De Wet: op.cit., p. 262.

moontlik met die inval te begin. Gevolglik was daar nie tyd om persoonlik die talle kommando's wat hulle hoofsaaklik tussen Lindley, Bethlehem en Heilbron[172] gehou het, te gaan opsoek nie. Inligting wat op so 'n wyse bekend gemaak is, kon ook nie buite bereik van die vyand se ore gehou word nie. Hulle het derhalwe geweet dat Doornberg die aangewese plek van same= koms sou wees,[173] maar was nie bekend met die presiese datum nie.[174] Hulle het ook geweet dat De Wet die spoorlyn by Holfontein-stasie op 23 Januarie oorgesteek het onderweg na Doornberg.[175]

Met die uitsondering van genl. Botha en die burgers van Vrede, was al die offisiere wat opgeroep is op 25 Januarie teenwoordig. Nadat De Wet sy reëlings afgehandel het, het die regering 'n krygsraadvergadering laat hou. Benewens sake soos die kies van 'n Uitvoerende Raad en die aanstelling van 'n openbare aanklaer vir die krygsraad, is ook 'n presidentsverkiesing uit= geskryf aangesien Steyn se regeringstyd byna verstreke was.[176] M. T. Steyn is by hierdie geleentheid voorlopig as waarnemende staatspresident aangestel.[177] Steyn en die regering het ook besluit om De Wet na die Kolonie te volg. Vir Steyn was die datum waarop die inval moes plaasvind van besondere belang: Koningin Victoria van Brittanje is naamlik op 22 Januarie oorlede en haar opvolger, Edward VII se eerste optrede as koning sou die opening van die Britse parlement op 14 Februarie wees. Steyn, die staatsman, wou dat die

---

172) Cd. 522: S. A. Despatches: Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th March, 1901 relative to military operations in South Africa, p. 8, punt 9.

173) Ibid.

174) Ibid. Die vyand het verwag dat die kommando's teen ongeveer 22 Jan. by Doornberg sou byeenkom.

175) Ibid.

176) De Wet: op.cit., pp. 264 - 266.

177) Aangesien die wet vereis het dat alle stemgeregtigde burgers moes stem en nie alle burgers by Doornberg teenwoordig was nie, is Steyn in waar= nemende hoedanigheid gekies totdat alle burgers op 22 Maart 1901 op verskillende byeenkomste vir 'n president sou stem. Tydens hierdie byeenkomste is Steyn as wettige president herkies. Die Britse pers het hierdie verkiesing belaglik voorgestel omdat die Vrystaat reeds geannekseer en dus nie meer 'n Republiek was nie. Sommige Boere-grap= makers het selfs vir Rhodes as president voorgestel maar hy kon nie 'n sekondant kry nie! (De Wet: op.cit., p. 266). Op 'n ander vergadering is lord Kitchener voorgestel en het hy selfs 'n stem gekry! (Badenhorst: op.cit., p. 98).

inval in die Kolonie met hierdie eerste optrede van Edward VII saamval.[178] Vir Steyn het die beoogde inval politieke motiewe ingehou, maar vir De Wet was dit van suiwer militêre betekenis.

## VI.10 DIE TWEEDE POGING OM DIE KOLONIE BINNE TE DRING SLAAG[179] MAAR DOEL MISLUK

Met alle reëlings afgehandel, is teen die aand van 27 Januarie 1901 met die tweede inval begin toe De Wet met een kanon, 'n pom-pom en sowat 2 500 man van Doornberg vertrek het. Aangesien Kitchener bewus was van De Wet se samekoms,[180] het hy vir genls. C. Knox en Bruce Hamilton aangesê om De Wet gesamentlik op 28 Januarie by Doornberg aan te val. Dit was nie moontlik nie aangesien De Wet hulle planne gefnuik het deur op 27 Januarie weg te trek. Toe Knox agterkom dat De Wet suidwaarts trek in die rigting van Tabaksberg sowat vyf-en-sestig kilometer noord van Thaba Nchu, het hy hom dadelik agtervolg. Op 29 Januarie het Knox met twee kolonnes onder kols. T. D. Pilcher en Crewe De Wet se agterhoede ingehaal en 'n geveg met hulle afgedwing by Tabaksberg.[181] Alhoewel die ongevalle aan albei kante ongeveer vier-en-dertig man was, het die Boere 'n morele oorwinning behaal, 'n pom-pom gebuit en het die agterhoede Knox op so 'n wyse besig gehou dat De Wet met die grootste deel van die geweldige groot kommando verder kon weg beweeg.[182]

Generaal Hamilton wat intussen na Winburg en Smaldeel marsjeer het om vandaar per trein na Bloemfontein vervoer te word met die doel om De Wet by die Bloemfontein - Ladybrandlinie te gaan voorkeer, is deur reëns vertraag. Generaal Knox, ten spyte van vervoerprobleme,[183] was kort op De Wet se hakke. De Wet het egter besluit dat dit die veiligste sou wees om die Bloemfontein - Ladybrandlinie by Thaba Nchu oor te steek. Om Knox te flous is met tipiese

---

178) Van der Merwe: op.cit. II, p. 67.

179) Sien kaart 9. p. 299 hieronder.

180) Sien p. 196 hierbo.

181) Amery: op.cit., V, p. 133 en Cd. 522. S. A. Despatches: p. 2, punt 9.

182) Amery: op.cit., V, p. 133 en Preller-versameling, Band 2, p. 27: Veggenl. Kemp - Botha, 27/2/1901.

183) Cd. 522, S. A. Despatches: p. 9, punt 9.

De Wet-taktiek 'n sterk patrollie na Sprinkaansnek gestuur om die indruk te skep dat De Wet nog eens deur hierdie nek wou gaan.[184] Intussen het De Wet met die res van die kommando tot op 'n punt buite sig van die vyand by Thaba Nchu getrek en laat afsaal. Hy moes egter spoedig weer opsaal toe hy verneem dat Knox, wat intussen die patrollie agterna gesit het, sy fout agtergekom het en besig was om hom in te haal. Terwyl genl. Fourie met 'n kommando agtergelaat is om Knox teë te hou, het De Wet die twee forte waartussen hy wou deur so bestook dat die troepe hulle prysgegee en gevlug het.[185] Wanneer De Wet op 30 Januarie dan naby Israelspoort tussen Bloemfontein en Thaba Nchu deurbreek, kan hy nie help om met sy"oude vriend" Charles Knox op humoristiese wyse te spot nie! De Wet gee toe dat Knox "een beetje parmantig" asook "een lastige vriend"[186] was, maar sien hom nie as gevaarlik nie want hy is te maklik deur De Wet gebluf.

De Wet het hierna ten spyte van aanhoudende reëns en die swak perde[187] so merkwaardig vinnig met sy groot kommando beweeg dat hy sy agtervolgers heel=temal afgeskud en op 31 Januarie by Dewetsdorp halt geroep het.[188] Kitchener het nou ook besef dat dit nie sou help om De Wet te agtervolg in 'n poging om hom te verhoed om die Kolonie in te val nie. Hy moes hom by die Oranje voorkeer.[189] Vir die doel is genls. Knox en Bruce Hamilton na Bloemfontein teruggeroep en vandaar per spoor na Bethulie gestuur. Die troepe onder genls. Paget en Plumer is ook by die aksie betrek deur hulle vanaf Balmoral en Brugspruit na Noupoort te vervoer. Die Essex Regiment is ook vanaf Wonderfontein in Oos-Transvaal na Norvalspont verplaas, en die Royal Fusiliers vanaf Brugspruit na Rosmead-spoorwegaansluiting. Ten einde die troepemag tot beskikking van genl. MacDonald in die Aliwal-Noord-distrik te vergroot, het Kitchener aan eersgenoemde die reg gegee om die kolonne onder kols. Hughes-Hallett en Herbert van die regteroewer van die Oranjerivier te onttrek

---

184) De Wet: op.cit., p. 268.

185) Ibid., p. 269.

186) Ibid.

187) Ibid., p. 268 en voetnoot.

188) Ibid., p. 270.

189) Cd. 522: S. A. Despatches, p. 9, punt 9.

190) Ibid.

en om die garnisoene by Smithfield, Rouxville en Wepener op te roep. Die tydige aankoms van die First King's Dragoon Guards vanaf Brittanje, gevolg deur twee vars bataljonne t.w. die Mounted Infantry en die Prince of Wales' Light Horse het Kitchener in staat gestel om 'n sterk mobiele mag by Nou= poort te versamel.[190)]

Die vars Mounted Infantry, sowat 900 man sterk met twee kanonne, (gestuur vanaf Pretoria) is onder kol. Hickman se bevel geplaas. Luitenant-genl. N. G. Lyttelton is vanaf Middelburg (Transvaal) gestuur na Noupoort met die opdrag om dadelik beheer oor te neem oor die verdere optrede teen De Wet.[191)]

Terwyl De Wet vir enkele dae sy burgers in die Dewetsdorp-distrik laat rus het, het sy verkenners berig dat bogenoemde Britte op so 'n wyse geplaas is dat hy maklik by die verskillende driwwe voorgekeer sou word.[192)] De Wet het soos gewoonlik kalm gebly en besluit om sy beproefde taktiek by herhaling toe te pas, naamlik ".. om de Engelsche legers weder een klein troefkaart af te spelen":[193)] genl. Froneman is daarop met 'n kommando in die rigting van Jagersfonteinstasie gestuur, genl. Fourie na die plaas Klein Kinderfontein wes van Smithfield, terwyl verkenners tot naby Oden= daalstroom gestuur is.[194)] 'n Nuwe taktiek van De Wet was om aan sy verkenners wat na Odendaalstroom gestuur is, opdrag te gee om rond te ver= tel dat hulle Odendaalstroom verken aangesien De Wet besluit het om hier die Kolonie met geweld in te val of anders om Aliwal-Noord-brug aan te val. Hulle moes ook vertel dat De Wet genl. Froneman vir hierdie doel teruggeroep het.[195)] Hierdie taktiese leuen was bedoel vir die vyand by die sameloop van die Caledon- en Oranjerivier sodat hulle hulle posisie moes verlaat om by Odendaalstroom en Aliwal-Noord te gaan help met "die groot vangs" van De Wet. Die leuen het die regte ore bereik want die vyand het hulle in die rigting begeef waar De Wet laat vertel het dat hy wou deurbreek.[196)]

---

190) Ibid.

191) Ibid.

192) De Wet: op.cit., p. 270.

193) Ibid.

194) Ibid.

195) Ibid.

196) Ibid., p. 271.

Op 10 Februarie het De Wet daarin geslaag om die Kolonie binne te trek deur die Oranjerivier by Sanddrif oor te steek[197] met die Britse offisiere Knox, Hamilton, Pilcher, Crewe en Lyttelton wat intussen agtergekom het dat hulle nog eens gebluf is, kort op sy hakke.[198] Reëns op hierdie stadium het nie alleen veroorsaak dat kommandante Prinsloo, Van Tonder en De Vos langs die pad met 600 burgers in die Vrystaat agtergebly het nie,[199] maar die vol rivier het genls. Knox en Hamilton ook aan die Vrystaatkant van die rivier gehou.[200] Hierdeur moes hulle voorlopig die aftog blaas en is die agtervolgingswerk in die Kolonie vireers voortgesit deur genls. Lyttelton en H. C. O. Plumer.

De Wet se plan was om sy kommando in drie afdelings te verdeel sodra hy in die Kolonie was[201] om sodoende die agtervolgende vyand se kragte te verdeel. Dit kon egter nie gebeur nie aangesien De Wet vanaf die oomblik dat hy die koloniale grond betree het, onder druk geplaas is.

Dit was algou vir De Wet duidelik dat die briewe van Kritzinger en Scheepers[202] hom onder 'n vals indruk gebring het aangesien die Kolonialers nie so bereid was om aan te sluit soos in die briewe vermeld nie.[203] Vleis, brood, en meel, die stapelvoedsel van burgers te velde, was nie te kry nie of skaars.[204] Daar was ook nie juis tyd om dit te probeer kry nie, want De Wet was daagliks verplig om die vyandelike voorhoede teë te hou sodat hy sy kanonne en groot mag kans kon bied om weg te kom. Van al sy voornemens met die inval, naamlik om Kolonialers vir die stryd te werf[205] en om die vyand in eie munt terug te betaal vir die afbrand van Vrystaatse plaaswonings,[206] het niks tereg gekom nie, want die grootste dryfjag deur van die Britte se bekwaamste leiers, het De Wet gedwing om veral gedurende die nag voort te vlug. Geen wonder dat De

---

197) Preller-versameling, Band 2, p. 33: De Wet, Petrusburg - L. Botha, 6/3/1901.

198) Sien Cd. 522, S. A. Despatches, p. 9, punt. 9.

199) De Wet: op.cit., p. 274.

200) Amery: op.cit., V, p., 137.

201) De Wet: op.cit., p. 273.

202) Sien p. 194 hierbo.

203) Sien Preller-versameling, Band 2, p. 33: De Wet, Petrusburg - L. Botha, 6/3/1901.

204) De Wet: op.cit., p. 278.

205) Sien p. 176 hierbo.

206) Sien p.193 hierbo.

Wet dan ook dankbaar was dat die aandskadu's telkens geval het.[207] Dit is nie nodig om sy tog in die Kolonie in besonderhede te bespreek nie.[208] Van belang is:[209] dat De Wet op 12 Februarie in die rigting van Philipstown beweeg het en slaags was met die Imperial Yeomanry en Victorian Imperial Regiment, waarop hy in die rigting van De Aar gedryf is. Op 14 Februarie het Plumer by Wolwekuil De Wet verplig om van sy waens agter te laat. Toe hy die oggend van 15 Februarie die spoorlyn agt kilometer noord van Hout= kraal oorsteek, het kol. Eyre Crabbe se kolonne in 'n gepantserde trein onder kapt. H. C. Nanton hom gedwing om noordwes te trek en om kontak met genl. Hertzog te probeer maak. Die uitgeputte toestand van die trekosse en die swak weersomstandighede het hom verhoed om 'n voorsprong bo die vyand op te bou. Dit het aan genl. Bruce Hamilton met sy eie en kol. Bethune se kolonne geleentheid gegee om De Wet by Britstown in te haal terwyl die kolonnes van Thorneycroft, Haig, Byng, Lowe, Williams en die Seaforth Highlanders by Victoria-Wes verenig het. Die Essex Regiment is van die Oranjerivierbrug teruggeroep om De Wet by Hopetown voor te lê. Kitchener het ook op 16 Februarie by De Aar aangekom om die jag op De Wet persoonlik te reël. Hierdie ingeslo= tenheid het tot gevolg gehad dat De Wet noord van die Oranje en ten weste van Hopetown beweeg het met genl. Plumer kort op sy hooflaer se hakke. Om vinniger te kan wegkom, het De Wet sy kanon en pom-pom agtergelaat wat in die hande gekom het van die First King's Dragoon-Guards onder bevel van luit.-kol. Owen. Nadat 'n deel van De Wet se burgers daarin geslaag het om die Oranje, wat in vloed was, by Marksdrif oor te steek, het die Boeregeneraal met die res van sy burgers verby Hopetown getrek in die rigting van Petrusville waar hy met genl. Hertzog se kommando op 27 Februarie verenig het. Aangesien De Wet ge= durende sy tog in die Kolonie reeds heelwat burgers sien sneuwel het, meer as 200 burgers reeds as gevangenes in die Britte se hande was, hy sy kanonne, ammunisie en waens verloor het, die perde geweldig uitgeput was, van sy verwag= tings niks gekom het nie en die posisie kritiek was omdat hy nie meer die vyand

---

207) De Wet: op.cit., hoofstuk XXVI.

208) Vir besonderhede oor tweede inval kan ook die volgende bronne geraad= pleeg word: Amery: op.cit., V, pp. 131 - 157; Doyle: The Great Boer War, pp. 569 - 590; Kestell: Christiaan de Wet, pp. 112 - 117; Strydom: op.cit., pp. 144 - 187; Cd. 522: S. A. Despatches, pp. 8 - 10; Preller-versameling, Band 49, pp. 386 - 388: Oorlogsbericht, 27/2/1901 en De Wet: op.cit., pp. 264 - 290 se meesterlike beskrywing en kaart 9.

209) Wat hier volg is 'n bondige samevatting van die feite, verkry uit die bronne genoem in vn. 208.

veel langer kon ontsnap nie, het hy besluit om na die Vrystaat terug te keer. Gedurende die nag van 27 Februarie het hy die hele nag met sy mag langs die vol Oranjerivier getrek op soek na 'n moontlike deurkomplek. In die vroeë oggendure van 28 Februarie het hy Bothasdrif in die omgewing van die vernielde Colesbergbrug bereik. Enkele burgers is aangesê om te kyk of hierdie wadrif, wat lank nie meer in gebruik was nie, deurgetrek kon word. Toe dit wel moontlik blyk, het die burgers mekaar spoedig verdring in 'n poging om uit die Kaapkolonie te ontsnap. Die juigtone soos "Nu gaan wij niet meer terug", "Kolonie, jij ziet mij niet weer", "Vrijstaat toe";[210] asook die psalms en gesange wat opgeklink het terwyl die burgers strompelend deur die water gaan,is 'n duidelike bewys dat die agtien dae in die Kolonie 'n nagmerrie-ervaring was. Kitchener het hierna die agtervolging van De Wet afgelas. Ten einde sy moeë burgers blaaskans te gun en om weer voedsel en klere te kry, het hy sy mag op 1 Maart ontbind en die verskillende kommando's by hom na hulle onderskeie distrikte terug=gestuur. Hy en president Steyn het met 'n paar honderd burgers na die Noord-Vrystaat vertrek.

## VI.11 OPSOMMEND

Die tyd na en in die Kaapkolonie het enkele aspekte met betrekking tot De Wet se deelname duidelik na vore gebring:

a) Wanneer De Wet sy hart eenmaal op 'n saak gesit het, het hy dit deurgevoer ten spyte van hindernisse.

b) De Wet se vermoë om verdediging in aanval te omskep is duidelik onderstreep. Hierdie aanval is gewoonlik met rente beloon soos by Dewets=dorp,[211] en tydens die trek in die Kolonie, toe hy geen kans gebied is nie en tog soveel Lee-Metford ammunisie van die vyand kon afneem dat hy sy mausers en Martini-Henry-gewere kon begrawe[212] en by verskeie geleenthede Britse sol=date gevange kon neem.

---

210) Aangehaal by De Wet: op.cit., p. 288.

211) Sien pp.179-180 hierbo.

212) Sien Preller-versameling, Band 49, p. 387: Oorlogsberig, 27/2/1901.

c) De Wet het hom in hierdie tyd onteenseglik bewys as 'n meester in die taktiese ontsnappings- en blufkuns. Deur hierdie vermoë het hy 'n groot burgermag so gelei dat hulle veilig van die vyand ontsnap het toe hulle by die vol Caledonrivier voorgekeer is, deur Sprinkaansnek gegaan het, in die Kaap=kolonie uit die hande van die omringende vyand gebly het en by Bothasdrif oor die Oranje is. In die proses het De Wet die agting en samewerking van sy burgers verkry.

d) Deur liewer te ontsnap in plaas van stellinggevegte af te dwing, het De Wet bewys dat hy nie 'n groot mag so kon of wou aktiveer dat hulle met sukses optree nie.Wat reeds by Poplar Grove, Abrahamskraal, Bloemfontein, die stuiting van Roberts by Kroonstad in sy opmars na Pretoria en gedurende sy togte in Transvaal duidelik was, is nou weer onderstreep toe hy telkens voor Knox vóór die tweede inval gewyk het en voor die Britse leërs tydens die tweede inval. Soos uit die volgende hoofstuk sal blyk en dit reeds duidelik was by onder andere Sannaspost, Mostertshoek en Roodewal, was De Wet op sy gevaarlikste met 'n klein kommando'tjie en 'n verrassingsaanval.

e) Die reën en vol riviere het 'n baie groot rol in hierdie hoofstuk van De Wet se optrede gespeel. Die reëns het De Wet en sy vyand se gang vertraag. Dit het die vyand verplig om van die spoorlyn gebruik te maak wat hulle van een stasie na 'n ander vervoer het. De Wet wat deur die veld gehou het, kon beweeg waar die spoorlyn nie was nie. Vol riviere het sy vyand by die Caledon afgesny, terwyl die Oranje Knox en Hamilton in die Vrystaat agter=gelaat het toe die Kolonie binnegetrek is. 'n Vol Oranje het die Britte ook weer verhoed om De Wet terug na die Vrystaat te volg.

f) Die eer vir sy verbasende ontsnappings in hierdie hoofstuk het De Wet nie vir homself opgeëis nie, maar aan God gegee omdat, soos hy dit gestel het, nadat hy na die Oranje-Vrystaat teruggekeer het: "God wilde het zoo hebben ....."[213]

g) Generaal Louis Botha was bewus van De Wet se inval in die Kaapkolonie en het die wyse waarop dit gedoen is, gekritiseer.[214] Volgens hom moes 'n

---

213) De Wet: op.cit., p. 290.

214) Preller-versameling, Band 2, p. 83: van Botha - Smuts, 14/2/1901.

mag van 6 000 goedgeorganiseerde burgers na die Kolonie en 4 000 man na Natal gestuur wees om 'n inval sinvol te maak.[215] Botha het ook drie manne na die Kolonie gestuur om met De Wet en Steyn oor sy invalsplanne te praat.[216]

h) Die inval was vir De Wet 'n teleurstelling en militêre-mislukking[217] omdat sy planne nie geslaag het nie vanweë die oorweldigende magte wat om hom saamgetrek was. Die enkele Kolonialers wat wel by die burgers aangesluit het,[218] het De Wet egter genoop om te besluit dat die dag van 'n verenigde Suid-Afrika nie meer ver was nie.[219]

i) President Steyn het die inval in die Kolonie egter as 'n politieke sukses gesien[220] aangesien die optrede van De Wet en die ander militêre leiers aan die wêreld getoon het dat die oorlog nog geensins oor was nie.[221] Die genoemde Britse parlementêre sitting[222] het dan ook nie 'n woord gerep dat die oorlog gewen en die stryd verby was nie.

j) Amery maak die bewering dat die mislukte inval De Wet heelwat pres= tige laat inboet het.[223] Dit was nie die geval nie: Die tweede en grootste dryfjag deur Britse magte op De Wet het nie alleen skandelik misluk nie, maar het voorlopig 'n einde gemaak aan 'n georganiseerde jag op De Wet. Wat vir Brittanje met De Wet se gevangeneming in die kalklig moes plaas, het net die teenoorge= stelde uitwerking gehad. Dit was juis genl. De Wet wat veral in Europa baie

---

215) Ibid., p. 84.

216) Vergelyk Preller-versameling, Band 2, p. 100: Botha - Beyers, 16/2/1901. Bewyse kon nie gevind word dat hierdie manne De Wet bereik het nie en indien wel, met watter gevolg.

217) Preller-versameling, Band 2, pp. 33-34: De Wet, Petrusburg - L. Botha,- 6/3/1901.

218) Van den Heever: op.cit., p. 117.

219) Sien Preller-versameling, Band 44, p. 387: Oorlogsberig, 27/2/1901.

220) Sien Preller-versameling, Band 2, p. 40: Brief Pres. Steyn - Botha, 1/4/1901.

221) Van der Merwe: op.cit., II, p. 168. Roberts het na die Slag van Dalmanu= tha gedurende die week 23 - 30 Augustus 1900 na Brittanje getelegrafeer dat die oorlog oor is (Sien Amery: op.cit., V, p. 125 asook Davitt: op.cit., pp. 455 - 456). De Wet se inval het dié bewering die nek inge= slaan.

222) Sien p. 196 hierbo.

223) Amery: op.cit., V, pp. 154 - 157.

bekend geword het. In 'n telegram aan dr. H. P. N. Muller die Vrystaatse konsul-generaal in Nederland, spreek die Anti-rewolusionaire Pary onder voorsitterskap van die latere eerste minister van Nederland, dr. A. Knyper, hulle bewondering uit vir"..de weergalooze dapperheid van uw generaal de Wet".[224]

In die volgende hoofstuk word aangetoon hoe De Wet met verdere merkwaardige ontsnappings reg laat geskied het aan hierdie bewondering.

---

224) Spies: op.cit., p. 209: Knyper - Muller, 17/4/1901.



TWEEDE INVAL IN DIE KAAPKOLONIE - De Wet se kommando steek die Oranjerivier oor.

# HOOFSTUK VII

## DIE DERDE EN GROOTSTE DRYFJAG OM DIE SIEL VAN DIE SOGENAAMDE GUERRILLA-OORLOGVOERING TE VANG, MISLUK

### VII.1 VOLHARDING DEUR DIE BOERE VERSUS POGINGS VAN DIE BRITSE LEëRLEIDING OM DIE OORLOG TE BEëINDIG

In die bykans 'n jaar wat volg na De Wet se terugkeer uit die Kaapkolonie, het die vryheidsoorlog 'n totaal ander kleur gekry. Verskeie faktore aan sowel die kant van Brittanje as die Boere was hiervoor verantwoordelik. Vir die Boere het die klem in hierdie tyd op volharding in die stryd geval en vir Brittanje op beëindiging. Van stellinggevegte was daar, behalwe enkèle uitsonderinge, nie meer sprake nie sodat die stryd nou uitgerek is.

Toe lord Kitchener aan die einde van November 1900 in die plek van lord Roberts aangestel is, was die nuwe soort oorlogvoering van die Boere, die sogenaamde guerrilla-oorlog,in sy beginstadium. Om 'n vroeë einde aan die soort be=drywigheid te maak, het Kitchener aan die begin van 1901 'n nuwe strategie begin toepas. Dit het bestaan uit drie maatreëls waardeur die Britte 'n ander kleur aan die oorlog gegee het, naamlik die van die verskroeide aarde, die konsentrasiekampe en die blokhuisstelsel.

### VII.1 a. VERSKROEIDE AARDE[1]

Reeds op 25 November 1899 is die eerste huise op die grensstasie Derdepoort 160 km noordoos van Mafeking afgebrand.[2] Dit het nie weer sou gou gebeur nie vanweë die reperkussies wat dit tot gevolg gehad het. Lord Roberts het egter weer met die praktyk begin en tussen Junie 1900 en Januarie 1901 is 630 huise afgebrand.[3] Veral die Vrystaatse distrikte Bothaville, Vrede, Bethle=hem, Kroonstad, Frankfort, Winburg en Ventersburg is in dié tyd ernstig ver=woes grootliks vanweë die bedrywighede van De Wet wat die Britte na hierdie distrikte gelok het. So is in Bothaville byvoorbeeld kort voor De Wet se

---

1) Vir detail oor hierdie aspek, kan onder andere J. D. Kriel: Emily Hob=house en die naweë van die Anglo-Boereoorlog, (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1956), hoofstuk 2 geraadpleeg word en Otto: op.cit., pp. 1 - 33.

2) Vir besonderhede, sien H. J. Botha: Die moord op Derdepoort, 25 Nov.1899. Nie-Blankes in Oorlogsdiens, Pretoria, 1965; Davitt: op.cit., pp. 175-176. asook J. E. V. Die Moord op Derdepoort, (Die Huisgenoot, 15/10/1940).

3) Cd.524: Return of Buildings burnt in each month from June 1900 to January 1901 including farm buildings, mills, cottages and hovels.

noue ontkoming aldaar[4)] op 'n enkele dag, naamlik 23 Oktober 1900, nie minder as agt-en-veertig geboue afgebrand nie.

Kitchener het egter die metode aan die begin van 1901 verskerp. 'n Stelsel=matige verwoesting is beplan en uitgevoer. Sodoende is nie alleen dorpe verwoes nie, maar ook plaaswonings, terwyl alle kosvoorrade soos graan en mielies vernietig is. Vee is ook op wreedaardige wyse om die lewe gebring.[5)]

So erg het dit teen die einde van 1901 gegaan dat die Transvaalse regering by die Britse eerste minister, lord Salisbury, teen die verwoestingsmetode protes aangeteken en melding gemaak het van 30 000 wonings wat in die Repub=lieke verwoes is.[6)] Die syfer is deur die Goewerneur te Johannesburg op 27 Oktober 1902 bevestig.[7)]

Kortom, die Republieke is binne enkele maande in een groot wildernis verander.

VII.1 b. <u>KONSENTRASIEKAMPE</u>

Die konsentrasiekampe was die uitvloeisel van die verwoestingsmetodes wat primêr bedoel was om die kosvoorrade van die vegtende burgers te vernietig en om sodoende die burgers se wil tot weerstand te breek. Lord Kitchener se konsentrasiekamp-proklamasie van 21 Desember 1900[8)] kan beskou word as die begin van hierdie kampe wat later in al vier die gebiede suid van die Limpopo-rivier opgerig is.[9)]

Dit is nie nodig om hier te wys op die lot van die inwoners van konsentrasie=kampe nie,[10)] behalwe dat dit Christiaan de Wet hom verplig laat voel het om

---

4) Sien pp.166-171 hierbo.

5) Vergelyk beëdigde verklarings in Badenhorst: op.cit., pp. 128 - 131.

6) Hobhouse: Die Smarte van die Oorlog, pp. 101 - 102.

7) Otto: op.cit., p. 33.

8) Sien Amery: op.cit., V, p. 86.

9) Vir plasing van verskillende konsentrasiekampe, sien Hobhouse: Die Smarte van die Oorlog, pp. 410-413 (tabel VI), pp. 414-417 (tabel VII), pp. 418-419 (tabel VIII) en p. 409 (tabel V - Getalle in K.P.). Vir mooi opsom=ming van kampe, sien Gronum: op.cit., p. 123 en Ewald Steenkamp: Helkampe, ongedateerd, pp. 192 - 193.

10) Vir besonderhede kan onder andere geraadpleeg word: Gronum: op.cit., p. 123: Emily Hobhouse: War without glamour, Bloemfontein, 1924; Otto: op. cit., J. Fischer: That Miss Hobhouse, London, 1971, hoofstukke 10 en 11; korrespondensie in The Times, 30 Aug., 1901,p. 3; Kriel: op.cit., hoof=stukke 5 en 6 en Ewald Steenkamp: op.cit., hoofstukke 3 - 18.

op 11 Desember 1901 in antwoord op 'n brief van lord Kitchener die toestande in die kampe te onderstreep en selfs te vra vir 'n gesamentlike kommissie wat die toestande in die "vrouwenkampen" moes ondersoek "teneinde de beschaafde wereld te overtuigen"[11] dat die Britse bevelhebber 'n onregverdige stryd teen die onskuldige vroue en kinders voer.

Waar die Britse opperbevelhebber gemeen het om die burger te dwing om oor te gee deur sy vrou en sy kinders in die sogenaamde Refugee Camps saam te hok, het dit juis die teenoorgestelde uitwerking gehad, want van die vrou het naamlik 'n wonderlike inspirasie uitgegaan na die Boer om tydens die laaste fase van die stryd te volhard. Tewens, die lot van die vrou en kind tydens die laaste deel van die oorlog mag nooit as 'n terloopse onderdeel gesien word nie. Teenoor die sowat 4 000 burgers wat op die slagveld gesneuwel het, het meer as 26 000 vroue en kinders in die kampe weens ontberings gesterf. Die weerlose vroue het ook die unieke militêre prestasie behaal om ongewapen ruim 'n derde van lord Kitchener se magte vir meer as 'n jaar besig te hou![12]

Geen wonder nie dat De Wet 'n hoë dunk van die vrou gehad het en erken het dat "waar tien manne hom bemoedig het deur hulle gedrag, vyf-en-twintig vroue dit gedoen het".[13] Die inspirasie van vroue vir hom persoonlik blyk ook uit 'n toespraak wat hy op Fouriesburg teen die einde van Augustus 1901 gemaak het teenoor burgers en vroue wat teenwoordig was. By hierdie geleentheid sou hy gesê het: "Mijn grootste kracht kreeg ik van vrouwen. Wat voor een mensch zou ik zijn, zoo was dikwijls mijn gedachte, wanneer ik ging ingeven na zooveel moed, zooveel kracht en standvastigheid bij vrouwen gevonden te hebben. Door zulk een steun is men tot alles in staat".[14] De Wet het gevolglik onwrikbaar geglo in die voortbestaan van die Afrikanervolk omdat hy beskik het oor vroue met innerlike krag.[15]

---

11) Gepubliseerde korrespondensie in Staatscourant van den Oranjevrijstaat, Deel 1, no. 8, 26/1/1902. (in Malan-versameling).

12) Gronum: op.cit., p. 43.

13) Aangehaal by Hobhouse: Die Smarte van die Oorlog, p. 387.

14) Aangehaal by Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 318.

15) Sien L. Lückhoff: Die Buren Generale Botha, de Wet, de la Rey in der deutschen Reichshaupstadt, Berlin, s.j. p. 34.

## VII.1 e. BLOKHUISE

Die derde faktor in Kitchener se strategie was die bou van blokhuise.[16] Dit was klein forte wat beman is met garnisoene. Die openinge tussen die blokhuise is met doringdraad en loopgrawe versper. Aanvanklik is hulle eers langs die spoorlyne opgerig maar later ook langs die paaie en op oop terrein. Op die wyse is die twee Republieke as't ware in kampe opgedeel. Britse kolonnes wat 'n aaneengeslote linie oor lang afstande gevorm het, het dan begin om die kommando's in die rigting van die blokhuislinie te dryf. Die verwagting was dat die Boere hulle dan in die kampe sou bevind waaruit hulle nie sou kon loskom nie. Perderuiters is vir dié doel gebruik en nie meer voetsoldate nie. Die aanjaag het ook grootliks in die nag ge= skied met behulp van die National Scouts. Laasgenoemde was 'n groep republi= keine wat nie meer kans gesien het om met die stryd voort te gaan nie en wapens neergelê het. Gedurende die eerste helfte van 1901 is hulle in ver= kenningsgroepe deur Kitchener georganiseer. Aangesien hulle die Boere se strategie goed geken het, was hulle vir Brittanje van groot waarde omdat hulle in die behoefte aan goeie verkenners kon voorsien. Teenoor hierdie National Scouts was die burgers om verstaanbare redes baie hatig.[17] Christiaan de Wet kon diesulkes ook nie voor sy oë verdra nie.[18]

Lord Kitchener se verwagting sedert die begin van 1901 met betrekking tot die verskroeide-aarde-beleid, konsentrasiekampe en blokhuise word weerspieël in die woorde van sir A. Milner: "Moreover, the fight is now mainly over supplies".[19] Kitchener het dan ook geglo dat die oorlog oor sou wees wanneer die kommando's niks meer kon vind om van te leef nie, die vroue en kinders van die vegtende burgers almal in kampe versamel was en die kommando's voortdurend rondgejaag word.

Om sy planne met die vegtende burgers te laat slaag, het Kitchener "the whole weight of responsibility (assumed) and wielded absolute supremacy"[20]

---

16) Die bou van blokhuise in die Vrystaat was teen Nov. 1901 voltooi. Verge= lyk Amery: op.cit., V, (hoofstuk XIV), pp. 396 - 412 vir die verskillende blokhuislinies.

17) Sien De Wet: op.cit., p. 290.

18) Ibid.

19) Headlam: op.cit., II, p. 193: Milner - Chamberlain, 6/2/1901.

20) Amery: op.cit., V, p. 275.

sodat hy nie 'n tweede-in-bevel geduld het nie.

Hierdie metodes van Kitchener wat met toenemende druk en intensiteit toe=gepas is namate 1901 gevorder het, was gemik teen Boere wat nou die sogenaamde guerrilla-oorlog gevoer het. Guerrilla-oorlogvoering het skynbaar sy ontstaan by genl. Hertzog gehad.[21] Dit het die opdeel van die groot kommando's in klein kommando'tjies[22] behels ter wille van groter mobiliteit en trefkrag.

Die Boereleiers het gevoel dat indien die Boere in klein kommando'tjies verdeel word, die vyand ook verplig sal wees om dit te doen.[23] Die stryd sou dan nie alleen meer gelyk wees nie, maar die Boer met sy beter kennis van die gevegsterrein en individualiteit sou 'n voorsprong op die Britte hê. Vir Kitchener was die Boereleiers opstokers wat rebellerende burgers teen die gesag van die Britse koning aangevoer het in 'n onwettige en ongeorgani=seerde oorlog. Hierin het hy dan ook regverdiging gevind vir sy legio pro=klamasies[24] wat die burgers tot oorgawe wou verplig. Omdat die proklamasies nie die gewenste uitwerking gehad het nie, is oorgegaan tot genoemde metodes.

Die guerrilla-oorlog wat 'n soort van senu-oorlogvoering was, is die sukses=volste toegepas deur genl. Koos de la Rey in die Wes-Transvaal en deur genl. Christiaan de Wet se Vrystaatse kommando's. Die Britse magte het dan ook hoofsaaklik in 1901 tot met die sluiting van vrede op hierdie twee leiers gekonsentreer met die uitsluitlike doel om hulle te vang. Dit kon egter nie gedoen word nie.

As daar vervolgens aangetoon sal word hoe De Wet hom by die veranderde stra=tegie en taktiek aangepas en daarvan tot aan die einde van die stryd 'n be=sondere sukses gemaak het, moet Roberts se teenmaatreëls steeds as 'n belang=

---

21) Sien Van den Heever: op.cit., p. 113: Getuienis van mnr. Klasie Havenga en F. A. Steytler: Generaal Hertzog as Krygsman - Radiopraatjie opgeneem in Generaal Hertzog, S.A.U.K. -Brosjure (publikasie P 60 /8A), Johannes=burg, 1961, p. 19.

22) Vergelyk De Wet: op.cit., pp. 291 - 292, vir verdeling van kommando's in Vrystaat.

23) De Wet: op.cit., p. 291.

24) Die seël op die proklamasies is geplaas op 7 Aug. 1901 met die sogenaamde Verbannings- en Konfiskasie-proklamasie. Op 11 Sept. 1901 is ter verde=diging van hierdie proklamasie, na die guerrillas verwys as "the most wretched objects conceivable and constantly on the run" (Headlam: op.cit., II, p. 274.

rike struikelblok in berekening gebring word.

## VII.2 DE WET HOU HOM AANVANKLIK HOOFSAAKLIK BESIG MET ORGANI= SERING EN ANDER SAKE MET DIE OOG OP GUERRILLA-OORLOG

Alhoewel die guerrilla-oorlogmetode in die praktyk reeds teen die einde van 1900 toegepas is, was dit nie voor ná De Wet se terugkeer uit die Kaapkolonie na sy tweede inval, dat werklik aandag gegee kon word aan dié soort oorlog= voering nie. Vir hierdie doel het De Wet teen die einde van Maart 1901 die Vrystaat in ses[25] en later in sewe distrikte[26] verdeel. Die burgers sou nou in hulle eie distrikte opereer onder 'n asst.-hoofkommandant.[27] Elke asst.-hoofkommandant is bygestaan deur drie tot ses kommandante wat weer met 'n ongeveer gelyke getal burgers in wyke van die distrik opgetree het.[28]

De Wet het hom hierna hoofsaaklik by die Heilbronse kommando gevoeg en nie voor die einde van November 1901 persoonlik aan gevegte deelgeneem nie. Heil= bron was dan ook grootlik sy hoofkwartier,[29] waar hy hom veral besig gehou het met organisatoriese reëlings na die verdeling van die kommando's. So het hy aan die einde van Maart 1901 vir genl. Botha tydens laasgenoemde se tweede besoek aan die Vrystaat ontmoet en onder andere die voortsetting van die stryd asook Botha en Kitchener se ontmoeting[30] op 28 Februarie op Middel= burg (Tvl), bespreek. Gedurende April het De Wet 'n besoek gebring aan al die distrikte om die burgers so te inspireer dat hulle die Britte se kommunikasie= lyne gedurig moes verniel, metodes aan die hand te gee om die vyand soveel moont= lik skade te berokken en om die burgers se klerenood te verlig.[31] Ten opsigte

25) Die ses distrikte was: Kroonstad, Vrede, Winburg, Boshof, Philippolis en suidelike deel. Sien De Wet: op.cit., pp. 291 - 292 vir die indeling van die verskillende kommando's.

26) Amery: op.cit., V, p. 235 en De Wet: op.cit., p. 292.

27) Die asst. hoofkommandante was: C.C.J. Badenhorst, P. Fourie en C.C. Frone= man, J. Hattingh, J.B.M. Hertzog, M. Prinsloo en W. Wessels.

28) Ook lord Kitchener het hom aangepas by die bewegingstryd in die Vrystaat daar hy die land in vier distrikte gedeel het onder genls. C. Knox, N. Lyttleton, E. Elliot en L. Rundle. Rundle is bv. aangemoedig "(to) hunt bands vigorously" ( Aangehaal by T. Gronum: op.cit. p. 62).

29) Grobler: op.cit., p. 90.

30) Vir besonderhede ook die samesprekings tussen die twee militêre hoofleiers asook De Wet se reaksie op Kitchener se vredespoging, sien pp. 247 - 250 hieronder.

31) Kestell: Christiaan de Wet, p. 118.

van die klerenood, het De Wet die burgers toegelaat om Britse soldate uit te skud, dit wil sê om die soldate wat gevang is, se klere af te neem sowel as wapens, kos, ammunisie en perde en hulle dan sonder 'n draad klere aan weer los te laat. Hierdie optrede is as geoorloof beskou omdat nie hy of die regering in die burgers se dringende behoeftes kon voorsien nie. Vroue wat nog vir hulle mans klere kon maak of herstel was in konsentrasiekampe en klere wat die burgers in hulle huise agtergelaat het, is deur die vyand verbrand en die velle wat in die looierskuipe gevind is, stukkend gesny.[32)] Laasgenoemde optrede het dan volgens De Wet die uitskud van Britse soldate regverdig omdat hulle in gelyke munt terugbetaal is.[33)] Dat sy burgers die Britse soldate se klere geneem het, het De Wet nog toegelaat, maar toe dit later onder sy aandag kom dat hulle ook die rang- en kentekens dra en ge= wonde of gesneuwelde soldate uitskud, het hy dit op 20 April ten strengste verbied.[34)]

Tydens sy geheime besoeke aan die distrikte,[35)] het De Wet ook in elke dis= trik 'n landdros aangestel met die oog op hantering van regsake, krygsrade, ens.[36)] Dat De Wet sy sake goed gereël het, blyk uit die feit dat genls. Knox, Lyttleton, Elliot en Rundle tot aan die einde van April 1901 nie veel sukses in die Vrystaat behaal het nie,[37)] en Milner gedwing is te konstateer: "The way in which De Wet and the various commandos escape our men, do mischief all over the place, and prevent any approach towards a permanent administra= tion is most discouraging".[38)] Dit het Kitchener genoop om weer besondere aandag aan die Vrystaat te skenk.

Met die aanbreek van die winter van 1901 het Kitchener in alle erns begin met

---

32) Ibid., pp. 118 - 119.

33) Ibid., p. 119.

34) Staatscourant van den Oranjevrijstaat, Deel 1, No.XI,3/5/1902(in Malan-versameling

35) Sien brief De Wet - Badenhorst, 14/4/1901 opgeneem in Badenhorst: op.cit., p. 99. De Wet wou sy besoeke geheim hou sodat die vyand nie met sy bewegings bekend kon word en hom so lastig val dat hy sy belangrike reël= ings nie ten uitvoer kon bring nie.

36) Badenhorst: op.cit., p. 100 - 101.

37) Sien genoemde Britse generaals se optredes gedurende Maart en April in Amery: op.cit., V, pp. 237 - 241.

38) Headlam: op.cit., II, p. 203: Brief Chamberlain - Milner, 7/2/1901.

die oprigting van blokhuise in beide Republieke. Dit het die Britte so besig gehou dat hulle vir die oomblik nie soveel aandag aan die rondtrek=kende kommando'tjies kon gee nie. Hierdie faktor, tesame met die ern=stige tekort aan voedsel en 'n strawwe tweede oorlogswinter, het 'n ver=slapping by die oorlogsmoë burgers gebring. Ofskoon die meeste burgers nie die blaaskans by 'n opstal of gesin kon gaan benut nie, was ook De Wet dankbaar vir die rustyd want "de verpoozing kwam ons goed te stade ,..."[39] Dit het aan mens en dier die rus gegee om kragte op te bou vir die stryd wat met die koms van die lente hervat sou word. Die feit dat die ander=sins onvermoeide De Wet dit goedgepraat en -gekeur het, wys dat rus baie nodig was. Selfs De Wet het dit nodig gehad, want die voorafgaande jaar het hy teen 'n geweldige tempo en spanning beweeg en was hy daarby ook in dié tyd gepla met rumatiek.[40]

Waar die Vrystaters onder De Wet se invloed nog moed gehou het ten spyte van die omringende verskroeide aarde, was daar intussen Transvaalse leiers soos waarn. president Schalk Burger wat begin twyfel het aan die voortset=ting van die stryd. Op sy en ander lede van die Transvaalse regering se aandrang is 'n brief op 10 Mei 1901 aan pres. Steyn geskryf waarin voorgestel word om met die vyand te onderhandel.[41] De Wet is deur Steyn ontbied om die inhoud van die brief te bespreek en om, indien dit moet, na Transvaal te gaan.[42] Voor sy vertrek het hy sy diepe teleurstelling met die Trans=vaalse leiers in 'n brief aan hulle uitgespreek.[43] De Wet het intussen ook vir genls. De la Rey en Hertzog gevra om pres. Steyn te ontmoet ten einde die brief van die Transvalers te bespreek.[44]

Na samesprekings tussen De Wet, Steyn, De la Rey en Hertzog is besluit om na Transvaal te gaan om die saak tot op die been te gaan oopkerf. Op die aand van 5 Junie het hulle van Liebenbergsvlei vertrek en by Verkijkersdorp afge=saal.[45] Toe hulle die volgende oggend op die punt gestaan het om verder te

---

39) De Wet: op.cit., p. 332.

40) Engelenburg: op.cit., p. 59.

41) Brief opgeneem in Van der Merwe: op.cit., II, pp. 72 - 73.

42) President Steyn se belofte aan De Wet was immers dat hy laasgenoemde sal ken wanneer oor vrede gepraat word (vgl. pp. 159-160 hierbo).

43) Kestell: Met de Boeren-Commando's, p. 158.

44) De Wet: op.cit., p. 298

45) Ibid., p. 304.

ry, het 'n burger berig gebring dat 'n vrouelaer by Graspan vroeg die oggend gevang is. De Wet het aan De la Rey gevra wat hulle te doen staan, waarop De la Rey dadelik gesê het dat die vrouelaer ontset moet word.[46] De Wet het daarop die bevel oorgeneem, die President met sy staf en enkele lede van sy lyfwag agtergelaat en in geselskap van De la Rey met sy staf en komdt. Davel met vyf-en-vyftig man in die rigting van Graspan naby Reitz gejaag.

## VII.3 GRASPAN: 6 JUNIE 1901[47]

Die handjievol burgers het die vyand op 'n afstand van sowat sewe kilometer gewaar waar hulle laer getrek het op 'n bultjie by 'n sooi-beeskraal met vier of vyf Bantoehutte daarnaas. Hulle was besig om die vrouens se waens in rye van tien of twaalf langs die kraal te trek, maar toe hulle die Boere gewaar, het die soldate op die grond gaan lê en die vrouens beveel om tussen hulle en die waens te bly. Dit was uiters gevaarlik vir die vroue, want as die burgers effens sou hoog skiet was hulle onder skoot.

Die oomblik toe die Boere onder skoot was, het die 200 soldate 'n geweldige sarsie gelos. Die Boere kon nie terugskiet nie vanweë die vroue se posisie en kon ook nie skuiling soek nie want die omgewing was te gelyk. Hulle moes dus onder die skote voortjaag na 'n bultjie naby die vyand. Hier is die perde gelaat en te voet verder gestorm tot sowat veertig treë van die vyand. Steeds was die Boere onder druk, want sodra 'n burger sigbaar was, is hy onder die lood gesteek. Tog het die burgers, wat uitstekende skutters was, daarin geslaag om soldate neer te vel, sodat die Britte wat nie gewond of gedood is nie verplig was om tussen die waens in te vlug, waarop nog talle neergeskiet is. Van die soldate was so verskrik dat hulle van die vroue by die waens gegryp en agter hulle geskuil het. Toe die Boere op die waens afstorm, het die soldate agter die kraalmuur stelling ingeneem en weer op hulle begin skiet. Die enigste skuiling vir die Boere was 'n ronde hut. Om 'n skoot af te trek, moes 'n Boer nou met sy hele liggaam te voorskyn kom omdat daar nie tyd was om skietgate in die harde, ronde hutmuur te maak nie. Hierdie situasie het tot gevolg gehad dat elf burgers gedood en sewe gewond is.

---

46) Ibid.

47) Wat hier volg berus op gegewens verkry uit De Wet: op.cit., pp. 304-305; Oosthuizen: op.cit., pp. 466 - 467 asook Amery: op.cit., V, pp. 288-289.

Die vrouelaer, waarin intussen 'n dertienjarige seuntjie dood en 'n vrou en meisie gewond is, het ook op die vlug geslaan toe die vyand die wyk na die kraal neem. De Wet, wat gesorg het dat al die waens behalwe die een naaste aan die kraal verwyder word, het aan die vroue opdrag gegee om dadelik met die waens in die rigting van Reitz te trek aangesien hy verwag het dat 'n ver= sterking vir die Britte sou opdaag. In plaas van sy bevel na te kom, het die vroue, met uitsondering van enkele karre agter die eerste bultjie die uitslag van die geveg gaan afwag.

Die geveg wat om 11h00 begin het, is om 15h00 gestaak toe 'n Britse kolonne van sowat 1 000 man opdaag. Die vrouelaer, wat intussen weer begin vlug het, is deur hierdie kolonne met kanonne en kleingeweer bestook.[48)]

Teen hierdie oormag was die Boere egter nie bestand nie. Generaal De Wet het 'n paar van sy manne aangesê om die gewondes te gaan haal terwyl die res van die burgers geretireer het. Die vyand met 'n verlies van ongeveer tagtig man, was nog steeds in hulle posisies agter die kraal. Die vroue= laer het, vanweë hulle ongehoorsaamheid aan De Wet, vir 'n tweede maal in die Britte se hande geval. Generaal De Wet het ook sy wins getoon want behalwe vir die menseverlies wat hy die vyand toegedien het, het vier van sy staf aan oud-generaal Piet Fourie hulp verleen om 1 500 beeste onder die vyand se bombardement weg te voer.

## VII.4 SAMESPREKINGS MET DIE TRANSVALERS

Toe genls. De la Rey en De Wet laat die aand op die plek kom waar die Presi= dent agtergelaat is, kon hulle hom nêrens vind nie.[49)] Eers teen middernag is hy sowat twintig kilometer verder gevind. Vir twee dae is die geselskap deur die vyand in 'n suidelike rigting gedryf maar op 9 Junie is die Britte ontglip en kon die reis voortgesit word.[50)] Op 19 Junie is Waterval bereik en kon die samesprekings [51)] met die Transvalers die volgende oggend begin.

---

48) E. Neethling: Mag ons vergeet? (Tweede druk), Kaapstad, 1940, p. 1: Protesbrief Steyn - Kitchener, 15/8/1901.

49) Britse laers, gelei deur Piet de Wet en ander National Scouts was by Steil= drif en Duminysdrif (De Wet: op.cit., p. 304, vn.). Die laer wat by lg. drif was, het in sy aanmars so na aan die President verby beweeg, dat Steyn verplig was om pad te gee.

50) Oosthuizen: op.cit., p. 468.

51) Dit is nie nodig om hier in te gaan op die aard en betekenis van die same= sprekings nie, aangesien dit behandel word in hoofstuk VIII.

Aangesien die Transvalers tydens die samesprekings van standpunt verander het, kon De Wet vanuit Transvaal terugkeer met die gerusstelling dat die stryd voortgesit sou word.

## VII.5 KITCHENER SE REAKSIE

Vir Kitchener het die samesprekings van die twee regerings as 'n teleur= stelling gekom en hy het gevolglik 'n ander plan gemaak. Op 7 Augustus het hy sy proklamasie[52] uitgevaardig waarin hy gedreig het dat die lede van die regerings en offisiere wat nie voor 15 September 1901 die wapens neer= gelê het nie, uit Suid-Afrika verban en hulle besittings gekonfiskeer sou word. De Wet se antwoord aan Kitchener was dat hy kennis geneem het van die proklamasie, maar dat hy voortgaan om te veg ter wille van onafhanklik= heid.[53]

Burgers wat tot op hierdie stadium nog na al die ontberings in die veld was, was nie alleen getroue burgers nie, maar het al soveel proklamasies aange= hoor dat ook hierdie een nie indruk gemaak het nie. Tewens, die Vrystaatse militêre hoofleier se siening is deur sy burgers gedeel. Nie alleen het hierdie proklamasie en die aanbreek van die lente 'n nuwe bereidheid vir die stryd by burger en offisier aangewakker nie, maar in besonder ook by De Wet.

Die Vrystaatse magte was egter op hierdie stadium taamlik uitgedun vanweë die lang uitgerekte stryd wat sterftes, gevangeneming en hensoppers tot gevolg gehad het. Om die stryd enigsins met sukses voort te sit, was dit vir De Wet nodig om die ongewone stap te doen op 'n krygsraadvergadering op 8 Oktober 1901, om by die regering aan te beveel dat seuns vanaf veertien jaar opgekommandeer word. Die enigste vereiste was dat hulle geen liggaamsge= brek moes hê nie. Op 2 November 1901 het pres. Steyn so 'n proklamasie uit= gevaardig.[54]

---

52) Kestell: Christiaan de Wet, pp. 262 - 264: Bylaag C.

53) Ibid., p. 122.

54) De Staatscourant van den Oranjevrijstaat, Deel I, no. 3, Te Velde, 16/11/1901. (In Malan-versameling).

## VII.6 DIE GEVEG BY SPUITFONTEIN 29 NOVEMBER 1901

In November 1901 het De Wet persoonlik weer tot die oorlog toegetree as leier van 'n kommando.

Sy oogmerk was, om in die lig van Kitchener se verskroeide aarde-beleid, met 'n groter mag as die klein verdeelde kommando'tjies tot die aanval oor te gaan. Met 'n groot kommando kon hy 'n kolonne trompop loop en probeer oorrompel. Slaag hy, kon hy met een slag voedsel, klere en veral brood= nodige ammunisie van die vyand buit. Met hierdie doel voor oë het hy aan 'n aantal generaals en kommandante[55] opdrag gegee om met hulle burgers na die plaas Blydskap in die Bethlehem-distrik te gaan. Aan die begin van November 1901 kon hy 'n kommando van 700 burgers op die been bring.[56]

Die geskikte vyand van wie De Wet die nodige proviand, klere en ammunisie kon afneem, was nog nie te vinde nie alhoewel veertien Britse kolonnes ge= reed gemaak het om met mening in die Noordoos-Vrystaat die stryd te beëindig.[57] Hierdie kolonnes sou in 'n vierhoek tussen Winburg, Heilbron, Standerton en Harrismith optree - juis 'n deel waarby De Wet se aandag bepaal was. Tot= dat die geskikte vyand gevind kon word, het De Wet die verskillende kommando's opdrag gegee om binne bereik na plase te gaan. Die doel was om die perde nie op een plaas te konsentreer nie aangesien die perde genoegsame voedsel moes kry. Alhoewel dit reeds aan die begin van die somer was, was die veld nog baie swak. Dit kon dus maklik gebeur dat die groot getal perde die bietjie groenigheid wat daar was, sou afvreet indien hulle bymekaar gehou word. Deur nie op een plek met die kommando te bly nie, kon De Wet se planne ook nie verraai word nie.

---

55) Die burgers onder genls. Hattingh, Wessels en Prinsloo asook komdte. Olivier en Rautenbach van Bethlehem, komdt. Van Coller van Heilbron, komdt. Botha van Vrede, komdt. Koen van Ladybrand en Jan Celliers van Kroonstad is by hierdie opdrag betrokke (De Wet: op.cit., p. 334 en Grobler: op.cit., p. 98). Kommandant Mears was ook met 'n kommando Transvalers teenwoordig (Andriessen: op.cit., p. 462).

56) De Wet: op.cit., p. 334.

57) Sien Amery: op.cit., V, pp. 414 - 415 vir die doel met hierdie veertien kolonnes.

Sedert 6 November het die veertien kolonnes van die Britte in die genoemde vierhoek weer 'n dryfjag uitgevoer.[58] Aangesien geen kontak met De Wet self in hierdie operasie gemaak is nie, het dit aanleiding gegee tot 'n verskeidenheid van gerugte wat die wêreld ingestuur is. Dit het gewissel van gedood, gevangeneming tot die oorgawe van generaal De Wet. Die wêreld se verbasing was inderdaad groot toe De Wet op 28 November al die gerugte nog eens onwaar laat blyk het.

Op dié dag het De Wet, wat nog steeds in die nabyheid van Blijdskap was waar die dag 'n krygsraadvergadering gehou is,[59] naamlik van genl. Hattingh berig gekry dat 'n Britse kolonne onder kol. Wilson[60] weer jag gemaak het op 'n vrouelaer in die rigting van juis Blijdskap. Aangesien Hattingh in geselskap van komdt. Cilliers en 100 burgers ietwat te ver van die Britte was om die vrouelaer betyds te red en ook te klein was, het hy hulp van genl. De Wet gevra. Die spoed waarmee opgetree moes word, het verhoed dat De Wet sy groot kommando betyds byeen kon bring. Hy het gevolglik met slegs sowat 100 man vir Hattingh te hulp gesnel en aan die ander offisiere laat weet om afsonderlik ook dadelik te kom.

Toe genl. De Wet, met genl. Wessels en komdt. Hermanus Botha by Hattingh kom, was laasgenoemde reeds geruime tyd in botsing met die vyand en was hy juis besig om vanweë die oormag terug te val.[61] Versterk deur van sy ander offisiere wat intussen vanuit al vier windrigtings om die vyand ver=samel het, het De Wet die bevel oorgeneem. Hy het besluit om die terugval nie te laat voortgaan nie maar om die vyand se agterhoede onder maj. Bennett aan te val. Hierdie agterhoede is omsingel, maar vanweë die ongelyke gevegs=

---

58) Dit was 'n goedbeplande dryfjag wat met die nodige noukeurigheid uitge=voer is. Sien Amery: op.cit., V, pp. 415 - 417. Volgens die bron sou vier-en-dertig Boere gesneuwel het en ses-en-tagtig gevang wees. 10 000 beeste en 200 waens word aangegee as gebuit.

59) Ibid., V, p. 418. Die krygsraadvergadering was op die plaas Spuitfontein, sowat agt kilometer wes van Blijdskap.

60) Wilson met 400 berede soldate en twee kanonne se eintlike taak was om cum brig.-genl. M. F. Rimington met 1 070 berede soldate, vier kanonne en 'n pom-pom 'n aanval op Spuitfontein te maak om die ganse Vrystaatse regering en De Wet te vang (Ibid., V, p. 420).

61) De Wet: op.cit., p. 335.

terrein, die hoë bulte en diep laagtes, kon die een kommando nie sien wat die ander een doen nie.[62] Noodsaaklike samewerking is hierdeur gefnuik. Tog het die probleme wat die Britse agterhoede met die Boere ondervind het, die voorhoede verplig om om te draai en te gaan help. Die vreuelaer wat so byna in Britse hande geval het, is vir die oomblik alleen gelaat. Dit het hulle die geleentheid gegee om te ontsnap, sodat die aanval minstens in hierdie opsig geslaagd was. Die aankoms van die Britse voorhoede het die geveg heftiger gemaak. Broodnodige reën wat later 'n hewige haelsterm geword het,[63] het egter 'n vroeë einde aan die onbesliste geveg gemaak.

Die vyand het tot op die plaas Victoriaspruit getrek waar De Wet gemeen het om hulle die volgende oggend aan te val. Om onverklaarbare redes het De Wet die vyand gedurende die nag nie goed laat bewaak nie, sodat hulle ongehinderd om 23h00 weggetrek het in die rigting van Heilbron.[64] Generaal De Wet was verbaas om die volgende oggend te verneem dat sy prooi hom met sy eie metodes ontglip het. Teleurgesteld kon hy egter nie wees nie, want die Engelse het, om gouer te kan beweeg, vyf gelaaide waens en 'n kar op Victoriaspruit agtergelaat. Hy moes die Britte waarskynlik agternagesit het, want by Karoospruit is nog 'n groot hoeveelheid proviand waaronder meel, saad, bokseile en tente gevind.[65] Sonder om die oggend (30 November) te veg, het 'n hoeveelheid benodigdhede dus ongevraagd in die Boere se hande geval. Dis in elk geval te betwyfel of De Wet soveel sou kry, indien hy daarvoor moes veg.[66]

Tevrede met sy "onverdiende" buit, het De Wet die agtervolging laat staak en na Lindley vertrek om so lank as moontlik daar te bly sodat die perde se kondisie kon verbeter. Die veld was hier pragtig maar ongelukkig het 'n

---

62) Ibid.

63) Amery: op.cit., V, p. 420 en De Wet: op.cit., p. 335.

64) Amery: op.cit., V, pp. 420 en 421 en De Wet: op.cit., p. 336.

65) De Wet: op.cit., p. 336.

66) Rimington se mag was sowat 2 000 man sterk, teenoor De Wet se 800, Rimington het ook oor die dienste van heelparty kanonne beskik en De Wet oor die twyfelagtige diens van een pom-pom. Amery: op.cit., V, p. 421 beskryf Rimington se kolonne as "one of the best in the field". Om hierdie redes is dit onverstaanbaar waarom Rimington nie met De Wet wou swaarde kruis nie.

onbekende siekte onder die diere uitgebreek, sodat hulle toestand nie veel verbeter het nie.[67]

Generaal De Wet, wat kennis gedra het van genl. J. C. Smuts se vordering in die Kaapkolonie, het nou vir komdt. Johannes Meyer en veertig man daarheen gestuur om te gaan doen wat hy self nooit kon regkry nie, naamlik om 'n sterk kommando op die been te bring.[68] Tewens, 'n plan om persoonlik weer 'n in= val in die Kolonie te maak, was steeds sterk by De Wet aanwesig. Aangesien die vyand hom by wyse van dryfjagte[69] op sy persoon so besig gehou is, het daar nooit iets konkreet van die plan gekom nie.

De Wet was vas van plan om in Lindley te vertoef totdat die geleentheid hom voordoen om met 'n sekere kapt. Bergh, 'n National Scout by die kolonne van kol. J. S. Barker af te reken omdat hy enkele maande tevore by Doornberg "..vier burgers gruwelijk vermoord"..[70] het.

## VII.7 QUAGGAFONTEIN : 8 DESEMBER 1901

Op 8 Desember het die geleentheid om met Bergh af te reken gekom toe verskeie Britse kolonnes waaronder die van Barker 'n verdere tog onderneem het met die doel om die Boere tussen hulle in 'n "kamp" vas te keer.[71] De Wet was bewus van die Britse beweging en het gevolglik die kolonnes wat uit Kroonstad onderweg was, noordwes van Lindley gaan voorlê. Op Quaggafontein aan die Valsrivier het hy op 8 Desember met sy nou reeds bekende opponent, genl. Broadwood, kragte gemeet. De Wet met sy 800 burgers was nie baie geneë om ammunisie op Broadwood te ge= bruik nie, want dit moes vir Barker se kolonne gespaar word. Ook Broadwood was nie baie lus vir 'n geveg nie, want toe Byng hom tot hulp kom sodat De Wet in die rigting van Bethlehem die wyk geneem het, het hy hom ook nie agtervolg nie.[72]

---

67) De Wet: op.cit., p. 337.

68) Ibid.

69) Sien pp. 229 - 236 hieronder.

70) De Wet: op.cit., p. 337.

71) Vir plan, opset en terrein wat betrek is, sien Amery: op.cit., V, pp. 421 - 422.

72) Ibid.

Op Kaffirkop, dertig kilometer noordwes van Bethlehem, het De Wet halt geroep, sy burgers na die omliggende plase laat versprei en op nuus gewag van Barker daar hy geweet het dat hy hom wel sou ontmoet.[73)]

Toe De Wet se teenwoordigheid op Kaffirkop bekend geword het, het Kitchener die nuus aangegryp. De Wet moes omsingel en gevang word. Vir hierdie doel moes genl. Elliot die bevel voer oor drie kolonnes[74)] wat met dagbreek op 17 Desember vanuit die noorde en suidweste die kop moes nader. Die kolonne vanuit die suidweste was die verwagte Winburgse mag onder Barker. Elliot het Kitchener se opdrag uitgevoer en die kop sonder teenstand inge= neem. Die rede: De Wet se plan was om kol. Barker en sy National Scouts-groep onder Bergh af te maai, maar vir 'n verenigde drie kolonnes het hy nie kans gesien nie. Aangesien hy deur middel van sy verkenners bewus was van die aanmars in sy rigting het hy betyds padgegee. Toe Elliot dus Kaffirkop op 17 Desember inneem, was daar geen De Wet of 'n enkele burger om te vang nie!

Omdat Elliot glad nie geweet het waar om na De Wet te gaan soek nie, het die drie kolonnes op 18 Desember onverrigtersake terug vertrek na hulle onder= skeie basisse.

## VII.8 TIERKLOOF, 18 DESEMBER 1901: 'N MISLUKKING

De Wet het hom die oggend van 18 Desember op die Langberg bevind. Hierdie bergreeks loop feitlik parallel met die pad vanaf Bethlehem na Harrismith tot by Tierkloofspruit. Hierdie pad wat die twee regimente van die Imperial Light Horse onder bevel van genl. Dartnell[75)] weer terug na Harrismith sou volg, gaan juis deur die Tierkloofspruit. Die kloof, soos tewens die hele Langberg, het uitstekende skuilplek gebied. Aangesien Dartnell en De Wet van

---

73) Die rede vir De Wet se sekerheid, was dat hy geweet het dat Barker uit Winburg, gewoonlik met die magte uit Kroonstad saamwerk (De Wet: op.cit., p. 337).

74) Die drie kolonnes was die van Elliot vanaf Kroonstad, Dartnell vanaf Harrismith en Barker vanaf Winburg (Amery: op.cit., V, pp. 427-428).

75) Dartnell se mag was omtrent 1 200 man sterk. Hy het ook twee kanonne en twee pom-poms gehad. Net voordat hy Bethlehem die oggend van 18 Des. verlaat het, het genl. Barrington Campbell in dié dorp aangekom (Amery: op.cit., V, p. 426).

mekaar geweet het, is die nodige voorsorg getref. Dartnell het Bethlehem verlaat met die belofte van Campbell dat hy hulp uit die genoemde dorp kan verwag,[76] terwyl De Wet sy kommando in twee verdeel het: 250 burgers is sowat 25 km van Bethlehem aan die oostelike deel van die Langberg geplaas en die res in die uitstekende stellings in die Tierkloof by die spruit,[77] onder leiding van genl. A. M. Prinsloo.[78] Die doel met die burgers op die oostelike deel was om Dartnell se agterhoede en regterflank aan te val, ter= wyl die in die kloof 'n frontaanval moes maak. Die teken om met die gesament= like aanval te begin sou deur De Wet gegee word deur 'n skoot uit sy enigste kanon, wat hy saam met hom aan die oostekant van Tierkloof op 'n koppie ver= steek het.[79]

Die voorhoede van Dartnell was baie verbaas toe die skoot uit die kanon ver bo hulle stof opskop die oomblik toe hulle Tierkloof bereik.[80] Alle twyfel oor wie vir die skoot verantwoordelik was, is egter gou uit die weg geruim toe die burgers met die frontaanval begin. Aanvanklik het De Wet se fyn taktiek uitstekend gewerk in die hewige geveg wat gevolg het, aangesien die vyand die burgers in hulle goeie stellings nie kon sien en dus nie onder skoot kon kry nie. Toe De Wet egter besef dat die burgers op die front dit nie meer lank ongesiens sou kon uithou nie, het hy op sy perd gespring om van die agterste burgers onder kapt. Muller na die front te laat kom.[81] Toe hy by die agterste burgers kom, moes hy tot sy bittere teleurstelling ontdek dat slegs 'n klein gedeelte verwoed veg. Die res het hulle skuil gehou.

---

76) Van 'n burger wat homself oorgegee het, het die twee Britse offisiere verneem dat De Wet op Dartnell wag. Presies waar De Wet hom bevind het, het hulle egter nie geweet nie. Om 'n onverklaarbare rede het Dartnell en Campbell nie hulle kragte verenig nie, maar het Campbell belowe om tot op 'n punt agt kilometer van die dorp te gaan en daar te wag totdat Dartnell aangeval word, waarna Campbell sou kom help. Vgl. Ibid., p. 429 en G. F. Gibson: The Story of the Imperial Light Horse in the South African war, G.D., 1937, pp. 312 en 313.

77) De Wet: op.cit., p. 338.

78) Grobler: op.cit., p. 98.

79) Ibid.

80) Gibson: op.cit., p. 313.

81) De Wet: op.cit., p. 338.

Soos so dikwels in die verlede moes hy met sy eie burgers tydens 'n veld=slag "veg" om hulle, en nie die vyand nie, uit hulle skuilplek te kry.[82] Die handjievol burgers op die agterhoede wat vir sowat twintig minute in 'n hewige handgemeen-geveg[83] betrokke was sowel as die burgers op die front moes egter later die stryd gewonne gee en die wyk neem.[84]

Hierdie aanval het 'n tipiese De Wet-kleur gehad: gegrond op die verrassings=element, baie goed beplan maar ongelukkig swak uitgevoer omdat van die burgers op 'n kritieke stadium van die geveg kleinkoppie gemaak het.[85] 'n Ander tipiese De Wet-kenmerk uit die guerrillaoorlogvoering wat ook hier merkbaar is, is dat De Wet nooit sy mislukking dadelik met 'n sukses probeer opvolg het nie. Hy het gewoonlik eers weggetrek na 'n veilige en beskutte plek, sy burgers weer met moed besiel, sy volgende prooi goed laat verken, planne beraam en eers dan weer met 'n verrassingsaanval gekom waarmee hy probeer het om die vorige mislukking heeltemal uit te wis.

Na die geveg het die burgers suid van Langberg byeengekom, waar vasgestel is dat twee burgers gedood en nege gewond was.[86] Die vyand het na Harrismith voortgetrek.[87]

---

82) Ibid.

83) Gibson: op.cit., p. 314. Hiervolgens was Boer en Brit op die agterhoede so handgemeen dat die offisiere nie geweet het presies wie vriend of wie vyand was nie. Dit klink aanvaarbaar as onthou word dat die meeste burgers op hierdie stadium ook Britse klere van soldate wat uitgeskud was, gedra het.

84) Gibson: op.cit., p. 315 ontken dat versterkings Dartnell te hulp gekom het, soos Amery: op.cit., V, p. 431, beweer.

85) Gibson; op.cit., p. 316 beweer myns insiens verkeerdelik dat die mislukking primêr nie te wyte was aan burgers wat nie meegestorm het nie,maar die mis=lukking van De Wet se plan toegeskryf word aan die feit dat "every man in the I. L. H. had been schooled in how to meet just such an attack ...." Dit was 'n faktor in De Wet se mislukking maar nie primêr nie.

86) De Wet: op.cit., p. 339.

87) Soos die ander Britse offisiere het Dartnell ook geweet dat dit hom nie sou baat om De Wet te agtervolg nie. Die skermutseling met die Boere was skaars afgehandel of die bevel om die aanmars na Harrismith voort te sit, het gekom. Toe hy by die Elandsrivierbrug gekom het, het hy aan Kitchener laat weet om hom heelwat te versterk ten einde suksesvol teen De Wet op te trek. Dit is geweier sodat die kolonne ontbind het en die twee regimente daarna afsonderlik opgetree het (Gibson: op.cit., p. 316.).

## VII.9 GROENKOP,[88] 25 DESEMBER 1901: 'N REUSE SUKSES

Generaal Christiaan de Wet was nou vasbeslote dat sy volgende botsing vir hom heelwat in die sak moet bring. Hy was sekerlik nog meer vasberade ná die nuus dat genl. J. N. Wessel Wessels op 20 Desember daarin geslaag het om by Tafelkop tussen Frankfort en Vrede die kolonne van kol. Damant feitlik heeltemal te vernietig.[89]

In die gedeelte van die Vrystaat waar De Wet hom vir die volgende drie weke ná 18 Desember onaktief gehou het, was genl. Rundle druk besig met die voltooiing van drie verskillende blokhuislinies.[90] Nie ver van De Wet af nie was die Britte juis besig met die bykans 250 km blokhuislinie vanaf Kroonstad oor Bethlehem na Harrismith. Die linie is van beide eindpunte af begin bou: vanaf Harrismith het die kolonne gevorder tot Elandsrivier=brug, sowat dertig kilometer van Harrismith waar die bevelvoerder, kol. Firman[91] sy goed verskanste kamp gehad het.

Dit was juis hierdie kolonne se bewegings wat daagliks met arendsoë deur De Wet se verkenners dopgehou is. Die nuus wat hulle gebring het, was dat die kamp nooit stormenderhand ingeneem kon word nie. Generaal De Wet het ook besef dat die vyand nie maklik hulle veilige setel sou verlaat solank hy in die nabyheid is nie. Met 'n plan soortgelyk aan die een waarmee hy die vyand verwar en die Kolonie binnegetrek het,[92] het hy die Britte 'n rat voor die oë gedraai: komdt. Jan Jacobsz is met vyftig man vanaf Witsies=hoek ontbied. Toe Jacobsz by hom kom, het hy hom in sy geheim ingelaat naam=lik om die kolonne gerus te stel sodat hulle hulle posisie kon verlaat en sodoende aan De Wet die geleentheid bied om 'n aanval te doen teen kerstyd wanneer die Britte dit allermins sou verwag. Vir die doel moes Jacobsz ten aanskoue van die vyand terugtrek na Witsieshoek. Met voorbedagte rade moes van sy veldkornette by die statte in die nabyheid van die kamp aanry en ver=tel dat De Wet die kommando teruggestuur het daar hy op die punt was om met

---

88) Sien kaart 10. p. 300 hieronder.

89) Vir 'n verslag oor hierdie geveg sien Amery: op.cit., V, pp. 423-427.

90) Amery: op.cit., V, p. 432.

91) Gedurende die tweede week van Des. het Firman met vakansie vertrek, waar=na die bevel oorgeneem is deur maj. Williams (Ibid., p. 433).

92) Vergelyk p. 199 hierbo.

sy eie kommando na Winburg te vertrek.[93] Hy het goed geweet dat die Bantoes die welkome nuus aan die Britte sou oordra, want hulle was nou reeds goeie bondgenote. Verder moes Jacobsz sorg dat hy weer op 24 Desember sonder om gesien te word, by De Wet aansluit. Om sy plan te laat slaag en om hom verder te versterk, het De Wet ook vir veldkornet Beukes met vyftig man vanaf Wilgerivier, distrik Harrismith ontbied.

Die Britte moes beslis die nuus van De Wet se vertrek geglo het, anders sou hulle nie hulle kamp op 21 Desember verlaat en sowat een-en-twintig kilometer verder na die plaas Tweefontein beweeg het nie. Hier het hulle op 'n alleenstaande kop bekend as Groenkop[94] hulle nuwe kamp opgeslaan en voort= gegaan met die bouwerk van die blokhuislinie. Groenkop was aan die noorde= kant baie steil en die Britte het gevolglik hier geen verdedigingswerk aan= gelê nie.[95] Hierdie feit het egter nie De Wet se verkenners se waaksaam= heid ontsnap nie en hulle het dit aan De Wet oorgedra. Vir De Wet was dit dus 'n uitgemaakte saak dat hy, wat onder dergelike omstandighede reeds die steil hange van Majuba[96] en die Magaliesberg[97] uit is, sy aanval vanaf die onbeskermde noordekant sou loods. Hier moet ook gemeld word dat op 24 Desember die kolonne op Groenkop met 150 man verswak is.[98] Die manskappe is 'n entjie verder gestuur na Tradouw, terwyl genl. Rundle op dié dag ook sy hoofkwartier met 'n redelike groot mag sowat ses kilometer van Groenkop op Mooimeisiesrus, die plaas van 'n ene Dyason[99] opgerig het.

Die koms van Rundle het by De Wet enigsins twyfel gelaat watter mag nou aange= val moet word.[100] Gevolglik het hy die kamp by Mooimeisiesrus eers self gaan

---

93) De Wet: op.cit., p. 340.

94) Hierdie kop loop in die ooste geleidelik af tot in die omringende vlakte In die weste strek dit egter 'n paar honderd meter bo die terrein uit. Die noorde- en suidekante was ook steil maar minder as die weste. Skry= wer, wat die kop besoek het, kan derhalwe verstaan waarom die Britte slegs aan die oostekant 'n aantal verskansings opgerig het. Aangesien De Wet die Britte op Kersdag aangeval het, het die Boere die kop herdoop tot Krismiskop (Ibid., p. 342).

95) Amery: op.cit., V, p.435.

96) Sien p. 5 hierbo.

97) Sien pp. 157-159 hierbo.

98) Amery: op.cit., V, p. 433.

99) Sien Ibid en Grobler: op.cit., p. 100.

100) Volgens Grobler: op.cit., p. 100 wou genl. Prinsloo dat die Kommando ver= deel word sodat die Britte gelyktydig by sowel Groenkop as Mooimeisiesrus aangeval word.

verken.[101] Toe hy teen sonsondergang by die kommando terugkom, het hy egter bevel gegee dat die burgers gereed moes maak om slegs Groenkop ge= durende die nag te bestorm.[102] Met sy kommando van bykans 1 000 man sterk onder verskillende offisiere[103] is teen 23h00 in helder maanlig in 'n voelbare stilte opgeruk. Teen 02h00 op Kersdag 1901 was die groot kommando in die skadu's van die kop waar halt geroep is. Generaal De Wet het in die korp ruspouse sy offisiere bymekaar geroep en sy laaste bevele gegee.[104] Met oortuiging, dringendheid en erns moes hy hier met sy offisiere gepraat het, want nie net was 'n mooi oorwinning vir die moreel van sy burgers drin= gend noodsaaklik nie, maar die Boere se voorraad ammunisie was ook gevaarlik min. Grobler beweer dat sommige boere nie meer as drie patrone in die bando= lier aan die begin van die aanval gehad het nie.[105] Hierna is die kruin vanaf hoofsaaklik die noordelike helling bestyg, terwyl burgers ook na die oostelike helling gestuur is met die doel om die verdere verwikkelinge dop te hou.

Die aand voor Kersfees, die daarmee gepaardgaande kersvreugde, die onverwagte aanval, De Wet se luide roep om te storm[106] en die geskreeu van die Boere in die nagtelike ure het bepaald 'n uitwerking op die Britte gehad. Van die wagte het eers op sowat twee meter afstand die burgers, wat dadelik 'n dodelike vuur geopen het, gewaar. Van die voorste burgers was bo nog voor= dat baie Britte besef het wat gaande was. Geen wonder nie dat 'n groot aan= tal gedood of gewond is op die plek waar hulle gelê en slaap het. Onder die gesneuweldes was ook die aanvoerder, kol. Williams. Onder sulke omstandig= hede was daar van verset feitlik geen sprake nie en het chaos onder die Britte geheers sodat die Boere maklik die oorwinning behaal het.

---

101) De Wet het die vorige twee dae dit wil sê 22 en 23 Des. ook Groenkop so na as moontlik persoonlik verken (De Wet: op.cit., p. 342).

102) Grobler: op.cit., p. 101.

103) Vir offisiere, sien De Wet: op.cit., p. 345.

104) Grobler: op.cit., p. 102.

105) Ibid.

106) De Wet: op.cit., p. 346.

Die skitterende oorwinning by Groenkop[107] het in 'n ruim mate vergoed vir die mislukking by Tierkloof 'n week tevore.[108] Die enorme buit aan ammunisie, kos, klere, drank, waens en perde het in meer as net die onmid= dellike behoeftes van die burgers voorsien.[109] Daarby is Kitchener ook 'n gevoelige menseverlies toegedien[110] en is die voltooiing van die blok= huislinie vertraag. Aan die debietkant is De Wet se eie verliese aan burgers.[111]

Die halfhartige houding van genl. Rundle[112] by Mooimeisiesrus het hom verhoed om na Groenkop te gaan, terwyl die kolonne by Tradouw eers teen dagbreek van hulle laat hoor het by wyse van kanonskote.[113] De Wet was aanvanklik van plan om laasgenoemde kolonne te gaan oorrompel, maar was so tevrede met sy buit dat hy daarmee en met die krygsgevangenes[114] na sy

---

107) Vir meer detail oor die geveg van Groenkop, kan onder andere die vol= gende bronne geraadpleeg word: Andriessen: op.cit., pp. 465 - 468; Amery: op.cit., V, pp. 433 - 444 en Grobler: op.cit., pp. 102 - 104. Na aan= leiding van De Wet se sukses het F. W. Reitz 'n gedig geskryf wat hy De Wet's Krismis Box noem (F. W. Reitz: Oorlogs- en ander gedichten, Potch., 1910, p. 23). Tydens die geveg het ook heelwat Bantoes wat in Britse diens gestaan het, gesneuwel. Amery: op.cit., V, p. 442 beweer die meeste Bantoes, "were slaughtered in cold blood". Indien dit waar sou wees, toon dit bloot die burger se vergeldingsmaatreëls vir hierdie ge= bruik van die Britse leërleiding. Volgens Kitchener se verslag van Maart 1902 was 2 939 Kleurlinge en 7 114 Bantoes onder die wapen teen die veg= tende burgers (G. H. L. le May: British Supremacy in South Africa, Oxford, 1965, p. 101). Veral die gewapende Bantoes het hulle aan geweldige wreed= hede skuldig gemaak. In die verband hoef slegs Badenhorst: op. cit., pp. 130 - 131 (Beëdigde verklaring van W. M. en J. A. J. Cronje), W. T. Stead: Methods of Barbarism, London, 1901 (in Steyn-versameling - 156/4/1) pp. 51 - 56 en Kemp: op.cit., p. 422 (Slag van Driefontein) geraadpleeg word.

108) Sien pp. 221 - 223 hierbo.

109) Die buit was so groot dat soos in die geval van onder andere Roodewal (pp. 113 - 114 hierbo) dit wat nie weggeneem kon word nie, verbrand is.

110) Die presiese getal Britse ongevalle is moeilik vas te stel: Grobler: op. cit., p. 104 stel die Britse verliese op 70 gedood, 100 gewond en 200 ge= vang. De Wet: op.cit., p. 348 maak melding van sowat 116 dood of swaar gewond en 240 gevang, terwyl Amery: op.cit., V, p. 442 die getal vasstel op nege offisiere en nege-en-veertig manskappe gedood, ses offisiere en agt-en-veertig soldate gewond en drie offisiere en 203 soldate gevang.

111) De Wet: op.cit., p. 348 gee die verlies as veertien gedood en dertig ge= wond aan, Grobler: op.cit., p. 104, veertig gewond waarvan sestien later dood is en Amery: op.cit., V, p. 442 stem ooreen met die getalle wat deur De Wet aangegee word.

112) Sien Rundle se optrede in Amery: op.cit., V, pp. 442 - 444.

113) Ibid., p. 441.

114) Die gevangenes is altyd uitgeskud en daarna losgelaat. Hierdie krygsge= vangenes is egter saamgeneem en later na Basoetoland gestuur waar hulle losgelaat is (De Wet: op.cit., p. 350 en Grobler: op.cit., p. 105).

vroeëre posisie by die Langberg teruggekeer het.[115] Hier het hy die bevel aan genl. A. M. Prinsloo oorgelaat met die opdrag om in die rigting tussen Heilbron en Reitz te gaan en die blokhuise so veel as moontlik te verniel.[116] Hy self het na die Boere-ambulans by Wilgerrivier vertrek en was ook van plan om pres. Steyn en genl. Wessel Wessels te besoek.[117]

Toe De Wet hom na enkele dae weer by Prinsloo aansluit het hy verneem dat genl. Elliot die kommando van Prinsloo op so 'n wyse kwel dat die gebuite kanonne in gevaar was.[118] De Wet het gevolglik die kommando ontbind en elke afsonderlike afdeling na hulle eie distrikte teruggestuur. Slegs komdt. Mears met sy Transvalers is nie teruggestuur nie. Hierdie kommando is vir die veiligheid van die gebuite kanonne verantwoordelik gehou.[119]

## VII.10 DE WET WEER DIE MIDDELPUNT VAN KITCHENER SE BELANGSTELLING

Die verlies by Groenkop moes besonder pynlik vir die Britse leërleiding gewees het; vandaar Kitchener se besluit om nie alleen meer blokhuislinies aan te lê nie, maar om sy verwoestingstaktiek te verskerp. Binne enkele weke was die gebied tussen die spoorlyn na Johannesburg en die Drakensberge oortrek met blokhuislinies.[120] Om ontsnapping verder te bemoeilik is doringdraad tussen die blokhuise gespan.[121]

Die eerste weke van 1902 het daarop gedui dat alles in die werk gestel is om De Wet te vang, veral omdat, in die woorde van lord A. Milner "the way in which De Wet and the various commandos escape our men, do mischief all over the place, and prevent any approach towards a permanent administration, is most discouraging".[122] Gevolglik is sterk Britse-magte, onder bevel van sommige

115) De Wet: op.cit., p. 348.

116) Grobler: op.cit., p. 105.

117) Ibid., en De Wet: op.cit., p. 350.

118) Amery: op.cit.V, pp. 445 - 446.

119) De Wet: op.cit., p. 352.

120) Vergelyk Amery: op.cit., V, pp. 467 - 472 vir Kitchener se verskerpte strategie waaronder blokhuislinies.

121) Die boonste draad was so dik dat 'n byl gewoonlik gebruik is om dit deur te kap (Grobler: op.cit., p. 105). Aangesien die blokhuise na aan mekaar geplaas is en die Boere meestal gedurende die nag getrek het, kon die bylslae sekerlik duidelik deur die vyand gehoor word.

122) Headlam: op.cit., II, p. 203: A. Milner - Chamberlain, 6/2/1901.

van die knapste offisiere waaronder Rimington, Elliot, Byng en Rawlinson, in die noordelike deel van die Vrystaat saamgetrek om met sowat 30 000 man De Wet en sy burgers tot oorgawe te dwing,[123)] in die grootste dryfjag wat nog onderneem is. Drie pogings wat gesamentlik die derde dryfjag vorm, is aangewend.

Terwyl die Britse magte besig was om hom te versamel, het De Wet gedurende Januarie sy beoogde besoek aan pres. Steyn afgelê, die kommando's van Bethlehem, Kroonstad en Heilbron besoek en hom op Elandskop tussen Heilbron en Reitz gehou.[124)] Teen 1 Februarie het hy met kommer die sametrekking van die Britte om hom gadegeslaan en gevolglik op 2Februarie besluit om na die Winburgse distrik te verskuif.[125)]

De Wet was van plan om in Winburg so gou as moontlik 'n kommando bestaande uit die burgers van Bethlehem, Kroonstad en Winburg op die been te bring en die eerste kolonne wat hom die geleentheid bied, aan te val.[126)] Terwyl hy op die koms van die genoemde burgers gewag het, het hy die middag van 5 Februarie met onsteltenis kennis geneem dat twee kolonnes in sy rigting beweeg.[127)] Die wyse waarop hierdie dryfjag uitgevoer is, het deurkomkans vir die Boere baie gering gemaak.[128)] Dit was vir De Wet duidelik dat die kolonnes in die rigting van die Heilbron-Kroonstad-blokhuislinie en spoorlyn opereer met die doel om die burgers voor hulle op 'n hoop te jaag en dan teen die spoorlyn vas te keer.[129)]

## VII.11 DIE EERSTE DRYFJAG VAN 1902 - 'N MISLUKKING

Toe De Wet op Elandskop die berig ontvang van die aanrukkende Britte het hy

---

123) Sien Amery: op.cit., V, pp. 472-474 vir die kolonnes wat saamgetrek is met die doel om De Wet te vang en die plasing van die kolonnes.

124) Vir De Wet se bewegings gedurende Januarie 1902, raadpleeg Ibid., p. 474.

125) De Wet: op.cit., p. 352.

126) Ibid.

127) Die Britse magte wat saamgetrek is om De Wet te vang, het juis op 5 Februarie in beweging gekom.

128) Sien Amery: op.cit., V, pp. 475-478 vir die wyse waarop die dryf= jag uitgevoer is.

129) De Wet: op.cit., p. 353.

op 6 Februarie na Slangfontein, wes van Heilbron vertrek en die kommando's van komdte. Mentz, Van der Merwe, Van Coller en Bester, links en regs van hom, beveel om nog dieselfde middag op Slangfontein te versamel.[130] Die doel was om die nag van 6 Februarie deur die Britte te vleg en te ontsnap.

Nog dieselfde middag het De Wet met die burgers van komdt. Mentz en gedeeltes van komdte. Bester, Cilliers en Mears se burgers na 'n plaas ongeveer agtien kilometer van die Lindley-Kroonstad blokhuislinie gegaan en daar gewag vir die nag se donker.[131] Toe dit donker was, het De Wet die plaas verlaat met die doel om kort voor dagbreek (7 Februarie) deur die linie te breek. Gedurende die nag het hy van die gebaande weg afgewyk omdat hy vermoed het dat die vyand dit goed sou bewaak. Die donkerte van die nag, die feit dat hy veldlangs gehou het, die lang streep waarin sy burgers beweeg het en die sowat 600 beeste by hulle het De Wet se gebruiklike presiesheid ietwat in die war gestuur. Dit was die nag so donker dat eers ontdek is dat hulle teen 'n blokhuis was, nadat die doringdraad reeds geknip is.[132] Ten spyte van die erns van die Britte se voorneme om De Wet te vang was die soldate in die blokhuis skynbaar vas aan die slaap sodat De Wet en sy sowat 700 man onder dekking van die stikdonkerte veilig kon ontsnap.[133] Dit is ver= basend dat De Wet so verspot maklik kon ontsnap het as na die instruksies van onder andere Rimington gekyk word.[134] Nie eens sy burgers het besef dat hulle aan die veilige kant van die linie was nie, want toe De Wet die oggend by die Valsrivier laat afsaal, het 'n burger met beswaarde gemoed aan genl. De Wet gevra wanneer hulle by die blokhuislinie kom![135]

Die vyand was ook onbewus van Christiaan de Wet se ontsnapping want toe die

---

130) Ibid.

131) Ibid. Nie almal wat die bevel ontvang het, het opgedaag nie. Komman= dante Van der Merwe en Van Coller het self ontsnap, terwyl feitlik al die burgers van veldkornette Taljaard en Prinsloo gevang is.

132) Ibid., p. 354.

133) Die beeste het egter in die nag se donkerte afgedwaal en dit is eers met die eerste ligstrale ontdek. Onder leiding van vier Potgieters van Heilbron is toe ook met die beeste deur die linie gebars met 'n klein verlies aan beeste en 'n enkele perd (De Wet: op.cit., p. 354). In 'n koerant het De Wet later self gelees dat hy sy ontsnapping te danke gehad het aan die beeste wat die draad platgeloop het (Ibid., pp. 354-355).

134) Sien Rimington se veiligheidsmaatreëls in Amery: op.cit., V, pp. 476-477.

135) De Wet: op.cit., p. 354.

spoorlyn op 8 Februarie bereik is, het hulle tot hulle bitter teleurstelling ontdek dat die belangrikste vis uit die netwerk ontsnap het. Alhoewel die doel van hierdie dryfjag, naamlik om De Wet te vang, misluk het, is sy burger=mag met 286 burgers verminder.[136] Kitchener was sekerlik nie tevrede met hierdie getal nie as in gedagte gehou word dat die dryfjag tot in die fynste besonderheid beplan is. Vir De Wet was dit egter 'n aansienlike verlies op hierdie kritieke stadium van die stryd want hy kon nie bekostig om 'n enkele burger te verloor nie. Om te verhoed dat sy burgers in Britse hande val het hy eers tot sowat twintig kilometer suid van die blokhuislinie wegge=trek en daar vir drie dae vertoef sodat die perde wat in 'n uiters swak toe=stand was,[137] kon uitrus alvorens hy die burgers in die gevaarsone gaan haal het. Met laasgenoemde doel voor oë het hy ses burgers gestuur om te gaan uitvind waarheen die Britse kolonnes getrek het.[138] Die verkenners het laat weet dat die kommando maar kon kom aangesien die kolonnes na Kroonstad en Heilbron vertrek het.

Gedurende die nag van 10 Februarie het De Wet met die terugtog begin deur ooswaarts te trek. Toe hy by die blokhuislinie kom, het hy twee burgers voor=uitgestuur om die draad te knip.[139] Teen sy bevel het tien burgers egter gegaan. Dit was te ooglopend sodat die wagte op dié punt gekonsentreer het. In die geveg wat gevolg het, kon De Wet daarin slaag om deur te breek, maar Britte sowel as Boere waaronder 'n seun van tien jaar is gedood.[140] Aange=sien die vyand deur hierdie nagtelike skermutseling op hulle hoede gestel is, en die Boere vir wie De Wet wou gaan red, as krygsgevangenes reeds weggeneem is, het De Wet sy kommando weer ontbind en na hulle onderskeie distrikte teruggestuur. Dit is gedoen op die plaas Elandskop van Rooi Hendrik Prins=loo waarheen De Wet gegaan het deur eers suidwaarts en daarna noordwaarts te trek nadat hy die linie oorgesteek het.

Dit was moontlik om die kommando te ontbind aangesien die mislukte dryfjag

---

136) Amery: op.cit., V, p. 481. Die getal sluit dooies, gewondes en krygs=gevangenes in.

137) De Wet: op.cit., p. 355.

138) Ibid.

139) Ibid.

140) Ibid.

reeds afgelas was ten tye van De Wet se aankoms op Elandskop.[141] Dat De Wet tydens die dryfjag van sy vyand kon ontsnap, skryf hy, soos ook tydens sy veilige ontsnapping uit die Kaap,[142] aan die Hoërhand van God toe.[143]

## VII.12 DIE TWEEDE DRYFJAG

Die mislukking om De Wet met die eerste dryfjag in 1902 te vang, het Kitchener genoop om 'n tweede en nog groter dryfjag teen hom te organiseer. Die groot gebied tussen die Johannesburg-Durban-spoorlyn, die Drakensberge en 'n linie wat strek van Doringberg tot Harrismith sou nou van kommando's gesuiwer word. Aan hierdie ambisieuse dryfjag het 'n verskeidenheid van Britse offisiere met hulle kolonnes deelgeneem.[144] Aan die hand van 'n vooraf fyn uitgewerkte strategie, moes die kolonnes binne veertien dae die net nouer span totdat al die burgers teen die suidelike blokhuislinie tussen Elandsrivierbrug en Van Reenenspas op 'n hoop gejа was.

Die eerste stadium van hierdie dryfjag het op 13 Februarie 'n aanvang geneem. Sowel die aanrukkende kolonne onder genl. Elliot as genl. De Wet het deur middel van hulle onderskeie verkenners teen 16 Februarie van mekaar se teen=woordigheid geweet.[145] Elliot wou baie graag die eer gehad het om De Wet te vang en het, toe hy bewus word van De Wet, dadelik afdelings onder kols. De Lisle en Fanshawe op 17 Februarie gestuur om die Generaal te gaan vang. 'n Verkeerde plaas waar die Britte gemeen het om De Wet te vang is egter gekies want hy was nie te vinde nie en is slegs tien burgers gevang.[146] Al sou die twee afdelings ook na die regte plaas t.w. Elandskop gegaan het, sou hulle De Wet nie daar gevind het nie: toe hy van die groot getal Britte verneem het,

141) Die dryfjag is reeds op 8 Febr. beëindig (Amery: op.cit., V, p. 481), terwyl De Wet eers twee dae later met sy terugtog begin het.

142) Vergelyk p. 203 hierbo.

143) De Wet: op.cit., p. 356.

144) Sien Amery: op.cit., V, p. 482 vir Britse offisiere wat aan hierdie dryf=jag deelgehad het asook die punte vanwaar hulle met die opmars begin het. Die dryfjag is in twee stadia afgehandel.

145) Ibid.,V, p. 483 en De Wet: op.cit., p. 356.

146) Amery: op.cit., V, p. 483. As verskoning vir die "mislukking" is aan=gevoer dat De Wet hulle ontglip het deur in 'n huis te slaap. Dit is deur De Wet ten sterkste ontken (De Wet: op.cit., p. 356) omdat daar nie meer huise was om in te slaap nie en ook omdat hy in elk geval baie selde om veiligheidsmaatreëls en omdat hy soos enige van sy burgers was, nie in 'n huis geslaap het tydens die oorlog nie!

het hy dit sy plig gevoel om dadelik na pres. Steyn wat deur die spanning van die stryd las van sy oë begin ondervind het,[147] en die regering naby Reitz te gaan. Op 18 Februarie het De Wet deur Liebenbergsvlei gegaan na die plaas Rondebos, noordoos van Reitz waar hy die President en die regering ontmoet het.[148]

Toe die tweede stadium van die dryfjag op 17 Februarie weer in alle erns vanaf die verskillende punte begin is, het De Wet besluit dat dit die beste sou wees om met die President noordwaarts te beweeg. Gevolglik is die geselskap in die rigting van die veiliger Witkoppe tussen Vrede en Harris= smith. Sy plan was nou om, indien die geleentheid hom voordoen, by een van die twee dorpe deur te breek of anders tussen die twee dorpe.[149]

Die Britte wat juis in bogenoemde rigting beweeg het, het egter daagliks soveel vordering gemaak dat die net inderwaarheid nouer gespan is. Intussen het ook kommando's vanuit verskillende windrigtings by De Wet aangesluit omdat hulle nie kon deurglip nie en gevolglik op 'n hoop geja is.[150] Ook voortvlugtende vroue, kinders, ou mense, beeste, waens en karre het daagliks by die steeds groeiende getal Vrystaters rondom De Wet aangesluit. Toe De Wet op 22 Februarie besluit dat ontsnapping nie maklik sou gebeur nie, en dat 'n trompop geveg al oplossing was, was meer as 2 000 mense sy ver= antwoordelikheid. Aan die anderkant was daar sowat 30 000 Britse soldate rondom hom.[151]

Daar dit nou nie meer moontlik was om op 'n punt by die Witkoppe of Harris= smith deur te breek nie, het De Wet gedurende die nag 22/23 Februarie totna aan die Corneliusrivier getrek. Op die plaas Brakfontein is kamp opgeslaan[152] ter=

---

147) Van der Merwe: op.cit., II, p. 33.

148) De Wet: op.cit., pp. 356 - 357.

149) Ibid., p. 357.

150) Vir die verskillende kommando's wat op die wyse by die presidentskamp aangekom het, sien Amery: op.cit., V, p. 487 en De Wet: op.cit., pp. 357 en 358.

151) Amery: op.cit., V, p. 487.

152) Op Brakfontein het komdt. Jan Meyer met die helfte van die Harrismithse kommando De Wet ingehaal (De Wet: op.cit., p. 358 en Amery: op.cit., V, p. 487).

wyl verkenners die moontlikheid ondersoek het om êrens tussen Vrede en Bothaspas deur te breek.

Christiaan de Wet was skynbaar nie baie optimisties oor sy kanse nie, want verkenners het oor 'n wye front deurkomkans gesoek. Teen die aanduur het sy verkenners die nuus gebring dat daar tussen Vrede en Bothaspas nie sprake van ontsnapping was nie. Van die ander verkenners het egter die blye nuus gebring dat daar 'n geringe kans by Kalkkrans aan die Holspruit is. Dit was egter 'n vergissing, want daar was inderwaarheid nie 'n opening nie: 'n afdeling onder kol. Cox[153] het noord van die spruit en 'n afdeling van kol. Garratt[154] het suid van die spruit teen die aand van 23 Februarie posisie ingeneem. Daarby was die kolonnes van Rimington en Byng ook in die naby=heid. Op grond van sy verkenners se inligting het De Wet dit nie geweet nie en pas na sonsondergang (23 Februarie) het hy in helder maanlig na Kalk=krans opgetrek.

Algou het onder De Wet se hand orde gekom uit die "pandemonium"[155] soos genl. Hertzog die aanmars beskryf het. De Wet het nog eens gebruik ge=maak van sy beproefde metode van aanmars waarmee hy veilig uit Slabbertsnek,[156] ontsnap en die bewaakte spoorlyn op 20 Julie 1900 oorgesteek het:[157] 'n Perdekommando is vooruitgestuur,[158] daarna het die President en die Hoof=kommandant gevolg, dan die vroue, kinders en ou mans op karre, spiders en buggies en ten laaste die groot getalle vee. Links en regs van hierdie el=lange optog het kommando's getrek.

Aangesien kort-kort op die agterhoede en die vee in besonder gewag moes word, het dit lank geneem voordat deur Holspruit gegaan is. Toe die voorhoede Kalk=krans begin klim, is die vyand meteens oral bespeur. Dadelik het De Wet besef:

---

153) Hierdie afdeling was op die linkerflank van Rimington (Amery: op.cit., V, p. 488).

154) Hierdie afdeling was op die regterflank van Byng (Amery: op.cit., V, p. 488).

155) Aangehaal by Kestell: Christiaan de Wet, p. 128.

156) Sien p. 136 hierbo.

157) Sien p. 144 hierbo.

158) By hulle was ook De Wet se muilwaentjie wat hom so getrou gedien het en waarvan hy spoedig moeilik afskeid moes neem (Kestell: Christiaan de Wet, p. 130).

"wij hadden een leger voor ons".[159)]

Toe die eerste vyandelike skoot knal, het van die Boere-voorhoede gestorm, maar die agterhoede wat die meerderheid was, het omgeruk. Dit was juis laasgenoemde mense wat ongewapen was, wat móés deur. So hard as hy kon het De Wet die bevel om te storm uitgeroep en sy eie lewe in gevaar gestel deur op en af langs die linie te ry en met die hulp van sy sambok die burgers tot aksie te roep. De Wet se poging het tot gevolg gehad dat slegs sowat 250 burgers gekeer kon word. In die geharwar wat ontstaan het vanweë die feit dat die burgers na die eerste stormloop gedink het dat hulle veiligheid bereik het net om te vind dat hulle skielik van voor onder vuur gesteek word, het De Wet, sy staf en sy seun, Kotie verloor. De Wet het hom egter nie hieraan gesteur nie maar aan die veiligheid van al sy ander burgers gedink. Gevolglik het hy die beheer van die ontsnappingspoging op hom geneem deur heen en weer te jaag om burgers aan te spoor om deur te breek en bevele te gee aan diegene wat op die vyand gevuur het. Onder sy invloed en aansporing is tog gaandeweg vordering gemaak ten spyte daarvan dat die vyand nie alleen van voor geskiet het nie maar later ook van die regterkant uit loopgrawe. Na veertig minute het ongeveer 600 Vrystaters[160)] wat nie kleinkoppie ge= maak het nie daarin geslaag om deur die spervuur van die vyand te bars. Toe De Wet merk dat die Britte begin retireer, het hy twee burgers gestuur om die wat agtergebly het aan te sê om by hom aan te sluit. Toe die twee burgers en die wat agtergebly het nie terugkeer nie, het De Wet weggetrek en op 24 Februarie met sonsopkoms met sy burgers waaronder twaalf gewondes, pres. Steyn, lede van die regering en ds. Kestell op die plaas Bavaria by Bothasberg aangekom.[161)]

Op die slagveld, waarheen De Wet op 26 Februarie teruggekeer het om toe te sien dat alle dooies begrawe word,[162)] was elf wat herbegrawe is.[163)] Hy moes ook weer die dood betreur van 'n elfjarige seun. Die verlies van die vyand was veel groter[164)] ten spyte van hulle voorbereiding en beter

---

159) De Wet: op.cit., p. 359.

160) Kestell: Christiaan de Wet, p. 129.

161) De Wet: op.cit., pp. 360-361 en Kestell: Met de Boeren-Commando's, p. 209.

162) Van den Heever: op.cit., p. 136.

163) De Wet: op.cit., p. 361.

164) Sien getalle in Amery: op.cit., V, p. 490.

posisies.

Op 27 Februarie is die tweede dryfjag beëindig. Ofskoon De Wet nog eens ontsnap het, het die 778 gevangenes, vyftig gesneuweldes, 25 000 beeste en 200 waens en karre wat hy aan die Britse magte moes afstaan,[165] sy posisie in die Vrystaat nog verder verswak.

## VII.13 DIE DERDE DRYFJAG

Lord Kitchener was baie ontevrede dat die tweede dryfjag nie De Wet vasge= trek het nie. Op 4 Maart het hy met 'n nuwe dryfjag begin. Daardeur moes De Wet, Steyn en die oorblywende kommando's in die Noord-Vrystaat vasgedruk word teen die blokhuislinie langs die Johannesburg-spoorlyn. Hierdie poging was egter 'n volkome mislukking want op 5 Maart het Steyn en De Wet hulle uit die deel verwyder en na die westelike deel van die Vrystaat gegaan. Die kommando's wat wel in die pad van die dryfjag was, het ook betreklik maklik uit die kraal ontvlug.[166]

Toe die dryfjag op 11 Maart beëindig is, het die stryd in die Vrystaat ook tot 'n einde gekom, want genl. De la Rey in die Wes-Transvaal het hou al lord Kitchener se aandag vereis.[167]

## VII.14 DE WET VERLAAT DIE NOORD-VRYSTAAT

Die mislukking van die derde dryfjag moet toegeskryf word aan die feit dat De Wet hom deur genl. Hertzog laat ompraat het om na die westelike gebiede van die Vrystaat te gaan.[168] As rede het Hertzog pres. Steyn se siekte= toestand aangevoer, asook dat die burgers in die weste die Hoofkommandant se teenwoordigheid baie nodig gehad het. Dit is wel waar dat De Wet hom

---

165) Ibid., V, p. 491.

166) Raadpleeg Ibid., V, pp. 491 - 494 vir detail oor die mislukte derde dryfjag.

167) Oosthuizen: op.cit., hoofstuk 15.

168) Van den Heever: op.cit., p. 137.

sedert die val van Kroonstad hoofsaaklik, met uitsondering van sy togte na Transvaal en Kaapland in die noordelike Vrystaat bevind het. Hierdie deel kon derhalwe met reg beskou word as die eintlike slagveld in die Vrystaat. Die verwoestingsbeleid van Brittanje is ook hier die ergste gevoel. Indien die Vrystaatse militêre en politieke leiers uit die ge= bied was, sou dit gevolglik aan die distrikte Bethlehem, Harrismith, Heil= bron en Vrede 'n allernoodsaaklike ruskansie gun.

Dat Christiaan de Wet, die onversetlike man, wat nooit 'n oomblik geken het wanneer hy nie dadelik geweet het wat hy moet doen nie,[169] so maklik tot Hertzog se plan toegestem het, het almal verbaas. Sy woorde: "Nou dan laat ek die saak in julle hande: Besluit julle"[170] vertel baie meer as wat oppervlakkig lyk.

Die geveg-tot-die-einde-sodat-Brittanje-alles-kan-besit-beleid van Chamber= lain, Milner en Kitchener en dit wat dit veral sedert Junie 1901 meege= bring het, die onwilligheid van sy burgers in krisistye en die eerste twee dryfjagte se geweldige spanning het ongetwyfeld van De Wet 'n moedelose en lewensmoeë leier gemaak. Gedurende die nag van 5 Maart is gevolglik na die westelike deel van die Vrystaat vertrek. Die aanwesiges was dankbaar en gerusgestel dat De Wet die bevel gevoer het. Sonder enige ongevalle, maar nie sonder skote uit die vryandelike gewere nie, is Parys op 8 Maart bereik.[171] Aangesien pres. Steyn nou besluit het dat hy liewer na genl. De la Rey in Wes-Transvaal moes gaan,[172] het De Wet besluit om die reis te onderbreek en die President eers veilig by De la Rey te besorg.

Deur 'n "allergruwelikste"[173] drif is die Vaalrivier op 16 Maart oorgesteek. Op 17 Maart het De la Rey en 'n kommando sy geëerde gaste op Zendelingsfontein

---

169) Kestell: Christiaan de Wet, p. 131.

170) Ibid.

171) Sien Van den Heever: op.cit., p. 138.

172) Daar is volgens Kestell: Christiaan de Wet, p. 132 verskeie redes vir Steyn se besluit. Die belangrikste was dat hy dringend geneeskundige behandeling vir sy oë moes ontvang en omdat hy ook met De la Rey die moontlikheid wou bespreek om 'n gesant na Europa te stuur.

173) Kestell: Christiaan de Wet, p. 133. Die drif waarvan hier sprake is, is waarskynlik die ou Kommandodrif. Sien De Wet: op.cit., p. 366 en Van den Heever: op.cit., p. 139.

tegemoet gery en sy gaste daarna na sy laer vergesel. In die laer het De Wet in 'n toespraak onder andere van sy ontkomings en probleme vertel en dit duidelik gestel dat hy ten spyte hiervan steeds die stryd gaan voortsit tot 'n uiteindelike oorwinning behaal is.[174)]

Dit wys dus dat ofskoon die vlam by De Wet nie so hoog gebrand het nie, dit nog geensins uitgedoof was nie. Die tydjie weg van die Noord-Vrystaat het hom ook goed gedoen want na 'n verblyf van drie gelukkige dae by die inspirerende De la Rey het hy besield sy reis voortgesit na die Wes-Vrystaat. Besiel met nuwe planne het hy op 20 Maart vertrek om genls. Badenhorst en Nieuwoudt by Boshof bymekaar te kry en om dan van die eerste geleentheid gebruik te maak om die vyand weer aan te durf.[175)] Van hierdie mooi planne het egter niks gekom nie.[176)] Voordat dit kon realiseer, is De Wet weg=geroep na Klerksdorp waar die samesprekings begin het wat uitgeloop het op die Vrede van Vereeniging.

## VII.15 OPSOMMEND

Die jaar 1901 het vir die Vrystaat sleg begin en nog slegter geëindig. Die rampspoed is in die eerste kwart van 1902 voortgesit. Dit was die gevolg van Kitchener se onverbiddelike beleid van verskroeide aarde, konsentrasie=kampe, blokhuise, dryfjagte, National Scouts en selfs gebruikmaking van ge=kleurde hulp. Hierdie beleid was sy antwoord op die Boere se volgehoue verset wat uiting gevind het in 'n guerrilla-oorlogvoering.

In die Vrystaat en in besonder die Noord-Vrystaat was die Britse strategie gemik teen die persoon van Christiaan de Wet, as hoof van die Vrystaatse guerrillakommando's.

---

174) Oosthuizen; op.cit., p. 587.

175) Sien De Wet: op.cit., pp. 366 en 368 en J. F. Naude: Vechten en Vluch=ten van Beyers en Kemp bôkant de Wet, Rotterdam, 1903, pp. 337 - 339.

176) De Wet het wel op 25 Maart vir genl. Badenhorst by Gannapan ontmoet. Voordat genl. Nieuwoudt hom egter by hulle kon aansluit, het De Wet na Klerksdorp vertrek.

Lord Kitchener het al die verwoesting probeer regverdig met 'n ondermynende proklamasie op 7 Augustus 1901.[177] Hierin het hy die offisiere en burgers gedreig met 'n lewenslange verbanning uit Suid-Afrika, verhaling van onkoste met betrekking tot die onderhoud van hulle gesinne en die verkoop van besit= tings. De Wet en sy offisiere se standpunt was, met betrekking tot die pro= klamasie "bangmaak is nog niet doodmaak"[178] en verklaar Kestell: "Ons volk bleef standvastig".[179]

Dit is egter nie heeltemal waar met betrekking tot die standvastigheid nie, want baie burgers het deur die loop van 1901 en veral tydens die eerste twee dryfjagte van 1902 in krisistye hulle standvastigheid verloor en in Britse hande geval. Geïnspireer deur De Wet en selfs onder dwang van sy sambok het groot getalle wat rondom hom versamel was, tog deur die haas on= deurdringbare blokhuislinies geglip. Dit het aan De Wet geweldige roem be= sorg en hy is deur sy eie sowel as vreemde mense bestempel as 'n onverskrokke krygsman en "as guerrilla-leier(wat) geen weerga gehad het nie".[180]

Christiaan de Wet was die breinkrag agter die offisiere se optrede met hulle guerilla kommando's en as sodanig was hy 'n uitmuntende guerrilla-leier. Se= dert sy terugkeer uit die Kolonie was die kommando wat hy by hom gehad het, egter nie 'n guerrilla-kommando nie. Dit was, met die uitsondering van die geveg by Graspan op 6 Junie 1901[181] altyd 'n samestelling van sodanige kommando's. Hierdie groot kommando wat vir die doel van 'n bepaalde De Wet-plan versamel was, het ook in geen opsig 'n tipiese guerrilla-aksie uitgevoer nie.

Die aksies van sy onder-offisiere en van sy eie was in 1901-1902 'n eerlike poging om die stryd te beëindig. Ongelukkig was die oormag van die vyand veel sterker, sodat die Vrystaat in besonder, gevoelig getref is. Die strategie

---

177) Sien De Wet: op.cit., pp. 314 - 316.

178) Ibid., p. 316.

179) Kestell: Met de Boeren-Commando's, pp. 195 - 196.

180) G. D. Scholtz: Die Tweede Vryheidsoorlog, Johannesburg, 1960, p. 129.

181) Sien pp. 213 - 215 hierbo.

van die vyand en dit wat dit ingehou het, het vir De Wet beslis in die hart geruk. Dit het hom moedeloos, maar nie moedverlore gemaak nie.

Die verlies aan mense, huise, voedsel, en selfs ou vriende het hy gesien as die prys wat betaal moet word vir die behoud van onafhanklikheid.

Geen wonder dat elke vredespoging tydens die stryd en die Vrede van Vereeniging nie sy steun geniet het nie, want dit het nie sy land en sy mense se vryheid gewaarborg nie.

# HOOFSTUK VIII

## VREDESONDERHANDELINGE

*"When Peace dawns over the country side,*
*Our thanks shall be to the men who died,*
*Oh! quiet hearts! can they hear us tell*
*How Peace was won by the men who fell?*
St. James Gazette.[1]

Die finale vredesluiting op 31 Mei 1902 in Pretoria was die resultaat van 'n reeks vredespogings. Alle vorige vredespogings het misluk omdat die militêre situasie 'n politieke vredesluiting nog nie regverdig het nie. 'n Vredes= sluiting was ook slegs moontlik indien beide Republieke daartoe bereid was. Die inisiatief vir 'n vrede het, soos aangetoon sal word, telkens van Trans= vaal gekom. Die rede is eenvoudig: 'n vrede sonder die verlies van die twee Republieke se onafhanklikheid was nie moontlik nie. Die Vrystaters onder invloed van die militêr De Wet en die staatsman Steyn,was nie bereid om hulle vryheid prys te gee nie en is gevolglik deur hierdie twee persone aangespoor om vrede met die daad op die slagveld en nie met die woord in 'n konferensiekamer nie af te dwing. Eersgenoemde geval sou vrede met behoud van onafhanklikheid beteken. Laasgenoemde geval was eers moontlik to genl. Christiaan de Wet oortuig is dat die militêre situasie van so 'n aard was dat die voortsetting van die stryd sinloos sou wees. Aangesien genl. De Wet so nou betrokke was by die verskillende vredespogings, is dit nodig om sy invloed in hierdie verband na te gaan.

### VIII.1 DIE EERSTE VREDESPOGING

Brittanje was die mening toegedaan dat indien hy op die wesgrens kon deurbreek, agtereenvolgens Kimberley ontset, Bloemfontein inneem en daarna Pretoria laat val die oorlog beëindig sou wees. Dit was nie die geval nie. Brittanje was wel verras en die twee Republieke ontnugter toe Cronje so maklik by Paarde= berg oorgegee het.[2] Beide presidente Steyn en Kruger het die erns van die situasie na die oorgawe van Cronje besef. Kruger het op 3 Maart van die

---

1) Aangehaal op titelblad by M. G. Dooner: The Last Post, London, 1903.

2) Sien pp 49-55 hierbo.

Natalse front teruggekeer waar hy onder andere by Glencoe die burgers toegespreek en aangemoedig het om in die stryd te volhard.[3] Dieselfde dag het Kruger egter 'n telegram van genl. Piet Joubert ontvang[4] waarin eersgenoemde dringend versoek word om vrede te sluit gesien in die lig van Cronje se oorgawe en die ontstellende neerlaag aan die Tugela. Kruger het hom vanaf Pretoria na Bloemfontein gehaas om die telegrafiese versoek van Joubert op 5 Maart met pres. Steyn te bespreek. Die besluit was egter om eerder versterkings van oral te ontbied om die inname van Bloemfontein te verhinder. Kruger wou egter nie sy Kommandant-generaal se pleidooi, naamlik "dat de beide presidenten nu alles moeten doen voor ons een uitweg uit dezen ongelukkigen oorlog te vinden"[5] verwerp nie, en het by Steyn aangedring dat daar tog met lord Salisbury onderhandel moet word.

President Steyn het ingewillig op voorwaarde dat die onafhanklikheid nie prysgegee word nie, omdat die oorlog onderneem is bloot as 'n defensiewe maatreël om die bedreigde onafhanklikheid van die Zuid-Afrikaansche Republiek te handhaaf. Indien Brittanje egter die volle oorgawe eis, was daar vir Steyn geen ander uitweg as om op die weg wat ingeslaan is, te volhard tot die einde.[6] Hy het derhalwe 'n telegram namens die twee Republieke voorberei wat op 5 Maart aan Salisbury gestuur is waarin gevra word dat die vrede asook die status quo herstel word.

Alhoewel De Wet hier die enigste keer nie 'n aandeel aan die samesprekings tussen die twee Republieke gehad het nie, was Steyn se standpunt ook De Wet se standpunt vanaf die begin van die oorlog tot op die vooraand van die finale ondertekening van die vrede. Dit is net logies dat De Wet en Kruger oor die inhoud van Steyn se telegram sou praat toe Kruger die oggend van 7 Maart by De Wet se hooflaer by Poplar Grove aangekom het.[7]

---

3) H. C. Bredell en P. Grobler: Gedenkskrifte van Paul Kruger, Pretoria, 1947, p. 170.

4) Leyds-argief 718: Telegram K.G. - Staatspresident, 3/3/1900.

5) Ibid.: Telegram K.G.- Staatsekretaris, 5/3/1900.

6) Leyds, Correspondentie II, Deel II; Dordrecht, 1919. Bylaag QQ, II, pp. 176 - 177; C. Beyers: Laaste Jare en Heengaan van President Kruger, Argiefjaarboek vir S. A. Geskiedenis, Deel I, 1941, pp. 22-23; W. J. de Kock; Pres. Marthinus Theunis Steyn, Die Siel van die Vryheidstryd. (in Gedenkboek van die Tweede Vryheidsoorlog,) p. 245; De Volksstem, 10/3/1900.

7) Sien p. 56 hierbo.

Op 9 Maart, terwyl die antwoord van Salisbury afgewag is, is al die konsuls van vreemde moondhede versoek om by hulle regerings aan te dring om Brittanje te beweeg om die vrede te herstel.[8)] Dit het misluk. Op 11 Maart is Salisbury se antwoord ontvang. Hy het die vredespoging afgewys vanweë Brittanje se sterk militêre posisie op daardie stadium. Die skuld vir die oorlog is ook op die Republieke geplaas.[9)] Die stryd het voortgeduur en F. W. Reitz en J. C. Smuts het aan Kruger voorgestel om 'n vertroude persoon na Frankryk en Rusland te stuur om hulp vir die Boere te kry.[10)] Later is besluit om liewer 'n vredesdeputasie oorsee te stuur.[11)] Dit het bestaan uit: A. D. W. Wolmarans (Z.A.R.), C. H. Wessels (O.V.S.) en Abraham Fischer as leier.[12)] Die vertrek van Wessels, wat voorsitter was van die Vrystaatse Volksraad asook Fischer pas voor die inname van Bloemfontein, het 'n politieke leemte gelaat wat grootliks deur De Wet na 13 Maart gevul is.

Al was Engeland se oogmerk, soos uit Salisbury se antwoord blyk, dus een van absolute oorwinning sodat selfs versterkings uit sy kolonies soos Australië, Nieu-Seeland, Kanada, Indië, Tasmanië en Hong-Kong[13)] gebring is, was Steyn en De Wet nie van plan om die Vrystaat se vryheid prys te gee nie. Dit het 'n beduidende invloed op alle verdere vredespogings gehad.

---

8) Leyds: Correspondentie II, Deel II, Bijlage QQ, IV, pp. 179 -180: Depêche Staatspresidente - Konsulere verteenwoordigers: Amerika, België, Duitsland, Frankryk, Italië, Nederland, Oostenryk, Rusland en Switserland.

9) Ibid., Bijlage QQ, V, pp. 180 - 181: tel. Salisbury - Staatspresidente, 11/3/1900 asook De Volksstem (Buitengewone uitgawe), 13/3/1900.

10) Leyds: Correspondentie II, Deel II, Bylaag QQ, V, pp. 180 - 181: Salisbury - Staatspresidente, 11/3/1900.

11) Vir besonderhede oor die werk van hierdie deputasie raadpleeg o.a.: D. S. Jacobs: Abraham Fischer in sy tydperk (1850-1913). (Argiefjaarboek, Deel 2, 1965, pp. 300 - 321).

12) Leyds: Correspondentie II, Deel II, Bylaag QQ, III, pp. 178-179: Staatsekre. Reintz - Pres. Kruger, 7/3/1900 en Bredell & Grobler: op.cit., p. 171.

13) Headlam: op.cit., II, p. 142: Milner - Chamberlain, 9/5/1900.

## VIII.2 DIE PRETORIASE VREDESPOGING

Nadat lord Roberts Bloemfontein op 13 Maart 1900[14] ingeneem en weer op 3 Mei 1900[5] verlaat het, was sy volgende oogmerk om die Transvaalse hoof=stad in te neem om sodoende die oorlog te beëindig. Op sy aanmars na die noorde het die militêre situasie ten goede vir die Boere verander[16] sodat Steyn vir Kruger van sy steeds gekoesterde vredesplanne kon laat afsien.[17] Op 5 Junie 1900 is die Transvaalse hoofstad veel makliker ingeneem as wat die geval met Bloemfontein was omdat De Wet in laasgenoemde geval minstens 'n verdedigingspoging aangewend het. Alhoewel Pretoria daarna in Britse hande was en dit geskyn het of Piet Joubert se opvolger, naamlik Louis Botha bereid was om vrede te maak,[18] was die oorlog nog geensins oor nie. Dit was die hernieude optredes van genl. Koos de la Rey in Wes-Transvaal en veral die van genl. Christiaan de Wet in die Vrystaat was Roberts onrustig gestem het.[19] Nogtans was Roberts hoopvol dat genl. Botha se bereidwil=ligheid tot vrede op iets positiefs kon uitloop sonder 'n kompromis wat Brittanje se prestige skade kon aandoen.[20]

Dieselfde dag wat Pretoria ingeneem is, het genl. Botha 'n krygsraadverga=dering by Hatherley, wes van Pienaarspoort waar die grootste deel van sy kommando was, byeengeroep.[21] Dit is onder andere bygewoon deur genls. De la Rey, Lemmer en Tobias Smuts wat elkeen in 'n toespraak die Transvaalse regering van laksheid beskuldig het ten opsigte van die verdediging van Trans=vaal. Generaal De la Rey het selfs verklaar dat hy 'n onafhanklike republiek

---

14) Sien pp. 59-61 hierbo.

15) Sien p. 94 hierbo.

16) Sien De Wet se oorwinnings by Sannaspost en Mostertshoek op pp. hierbo.

17) Vgl. p.102 hierbo.

18) Amery: op.cit., IV, p. 158 - 159.

19) Vir De Wet se optrede, sien pp.108-115 hierbo,

20) In 'n toespraak het Milner op 12 April 1900 in Kaapstad gesê dat 'n kom=promis 'n aanduiding sal wees van "Weakness, ingratitude and cruelty - ingratitude to the herioc dead, and cruelty to the unborn generations" Aangehaal by Amery: op.cit., VI, p. 3.

21) Die inisiatief vir hierdie vergadering is geneem deur die bekende Samuel (Sammie) Marks, 'n Russiese Jood, skatryk handelaar en vertroude vriend van Kruger. Die vergadering het ook in die kantoor van Marks se whisky-saak plaasgevind.

gaan uitroep indien die regering hom en sy burgers nie beter ondersteun nie.[22] Amery beweer dat Botha so 'n donker prentjie in sy toespraak geskilder het, dat vrede waarskynlik gemaak sou word indien die krygsraad tot stemming oorgegaan het.[23] Schalk Burger en Voster van die Kaapkolonie het egter gevra dat die krygsraad twee dae later, naamlik op 7 Junie 1900 weer byeen kom en dan 'n besluit neem. Generaal De Wet en pres. Steyn, wat nie gevra is om teenwoordig te wees nie, was duidelik onthuts oor die handeling van Kruger en die Transvalers.[24] Tog was dit De Wet, ofskoon nie teenwoordig nie, wat die besprekings van die beslissende tweede vergadering in 'n hoë mate beïnvloed het: Voordat hierdie vergadering op 7 Junie kon plaasvind, het die Transvalers verneem van De Wet se skitterseges by Swavelkranz[25] (4 Junie 1900) en Roodewal (7 Junie 1900)[26] sodat die krygsraad teen vrede besluit het en aangespoor is om Transvaal se oosterlyn te verdedig.[27]

Treffend is dit hoe genl. De Wet vir Botha voor die val van Pretoria ondersteun het met die woord toe hy verneem dat laasgenoemde ook te make het met gedemoraliseerde burgers wat sonder meer die wapen wou neerlê en huiswaarts keer. Dit is 'n probleem wat De Wet al te goed geken het sedert die oorgawe van Cronje.

In 'n telegram[28] aan Botha op 3 Junie 1900 stel De Wet sy vertroue in genl. Botha en sluit hy hom uit as een van die legio hopelose offisiere van pres. Kruger. Hy het selfs beweer dat al sou Pretoria ingeneem word, dit nog nie 'n rede was om die stryd op te gee nie. Hy doen aan die hand dat in Transvaal, soos in die Vrystaat, die vyand soveel gekwel word dat Brittanje met 'n vredesluiting verplig sou wees om "billijke schikkingen met ons (zal) moeten treffen".[29] Hieruit blyk dit dus duidelik dat De Wet nie heeltemal onwillig was om vrede te sluit nie, maar dan moet dit nie die twee Republieke benadeel of hulle onafhanklikheid aantas nie.

---

22) Amery: op.cit.,IV, p. 274 en Oosthuizen: op.cit., p. 317.

23) Amery: op.cit.,IV, p. 274.

24) Sien M. P. C. Valter: Louis Botha contra Generaal Christiaan de Wet, Amsterdam, 1915, pp. 10-11: Tel. Steyn - Kruger, 6/6/1900.

25) Vergelyk pp. 108-111 hierbo.

26) Vergelyk pp. 111-115 hierbo.

27) Sien p.114 hierbo.

28) Vir volledige inhoud van telegram, sien Valter: op.cit., p. 12.

29) Aangehaal by Ibid.

De Wet se telegram en suksesse was egter nie die oorheersende faktore wat verantwoordelik was dat die Transvalers met die stryd volgehou het nie. Hierdie eer kom die Transvaalse leiers soos genls. Botha,[30] De la Rey, Beyers, Ben Viljoen, en andere toe, want die Transvalers was nie werklik sulke hopelose leiers soos De Wet verkeerdelik afgelei het nie. Wel het genl. Christiaan de Wet se telegram waarskynlik die invloed gehad dat dit die Transvalers se hande gesterk het, omdat hulle opnuut bevestiging gekry het dat die Vrystaters die stryd nie sonder meer sou opgee nie.

## VIII.3 ONDERHANDELING MET DE WET

In September 1900 het De Wet in 'n privaat gesprek met kapt. Bertodano, distrikskommissaris vir Kroonstad, sy standpunt dat die Republieke se vry= heid gewaarborg moet word alvorens oor vrede gepraat kan word, herbevestig. In 'n onderhoud wat die kaptein met De Wet gevoer het, was dit duidelik dat De Wet voornemens was om by sy taktiek te hou om die Britse kommunikasie op te breek.[31] Nadat kapt. Bertodano die groenlig van die Britse hoof= kwartier gekry het om met die private vredesonderhandeling met De Wet voort te gaan op voorwaarde dat Roberts se eis van onvoorwaardelike oorgawe geld,[32] het hy, De Wet, 'n sekere mnr. Beddy en oud-volksraadslid P. M. Botha[33] mekaar op 17 September op die plaas Gielbecksvlei, sowat tien kilometer wes van Renosterstasie ontmoet.[34] De Wet het egter die onafhanklikheid van beide Republieke geëis as eerste stap op die weg na vrede. Die samesprekings het gevolglik misluk. Bertodano was egter tevrede dat die samesprekings wel 'n doel gehad het, want volgens inligting wat hy ingewin het, was De Wet skyn=

---

30) M.P.C. Valter: op.cit., beweer dat genl. Botha 'n verraaier was wat sy invloed en mag kragtens sy amp van komdt.-genl. gebruik het om die stryd te beëindig. Hiervolgens was hy die eintlike hopelose leier. H. D. J. Bodenstein het in sy werk: Was generaal Botha in 1900 'n verrader? Amsterdam, 1916 op 'n verantwoordelike wyse die teendeel bewys.

31) Military War Office, Film A394, no. 124: Telegram capt. Bertodano, District Commissioner, Kroonstad - Military Secretary, Army Headquarters, 11/9/1900.

32) Ibid., C.4531: Telegram Military Secretary - District Commissioner, Kroonstad, 12/9/1900.

33) Ibid.: Vertaalde brief van P. M. Botha, Kroonstad - J. George Fraser, Bloemfontein, 20/9/1900.

34) Ibid., I 155: District Commissioner, Kroonstad - lord Roberts, 17/9/1900.

baar van voorneme om die saak met van sy ander kommandante te bespreek.[35]

Die twee Republieke het die oorlog egter so suksesvol voortgesit dat daar voorlopig van vredespogings tussen die vegtende partye afgesien is. Teen die einde van 1900 het Kitchener buitengewone metodes toegelaat ten einde sy doel met die oorlog te bereik, met ander woorde, vroue en kinders van vegtende burgers in konsentrasiekampe byeen te bring en sy beleid van verskroeide aarde.[36] Kitchener het hom dit ook teen die einde van 1900 ten doel gestel om met invloedryke krygsgevangenes bevriend te raak. Die doel hiermee was om die Boerekrygsgevangenes se invloed te gebruik om vrede te bewerkstellig. Die gevolg was dat 'n vredeskomitee gevorm is, wat op 21 Desember 1900 in Pretoria vergader het en deur Kitchener persoonlik toegespreek is. Hierna het die lede van die komitee na die Boerekommando's gegaan om die leiers op die sinlose voortsetting van die stryd te wys. In plaas daarvan om die Boereleiers te oortuig, het hulle hulle die gramskap van dié leiers op die hals gehaal, sodat sommige komiteelede ter dood veroordeel is en ander weer beboet of gevange geneem is.[37]

## VIII.4 DIE MIDDELBURGSE VREDESPOGING

Kitchener het egter teen hierdie tyd besef dat De Wet en sy Vrystaters die vlieg in sy vredesalf is, terwyl Botha besef het dat die Republieke nie die stryd sou kon volhou nie vanweë Kitchener se bogenoemde metodes. Teen die begin van 1901 was hy (Botha) derhalwe nie onwillig om oor vrede te onderhandel nie. Kitchener het dit geweet en besef dat Steyn en De Wet se invloed by Botha minder gevoelig was, terwyl eersgenoemde twee in die Kaapkolonie was.[38] Kitchener het ook verwag om De Wet op hierdie tog te vang

35) Ibid.

36) Sien pp. 206-208 hierbo.

37) Sien Amery: op.cit., V, pp. 92 - 93 en Cd. 547: Further correspondence relating to affairs in South Africa. Generaal Beyers het van die lede wat hy gevang het, gefusilleer omdat hy hulle as hoogverraaiers beskou het.

38) Sien pp. 197-202 hierbo vir De Wet se tog in die Kaapkolonie.

waarna die Vrystaat in elk geval van vredesonderhandeling uitgesluit sou wees en Transvaal alleen sou staan. Die middel van Februarie 1901 was om hierdie redes vir Kitchener 'n geskikte tyd om met Botha vrede te probeer sluit. Hy het Botha gevolglik uitgenooi na 'n samespreking om vredesvoor=stelle te oorweeg.[39] Die uitdruklike voorwaarde wat Kitchener gestel het, was dat die vraag na onafhanklikheid van die twee Republieke nie ter sprake moes kom nie.[40]

Botha het hierdie uitnodiging op 13 Februarie by monde van sy vrou ontvang,[41] dit aangeneem en sy antwoord, wat Kitchener eers op 22 Februarie bereik het, dieselfde dag gestuur. Botha het Middelburg as die plek van samekoms voor=gestel en 'n vrygeleide gevra.[42] Dit is toegestaan en vroeg die oggend van 28 Februarie 1901 is Botha deur 'n geleide van Britse soldate op Middel=burg ontvang en na Kitchener geneem.[43] Op hierdie dag het genl. De Wet juis daarin geslaag om uit die Britse vangnet in Kaapland te ontsnap en veilig Vrystaatse grondgebied te betree. Dit was asof die Britse mislukking om De Wet in die Kolonie vas te trek die voorspel was tot die mislukking van die vredespoging by Middelburg.

Onder die tien sake[44] wat tydens die konferensie bespreek is, is ook die vraag van 'n toekomstige regeringsvorm vir Transvaal bespreek. Kitchener se antwoord hierop was dat die regeringsvorm vir 'n kort tydjie die van militêre bestuur sal wees en daarna sal oorgaan tot 'n kroonkolonie-bestuur.[45] Toe Botha aandring dat die onafhanklikheid van die Republieke gewaarborg moet word

---

39) Kitchener was die Britse militêre figuur en Milner die politieke figuur. Milner, wat anders oor vredesvoorwaardes gedink het as Kitchener, is derhalwe nie geken in hierdie uitnodiging aan en samesprekings met Botha nie.

40) Amery: op.cit., V, p. 183.

41) Ibid.

42) Cd. 546: Letter from Commandant Louis Botha to Lord Kitchener, 13th Febr. 1901.

43) Leyds-versameling, 103A, p. 11: Onderhandelinge.

44) Van die belangrike sake wat o.m. bespreek is, was die kwessie van buit=making van ambulanse, voorsiening van medisyne, die wegvoer van families na konsentrasiekampe en die feit dat Brittanje Bantoes gebruik het as verkenners. Vir besonderhede sien Botha se verslag van konferensie, aangehaal in Badenhorst: op.cit., pp. 107-109. Hierdie verslag by wyse van 'n brief is waarskynlik op 15 Maart geskryf.

45) Cd. 528: Papers relating to the Negotiations between Comdt. Louis Botha and Lord Kitchener: telegram Kitchener - Broderick, 1/3/1901.

en Kitchener weier om enige vorm van onafhanklikheid te bespreek,[46] het die konferensie 'n dooiepunt bereik en misluk.

Ofskoon die Middelburgse konferensie geen vrede kon bewerkstellig nie, het Kitchener tog gedink dat Botha nog oortuig kon word om vrede te sluit. Kitchener het gevolglik 'n brief met voorlopige vredesvoorstelle opgestel wat deur die Britse regering gewysig is. Die gewysigde voorstelle is daar=na per brief aan Botha gestuur op 7 Maart 1900.[47] Dit is deur genl. Botha van die hand gewys, maar het tydens die vredesonderhandelinge van Vereeniging die basis gevorm van die uiteindelike vredesvoorwaardes.

Christiaan de Wet het eers van hierdie vredespoging te hore gekom[48] toe genl. Botha hom pas na sy terugkeer uit die Kaapkolonie by Reitz besoek het.[49] Die vredespoging wat hier ter sprake gekom het, is deur De Wet afgekeur en hy het met dankbaarheid kennis geneem van Botha se standpunt, wat hy gedeel het.[50] Omdat Kitchener se voorstelle aan Botha vir De Wet onaanneemlik was, is die saak deur hom as afgehandel beskou en nie verder bespreek nie. Wat wel deur die twee Republieke se militêre hoofleiers bespreek is, was toekomstige oorlogstrategie.[51] Tog het die saak van vrede by De Wet in die donker dae aan die begin van 1901 swaar geweeg. 'n Dag nadat Botha op 30 Maart 1901 uit die Vrystaat na Transvaal teruggekeer het, het 'n skrywe onder De Wet se naam as offisiële byvoegsel in De Brandwacht[52] verskyn. Hieruit blyk dit duidelik dat De Wet vasbeslote was om die stryd voort te

---

46) B. Anicus: De onderhandelinge van Lord Kitchener en Louis Botha. Amsterdam, 1901, p. 10.

47) Vir vredesvoorstelle, raadpleeg Amery: op.cit., V, pp. 188-190.

48) N. C. Weideman: Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, U.P., 1955, p. 22, (vn. 54) wil dat Leyds beweer dat genl. De Wet by die onder=handelinge teenwoordig was. Dit is 'n foutiewe afleiding, want die De Wet wat wel teenwoordig was, was die komdt.-genl. se militêre sekretaris wat saam met Van Velden, sekretaris van waarn. pres. Bur=ger, die samesprekings bygewoon het.

49) Sien p. 211 hierbo.

50) Anicus: op.cit., p. 13.

51) Leyds-versameling, 103A: p. 13: Rapport genl. Botha - genl. Spruyt, 2/4/1901.

52) Sien De Brandwacht, no. 7, 1/4/1901 in Senator Malan-versameling, lêer 60,3: Anglo-Boereoorlog. Terloops kan gemeld word dat De Brandwacht in Des. 1900 te Fouriesburg opgerig is en opgehou het op 5 Oktober 1901 waarna, die Staatscourant van den O.V.S., oorgeneem het.

sit, ofskoon hy ook begerig was om vrede te kry mits sodanige vrede ook vryheid sou impliseer. Uit hierdie skrywe blyk dit duidelik dat die oorlog nie vir De Wet 'n politieke maar beginselsaak was. Dat hy egter die implikasies van die vredesvoorstelle deeglik onder oë geneem het, blyk uit die feit dat hy in die skrywe dit duidelik stel dat hy ontevrede is oor die regeringsvorm wat hulle sou kry waarin die stem van die volk nie gehoor nie, en later selfs gesmoor sou word. Indien Brittanje die bates van die land neem, dan moes hy ook die laste oorneem. Die bedrag wat Kitchener as kompensasie genoem het, was volgens De Wet ook veels te min.

As groot taalstryder was hy voorts bekommerd dat sy taal onderdruk sou word onder Britse bewind. Hy was genoeg in die politiek onderlê om te weet dat gelyke taalberegtiging in Natal en die Kaapkolonie in teorie van toepassing was, maar in die praktyk was dit anders gesteld. 'n Verdere beswaar was dat volgens Kitchener geen oorlogsbelasting gehef sou word nie, maar niks het Brittanje verhoed om buitensporige hoof-, grond- en ander vorme van belasting te hef nie.

Hy sluit sy skrywe af in 'n tipiese De Wet-idioom: Sy stryd was 'n geloofsstryd en hy wou dat dit vir andere ook so sou wees. Waar hy nie altyd met die daad op die voorpunt kon wees nie, doen hy dit nou met die woord as hy aanspoor: " ..... laten wij mannen, het ergste verduren, onze plicht tegenover ons land en volk getrouw betrachten en ootmoedig wachten op den God onzer Vaderen, dien ook nog onze God is!"[53]

De Wet wou met hierdie skrywe twee oogmerke bereik. Eerstens wou hy uiting gee aan sy eie gevoel oor die saak van vrede en tweedens wou hy sy burgers aanspoor om te volhard deur hulle te wys op die gevaar wat hulle in die gesig staar indien hulle die stryd sou opsê.

53) Ibid.

## VIII.5 BYEENKOMS TE WATERVAL[54)]

Die genoemde skrywe van De Wet het waarskynlik sy beskeie invloed gehad, want vir byna nog 'n jaar na die mislukte vredespoging by Middelburg, het die stryd voortgewoed voordat die laaste bedryf in die vredespoging sou aanbreek. Die rede vir die voortsetting van die stryd moet gesoek word in die Boere se toenemende bitterheid teenoor die Britte se metodes van verskeide aarde en die gevangeneming van die vroue en kinders.[55)] Ten spyte van die ellende waarin die vroue verkeer het, het hulle die Boere nog geïnspireer om met die stryd voort te gaan tot die bitter einde.

Hierdie Britse metodes het tot gevolg gehad dat onder andere die Transvaalse Hoëveld onder kwaai druk geplaas was. Dit het die Transvaalse regering genoop om 'n brief aan Steyn te skryf[56)] waarin gesê is dat die stryd hopeloos geword het. President Steyn se antwoord was een van verontwaardiging.[57)] Ook van genl. Smuts het pres. Steyn 'n brief oor die saak ontvang. Die antwoord[58)] van pres. Steyn herinner die Transvalers met ongeduld daaraan dat die Vrystaat tot die stryd om Transvaal se ontwil toegetree het. Hierdie brief toon groot ooreenkoms met genl. De Wet se brief aan genl. Botha na die val van Pretoria.[59)] Op hierdie stadium van die stryd was die toestand van veral die Vrystaat en sy inwoners baie sleg, maar dit het Steyn nie verhinder nie om te verklaar dat "het hel (zou) zijn voor ons om in Afrika te wonen onder

---

54) In verband met die reis van De Wet in geselskap van Steyn en De la Rey na Waterval en die gebeure onderweg daarheen, sien pp. 213-216 hierbo.

55) Cd. 663: Further papers relating to Negotiations between Commandant Louis Botha and Lord Kitchener. Verslag van die krygsoperasies in die Oranjerivier-kolonie van komdt. Badenhorst - genl. Botha, 14/2/11901. Sien ook sir Bindon Blood se kommentaar daarop nadat die dokumente in Engelse hande gekom het.

56) Sien De Wet: op.cit., pp. 300-301: Brief Reitz - Regeringsekretaris, O.V.S., 10/5/1901.

57) Van der Merwe: op.cit., II, pp. 72 -74, De Wet: op.cit., p. 302.

58) Hancock en Van Der Poel: op.cit., I, pp. 389 - 391: Brief 151: Steyn - Smuts, 15/5/1901.

59) Die onderwerpe van die twee briewe verskil, maar waar die onderwerp die verhouding Transvaal/Vrystaat raak en die aansporing van die persoon, praat die twee briewe dieselfde taal. Vgl. die inhoud van De Wet se brief aan Botha in Valter: op.cit., p. 12 en Steyn se brief aan Smuts in Hancock en van der Poel: op.cit., pp. 389 - 391.

de Engelschen, dus heeft verbanning voor mij geen afschrik".[60] Dit was ook De Wet se antwoord, maar nie in so 'n krasse taal nie, op Kitchener se proklamasie met betrekking tot verbanning.[61]

Generaal Smuts het vervolgens in 'n telegram[62] aan pres. Kruger 'n baie donker prentjie geskilder van die toestand in Transvaal en die Vrystaat. Daaruit blyk dit duidelik dat die Transvalers moed verloor en vrede begeer het. President Steyn, wat heel waarskynlik deur genl. De Wet beïnvloed was, was vasbeslote om met die stryd voort te gaan, en wou die "voormannen bijeen roepen om onze geheele zaak te bespreken".[63]

Die Transvalers wou graag eers Kruger se gevoel toets voordat die byeenkoms tussen die "voormannen" kon plaasvind. President Paul Kruger het geantwoord dat by enige bespreking die belange van sowel die burgers van die Kaapkolonie as die twee Republieke voorop gestel moes word.[64] Die samespreking tussen die "voormannen", dit is die regering van beide Republieke asook hoofkommandant De Wet, komdt.-genl. Botha en asst. komdt.-genl. De la Rey[65] het vervolgens op 20 Junie 1901 op Waterval, 'n plaas naby Standerton, plaasgevind. Die doel was om Kruger se antwoord te bespreek en te oorweeg.[66]

In 'n sterk bewoorde toespraak het pres. Steyn die Transvalers aangeval oor hulle pogings tot vrede. Generaal De Wet het by hierdie byeenkoms ook baie sterk standpunt ingeneem teen enige vorm van vrede. In hierdie verband moes hy sterk steun van genl. Koos de la Rey gekry het omdat dit vir laasgenoemde ook duidelik was dat die onafhanklikheid en die volksbestaan nie prysgegee kan word nie.[67] Die feit dat Steyn, De Wet en De la Rey

---

60) Aangehaal by Hancock en Van der Poel: op.cit., I, p. 391: Steyn - Smuts, 15/5/1901.

61) Sien E. T. Cook: Right and wrongs of the Transvaal War. London, 1901, p. 344.

62) Leyds: Vierde Verzameling (Correspondentie 1900-1902), Deel I, 'S-Gravenhage, 1934, no. 244, pp. 248 - 249: Smuts - Kruger, 3/6/1901.

63) Ibid., p. 249.

64) Ibid., no. 249, pp. 252-254: Kruger - Smuts, 11/6/1901.

65) Sien Hancock en Van der Poel: op.cit., I, p. 401: Algemene kennisgewing, Waterval, 20/6/1901.

66) Ibid.

67) Oosthuizen: op.cit., p. 473.

saam gereis het na Waterval moes 'n groot invloed gehad het op genoemde drie manne se standpunt, want dit kan sonder meer aangeneem word dat die kwessie van vrede op hierdie reis wel deeglik bespreek is.

Generaal De Wet was nooit 'n man van veel woorde nie. Eerder was hy 'n man van die daad. Wanneer hy egter wel gepraat het, is na hom geluister. Met min woorde kon hy sy gevoel oordra en daarmee mense oorhaal tot sy stand=punt. Omdat genl. Christiaan de Wet tydens hierdie vredesbyeenkoms, wat die eerste was waaraan hy aktief deelgeneem het, glad nie te vinde was vir vrede nie, kan sy invloed nie hier ontken word nie. De Wet se teenwoordigheid tydens die besprekings, pres. Kruger se telegram wat aanbeveel dat die stryd voortgesit moet word en twee bemoedigende verslae onderskeidelik van genl. Kemp en komdt. Muller afkomstig, het die regerings laat besluit om met die stryd voort te gaan.[68]

Generaal De Wet het kort hierna sy sterk standpunt ten opsigte van die voort=setting van die stryd herbevestig. Lord Kitchener het sy aanslag op die Republieke baie versterk nadat hy in Julie 1901 vir pres. Steyn byna by Reitz oorval het.[69] Die President het wel ontsnap maar al sy dokumente het in die hande van die Britte geval, waaronder ook die genoemde brief[70] van die Transvaalse regering. Kitchener was nie voorheen bewus van die moedeloos=heid van die Transvalers nie, maar het nou uit hierdie brief afgelei dat hulle moed verloor het en dat 'n groot aantal burgers graag vrede wou maak as die kans hom sou voordoen.[71] Nie alleen het Kitchener met sy verskerpte maatreëls die Republieke en veral die Noord-Vrystaat gaandeweg in 'n woestyn verander nie, maar hy was vasberade om De Wet uit sy pad te verwyder by wyse van drie dryfjagte.[72] Dit was egter nie die dryfjagte op sy persoon nie, maar ander faktore wat De Wet en sy offisiere uiteindelik laat besluit het om vrede te sluit.

---

68) De Wet: op.cit., p. 309.

69) Vir detail sien Amery: op.cit.,V, p. 301.

70) Sien p. 251 en vn. 56 hierbo.

71) A. J. Boëseken e.a.: Drie Eeue, IV, Kaapstad, 1953, p. 167.

72) Sien pp. 229 - 236 hierbo.

73) Headlam: op.cit., II, p. 326: Brief lord Milner - lady Cecil, 31/1/1902.

## VIII.6 FAKTORE WAT VREDE IN DIE HAND GEWERK HET

Die eerste maande van 1902 was moeilik vir die Boere strydmagte. Kitchener se metodes het dividende begin afwerp. Sowel Brittanje as die twee Republieke het begin insien en besef dat die einde van die stryd naby was. Reeds op 31 Januarie 1902 het lord Alfred Milner toegegee: "We are at all costs to have terms".[73]

Selfs in die buiteland is besef dat die oorlog 'n einde moet kry. Die Nederlandse regering het op 28 Januarie 1902 'n nota deur middel van sy eerste minister, baron Gericke, aan Brittanje gestuur waarin aangebied is om as bemiddelaar tussen die strydende partye op te tree. Dit is van die hand gewys deur lord Lansdowne, die Britse minister van buitelandse sake. Afskrifte van die notas,[74] van Gericke en lord Lansdowne is egter aan Kitchener gestuur, wat dit op sy beurt aan die Transvaalse regering gestuur het. Soos met al Kitchener se vorige vredespogings is slegs met Transvaal onderhandel. Dit bevestig die vermoede dat hy geweet het dat De Wet as die militêre en pres. Steyn as die politieke siel van die stryd nie om te haal was nie.

Op 10 Maart het waarnemende pres. Schalk Burger namens die Transvaalse regering laat weet dat hulle bereid was om oor vrede te onderhandel, maar dat hulle eers met die Vrystaatse regering wou samesprekings voer. Kitchener het derhalwe op 13 Maart 1902 geantwoord dat hy 'n offisier tot Burger se beskikking stel wat alle reëlings sal tref en dat alle troepe kennis sal kry om Burger se veiligheid te waarborg. Op 22 Maart het Burger met vyf lede van sy Uitvoerende Raad na Kroonstad vertrek om na Steyn te soek. Laasgenoemde

---

73) Headlam: op.cit., II, p. 326: Brief lord Milner - lady Cecil, 31/1/1902.

74) Sien J. D; Kestell en D. E. v. Velden: De Vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit in Zuid-Afrika, Pretoria, 1909, pp. 2 - 7 vir inhoud van notas asook Cd. 906: Correspondence with the Netherland Government regarding the war in South Africa.

was by genl. De la Rey[75] waar hy deur Burger se rapportryers, Robberts en Hattingh gevind is op 26 Maart 1902. Omdat pres. Steyn nog onder mediese behandeling by De la Rey se dokter was, het hy na samespreking met De la Rey[76] voorgestel dat die beoogde samespreking nie op Kroonstad nie, maar op Potchefstroom of Klerksdorp moet plaasvind. Aan genl. De Wet is op 28 Maart 'n rapport deur Steyn gestuur met die versoek om ook die vergadering by te woon. Hy het ook afskrifte van die notas van die korres= pondensie tussen Nederland en Brittanje saam gestuur na De Wet.

De Wet was nie gelukkig oor die feit dat die Transvaalse regering van 'n Britse vrygeleide gebruik gemaak het nie, want hierdeur is die swakheid van die Boereposisie aan Kitchener openbaar. Waarnemende pres. Burger het die swakheid van die Boere verder onderstreep deur hom bereid te verklaar om na oorlegpleging met die Vrystaatse regering met Brittanje te onderhandel.[77] Deur Burger se bereidverklaring was die Vrystaat moreel verplig om aan vrede= samesprekings deel te neem.

Die Boere se posisie was inderwaarheid swak, maar De Wet was met sy aankoms by genl. Badenhorst op 25 Maart te Gannapan[78] vasbeslote om die posisie minstens in die Vrystaat te verbeter. Generaal Badenhorst sê dan ook dat

---

75) Steyn is deur De Wet na dr. von Rennenkampf gebring sodat hy ondersoek kon word. Hy het las van sy oë ondervind. Destyds is gemeen dat die siekte die gevolg was van voedselvergiftiging of die eet van besmette wors. D. J. J. van Velden beweer in die S. A. Mediese tydskrif, (Deel 47, no. 19 van 19 Mei 1973, p. 845) dat die siekte myasthemie was, terwyl T. Fichardt aandui dat die siekte botolisme is (Vgl. S. A. Mediese tydskrif, Deel 47, no. 47, van 24 November 1973, p. 2252). Behalwe om Von Rennenkampf te konsulteer, was Steyn ook van plan om De la Rey te raadpleeg oor die stand van sake en om daarna vir genl. Hert= zog deur Duitse gebied na Europa te stuur. Die doel met Hertzog se sending was om die Vryheidsdeputasie en Paul Kruger in te lig oor die ware toedrag van sake en om skrywes van Steyn persoonlik aan die presi= dente van Frankryk en Amerika en die keisers van Duitsland en Rusland te oorhandig (Van der Merwe: op.cit., II, pp. 81 - 82).

76) Van der Merwe: op.cit., II, p. 83.

77) Ibid., p. 82 en De Wet: op.cit., p. 369.

78) Sien p. 238 vn. 176 hierbo.

met die koms van "Onzen Ou-Baas", dit duidelik was "dat hiermede groote dingen gepaard zouden gaan".[79] De Wet het naamlik sulke reëlings getref dat dit duidelik was dat die stryd nog lank sou voortduur.[80]

Op 5 April 1902 het Burger Klerksdorp as die plek van samekoms bevestig.[81] Die reëlings wat De Wet getref het voordat hy na Klerksdorp is, naamlik dat Badenhorst die opperbevel moet waarneem, op sy hoede moet wees en die vyand soveel moontlik onder skoot moet kry,[82] skep die indruk dat De Wet nie verwag het dat daar van die vredespoging iets sou kom nie. Hy is dus na Klerksdorp nie met die doel om vrede te maak nie, maar uit hoofde van sy amp en plig. Wat hy egter nie geweet het nie, was dat Steyn ook vrede ver= lang het grootliks vanweë sy siekte.[83] Na De Wet se aankoms by Steyn is 'n antwoord probeer vind waarom die Britse regering juis op hierdie stadium met onderhandelinge begin het. Die antwoord was egter duidelik: Die Britse volk en militêre magte was oorlogsmoeg. Die koste verbonde aan die oorlog het ook by die dag meer geword.[84] Die militêre situasie was dus besig om in die guns van die Boere te swaai. Die gees onder die sowat 20 000 bur= gers wat met die stryd volhard het, was optimisties en min van die bitter= einders het in hierdie tyd wapens neergelê. Die tyd vir vredesonderhandelinge was egter gunstiger vir Brittanje as vir die Boere, want op die vooraand van nog 'n winter sou voedsel baie skaars wees in veral die Noord-Vrystaat en die Hoëveld van Transvaal.[85]

Onderweg na Klerksdorp het genl. Hertzog, Steyn se aandag daarop gevestig dat volgens Vrystaatse konstitusie die regering wel die reg het om vrede te sluit maar nie die reg het om die onafhanklikheid prys te gee nie. Dit kon alleen met die volk se toestemming gedoen word. Vir Steyn was dit 'n skuiwergat.[86]

---

79) Badenhorst: op.cit., p. 154.

80) Sien p. 238 hierbo.

81) De Wet: op.cit., p. 370.

82) Badenhorst: op.cit., p. 154.

83) Van der Merwe: op.cit., II, p. 85.

84) Ibid., p. 86.

85) Ibid., pp. 87 -88.

86) Ibid., p. 88.

Die samesprekings by Klerksdorp was dus nie deur die Boere se militêre situasie genoodsaak nie, maar deur Burger se bereidwilligheid om met Brittanje, wat naarstiglik na vrede verlang het, te onderhandel. President Steyn en sy geselskap het derhalwe nie lus gehad om oor vrede te onderhandel toe hulle op Klerksdorp aankom nie.[87)]

## VIII.7 SAMESPREKINGS BY KLERKSDORP

Op 9 April 1902 het die twee republikeinse regerings[88)] op Klerksdorp byeengekom.

Aan die begin van die besprekings is die drie hoof militêre leiers genls. Botha, De Wet en De la Rey aan die woord gestel om oor die krygstoestande in hulle onderskeie afdelings te rapporteer. Dit moes waarskynlik as uitgangspunt dien, want as die toestand swak was, kon daar in elk geval nie met die stryd voortgegaan word nie.

Dit is interessant en betekenisvol om te let op dit wat elke generaal oor die toestande te sê gehad het en op die uitspraak. In al drie afdelings was daar 'n gebrek aan voedsel, klere en perde, en Botha het tot die gevolgtrekking geraak dat die gees onder die burgers oor die algemeen goed was. Generaal De la Rey het verklaar dat hy kans sien om die stryd voort te sit. Generaal De Wet het beweer dat die gees onder sy burgers uitstekend was.[89)] As 'n persoon met integriteit het hy met hierdie woorde nie 'n rat voor die oë van die aanwesiges probeer draai nie, want hierdie feit is gestaaf deur genl. Badenhorst.[90)]

---

87) Ibid., p. 90.

88) Die Transvaal was verteenwoordig deur: waarn. pres. Schalk Burger, genls. Botha en De la Rey, L. G. Meyer en G. C. Krogh asook F. W. Reitz, die staatsekretaris en L. Jacobs, die waarn. staatsprokureur. Die Vrystaat was deur pres. Steyn, genls. De Wet, Hertzog, C. H. Olivier en W. J. C. Brebner as waarn. staatsekretaris verteenwoordig. Bostaande was die amptelike verteenwoordigers. Daar was ook ander persone teenwoordig. Sien Kestell en Van Velden: op.cit., p. 20.

89) Ibid., p. 28.

90) Badenhorst: op.cit., p. 154.

Tydens die besprekings was dit egter duidelik dat die Vrystaat nie wou afsien van sy standpunt van onafhanklikheid nie en 'n waarborg wou hê dat die Kaapse rebelle beskerm sou word. Dit was veral pres. Steyn se stand=punt en hy is heelhartig deur die ander Vrystaters gesteun. Generaal De Wet, as die belangrikste Vrystater naas pres. Steyn, het ook 'n standpunt van onversoenbaarheid ingeneem, miskien ook weens 'n persoonlike rede. Die Britte het hom naamlik verantwoordelik gehou vir die dood van 'n sekere Morgendal, 'n lid van die burgervredeskomitee, wat sonder meer deur burgers onder De Wet se bevel doodgeskiet is.[91]

Die woord "onafhanklikheid" het aanvanklik die besprekings oorheers. Selfs in so 'n mate dat De Wet as sterk gevoelsmens openlik verklaar het dat hy hom liewer vir ewig sal laat verban "voordat ik een jota afgeef van onze onafhanklikheid".[92] Nadat De Wet sy rapport oor die toestand in die Vrystaat gelewer het, het hy nie aan die verdere besprekings deelgeneem nie. Miskien moet die rede gesoek word in die feit dat De Wet hom nou op die politieke terrein bevind het. Dit was 'n terrein waar hy hom nooit tuis gevoel het nie.[93] Sy persoonlike gevoel is ook deur Steyn en Hertzog in logiese en sterk taal uitgespreek sodat dit nie vir De Wet nodig was om iets te sê nie.

Op 10 April het die vergadering besluit dat pres. Steyn, waarn. pres. Burger, genl. Hertzog en Reitz 'n konsepbesluit[94] moet opstel en aan die vergadering voorlê. Omdat Steyn nie bereid was om die Vrystaat se onafhanklikheid prys te gee en die Kolonialers wat aangesluit het in die steek te laat nie, het die kommissie besluit om geen voorwaardes vir vrede neer te lê nie maar om 'n persoonlike onderhoud met Kitchener aan te vra. Die konsepbesluit is deur die vergadering bekragtig, deur Steyn en Burger onderteken en met 'n bege=leidende brief na Kitchener gestuur.[95]

---

91) Cd. 903: Further Correspondence relating to Affairs in South Africa, pp. 78 - 81.

92) De Wet aangehaal by: Kestell en Van Velden: op.cit., p. 26.

93) Sien p. 8 hierbo.

94) Vir inhoud van konsepbesluit, sien Kestell en Van Velden: op.cit. pp. 27 - 28.

95) De Wet: op.cit., p. 373.

Terwyl op Kitchener se antwoord gewag is, het dieselfde kommissie konsep= voorwaardes opgestel wat tydens die onderhoud aan genl. Kitchener voorge= lê kon word. Op 11 April is die voorwaardes ter tafel gelê en deur die vergadering goedgekeur. Dit het vyf punte bevat, naamlik 'n verwysing na die sluiting van 'n ewigdurende verbond van vriendskap en vrede met Brit= tanje waaronder skikkings ten opsigte van 'n tol-, pos-, telegraaf- en spoorwegunie en die vasstelling van stemreg; die vernietiging van alle staatsforte, arbitrasie, gelyke taalregte in die onderwys en wedersydse amnestie.[96]

Dit is interessant dat De Wet, as vurige kampvegter vir sy taal, nie kom= mentaar gelewer het op die kwessie van gelyke taalregte, soos wat hy dit gedoen het in sy geskrif[97] ná Botha en Kitchener se onderhandelinge op Middelburg nie. Miskien moet die rede vir sy swye gesoek word in die feit dat Louis Botha 'n baie sterk en roerende pleidooi gelewer het tydens die bespreking van die konsepvoorwaardes. Botha het onder andere gevra dat persoonlike gevoelens nie op die voorgrond gestel word nie, maar aan die toekoms van die volk gedink moet word.[98]

Terwyl die voorwaardes bespreek is, het die vergadering die antwoord van Kitchener ontvang.[99] Hy het hom bereid verklaar om die twee regerings in Pretoria te ontmoet. Die regerings het nog dieselfde aand in twee afsonderlike treine na Pretoria vertrek, en vroeg die volgende oggend, 12 April in die hoofstad aangekom.

## VIII.8 SAMESPREKINGS IN PRETORIA

Die samesprekings met Kitchener het dieselfde dag begin. President Steyn het hoofsaaklik die samesprekings gelei. Soos besluit op Klerksdorp, het hy op die onafhanklikheid van die Republieke gestaan, maar was bereid om toe te

---

96) Ibid., p. 374.

97) Sien p. 249 en vn. 52 hierbo.

98) Sien genl. Botha se volledige toespraak in Kestell en Van Velden: op.cit., pp. 30 - 32.

99) De Wet: op.cit., p. 374.

gee op die punte soos vervat in die konsepvoorstelle. Die houding van die Boere het die samesprekings op 'n dooiepunt laat afstuur. Om dit te ver= hoed, het Kitchener toegestem dat die voorstelle in 'n gewysigde vorm aan die Britse regering vir oorweging gestuur kon word.

Op 13 April het Chamberlain per telegram laat weet dat sy regering geen voorstelle kan aanneem wat die onafhanklikheid van die twee voormalige Republieke sal herstel nie.[100)] Kitchener het so 'n antwoord verwag en het 'n kopie van Chamberlain se antwoord aan die twee regerings oorhandig. Die Boere het ook verneem dat lord Milner aan die verdere besprekings sou deelneem. Steyn was nie gelukkig hieroor nie, want 'n onderhoud is immers net met Kitchener aangevra. Die Boere het ook geweet dat hulle geen toe= gewings van Milner kon verwag nie.[101)]

Toe die Boereleiers dus op 14 April terugkeer na Kitchener se hoofkwartier om die telegram se inhoud te bespreek, was dit baie duidelik dat F. W. Reitz reg was op Klerksdorp: daar sal afgesien moet word van die woord onafhank= likheid. Dit is beklemtoon deur Milner wat die twee Presidente aangespreek het as "Meneer"[102)] - 'n ontkenning dus dat die onafhanklike Republieke nog bestaan. Genl. Hertzog het reeds by Klerksdorp daarop gewys dat dit onkonstitusioneel sou wees om iets van die onafhanklikheid van die Repub= lieke af te staan sonder om die volk in die saak te ken.[103)] Die twee republikeinse regerings het dus toestemming gevra om 'n volksvergadering te belê waarop die volk[104)] se gevoel oor vrede getoets kon word. Hulle het ook gevra dat die Britse regering met voorstelle moes kom sodat dit aan die volk tydens die vergaderings voorgelê kon word.[105)]

---

100) Kestell en Van Velden: op.cit., p. 39.

101) Van der Merwe: op.cit., II, p. 93.

102) Kestell en Van Velden: op.cit., p. 39. Hy het later tydens die same= sprekings wel weer die aanspreekvorm van president gebruik.

103) Van den Heever: op.cit., pp. 145 en 153.

104) Die volk sou vir die doel van die volksvergadering die burgers te velde wees. Krygsgevangenes, hensoppers en National Scouts is uitgesluit.

105) Kestell en Van Velden: op.cit., p. 41.

Die Koloniale sekretaris het op 16 April sy toestemming vir die hou van 'n volksvergadering gegee en die Middelburgse voorstelle van 'n jaar tevore aanvaar as die basis waarop onderhandel moet word.[106] Hierdie antwoord van die Koloniale sekretaris is op 17 April aan die twee regerings oorgedra. Die Boereleiers het na 'n kort beraadslaging besluit om met die saak van onderhandeling voort te gaan en 'n wapenstilstand aangevra ten einde die volksvergadering te reël en te hou. Die wapenstilstand is nie ten volle toegestaan nie, ofskoon die belofte gegee is dat daar op die dag van die vergadering geen krygsoperasies in die omgewing sou wees nie. Daar sou ook nie op kommando's geskiet word wie se offisiere die vergadering bywoon nie.[107] Verder is versoek dat 'n lid van die Deputasie in Europa toegelaat moet word om na Suid-Afrika te kom. Die versoek is geweier, omdat dit volgens Kitchener geen doel kon dien nie.[108]

Hiermee was die saak voorlopig afgehandel. Wat dus oorgebly het, was om die nodige militêre reëlings te tref vir die beoogde vergadering. Hierdie reëlings is oorgelaat aan genls. Kitchener, Botha, De la Rey en De Wet wat besluit het dat die volksvergadering op 15 Mei 1902 op Vereeniging sal plaasvind en dat elke Republiek dertig verteenwoordigers sal stuur.

Die onbuigsame houding van Kitchener en Milner[109] was nie vir De Wet 'n verrassing nie. Daarvoor het hy reeds te veel ondervinding met vredespogings en stryd gehad. Dit moes seker vir hom 'n baie groot teleurstelling gewees het dat die vredespoging momentum aangeneem het. Hy moes besef het dat sy standpunt van onafhanklikheid ten alle koste nie in die bespreking ingepas het nie - daarom het hy geswyg. Sy kans om die momentum te laat afneem sou kom met die groot volksvergadering.

---

106) Ibid., p. 43.

107) Van der Merwe: op.cit., II, p. 94.

108) Kestell en Van Velden: op.cit., p. 45.

109) Kitchener en Milner het nie altyd dieselfde menings gehuldig nie en het mekaar dikwels weerspreek. Dit is baie gou deur die Boereleiers agtergekom en uitgebuit. Lord A. Milner het geen geheim daarvan gemaak dat hy nie baie van Kitchener gehou het nie. Hy het selfs verklaar dat samewerking tussen Kitchener en iemand wat nie sy meerdere was nie, onmoontlik is. Oppervlakkig was hy egter vriendelik teenoor Kitchener maar dit was net om 'n Buller-Roberts verhouding te vermy ( Le May: op.cit., p. 124 ).

## VIII.9 DE WET REËL VERGADERINGS OM VRYSTAATSE VERTEENWOORDIGERS TE KIES

Op 18 April het genls. De Wet en Hertzog uit Pretoria na die Vrystaat vertrek. De Wet sou in die Noord-Vrystaat en Hertzog[110)] in die Suid-Vrystaat kommando's byeenroep ten einde die volksverteenwoordigers[111)] te kies en 'n mandaat te kry.

Op 23 April het De Wet sy eerste vergaderings gehou by die Vrede-kommando. Aan hierdie kommando se drie verteenwoordigers het die burgers dit opgedra om die onafhanklikheid te handhaaf.[112)] Twee dae later was De Wet op die plaas Drupfontein in die distrik Bethlehem. Die twee verteenwoordigers wat hier gekies is, moes ook die onafhanklikheid handhaaf.[113)] Op die plaas Kafferskop,[114)] ook in die Bethlehemse distrik, is 'n vergadering met die kommando's van genl. Michael Prinsloo op 26 April gehou. Dit is duidelik dat De Wet op hier=die stadium 'n bekommerde leier en in 'n stryd met homself gewikkel was. Hy wou die oorlog voortsit en was waarskynlik bewus daarvan dat Steyn oortuig was dat dit wel sou gebeur,[115)] maar die houding van die Transvaalse regering het hom laat twyfel. Hierdie twyfel word weerspieël in die volgende voorval: Onderwyl hy en genl. Prinsloo na die wagtende burgers aangestap het, het De Wet 'n halter opgetel. Met die halter in sy hand het hy aan Prinsloo gesê dat hy nie weet waarheen hy die burgers tydens die vergadering moet lei nie, want "ek het dan net 'n stuk halter!"[116)] Dat De Wet egter besef het dat die oorlog haas verby was, blyk daaruit dat hy sy toespraak, wat onder 'n doodse (verslae) stilte gelewer is,[117)] afgesluit het deur die burgers en offi=siere te bedank vir hulle getrouheid en dat hulle hulle soos manne gedra het.[118)]

---

110) Vir Hertzog se reis, sien Van den Heever: op.cit., pp. 157 - 162.

111) Vir 'n volledige lys van die Vrystaatse verteenwoordigers, kan Kestell en Van Velden: op.cit., pp. 49 - 50 geraadpleeg word.

112) De Wet: op.cit., p. 378.

113) Ibid.

114) Grobler: op.cit., p. 119. De Wet: op.cit., p. 378 beweer dat Tweepoort die plek van samekoms was. Dit skyn egter of die vergadering tog by Kafferkop gehou is, want 'n dag tevore het De Wet 'n telegram aan Kit=chener gestuur waarin hy vra dat 'n wapenstilstand vanaf 11 Mei moet geld. Kitchener is gevra om sy antwoord na Kafferkop te stuur (De Wet: op.cit., p. 380: Tel. De Wet, Bethlehem - Kitchener, Pretoria, 25/4/1902).

115) Van der Merwe: op.cit., II, p. 95.

116) Aangehaal by Grobler: op.cit., p. 120.

117) Ibid.

118) Ibid.

Die krag wat van De Wet uitgegaan het en die besieldheid waarmee hy sy burgers tot groot hoogtes aangespoor het, het nou ontbreek. Geen wonder dat genl. Prinsloo die nag na die vergadering nooit geslaap het nie vanweë sy kommer dat die onafhanklikheid verlore is.[119] Ten spyte van De Wet se neerslagtige houding het hierdie vergadering soos die vorige twee besluit dat die onafhanklikheid nie prysgegee moet word nie. Aan die drie verteen=woordigers is dan ook opgedra om daarteen te stem by die volksvergadering.

Die kommando's van komdte. Cilliers van Kroonstad, Bester van Bethlehem en Mentz en Van Coller van Heilbron is op 28 April by Rooikraal besoek. Die vergadering het dieselfde patroon gevolg: Generaal De Wet het die agtergrond en doel van die vergadering gestel, drie verteenwoordigers is gekies en 'n mandaat om nie die onafhanklikheid prys te gee nie, is verkry.[120] Op 1 Mei het genl. De Wet hom by die kommando's van genl. Hattingh op die plaas Weltevrede in die Kroonstadse distrik bevind. Hierna het hy suidwaarts be=weeg en op 3 Mei op Skaapplaas die kommando's van sy getroue vriend en volgeling, genl. C. C. Froneman toegespreek.[121] Dewetsdorp is op 5 Mei be=soek.

Aangesien genl. Hertzog sy vergaderings afgehandel het, het hy by Krompan in Brandfort se distrik op genl. De Wet gewag. De Wet het van Dewetsdorp na Bloemfontein per perdekar gereis, en vandaar per spoor na Brandfort. Op 9 Mei het hy op Krompan aangekom en die aand in geselskap van genl. Hertzog en ander afgevaardiges gesellig deurgebring.[122]

Vanaf Krompan het genl. De Wet na die plaas van die heer Walter in Boshof se distrik naby Bultfontein vertrek. Hier op Quaggashoek[123] het hy op 11 Mei 1902 by sy laaste vergadering die kommando's van genl. Badenhorst ontmoet. Dit was dieselfde groep burgers by wie hy was voordat hy wegge=roep is om die samesprekings by Klerksdorp by te woon.[124] Onder hierdie bur=

---

119) Ibid.

120) De Wet: op.cit., p. 378. Die datum word hier verkeerd aangegee as 24 April.

121) Ibid., p. 379.

122) Van den Heever: op.cit., p. 9.

123) Volgens genl. Hertzog se dagboek is die vergadering op Kraaipan gehou (Van den Heever: op.cit., p. 161). Sowel De Wet: op.cit., p. 379 as Badenhorst: op.cit., p. 157 verwys egter na Quaggashoek.

124) Sien p. 238 hierbo.

gers het genl. De Wet ongetwyfeld 'n baie groot aanhang geniet. Die oor=winnings die voorafgaande paar weke het ook bygedra tot die uitstekende gees wat onder hulle geheers het. Ter ere van genl. De Wet het die burgers twee-twee langs mekaar in gelid gery na die plek van samekoms. Vooraan was die Vrystaatse vlag gevolg deur die kommandant, sy staf en daar=na 'n veldkornet aan die hoof van elke afdeling. Toe generaal De Wet op 'n verhoog stelling inneem, het hy 'n luide toejuiging ontvang. Hierdie eerbetoon het hom beslis in hierdie spanningsvolle en uitputtende tyd geïnspireer sodat hy die burgers in 'n sterk stem toegespreek het.[125)]

Nadat die gewone verslag gegee is oor die gebeure by Klerksdorp en Pretoria asook die doel van die vergadering te Vereeniging, is die laaste Vrystaatse verteenwoordigers gekies. Toe genl. De Wet hierna gevra het wat sy en die ander afgevaardigdes se standpunt op Vereeniging moet wees, was die antwoord soos by al die ander vergaderings in die Vrystaat: "Onafhanklikheid of doorvechten".[126)]

Generaal Kitchener was bevrees vir hierdie standpunt van die Vrystaters. Hy het geglo dat die knoop by die Transvalers deurgehaak sou word maar dat die Vrystaters die vlieg in die salf sou wees. Hy het hom egter getroos met die gedagte dat hulle nie alleen die stryd sou kon voortsit nie.[127)] Milner aan die anderkant, het geglo dat driekwart van die verteenwoordigers wou oorgee maar dat niemand bereid was om die leiding te neem nie. Ook het hy tereg opgemerk dat die probleem by die Vrystaters en veral by hulle drie leiers, Steyn, De Wet en Hertzog lê. Steyn kon, volgens hom, die gevaarlikste wees indien dit nie vir sy siekte was wat nou baie ernstig was nie. Hertzog was redelik onversoenlik. Generaal De Wet was, volgens hom, besluiteloos. "He is afraid of what we may do to him. A good deal may turn ultimately on our being able to reassure De Wet as to his personal safety in case of surrender, but this would have to be very carefully done and if possible quite privately. Though a good fighter, he is a low fellow and will put his own interest first".[128)]

---

125) Badenhorst: op.cit., pp. 158 - 159.

126) Aangehaal by Ibid., p. 155.

127) Le May: op.cit., p. 138.

128) Headlam: op.cit., II, pp. 336 - 337: brief Milner - Chamberlain, 16/4/1902.

Milner se siening van De Wet was beslis verkeerd. Die voortsetting van die stryd was vir hom nie om eie gewin nie, maar 'n uitvoering van die wil van sy kommando's.

Na afhandeling van die laaste vergadering, het De Wet aan Kitchener laat weet dat al sy generaals en hoofoffisiere as verteenwoordigers gekies is en dat die wapenstilstand in werking moet tree.[129] Groot was De Wet se verbasing dat Kitchener in sy antwoord die wapenstilstand eers vanaf 13 Mei toegestaan het, omdat volgens Kitchener, so ooreengekom is.[130] Daar was nie met De Wet so 'n ooreenkoms getref nie, en daar laasgenoemde onder die indruk was dat die wapenstilstand op 11 Mei in werking sou tree, het hy opdrag aan sy burgers gegee om vanaf 11 Mei nie op die vyand te skiet nie.[131] De Wet was ontstel toe hy op 14 Mei by Wolwehoekstasie verneem dat die vyand die misverstand uitgebuit en die wapenstilstand veronagsaam het deurdat hulle tussen 11 - 14 Mei in die distrikte van Heilbron, Vrede en Bethlehem plase afgebrand, beeste weggevoer, mielies en ander graan verniel en burgers gevang het.[132] Een burger is selfs doodgeskiet. Hierdie optrede van die vyand, tesame met die swak behandeling wat genl. De Wet van maj. Law op 13 Mei ontvang het,[133] het sekerlik De Wet se voorneme om die stryd voort te sit, verder versterk.

Die reis na Vereeniging het op 12 Mei begin. Op hierdie dag het De Wet in geselskap van genl. Hertzog per perdekar vanaf Quaggashoek na Brandfort vertrek. Onderweg het hulle oor die komende volksvergadering gekoukus. Dit was vir hulle duidelik dat die Vrystaters hulle onafhanklikheid wou behou, al het dit verdere bloedvergieting gevra. So seker was die kommando's wat deur Hertzog besoek is dat hulle onafhanklikheid herstel sou word, dat die burgers by Boschrand vir Hertzog gevra het of hy bereid was om President te word.[134] Sy antwoord was ontwykend omdat hy nie die burgers se sekerheid

---

129) Vgl. De Wet: op.cit., pp. 381 - 382: Tel. De Wet - Kitchener, 11/5/1902.

130) Ibid., p. 382: Vertaalde tel.: Kitchener - De Wet, 12/5/1902.

131) Ibid., p. 381.

132) Ibid., p. 382.

133) Sien p. 266 hierna.

134) Van den Heever: op.cit., p. 159.

gedeel het nie. Sy verknogtheid aan en respek vir genl. De Wet het hom dit egter duidelik laat stel dat hy nie teen hoofkommandant De Wet sou staan nie.[135]

Dit was vir De Wet nodig om mediese hulp op Brandfort te kry.[136] Assistent-hoofkommandant Nieuwoudt[137] is gevolglik op 13 Mei vooruit gestuur na Brandfort om 'n dokter te kry. Toestemming dat De Wet 'n dokter kon raad=pleeg of dat melk na hom geneem word, is deur maj. Law geweier. Sy stand=punt was dat hy De Wet nie kon laat verpleeg om môre weer teen hom te veg nie.[138] Gevolglik het genl. De Wet en sy geselskap Law se uitnodiging om saam tee te drink van die hand gewys toe hulle op 14 Mei op Brandfort aangekom het: Dieselfde dag (14 Mei) het die geselskap na Wolwehoekstasie vertrek om die trein te haal na Vereeniging. Hier is De Wet meegedeel dat die geselskap dadelik na Vereeniging kon vertrek, maar De Wet het aan die stasiemeester verduidelik dat hy eers die 15de Mei daar moes wees en dat hy nie voor die tyd wou arriveer nie. Sy rede was dat hy "..vir die oog van die wêreld moes waak".[139] Dit skyn egter of hy die uur van beslis=sing so lank as moontlik wou vertraag.

Op 15 Mei was hy en sy geselskap dan ook die laaste verteenwoordigers om in Vereeniging aan te kom.

## VIII.10 DIE VOLKSVERGADERING TE VEREENIGING[140]

Dit was vir De Wet en die verteenwoordigers 'n skok om met sy aankoms die siektetoestand van Steyn te sien.[141] Vanweë die erns van die siekte, kon

---

135) Ibid.

136) Die aard van sy siekte is nie bekend nie. Die spanning van die voor=afgaande paar weke en die vermoeiende reise wat De Wet kruis en dwars oor die Vrystaat afgelê het, het sekerlik iets met hierdie siekte te make.

137) Hertzog sê dit was C. Nieuwoudt (Van den Heever: op.cit., p. 161) terwyl Kestell en Van Velden: op.cit., p. 50 beweer dat dit T. K. Nieu=woudt was.

138) Van den Heever: op.cit., p. 161.

139) Aangehaal by Kestell: Christiaan de Wet, p. 138.

140) Die gegewens is hoofsaaklik uit Kestell en Van Velden: op.cit., pp. 51 - 215 verkry.

141) De Wet: op.cit., p. 383.

die President die vergadering slegs twee maal bywoon.[142]

Die kwessie van 'n mandaat moes eers opgelos word alvorens die vergadering met sy werksaamhede kon begin. Dit het geblyk dat genls. Botha en Hertzog volmag gekry het van die vergaderings wat deur hulle toegespreek is om na goeddunke te handel en om namens die burgers enige eindbeslissing te neem. Aan genls. De Wet en De la Rey is egter 'n bepaalde opdrag gegee, naamlik dat hulle nie van die Republieke se onafhanklikheid afstand moes doen nie.[143] Daar is toe gevoel dat die afgevaardigdes hulle deur die besprekings sou laat lei. Hierna is genl. Beyers as voorsitter gekies en na 'n kort toe=spraak het die vergadering tot die middag verdaag.

Met die aanvang van die middagsessie het waarn. pres. Burger die woord ge=voer. Nadat hy weer op die doel van die byeenkoms gewys het, het hy die afgevaardigdes gevra om eensgesind te wees, want dan sou die volk dit ook wees. In die loop van die besprekings was dit egter duidelik dat daar nie eensgesindheid was nie. Die rede hiervoor moet gesoek word in die verskil tussen die persoonlikhede wat die leiding geneem het.

Die res van die middag sowel as die volgende dag is verslag gelewer deur die verskillende afgevaardigdes oor die toestande in hulle gebiede. Uit hierdie verslae het geblyk dat veral twee sake oorheersend was, naamlik die onrus oor 'n tekort aan voedsel en die toenemende bedreiging van die Bantoes.[144] Interessant is dit dat die afgevaardigdes wat gekies is op vergaderings waar De Wet voorgesit het, oor die algemeen bereid was om 'n jaar en selfs langer met die stryd voort te gaan ten spyte van 'n voedsel=probleem.[145] Generaals De Wet en De la Rey het nie self aan die besprekings oor die toestande in die distrikte deelgeneem nie, maar het dit aan die afge=

---

142) Van der Merwe: op.cit., II, p. 50.

143) Kestell en Van Velden: op.cit., pp. 51 - 52.

144) Die Bantoeprobleem was nie op die Vrystaat van toepassing nie, aangesien die verhouding met Basoetoland gesond was (Van Aswegen: op.cit., pp. 747 - 750).

145) Vergelyk die rapporte in Kestell en Van Velden: op.cit.: van: C. C. F. Badenhorst (p. 58); G. A. Brand (p. 59); C. C. Froneman (p. 58); F. J. W. J. Hattingh (p.58); F. E. Mentz (p. 75) en A. M. Prinsloo (p. 59).

vaardigdes oorgelaat. Toe dit lyk asof veral die Vrystaters en die Transvaler genl. J. G. Kemp met die stryd wou voortgaan, het F. W. Reitz die wenk gegee dat die Republieke tog vrede moet probeer bewerkstellig deur aan Brittanje die goudvelde en Swaziland af te staan. Die meeste sprekers wat na Reitz aan die woord gekom het, was dit hiermee eens. Uiteindelik het genl. Froneman gevra dat genls. Botha, De Wet en De la Rey ook hulle siening van die saak moet gee.

Generaal Louis Botha het eerste gepraat.[146] Dit was vir hom hopeloos om met die stryd voort te gaan en daarom het hy hom met Reitz se wenk vereenselwig. Uit die verslae van die verteenwoordigers het genl. De la Rey ook tot die gevolgtrekking geraak dat die einde aangebreek het.[147] Hy het eerlik erken dat hy egter nie geweet het hoe daar onderhandel moes word nie. Van een saak was hy egter oortuig, en dit is dat hy hom nie kon vereenselwig met die afgee van die goudvelde nie omdat Brittanje dit nie sou aanvaar nie. Indien Brittanje dit wel sou doen, sou dit aan die wêreld toon dat hy net in die rykdom van die land belangstel. 'n Tweede rede was dat indien die goudvelde prysgegee word, dit die verarmde volk nog armer sou laat.

Hierna het De Wet aan die woord gekom en dit dadelik duidelik gestel dat hy nie aan die bespreking wou deelneem nie aangesien sy standpunt nie 'n geheim is nie. Sy eis vir vrede was sedert die eerste vredespoging onveranderd: volle onafhanklikheid sonder toegewings. Enkele belangrike eienskappe met betrekking tot die persoon van Christiaan de Wet, is uit hierdie toespraak duidelik: Hy wou met die oorlog voortaan en hy het nie gehuiwer om swaarde te kruis met die persone wat van hom verskil het nie. Hy het ook nie geskroom om diegene wat van hom verskil het by die naam te noem nie. So het hy dit duidelik gestel dat hy in Botha teleurgesteld is omdat laasgenoemde die oorlog wou opsê. Hy het Smuts ook aangeval omdat hy 'n halwe waarheid met betrekking tot die toestand in die Kaapkolonie verkondig het. De Wet het wel met genl. Smuts saamgestem dat die Republieke hulle hoop op die Kolonie moet laat vaar, maar was oortuig dat die Republieke se saak in die Kolonie

---

146) Sien verslag van Botha se volledige toespraak in Kestell en Van Velden: op.cit., pp. 80 - 88.

147) Sien verslag van De la Rey se volledige toespraak in Ibid., pp. 88 - 90.

ook nie versleg het nie. Minstens 50 000 Britse soldate is immers daar besig gehou.

Hy het ook die Transvalers daarvan beskuldig dat hulle verkeerdelik meen dat dit hulle reg is om die oorlog te beëindig omdat hulle daarmee begin het. Hulle is ook daaraan herinner dat hulle 'n jaar tevore 'n donker prentjie in 'n brief[148] aan Steyn geskilder het, maar dat die stryd intussen steeds met sukses gevoer is. Hy toon ook sy agting vir sy geesgenoot en vriend, genl. Koos de la Rey wanneer hy met hom saamstem dat die goudvelde nie afgegee kan word nie. Sekondêr gaan dit vir De Wet hier om die bron van inkomste, maar primêr kon daar nie 'n Britse kolonie binne die grense van die Republiek bestaan nie. Interessant genoeg het Kitchener ook laasgenoemde standpunt gehuldig.[149]

Net soos in sy geskrif aan die Vrystaters[150] na sy samespreking met genl. Botha wat gevolg het op die Middelburgse konferensie, bevestig genl. De Wet die feit dat die oorlog van die begin af vir hom 'n geloofsaak was. Die antwoord het nie vir hom in feite gelê wat met die verstand verklaar kon word nie. Die hart sou die antwoord gee want "ik het met een feit te doen, dan alleen, wanneer ik het uit den weg moet ruimen".[151]

De Wet se toespraak kon egter nie verhoed dat twee betekenisvolle voorstelle die volgende dag, Saterdag 17 Mei 1902, na 'n kort bespreking aangeneem is nie. Die eerste het ingehou dat daar probeer sal word om Brittanje te oorreed om Reitz se voorstel aan te neem.[152] Die tweede het daarop neergekom dat 'n kommissie, bestaande uit genls. Botha, De la Rey, Smuts, De Wet en Hertzog met die Britse regering via Kitchener verder sou onderhandel indien Reitz se wenke nie slaag nie.

---

148) Sien p. 251 hierbo.

149) Sien Kestell en Van Velden: op.cit., p. 112.

150) Sien pp. 249 hierbo.

151) Woorde van De Wet aangehaal by Kestell en Van Velden: op.cit., p. 92

152) Reitz se voorstel het vier punte as basis vir onderhandeling ingehou nl.
   a) Die Republieke wou selfregering behou, maar was bereid om dit onder Britse toesig te laat geskied.
   b) Afstand sou gedoen word van 'n eie buitelandse beleid en van gesantskappe.
   c) Die Witwatersrandse goudvelde en Swaziland sou afgegee word.
   d) 'n Defensiewe verbond sou met Brittanje aangegaan word.

## VIII.11 DIE KOMMISSIE ONDERHANDEL IN PRETORIA EN KEER TERUG MET 'N FINALE VOORSTEL

Van 19 tot 28 Mei het dié kommissie in Pretoria met Kitchener en Milner[153] beraadslaag. Van die eerste oomblik af was dit duidelik dat die twee Britte en veral lord Milner nie tevinde was vir Reitz se voorstelle nie. Hy het selfs sover gegaan om op eie verantwoordelikheid die voorstelle te verwerp en te verklaar dat nuwe voorstelle nie aanvaar kon word nie. Vir Milner was die Middelburgse voorstelle[154] die enigste aanvaarbare vredesvoorwaardes. Na heelwat bespreking tussen veral Milner en die twee regsgeleerdes, genls. Hertzog en Smuts, het De Wet dit duidelik gestel dat die Boere met 'n voorstel gekom het wat in wese nie veel van dié van Middelburg verskil nie.[155] Dit was ook nie volgens hom nodig vir die hou van 'n volksvergadering indien die antwoord op die Britse voorstelle 'n ja of nee vereis het nie.[156] Dit was ook die gevoel van die ander lede van die kommissie. Lord Milner het dit egter duidelik gestel dat die Boere se voorstelle en die van die Britse regering by wyse van die Middelburgse voorstelle vir hom twee wêrelde is wat nie met mekaar verbind is nie. In werklikheid was daar wel 'n ooreenkoms tussen die twee voorstelle soos ook deur Smuts en Hertzog aangetoon is. Hier skyn dit dus of Milner geweet het wat hy met die Middelburgse voorstelle kon bereik het, omdat hy ook 'n hand daarin gehad het, maar nie mooi geweet het wat die Boere met hulle voorstelle kon bereik nie. Gevolglik het hy nie probeer verstaan wat die inhoud van die Boereleiers se voorstelle was nie. Die samesprekings wou gevolglik die oggend van 19 Mei nie vlot nie, sodat genl. Smuts tydens die etenspouse na Kitchener en Milner gestuur is om die dooiepunt te probeer opklaar. 'n Dokument is opgestel en die middag aan die Boere voorgelê. Hiervolgens is die Boereleiers gevra om namens die burgers a) die anneksasie van die Republieke te erken asook b) dat hulle Britse onderdane was, c) om die wapens neer te lê en d) om alle teenstand teen die regering van die Britse kroon te staak.[157]

---

153) Die bedoeling was om net met Kitchener te onderhandel. Die afgevaardigdes het lord Alfred Milner nie vertrou nie.

154) Sien p. 248 vn. 44 hierbo.

155) Kestell en Van Velden: op.cit., p. 104.

156) Ibid., p. 111.

157) Ibid., p. 113.

Die Boerevoorstelle is dus verwerp. Vir die Boere was die Britse dokument onaanneemlik omdat die Republieke hulle vryheid hiermee ontneem is. Aange=sien die vredespoging tot op hierdie stadium nog geen konkrete vredesvoor=stelle opgelewer het en die poging nog eens gedreig het om te misluk, is 'n Boere subkomitee bestaande uit genls. Hertzog en Smuts benoem om saam met Milner, bygestaan deur sir Richard Solomon, finale konsep-voorstelle op te stel. Milner het dit baie duidelik aan die leiers gestel dat hulle moet aanvaar dat die twee voormalige Republieke se vryheid nie teruggegee sou word nie. Op hierdie basis het bogenoemde vier persone vir twee dae beraadslaag.

In hierdie twee dae het die Boereleiers die konsep-vredesooreenkoms met span=ning afgewag. Die onvermydelike onvoorwaardelike oorgawe was dus 'n vol=donge feit. Dit is nie moeilik om te sê wat in hierdie twee dae in die hart van die rustelose, vurige vaderlander Christiaan de Wet omgegaan het nie, veral daar hy die enigste van die leiers was wat kapsie gemaak het teen die plan om finale vredesvoorstelle op te stel. Alle takt en diplomasie is deur hom verontagsaam en sy gevoel is hardop uitgespreek, naamlik dat hy nooit 'n liggaam sal aanvaar waarvan "wat ik hier gezien het, Brittanje het hoofd is".[158]

Uit hierdie onversoenbare houding van hom was dit vir almal wat aan die same=sprekings deelgeneem het duidelik dat De Wet nie in die subkomitee kon dien nie. Dit het Kitchener verplig om voor te stel dat die suiwer militêre leiers hulle aan die finale opstelling van die vredesvoorstelle moet onttrek. Dit het dus nie alleen vir De Wet uitgeskakel nie, maar ook vir Kitchener wat die konsep meer plooibaar kon maak.

Die konsepooreenkoms is op 21 Mei aan die volle vergadering voorgelê vir bespreking. Dit het uit twaalf klousules bestaan.[159] Die voorstelle is lank en deeglik bespreek.

---

158) Aangehaal by Ibid., p. 116.

159) Vir volledige besonderhede oor klousules, raadpleeg Ibid., pp.117-119.

Klousule elf wat die kwessie van kwitansies en regeringsnote aangeraak het, is druk bespreek. Generaal De Wet het heelwat oor hierdie saak te sê gehad en wou dat die Britse regering nie 'n vaste som beskikbaar stel vir kompen= sasie nie, maar dat elkeen betaal sal word wat hom toekom. Hieroor was al die lede van die kommissie dit eens. Toe dit lyk asof hierdie klousule die samesprekings op 'n verdere dooiepunt laat afstuur, het Kitchener inge= gryp en 'n bedrag van vier of ses miljoen Rand genoem. Hierop het genl. De Wet gevra dat die vergadering verdaag sodat die kommissie onderling oor die punt kon beraadslaag. Toe die samesprekings die middag hervat is, het genl. De Wet die Britte meegedeel dat die kommissie op 'n bedrag van ses miljoen Rand besluit het. Dit is as 'n artikel by klousule elf gevoeg.

Die enigste ander saak wat nog bespreek is, is dat die burgers wat geld ge= skuld het, beskerm moes word sodat die skuldeisers nie direk na die oorlog hulle skulde kon opeis nie. 'n Tydperk moes eers verloop voordat dit kon gebeur, want daardeur sou die verarmde Boer kans gegun word om finansieel eers te rehabiliteer. Dit was vir sowel genl. Botha as genl. De Wet 'n "lewenskwestie".[160]

Lord Milner wou nie dat hierdie saak in die konsep-voorstel opgeneem word nie. Uit die besprekings kon dit egter afgelei word dat Brittanje moreel gebonde was om sy toekomstige onderdane te beskerm. Generaal Kitchener het die Boere gerusgestel met die versekering dat sowel Brittanje as die Boere uit die Notule sou kon sien dat skuldeisers nie sonder meer hulle skulde sou kon opeis nie.

Generaal De Wet het ten slotte verklaar dat die kommissie geen verdere be= sprekingspunte het nie. Lord Milner het dit duidelik gestel dat die Middel= burgse voorstelle verval het, en dat die Britse regering slegs gebind kon word aan die konsepvoorstelle in sy finale vorm. Op die finale voorstelle moes die kommissie 'n besliste ja of nee van die volk kry.

Voordat die vergadering verdaag het sodat die voorstelle aan die Britse rege= ring gekabel kon word vir goedkeuring, het De Wet dit duidelik gestel dat

---

160) Ibid., p. 132.

dokumente hom nie bevredig nie, maar dat hy sou berus by die meerderheids= besluit van die afgevaardigdes[161] wat op Vereeniging gewag het op die terugkoms van die kommissie.

Dat die samesprekings finaliteit bereik en gevorder het tot op 'n punt waar die wapenbroers bereid was om die onafhanklikheid van die Republieke prys te gee, het De Wet baie ontstel. Hy was nog die enigste om vas te staan[162] en was baie vurig met en diep teleurgesteld in veral genl. Botha. Die spanning en verwydering tussen De Wet en Botha het so toegeneem terwyl op die Britse regering se antwoord op die finale gewysigde vredesooreenkoms gewag is, dat Hertzog hom verplig gevoel het om op 27 Mei met De Wet te praat ".om kalmer te wees teenoor broers".[163]

Die volgende dag is die Britse regering se antwoord[164] ontvang en aan die kommissie oorhandig. De Wet het dit 'n verpletterende ultimatum genoem.[165] Die kommissie is gevra om die besliste antwoord van die wagtende volksver= teenwoordigers te kry voor of op Saterdagaand, 31 Mei 1902.

## VIII.12 DIE EINDE

Op 29 Mei was die kommissie terug op Vereeniging. Voordat die volle ver= gadering van verteenwoordigers begin het, het die Republieke se Uitvoerende Rade gesamentlik in pres. Steyn se tent vergader.[166] Op hierdie vergadering het Steyn, diep geskok[167] deur die vredesvoorstel en ernstig siek, as presi= dent bedank en vir genl. De Wet aangestel as waarn. president. Dit het hom in die unieke posisie geplaas dat hy nie alleen militêre hoofleier was nie, maar ook staatkundige hoofleier.

---

161) Ibid., p. 133.

162) Van den Heever: op.cit., p. 169.

163) Aangehaal by Ibid.

164) Die antwoord op die finale vredesvoorstelle het nie veel van die van die konsepvoorstelle verskil nie. Klousule 2 en 3 is as een klousule saamgevat, terwyl klousule 11 ook verander is. Sien die inhoud van die finale voorstelle in Kestell en Van Velden: op.cit., pp. 134 - 136.

165) De Wet: op.cit., p. 385.

166) Van der Merwe: op.cit., II, p. 97.

167) Van den Heever: op.cit., p. 173 en Van der Merwe: op.cit., II, p. 97.

Hierna is die verslag van die onderhandelinge aan die volksverteenwoordigers in die groot tent oorgedra. Die verteenwoordigers was verslae en verward toe die klousules een na die ander gelees en verduidelik is.

Die bespreking van klousule 4 van die finale voorstelle het die ernstige verwydering tussen De Wet en Botha blootgelê. Hierdie klousule het inge= hou dat geen geregtelike stappe gedoen sal word teen dade wat burgers in die uitvoering van hulle plig gepleeg het nie. Drie persone was egter van hierdie voorreg uitgesluit.[168] In 'n privaatgesprek met Botha en later weer met Botha en Smuts het Kitchener[169] dit duidelik gestel dat hierdie persone die enigstes was wat nie die voorreg van klousule 4 sou geniet nie. De Wet was baie ongelukkig dat hy nie ook in die saak geken was nie, aan= gesien twee van die drie Vrystaters was. Omdat die name van die drie nie op skrif gestel is nie, kon hy nie verantwoordelik gehou word indien later nog uitsonderings gemaak word nie. Hiermee het hy homself van alle blaam onthef en dit op die rekening van genl. Botha geplaas. So hewig was die woordewisseling dat Hertzog vir Steyn gaan vra het om met De Wet te praat ten einde 'n botsing tussen die twee leiers af te weer. Steyn het dit ge= doen en aan De Wet gevra om gedane sake met rus te laat.[170] Dit was die keerpunt, want De Wet het daarna alle openlike weerstand vermy. Dit het die weg vir vredesluiting aansienlik vergemaklik veral omdat Steyn dit ook vir De Wet op die hart gedruk het om nie alleen met die stryd voort te gaan indien Transvaal vrede wil hê nie.

Die klousules is bespreek met die oog op die voortsetting van die oorlog, vredesluiting met voorwaardes of onvoorwaardelike oorgawe.[171] President Steyn het tydens die vergadering in sy tent nog 'n vierde moontlikheid ge= noem, naamlik dat die Boeresaak in Europa beslis kon word deur neutrale gemagtigde persone.

---

168) Hierdie drie persone sou vanweë die gevoel in Brittanje nie ongestraf kon bly nie. Hulle was 'n sekere Van Aswegen wat kapt. Meers doodge= skiet het, Cilliers wat kapt. Boyle doodgeskiet het en Muller vir die moord op 'n sekere Rademeyer in die distrik Vrede.

169) Van der Merwe: op.cit., II, p. 97.

170) Ibid., II, pp. 97 - 98.

171) Hierdie drie moontlikhede is deur waarn. pres. Schalk Burger voorgehou (Kestell en Van Velden: op.cit., p. 145).

Toe genl. De Wet die voorlaaste woord tydens die aandsitting geneem het, het hy in die gees van pres. Steyn se voorstel gepraat. Hy het ten aanvang genl. J. G. Cilliers van Lichtenburg gerepudieer deur daarop te wys dat die Deputasie in Europa nooit gesê het dat die stryd gestry moes word totdat die laaste burger dood en die laaste patroon weggeskiet was nie. Die swye van die Deputasie was vir hom 'n teken dat daar hoop is, daarom moes die stryd in geloof voortgesit word. Met trots het hy vertel dat die Vrystaat, ten spyte van sy ligging, met die Basoeto's aan sy grens en geen Bosveld wat dit, soos vir Transvaal, makliker maak om die vyand te ontduik nie, tog die Britte groot probleme gegee het. Gevolglik het hy by sy standpunt gehou: die stryd moet voort, anders sou hulle nie manne wees nie maar vroue.[172] In hierdie minagting vir die voorstelle van Brittanje, lê ook 'n ver=skuilde beskuldiging aan die Transvalers gerig. Die skrif was reeds aan die muur, maar De Wet het steeds geweier om van standpunt te verander. By al die Transvalers was dit egter 'n uitgemaakte saak dat die stryd gestaak moet word. Met die afsluiting van die verrigtinge op 29 Mei was daar twee duidelike pole met sy eie ondersteuners: die De Wet-pool en die Botha-pool.

Met die aanvang van die sitting op 30 Mei het 'n besonder emosionele toneel hom afgespeel wat tot gevolg gehad het dat van die Vrystaters van die De Wet-pool na die ander pool beweeg het. Waarnemende pres. Burger het naamlik aangekondig dat pres. Steyn vanweë sy siekte sy amp as president die vorige dag neergelê en Vereeniging verlaat het. Aan genl. De Wet is daarop 'n bedrag geld namens die Z.A.R. oorhandig vir die behandeling van oud-president M. T. Steyn. Hierdie daad van 'n reeds finansieel sukkelende Transvaal het baie Vrystaters nader aan die Transvalers getrek.

Generaal De Wet het nie verder gedurende die dag aan die besprekings deelge=neem nie, maar sy invloed op die Vrystaters was baie duidelik. Die einde van die tweede dag het dertig toesprake opgelewer. Van die een-en-twintig Transvalers wat gepraat het, was twintig ten gunste van die voorstelle. Van die nege Vrystaters wat aan die besprekings deelgeneem het, was slegs een ten gunste van oorgawe. Selfs nie eens genl. Smuts se sterk intellektuele

---

172) Ibid., p. 173.

toespraak kon die Vrystaters oortuig om oor te gee nie.[173]

Aan die einde van die tweede dag, was dit egter duidelik dat vrede gesluit sou word. Wat egter die kernprobleem geword het, was die vraag of die twee voormalige Republieke na vredesluiting bymekaar sou staan soos tydens die oorlog, of in vyandskap uitmekaar sou gaan. Hierdie moontlikheid van vyandskap was die gevolg van die Vrystaters wat onder De Wet se betekenis=volle invloed ook nie die stryd wou opsê nie. Sowel die Transvalers as Britte het geweet dat alles om De Wet draai, want indien hy sy standpunt sou wysig, sou die Vrystaters dit ook doen.

Gevolglik het genls. Botha en De la Rey na genl. De Wet se tent gegaan om met hom te praat voordat die afgevaardigdes die oggend van 31 Mei byeen sou kom om die finale antwoord te gee. Hiermee het Botha 'n belofte nagekom wat hy reeds op 22 Mei aan Kitchener gemaak het, naamlik om met De Wet te praat en hom daarop te wys dat die Transvalers gaan vrede maak en dat De Wet sy eie sowel as sy mense se kele gaan afsny deur alleen met die stryd voort te gaan.[174] Wat die oggend vroeg alles in De Wet se tent gesê is, is nie bekend nie. Gesien teen die agtergrond van De Wet se breuk met en dunk van Botha, moes Christiaan de Wet eerder geluister het na die pleidooi van sy getroue vriend Koos de la Rey. Die feit dat De la Rey ook ten laaste be=sluit het om vrede te maak, en gedagtig aan pres. Steyn se versoek twee dae tevore om ter wille van eensgesindheid ook die vrede te onderteken indien die Transvalers dit sou doen,[175] het De Wet enkele ure voor die finale stemming laat besluit om in te gee.

---

173) Smuts se toespraak was ten gunste van die vredesondertekening, omdat dit volgens hom latere voordele sou inhou (vgl. toespraak Smuts in: Kestell en Van Velden: op.cit., pp. 193 - 197 en Pyper: op.cit., pp. 160 - 163). Hierdie toespraak was in die gees van die wenk wat hy in 'n privaatgesprek van Kitchener gekry het, naamlik dat 'n liberale regering binne twee jaar aan bewind sou kom wat selfregering aan Suid-Afrika sou gee (Pyper: op.cit., pp. 157 - 158 asook Van den Heever: op.cit., p. 168).

174) Hierdie belofte van Botha is opgeneem in 'n telegram van Kitchener - Broderick, 22/5/1902 (Le May: op.cit., p. 152, vn. 2).

175) Van der Merwe: op.cit., II, p. 99.

De Wet het egter nie tyd gehad om met sy Vrystaters te praat voor die aanvang van die dag se verrigtinge nie. Die twee voorstelle[176] wat ingedien is onmiddellik met die aanvang, toon ook duidelik dat die twee pole nog bestaan het en dat die Vrystaters onbewus was van hulle hoofleier se veranderde houding: twee Vrystaters, genl. Nieuwoudt gesekondeer deur genl. Brand het voorgestel dat die voorwaardes van die Britse regering van die hand gewys word, terwyl twee Transvalers, genl. P. R. Viljoen gesekondeer deur genl. H. A. Alberts voorgestel het dat die voorwaardes aangeneem word. Christiaan de Wet het die dilemma besef waarin die twee voorstelle die vergadering geplaas het, veral toe genl. Viljoen gevra het dat die vergadering eenparig in hulle besluit moes wees.[177]

Volgens vergaderingprosedure moes oor die twee voorstelle gestem word, maar dit is ter syde gestel op 'n wenk van genl. De Wet, gesteun deur genl. Botha, dat 'n kommissie bestaande uit genls. Hertzog en Smuts 'n voorstel moet opstel wat die sienswyse van die vergadering beliggaam. Hy het ook gevra dat die afgevaardigdes van die twee Republieke afsonderlik moet beraadslaag terwyl die voorstel opgestel word.[178] Hierdie wenk is eenparig aangeneem.

Dit het De Wet die geleentheid gebied om met sy burgers te praat. Dit moes vir hom moeilik wees om ter wille van eensgesindheid sy gewete stil te maak. Die verslae wat oor hierdie gebeurtenis bestaan, is sentimenteel van aard.[179] Dit moet egter toegegee word dat dit 'n gevoelvolle oomblik was. Die eerbied, respek en agting vir sy leiding het daartoe bygedra dat die Vrystaters bereid was om soos hulle leier van standpunt te verander. Ruim 'n uur het De Wet met sy mense gepraat waarna die samekoms met gebed afgesluit is.

Wat hierna gebeur het, is oorbekend: Hertzog en Smuts se voorstel, wat Le May 'n "document for posterity"[180] noem, is met vier-en-vyftig stemme teen ses-

---

176) Kestell en Van Velden: op.cit., p. 207. 'n Kompromis-voorstel is ook ingedien, maar teruggetrek.

177) Ibid., p. 208.

178) Ibid.

179) Sien Grobler: op.cit., p. 128; Kestell: Christiaan de Wet, p. 143 en Kestell: Met de Boeren-Commando's, p. 276.

180) Le May: op.cit., p. 152.

aangeneem. Die hervatting van die vergadering het tewens 'n skerp kontras gevorm met die oggend en die vorige dae se besprekings asook alle vorige vredespogings. Met hierdie verandering is De Wet se invloed duidelik onder=streep.

Heelparty burgers het openlik gehuil[181] toe die besluit ten gunste van die Britse voorstelle geneem is. Ses konkrete redes is aangegee vir hierdie be=sluit.[182]

Kort voor 23h00 was die twee regerings terug in Pretoria en is die vredes=ooreenkoms daarna onder doodse stilte onderteken.

Op Maandag, 2 Junie was die leiers terug op Vereeniging vergesel deur onder andere Kitchener en Bruce Hamilton. Die volgende oggend het die verteen=woordigers na hulle kommando's vertrek om die neerlê van wapens te gaan reël. Voordat De Wet om 09h00 vertrek het om in geselskap van genl. L. Elliot die wapens op verskillende punte in die Vrystaat te gaan ontvang, het hy een van die eerstes geword om sy mauser en rewolwer te oorhandig aan maj. Leggatt.[183] Hy het ook die verkyker wat hy van 'n Britse offisier by Houtkraal afgeneem het, oorhandig om met komplimente aan die offisier terugbesorg te word.[184]

## VIII.13 DE WET SE LAASTE PLIGTE

Op 4 Junie het genls. De Wet, Elliot en Hertzog[185] op Vredefort aangekom en tot 16 Junie was eersgenoemde twee besig om wapens te ontvang. Die eerste wapens is op 5 Junie naby Vredefort neergelê. Dit was vir Christiaan de Wet en die ander aanwesiges"..een onbeschrijfelijk oogenblik"..[186]. Self sê hy dat hy al menigmaal by die sterfbed en begrafnis van iemand wat hom na

181) Kestell en Van Velden: op.cit., p. 212.

182) Die redes was: a) Die toestand waarin die land verkeer het, b) die dodesyfer in die konsentrasiekampe; c) die feit dat Bantoes bewapen is en teen die Boere geveg het; d) die proklamasies wat verbanning en konfiskasie voorgehou het; e) die onvermoë van die Boere om die Britse gevangenes aan te hou en f) die besef dat 'n klein deeltjie van die Republikeine teen 'n oormag veg en bedreig word deur hongersnood.

183) Van den Heever: op.cit., p. 176.

184) Ibid.,

185) Ibid., pp. 176 - 177. Hertzog het De Wet op hierdie dag verlaat om sy pligte met betrekking tot die neerlê van wapens na te kom.

186) De Wet: op.cit., p. 388.

aan die hart was, gestaan het, maar dit was niks in vergelyking met dit wat hy tydens die begrafnis van sy volk aanskou het nie.[187] As gevoelsmens was die neerlê van die wapens vir hom 'n baie onaangename ondervinding. Dit kan dus verstaan word waarom hy na die wapenneerlê op 7 Junie by Reitz be= sluit het om met die volgende byeenkomste net die burgers in te lig en om hom dan te onttrek en om die ontvangs van die wapens aan genl. Elliot oor te laat.[188]

'n Beskrywing van wat tiperend was op hierdie byeenkomste en waarin aangedui word hoe die neerlê van wapens De Wet geraak het, word deur genl. Badenhorst gegee:[189] Sy burgers het op 14 Junie 1902 naby Brandfort die wapen neerge= lê. Die Boere moes in groepies verdeel en is onder toesig van Britse soldate geplaas. Voordat die wapens neergelê is, het genl. De Wet die bur= gers vanaf 'n wa toegespreek. Hy het aangetoon hoe ellende, hongersnood en veral die lyding van die vroue en kinders daartoe bygedra het dat die besluit geneem is om vrede te sluit. Met trots het hy verwys na die Vrystaters wat hulle plig gedoen het. Met veragting het hy van die hensoppers en National Scouts, wat die nekslag aan die Boere gegee het, gepraat. Sy burgers was vir hom manne en nie vroue nie.[190]

Voorts het hy daarop gewys dat die nuwe regering aanvanklik vereis het dat 'n eed van getrouheid afgelê moes word, maar deur die toedoen van die regerings van die twee voormalige Republieke is dit nou nie nodig om die eed af te lê nie, maar slegs 'n dokument te onderteken wat hy voorgelees het. Hy het ook duide= lik aangetoon wat die verskil is tussen die eed van getrouheid aflê en net die dokument onderteken. Ten slotte het hy die burgers daarop gewys dat hy aan genl. Kitchener belowe het om te help met die ontwapening, maar omdat hy self nie die vernedering van sy burgers wou aanskou nie, het hy dit aan genl. Elliot oorgelaat terwyl hy self vooruitry na die volgende plek van ontmoeting.

---

187) Ibid.

188) Ibid.

189) Badenhorst: op.cit., pp. 159-163. Generaal Badenhorst het saam met twee ander Vrystaters A. J. Bester en C. A. van Niekerk teen die Britse voor= stelle gestem (Kestell en Van Velden: op.cit., p. 212). Kommandant Van Niekerk was later jare president van die senaat van die S. A. parlement.

190) Dit is 'n verwysing na sy toespraak te Vereeniging op 29 Mei 1902 (p. 275 hierbo).

Hy het van die wa afgeklim, elke offisier stilswyend 'n handdruk gegee, Fleur, sy perd, bestyg en "stapvoets"[191] weggery. Hierna het Elliot oorgeneem en met die ontwapening voortgegaan.

Van wapen neerlê was daar nie sprake nie, maar wel wapen neersmyt! Omdat die burgers die patrone nie ook wou gee nie, is dit in die lug of op wild weggeskiet, sodat leë bandoliere ingehandig is. Voordat die burgers met 'n briefie in die hand, waarin aangetoon is dat die wapens neergelê is na Brandfort vertrek het om die oorgawedokument as laaste formaliteit te gaan onderteken, kon hulle van die verversings geniet wat die Britte op tafeltjies geplaas het. Van die koffie, bier, rum of toebroodjies is nie gebruik gemaak nie!

Nadat genl. De Wet sy taak afgehandel het, het hy vir 'n kort tydjie na sy totaal verwoeste plaas vertrek waar hy met sy vrou en kinders 'n tent betrek het terwyl 'n bouer dadelik begin het met die bou van 'n nuwe huis. Hy kon egter nie lank op die plaas vertoef nie want ooreenkomstig 'n besluit[192] van die volksvergadering op 31 Mei moes hy asook genls. Botha en De la Rey na Europa vertrek.

Op 30 Julie 1902 het die drie generaals en hulle gevolg[193] met die Saxon na 'n geesdriftige ontvangs in Kaapstad na Engeland vertrek om fondse in te samel vir 'n verarmde[194] Boerevolk, wat wel die oorlog verloor het maar nie sy selfrespek nie.[195]

---

191) Badenhorst: op.cit., p. 162.

192) Hierdie besluit is wel deur die kommandoverteenwoordigers geneem (Kestell en Van Velden: op.cit., p. 215) maar die gedagte aan so 'n komitee het reeds tydens die besprekings met die Britse leiers op 21 Mei ontstaan. Sien Van den Heever: op.cit., p. 169 aanhaling uit Hertzog se dagboek, 21/5/1902.

193) Onder hierdie gevolg was Ds. J. D. Kestell, Brebner, Ferreira en Van Velden.

194) Oor die verarmde toestande waarin die Boere na die oorlog verkeer het, kan o.a. Weideman: op.cit., Afd. B; Kriel: op.cit., en Walker: op.cit., pp. 504 - 507 geraadpleeg word.

195) Van Zyl, P. H. S.: Die Helde Album, Johannesburg, 1944, p. 409.



Onderweg om die neerlê van wapens te gaan reël.

## HOOFSTUK IX

# E P I L O O G

Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) sal altyd 'n boeiende tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika bly. Vir die leek is daar iets romanties omtrent hierdie tydperk. Vir die navorser is dit egter realisties. Die leek sien gewoonlik net die enkelinge in hierdie tydperk raak. Die navorser besef egter al gou dat die enkeling nie losgemaak kan word van 'n groter groep wat rondom die enkele held beweeg nie. Daarom kan Christiaan de Wet nooit as 'n alleenstaande figuur gesien word nie maar moet hy binne die raamwerk en die samehang van gebeurtenisse van die oorlog gesien word.

De Wet het 'n beduidende invloed op hierdie gebeurtenisse van die oorlog uitgeoefen vanweë sy besondere aard en persoonlikheid. Reeds aan die begin van die stryd het hy hom onderskei as 'n persoon met onbetwiste krygstalente. By Nicholsonsnek het hy reeds so onder die aandag gekom dat die Vrystaatse regering hom aangestel het as veggeneraal op die wesgrens. Die vertroue wat sy regering in hom gestel het, het hy nooit geskok nie.

Dit het egter nie altyd maklik gegaan nie, want van sy eie offisiere het sy leiersposisie bevraagteken terwyl sy burgers ongedissiplineerd en nie in die formele krygskuns opgelei was nie. Van die burgers het De Wet se idealisme nie gedeel nie en het gehensop. Namate die stryd gevorder het, is die ou hout egter onder die burgers uitgesny en kon De Wet met sy keurkommando's en getroue offisiere die stryd tot die einde voortsit.

Tot met Blauwbank (15 Februarie 1900) was De Wet vir die vyand 'n onbekende faktor. Hierna het hy die stryd begin dikteer ofskoon hy tot met Poplar Grove (7 Maart 1900) sy vyand onderskat het. Gevegte wat hierna die oog gevang het was: Sannaspost (31 Maart 1900), Mostertshoek (3 - 4 April 1900), Swavelkranz (4 Junie 1900) en Roodewal ( 7 Junie 1900) wat lord Roberts genoop het om weer aandag aan die Vrystaat te gee. Deur die optrede van Roberts is De Wet en al die Vrystaters in die Brandwaterkom vasgekeer. De Wet slaag daarin om in nog een van die reeks wonderbaarlike ontsnappings verby die vyand te glip. Wanneer hy met mening agterna gesit word deur van die knapste Britse offisiere, stel sy verkenners en sy

eie krygsvermoë hom in staat om sy agtervolgers af te skud by die Magalies=berge en in die Vrystaat by Bothaville. In die oë van die wêreld word hy 'n held as hy telkens gekke maak van sy vyand deur sy beproefde taktiek van rigtingverwarring te gebruik en sy kommando telkens te verdeel in klein be=weeglike kommando'tjies. Wanneer hierdie kommando'tjies dan na hulle tuisgebiede terugkeer, word die vyand opnuut gedwing om sy agtervolging te staak en sy mag ook te verdeel.

Dit het aan die burgers die geleentheid gegee om te rus en aan De Wet om verdere planne te beraam. As hy dan weer sy kommando'tjies rondom hom versamel, word die nuwe planne uitgevoer. Voordat sy vyand tot verhaal kon kom, het De Wet hulle weer verliese toegedien soos by Dewetsdorp (21-23 November 1900) op sy eerste tog na die Kaapkolonie. Alhoewel sy togte na die Kaapkolonie militêr nie suksesvol was nie omdat sy vyand te vasberade was om hom te vang, die natuurelemente sy planne gefnuik het, burger en perd uitgeput was en die gevoel onder die Kolonialers nie meer positief was nie, het De Wet hom nog eens bewys as 'n gedugte en waardige teenstander, 'n diep gelowige, 'n vasberade en sterk persoonlikheid. Hierdie eienskappe in De Wet het Kitchener verplig om van die Vrystaat en veral die Noord-Vrystaat die eintlike slagveld tydens die oorlog te maak. Deur gebruik=making van veranderde taktiek soos die afbrand van Boereplase, die oprigting van konsentrasiekampe en die bou van blokhuise het Kitchener gemeen om De Wet tot oorgawe te dwing. Die Vrystaatse militêre hoof kon hom egter aan=pas by elke veranderde militêre situasie en kon verdediging omskep in aanval. Die guerrilla-oorlogvoering was sy antwoord op Kitchener se veranderde taktiek. Die doel met hierdie soort oorlogvoering was dat 'n Boereaanvoerder hom nie moes laat vaskeer nie en die vyand so veel as moontlik kwel. Met die meesterbrein van De Wet is die taktiek doeltreffend deur die Boere toegepas. De Wet se grootste aanspraak op militêre roem is dan ook op sy algemene op=trede as hoof van guerrilla-oorlogvoering in die Vrystaat gegrond. Self was hy nie die leier van 'n bepaalde guerrilla-kommando'tjie nie, maar het hy in die tyd van hierdie soort oorlogvoering sulke kommando's versamel en geor=ganiseer. Die doel met die vergrote kommando was altyd tweeledig, naamlik om te storm of te vlug. In hierdie verband was daar sy gevegte by Spuit=fontein (29 November 1901), Quaggafontein (8 Desember 1901), Tierkloof (18 Desember 1901) en Groenkop (25 Desember 1901). Hy het net soveel roem behaal deur suksesvol te vlug as deur dapper te storm.

Die offisier wat sy manskappe se lewens in 'n stormloop weggooi, skiet tekort aan krygsmanskap. Dit was nie die geval met Christiaan de Wet nie. Die bestorming van vyandelike posisies was op sigself nie van veel betekenis nie tensy, soos in De Wet se geval, daar 'n vooruitsig was om die vyand daardeur soveel as moontlik verliese te berokken. Omdat die guerrilla-oorlogvoering die vooruitsig gehad het dat dit die stryd baie lank kon uitrek, was die Britse leërleiding gedetermineerd om die inisia= tor uit die weg te ruim. 'n Goed beplande en grootse dryfjag waarmee in Februarie 1902 begin is, is gevolglik uitgevoer met die uitsluitlike doel om genl. De Wet te vang. Aangesien De Wet egter ontsnapping tot 'n fyn kuns ontwikkel het deur onder andere dissipline en die benutting van deeglike verkenning, het die dryfjag vir sover dit die vang van De Wet be= tref, misluk. Sekere Transvalers en by name waarnemende pres. Burger se bereidwilligheid tot vrede het egter gedurende Maart 1902 die einde ingelei.

Die Vryheidsoorlog van 1899 - 1902 en die daarmee gepaardgaande Vrede van Vereeniging was 'n baie beslissende fase in 'n deurlopende proses van na= sionale strewe. Soos gedurende die stryd op die slagveld was De Wet ook 'n belangrike faktor by die stryd in die vergadersaal. De Wet was die kern van die een pool wat volslae onwillig was om hoegenaamd oor vredesvoor= waardes te praat tensy dit die onafhanklikheid van die twee Republieke waar= borg. Hierdie onwilligheid was nie egoïsties van aard nie, maar het te make met De Wet as godsmens wat sy ganse deelname aan die stryd sinvol ge= maak het. Sy geloof in sy God het hom geestelik en liggaamlik sterk ge= maak. Sy godsdiens het betekenis gegee aan sy woorde en dade en daarom bring hy die godsdiens in verband met die oorlog.

Die oorlog was vir hom dan ook 'n geloofsaak. Self erken hy dat die Boere na gewone menslike berekeninge die oorlog vanaf die begin nie kon voortsit nie. Omdat sy volk waardig was om volgens republikeinse beginsels te bestaan, was hy bereid om die stryd met die oog op God voort te sit. Sy geloof het weliswaar soms gegrens aan fanatisme, maar is prakties uitgeleef en nie naïef soos in die geval van genl. Piet Cronje nie. So het hy die antwoorde op moeilike vrae voor die aangesig van sy God gesoek, gemoedere gekalmeer met 'n gebed en eer vir 'n oorwinning of wonderbaarlike ontsnap= ping aan God gegee.

Waar dit sy oortuiging raak was hy gevolglik bereid om tot die uiterste te gaan, en wou hy in geloof aanhou veg vir die behoud van die onafhanklik= heid, eerder as om toe te stem tot die geluide wat alreeds kenbaar was by die abortiewe samesprekings van Middelburg gedurende Maart 1901, maar wat in Pretoria duideliker vorm en inhoud aangeneem het.

Toe dit enkele ure voor die beslissende antwoord vir hom duidelik word dat God ook 'n doel het met die verlies van onafhanklikheid, het hy tot vrede toegestem en is die ondertekening sonder broedertwis moontlik gemaak.

In De Wet se deelname staan die liefde en geloof gevolglik sterk op die voorgrond en was dit grootliks hieraan te danke dat hy wapenfeite kon be= haal wat aan hom wêreldroem besorg het.

Behalwe dat De Wet hom gedurende die oorlog bewys het as krygskunstenaar by uitnemendheid, het hy ook oomblikke van swakheid geken. Tot met Poplar Grove het hy sy vyand onderskat, het hy toegelaat dat die beleg by Jammer= berg onnodig uitgerek word, het hy halfhartig opgetree tydens die Britte se aanmars vanaf Bloemfontein na Transvaal en kon hy met groot kommando's nooit dieselfde resultate behaal as met klein kommando'tjies nie. Maar selfs in sy swakhede was hy groot, omdat hy daarmee die vyand se krygsplanne telkens verydel het. Hierdeur het hy die agting van sowel vriend as vyand verwerf. So verklaar onder andere een van sy baasverkenners, Barry du Plessis, dat hy sy geliefde en geëerde Generaal deur dik en dun tot selfs in die gevangenis sou volg.[1] Generaal Badenhorst praat met trots en re= spek van De Wet as "Ou-Baas",[2] terwyl sy burgers uit eerbied vir hom 'n militêre taptoe gehou het met sy besoek om die kies van verteenwoordigers vir die volksvergadering[3] te reël. Die Duitser, Oskar Hintrager het hom= self gelukkig geag dat hy De Wet leer ken het en het altyd in De Wet se teenwoordigheid gevoel dat hy met 'n groot man te doen het.[4] Erskine Childers wat teen De Wet geveg het, het die opvatting wat deur die Britse

---

1) M. C. E. van Schoor: De Wet en sy verkenners (Vroeë-oggendpraatjies, nr. 6, S.A.U.K., 29/9/1972).

2) Badenhorst: op.cit., p. 154.

3) Sien p. 264 hierbo.

4) Spies: op.cit., p. 206.

pers geskilder is dat genl. De Wet barbaars en eerloos is, die nek ingeslaan deur te verklaar dat De Wet dwarsdeur die oorlog die reputasie by die Britse troepe gehad het van 'n dapper soldaat, mensliewend en eerbiedwaardig heer.[5] Generaal French het ook 'n grenslose agting vir De Wet gehad,[6] so groot dat hierdie voormalige vyand ná die oorlog voorgestel het dat 'n swaard van eer aan hom gegee moet word.[7]

Vierhonderd Duitsers met die voornaam Christiaan het uit bewondering 'n stand=beeld van De Wet opgerig in Schierstein aan die Ryn, terwyl 'n ander groep Duiters 'n huis in Dresden Das Burenhaus genoem het. In die gewel is beelde aangebring van pres. Kruger en genls. De Wet en Louis Botha. In Hoenderloo Nederland kan vandag nog Texeira de Mattos se standbeeld van De Wet gesien word. Benewens die bekende ruiterstandbeeld van De Wet op Fleur voor die vierde Vrystaatse Raadsaal in Bloemfontein, is daar ook verskeie borsbeelde van hom deur bekende Suid-Afrikaanse beeldhouers in die Nasionale Oorlogsgedenk=museum in Bloemfontein te sien.

Ook in die musiekskat word bladmusiek gevind wat De Wet besing.[8]

Dit is egter veral in die poësie wat leke-digters en digters van naam De Wet se dade roem.[9] Enkele van die gedigte word hier vermeld. In 'n digbun=del saamgestel deur D. Wouters is 'n hele aantal gedigte oor die Anglo-Boereoorlog deur anonieme en onbekende digters opgeneem. 'n Viertal daarvan handel oor De Wet. Oor sy taktiek om gedurende die nag tot groot vrees van sy vyand te trek, het B. Shadwell op 1 Januarie 1902 'n gedig getiteld Generaal De Wet geskryf. Die gedig het die ritme soos van perde wat galop. In elke strofe word 'n kwelvraag gevra en telkens is die antwoord "De Wet, De Wet".[10] In 'n ander gedig getiteld: De Afgebroken oorlog of Dromen is bedrog[11] word die spot gedryf met Chamberlain wat droom dat sy soldate De Wet gevang en die

---

5) A. M. S. Methuen: Peace or War in South Africa, London, 1901, p. 56.

6) F. Rompel: Siegen oder Sterben, 's Gravenhage, (1901), p. 140.

7) Gronum: op.cit., p. 23.

8) Van die musiekstukke word in die Nasionale Oorlogsgedenkmuseum in Bloem=fontein uitgestal.

9) Vir die student in die letterkunde lê hier 'n hele veld braak, naamlik om 'n studie te maak van die letterkundige beeld van De Wet.

10) D. Wouters: Na Veertig Jaar. Nijmegen, 1940, p. 86.

11) Ibid., p. 44.

Boere verslaan het. Nadat hy wakker geword en die droom ondersoek het, moes hy erken: Dromen is bedrog. In Een Bede Om Hulp,[12] geslaak deur die vroue in die konsentrasiekampe, word in die vyfde strofe die hoop gevestig op De Wet, Kruger en Cronje want:

*"Zij allen zijn mannen als palen,*
*Voor niemand vervaard of bevreesd,* *(dan die trots van die vrou:)*
*Maar wie hun de loef af mag steken*
*'t Is Christiaan de Wet geweest".*

De Vliegende Hollander, De Gevreesde Geest der Engelsen[13] besing weer De Wet se vermoë om van die vyand te ontsnap.

In 'n gedig, Der Earl König van O. Lewino,[14] wat na analogie van Goethe se bekende gedig Erlkönig geskryf is, word lord Roberts voorgestel as die vader wat met sy soldate deur die nag jaag. Op Roberts se vraag waarom hulle so bang is, wil hulle weet of Roberts dan nie ook vir De Wet sien nie. Hy stel hulle egter gerus dat hy De Wet sal vang, wat nie gebeur nie omdat De Wet vreesloos dapper is, en die een trein na die ander vang. Dit laat Roberts verskrik voortjaag met sy soldate na Londen. Hier word hy met groot vertoon ontvang, "doch de Wet spukt weiter in Afrika".

Veral die Duitse volk het 'n besondere dunk van De Wet gehad soos onder andere blyk uit die gedig Dem Helden.[15] Daarin word die Vrystaters of, soos die gedig sê, "Oranjevolk", geroem. In die sewende strofe gaan dit om De Wet:

*"Sprecht ihr von mannes tugend*
*Den Enkeln künftig mir*
*Und lehrt Altdeutschlands Jugend*
*Der Helden Thaten ihr,*
*Dann stellt vor vielen andern*
*An stolze Ruhmesstätt',*
*Vor Fritz und Alexandern*
*Mir Christiaan de Wet!"*

---

12) Ibid., p. 62.

13) Ibid., pp. 50 - 51.

14) F. A. van Jaarsveld: Uit die album van 'n Boerekrygsgevangene: Friedrich Ernst Otto Mörs- Artikel in Historia, Maart 1973, p. 43.

15) Anon.: Burenlieder, München, 1901, p. 14.

Die bewondering van die Duitse volk vir De Wet spreek ook duidelik uit die wyse waarop hy tydens sy, De la Rey en Botha se besoek aan Duitsland ná die oorlog ontvang is.[16)]

Soos uit al die gedigte oor De Wet, spreek bewondering vir sy krygsmanskap ook uit die gedigte van Reitz,[17)] Jan F. E. Cilliers[18)] en J. J. Beukes.[19)]

Selfs die Britte het hierdie bewondering gedeel. So tipeer 'n onbekende Brit De Wet deur sitate uit die werke van bekende Engelse digters saam te voeg in 'n gedig wat hy ~~noem Christiaan~~ de Wet:[20)]

The Invisable Man - H. G. Wells.
Who can report on him? - Shakespeare.
I think there be six Richmonds in the field - Shakespeare.
'Es' asn't got no papers of 'is own,
'e' asn't got no medals nor rewards,
So we must certify the skill 'es' shown - Rudyard Kipling.
'Es' a daisy, 'es' a ducky, 'es' a lamb!
'Es' a injia rubber on the spree,
'Es' the only thing that doesn't give a damm
for a regiment o' British infantree! - Rudyard Kipling.
There's a lean fellow beats all conquerors. - Thomas Dekker.

Hongaarse offisiere in Budapest het 'n Suid-Afrikaanse L.V. gegroet as 'n land=genoot van De Wet.[21)] Toe 'n Suid-Afrikaner in Mexico vertel dat hy uit Suid-Afrika kom, het 'n Mexikaan gevra dat hy dae by hom moes deurbring bloot omdat die dade van Christiaan de Wet vir hom die bekoring van 'n sprokie gehad het.[22)]

---

16) Vergelyk Lückhoff: op.cit., vir besonderhede. Uit hierdie bron is dit duidelik dat De Wet veel meer aansien geniet het as die ander twee Boere=generaals.

17) Sien p. 227 vn. 107 hierbo.

18) Sien Jan F. E. Cilliers: Die Lewenstuin en ander gedigte, Pretoria, 1923, pp. 85 en 90: Albei gedigte is getiteld: Generaal de Wet.

19) J. J. Beukes: Krisjan de Wet (Ons Klyntje, Jan. 1903, p. 14).

20) The Chronicle, 27 Aug. (s.j.)(uitknipsel in Steyn-versameling, 156, Bylaag 26, Boek A, p. 31).

21) Van Zyl: Die Helde Album, p. 31.

22) Ibid.

Die beeld van De Wet is nie juis deur sy eie mense opgebou nie aangesien die Boere oor feitlik geen nuusmedia beskik het nie. Sy vyand, Brittanje, se wêreldpers en ander vreemdes het De Wet onder die aandag van die wêreld gebring.

Die indruk wat De Wet by vriend, vreemdeling en vyand gelaat het, kan be= skryf word as een van manlike fierheid. Sy betekenis het nie in sy fisiese nie, maar in sy geestelike krag gelê. Tewens, dit was nie moontlik om De Wet op sy uiterlike as 'n groot krygsman te takseer nie: Sy adjudant, Lukas Coetzer het hom beskryf as 'n man van sowat 1,65m (vyf voet ses duim) wat op kommando meestal 'n grys rybroek met rooibruin kamaste, 'n ge= wone baadjie met onderbaadjie, das en boordjie gedra het. Sy hoed was 'n baie gewone valerige Boerehoed wat nie aan die eenkant opgeslaan was nie. Aan die begin van die oorlog in Natal het hy 'n geweer gedra. Daarna was sy wapen 'n rewolwer.[23] Hy was egter 'n voortreflike skut wat gewoonlik die eerste skoot in 'n geveg gevuur het. Die skoot het dan ook die kol getref soos by Sannaspost. Persoonlike gemak het nooit by hom getel nie. Saam met sy burgers het hy in die veld geleef, saam met hulle koffie gedrink sonder melk, beskuit geëet sodat "zijn leven harder (is) dan het onze".[24] Deurdat hy een van die burgers was, het hy in die harte van sy mense inge= kruip.

Waar hy uiterlik dus nie veel van die gewone burger verskil het nie, het hy innerlik wel verskil. Hy was hartstogtelike vaderlander, vir wie die vryheid van sy land baie beteken het. Die liefde vir sy land het De Wet se optrede geïnspireer en was die rigsnoer vir al sy dade en besluite.

Hy het van sy burgers dieselfde liefde en toegewydheid verwag en daarom was hy streng met diegene wat onder hom geveg het. Hy het baie selde lof betuig aan sy burgers behalwe in enkele uitsonderlike gevalle. Veel eerder was hy ongenaakbaar in sy optrede en het hy sonder aansiens des persoon met die sam= bok gepraat al was dit met die President.[25] So word vertel dat De Wet 'n

---

23) Van Schoor: De Wet en sy verkenners (Vroeë-oggendpraatjies, nr. 7, S.A.U.K., 30/9/1972.)

24) Ver Loren van Themaat: op.cit., p. 245.

25) Van Schoor e.a.: op.cit., p. 41.

veldkornet wat sy stelling verlaat het voor die slag van Bethlehem onder die sambok gesteek met die woorde: "ek ben het niet, die je slaat het is de wet!"[26] Vir renegate het hy geen tyd gehad nie en hy het byvoorbeeld na Jammerberg gegaan om Afrikaners wat teen hulle eie mense veg te vang.[27] Hy het ook net gewag vir die geleentheid om met kapt. Bergh af te reken,[28] en het nie geskroom nie om sy eie broer, Piet, te waarsku om uit sy pad te bly anders sou hy hom skiet.[29]

Van 'n getroue soldaat het De Wet egter baie gedink al was dit ook sy vyand. Om hierdie rede het hy 'n hoë dunk van genl. French gehad.[30]

De Wet se uiterlike hardheid het egter 'n fyn gees verberg. Om bloedvergieting te voorkom, is die Britte telkens voor 'n geveg gevra om oor te gee. Britse gewondes het sy persoonlike aandag verdien asook die beste behandeling.[31] Daarby was hy diep geroer wanneer van sy burgers en veral kinders gesneuwel het.

Hy was ook humoris wat graag sy burgers se been getrek of met die vyand gespot het. So word onder andere vertel dat De Wet aan drie Britse verkenners hulle vryheid beloof het as hulle 'n belangrike rapport aan hulle generaal aflewer. Daarin het gestaan dat die drie geketting moet word, want De Wet vang hulle elke dag![32]

De Wet se militêre prestasies was verder moontlik omdat hy aangebore krygstalente besit het en dit gepaar het met, soos Davitt dit stel, "common sense".[33] Deur sy mensekennis het hy sy mense agter hom geskaar en die vyand telkens in 'n lokval gelei of gebluf. In die verband was sy kennis van die veld en veral

---

26) Aangehaal by Van Schoor e.a.: op.cit., p. 39.

27) Sien p. 90 hierbo.

28) Sien p.220 hierbo.

29) Vergelyk Kitchener Letters, I, p. 18: Brief Kitchener - Broderick, 18/1/1901. Kitchener het in hierdie brief gesê dat hy 'n brief van Piet de Wet insluit (oorspronklike brief kon nie opgespoor word nie) waarin laasgenoemde beweer dat sy broer, Christiaan aan hom 'n boodskap gestuur het dat hy hom sal doodskiet as hy hom sien.

30) Davitt: op.cit., p. 103.

31) The Standard, 7/8/1900: p.7. Brief luit.-kol. Stonham - Lady Georgiana Curzon.

32) Van Schoor e.a.: op. cit., p. 39.

33) Davitt: op.cit., p. 103.

sy absolute vertroue in verkenners soos Danie Theron, Gideon Scheepers, sy eie seuns, die Richter-broers en neefs en Melt van Schoor van groot belang. Tewens,De Wet se verkenners en verkenningswerk was die grootste enkele fak= tor in sy suksesse. Hulle verkenningswerk en die rapporte het aan De Wet die nodige selfvertroue gegee om doelgerig die vyand te ontwyk of trompop te loop.

Sy fyn waarnemingsvermoë, sy verrassingsaanvalle[34], sy sin vir rigting, die feit dat hy nie maklik moeg geword het nie, en sy gedurige verwisseling van kommando het verder daartoe bygedra om sy vyand te ontsenu en van sy deel= name 'n militêre sukses te maak. Die militêre korrespondent van die Daily Telegraph by Buller se afdeling het onwetend dan ook 'n waar woord gespreek toe hy verklaar het: "Military students of the future will have to regret that the Boers have no Jomini among them for it is de Wet's opera= tions and not another's, which will form the theme of every cavalry professor at every military school abroad. His methods will be studied, and his practice followed".[35] Die Duitser, genl. Erwin Rommel het byvoorbeeld met die terugdrywing van die Britte uit Noord-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog 'n taktiek gevolg,gebaseer op De Wet se opbreek van sy kommando in klein vegeenhede. Met hierdie taktiek, wat hy sy Christiaan de Wet-tak= tiek genoem het, het hy groot sukses behaal.[36]

Kortom, De Wet se geregverdigde bekendheid berus op sy suksesvolle en be= slissende deelname aan die Anglo-Boereoorlog. Omdat hy 'n mens was, was hy natuurlik nie volmaak nie, maar juis omdat hy 'n MENS was, was hy groot.

Dit is dus geen wonder nie dat die opvoedkundige Ellen Key, sy voorbeeld aan die jeug as navolgenswaardig voorgehou het.[37]

---


34) Sien Gibson: op.cit., pp. 315 - 316 in die verband.


35) Koerantuitknipsel van Daily Telegraph (s.j.) in Steyn-versameling, Lêer 3.


36) Mededeling deur prof. dr. M. C. E. van Schoor, U.O.V.S.


37) Die Huisgenoot (Redaksioneel), Februarie 1922, p. 394.



KAART 1.
DE WET OP DIE WESGRENS
KAAPKOLONIE
KIMBERLEY.
BOSHOFF.
PAARDEBERG.
GUNHILL.
KOEDOESRAND.
POPLAR GROVE.
ABRAHAMSKRAAL.
MODDERRIVIER.
A.
B. C.
D.
E.
STINK-
FON-
TEIN.
SIGNALHILL.
OSKOPPIES.
BANKDRIF-
KOPPIES.
TAFELKOP.
PETRUSBURG.
BLOEMFON-
TEIN.
JACOBSDAL
DRIWWE:
A: PAARDEBERGDRIF.
B: VANDISIEDRIF.
C: VANDERBERGDRIF.
D: BANKDRIF.
E: KOEDOESRANDDRIF.
KOFFIEFONTEIN.
REDDERS-
BURG.
FAURESMITH.
EDENBURG.



KAART 2
SANNASPOST – 31 MAART 1900.
NOORD
GENL. COLVILLE.
KOL. C. MARTYR
← BLOEMFONTEIN
MODDER RIVIER.
KOORNSPRUIT
C. DE WET.
KAPT. BAINBRIDGE.
KOL. FISHER.
KOL. NEELD.
GENL. BROADWOOD.
A
B
C
D
E.
F
A.- WATERVALDRIF.
B - KOORNSPRUITDRIF.
C.- SANNASPOSTSTASIE EN ONVOLTOOIDE SPOORLYN.
D.- WATERWERKE.
E - BOESMANSKOP.
F - PRETORIUS SE PLAAS.
BROADWOOD SE MAG:
1) "Q" EN "U" BATTERIES (MAJ. HORNBY EN TAYLOR)
2) SECOND CAVALRY BRIGADE
i. HOUSEHOLD (KOL. NEELD.)
ii. 10 TH. HUSSARS (KOL. FISHER)
3) ALDERSON'S M.I. BRIGADE.
i. 1ST. BN. M.I. (MAJ. AMPHLETT)
ii. 1ST. COMP. 2ND BN. M.I. (KAPT. BROOKE)
iii. 3RD. BN. M.I. (LUIT. PILCHER)
iv. REMINGTONS GUIDES. (MAJ. REMINGTON)
v. NEW ZEALAND M.R. (MAJ. ROBIN)
vi. BURMA M.I. (MAJ. CRUICKSHANK)


KAART 3
VANAF SLABBERTSNEK NA DIE VAALRIVIER.
POTCHEFSTROOM
VAALRIVIER.
23/24 JULIE
PARYS
VREDEFORT.
22/23 JULIE.
RENOSTERRIVIER
KOPPIES
20 JULIE
HEILBRON
HEUNINGSPRUIT
19 JULIE
KROONSTAD
PETRUS STEYN
18 JULIE
INDLEY
N
BETHLEHEM.
SENEKAL.
15 JULIE
SLABBERTSNEK
WINBURG.
FICKSBURG.
BLOEMFONTEIN
MASERU
LESOTHO


KAART 4.
BANK.
WELVERDIEND.
SMITH-DORIEN.
FREDERIKSTAD.
N.
POSISIE SOOS
OP 6 AUGUSTUS 1900.
POTCHEFSTROOM.
METHUEN.
VAALRIVIER.
SKANDINAWIË DRIF.
SCHOEMANSDRIF.
LINDEQUESDRIF.
PARYS.
DE WET.
REITZBURG.
VREDEFORT.
RENOSTERRIVIER.
WINKELSDRIF.
KNOX EN
BROADWOOD.
HART.


KAART 5
TOG NA DIE MAGALIESBERGE.
MAGATOSNEK.
RUSTENBURG.
KOMMANDONEK.
OLIFANTSNEK.
MAGALIESBERGE.
N
DE WET
GENL. IAN HAMILTON.
ZEEKOEHOEK.
MAHON.
KRUGERSDORP.
VLAKFONTEIN.
BANKSTASIE.
WELVERDIEND.
METHUEN
VENTERSDORP.
DE WET
POTCHEFSTROOM.
MOOIRIVIER.
LINDEQUESDRIF.
METHUEN.
DE WET
VAALRIVIER.
PARYS.
BROADWOOD, LITTLE EN HART.
SKANDINAWIË-DRIF.
SCHOEMANSDRIF.
REITZBURG.
RENOSTERRIVIER.


KAART 6
BOTHAVILLE: 6 NOV. 1900
KITCHENER'S HORSE.
6TH. M.I EN KITCHENERS HORSE.
NA POSISIE B.
NA BOTHAVILLE (8 KM.)
N
KRAAL WAARIN 8TH. M.I (COLVILLE) VERSKANS WAS.
NA KROONSTAD.
NEW SOUTH WALES M.R.
B
4 BATTERY
5TH. M.I.
PLAASHUIS WAARIN G.A. LE GALLAIS GESNEUWEL HET.
8TH M.I (PERCY SMITH)
WES-AUSTRALIERS
BOERE SE TEENAANVAL.
DAM.
FINALE AANSLAG
BOERE.
KANONNE VAN BOERE WAT OOK IN SLAG GEBLY HET.
X = BOERE.
— = BRITTE.
17TH EN 18TH YEOMANRY.
DE WET SE HOOFLAER.
RIGTING WAARIN BOERE GEVLUG HET.
AGTERHOEDE SE AANVAL.
7TH EN 8TH. M.I. (A) VANAF POSISIE A.


KAART 7.
GEVEG BY DEWETSDORP.
23 Nov. 1900.
N
DIEP RIVIERBEDDING
NA WEPENER
NA THABA NCHU
GLOUCESTER REGIMENT
GLOUCESTER REGIMENT.
ROYAL IRISH RIFLES
GLOUCESTER REGIMENT.
BOERE KANON
DEWETSDORP
HIGHLAND LIGHT INFANTRY HOOF-STELLING.
GLOUCESTER REGIMENT HOOFSTELLING.
GLOUCESTER REGIMENT
HIGHLAND LIGHT INFANTRY
BRITTE SE MAXIM.
HIGHLAND LIGHT INFANTRY.
BOERESTELLING.
RIGTING WAARIN BOERE BEWEEG HET.
NA SMITHFIELD.
NA REDDERSBURG.


KAART 8

EERSTE INVAL IN DIE KAAPKOLONIE.




KAART. 9

TWEEDE INVAL IN DIE KAAPKOLONIE.




1) ⟶ RIGTING VAN DE WET (BEGIN BY DOORNBERG)

2) X BOTSINGS MET VYAND.


KAART 10
GEVEG VAN GROENKOP.
24/25 DES. 1901
N
VERSAMELPUNT VAN DE WET SE KOMMANDO VOOR AANVAL.
RIGTING WAARIN DE WET BEWEEG HET.
RIGTING WAARIN VYAND BEWEEG HET.
TIERRIVIER.
PAD NA BETHLEHEM.
TONEEL AKSIE VAN TWEEKLOOFSPRUIT. (18 DES.)
MOOIMEISIESRUS.
KAMP VAN GENL. RUNDLE.
150 MAN VAN GROENKOP WAT OP 24 DES NIER KAMP OPGESLAAN HET.
TRADOUW.
DIE IMPERIAL LIGHT HORSE TE LAAT OM TE HELP.
GROENKOP.
ONVOLTOOIDE BLOKHUISLYN.
TWEEFONTEIN
LANGBERG.
UITKYKPOS VAN BOERE.
AANVAL VAN DE WET.
HOSPITAAL
PERDE.
WAENS.
36TH. CO.
34TH. CO.
35TH. CO.
HOOFKWARTIER
53TH. CO.
BRANDWAGTE IN KLIPSKANSE.
BRANDWAG IN LOOPGRAWE.
TONEEL SOOS OP GROENKOP.

# BRONNE

## I. ARGIVALE BRONNE

### a) GEPUBLISEERD

HANCOCK, W. K. AND VAN DER POEL, J. (ED.): Selections from the Smuts' Papers, I. Cambridge, 1966.

HEADLAM, C. (ED.): The Milner Papers, II. London, 1933.

LEYDS, W. J.: Tweede Verzameling (Correspondentie 1899 - 1900, Bijlagen-Index), II. 's-Gravenhage, 1930.

: Vierde Verzameling (Correspondentie 1900 - 1902), I. 's-Gravenhage, 1934.

### b) ONGEPUBLISEERD

#### i) Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria

ARGIEF VAN DIE KOMMANDANT-GENERAAL (Verwys K.G.):
Bande: 332, 340, 346, 350, 353.

GOVERNMENT SECRETARY (Verwys G.S.):

THE LORD ROBERTS PAPERS (Verwys L.R.P.):
Volumes: 5, 7, 8, 10, 11, 33, 51, 52, 57, 59, 65.

KITCHENER LETTERS:
Vol. I.

WAR OFFICE, MICROFILMS:
A. 362 W.O. Box 32/861.
A. 363, W.O. Box 32/854.
A. 393, W.O. Box 105/27.
A. 394, W.O. Box 105/28.
A. 398, W.O. Box 46.

N. J. DE WET-VERSAMELING:
Band 9.

S. P. ENGELBRECHT-VERSAMELING, AANWINS A.371:
Bande: 8, Lêer 29.
23/24, Lêer 59/63.

W. J. LEYDS-VERSAMELING:
Bande: 103A, 709/10, 713, 717, 718, 747.
771A: Nierstrasz, F.A.: Der Süd-Afrikanische Krieg.
19 Dele. 's-Gravenhage, 1905. (Ongepubliseerde manuskrip).

G. S. PRELLER-VERSAMELING. Aanwins A. 787:

| | | |
|---|---|---|
| Bande: | 1 - 9 | - Inkomende Telegramme. |
| | 10 | - Uitgaande Briewe en Rapporte. |
| | 11 | - Briewekopieboek. |
| | 12-14 | - Telegramkopieboek. |
| | 15-17 | - Korrespondensie met Engelse offisiere en stukke i.v.m. vredesluiting. |
| | 19 | - Lêer Genl. De Wet. |
| | 47 | - Oorlogsberigte. |
| | 48 | - Telegramme. |
| | 49 | - Telegramme en oorlogsberigte, 29/11/1900 - 22/12/1901. |
| | 50 | - Telegramme en oorlogsberigte, 14/10/1899 - 8/9/1900. |
| | 51 | - Oorlogsberigte, 20/11/1899 - 8/5/1900. |
| | 52 | - Offisiële Kennisgewings en Proklamasies. |

D. J. THERON-VERSAMELING, Aanwins A. 285.

ii) Vrystaatse Staatsargiefbewaarplek, Bloemfontein

MILITARY GOVERNOR, (Verwys M.G.):

| | | |
|---|---|---|
| Volumes: | 1 | - Letters received and Minute papers: Bloemfontein, March - April, 1900. |
| | 2 | - Letters received and Minute papers: Bloemfontein, Sept. 1900 - Feb. 1901. |
| | 3 | - Letters received and Minute papers: Thaba Nchu and Wepener, March 1900 - Jan. 1901. |
| | 4 | - Letters received and Minute papers: Bethulie, Smithfield and Rouxville, May 1900 - Feb. 1901. |
| | 7 | - Letters received and Minute papers: Northern Districts, Jul. 1900 - Feb. 1901. |

VERSAMELINGS: ABRAHAM FISCHER, Privaataanwins 4/6.

D. J. MALAN, Privaataanwins 4/7.
Band 60, 3: Anglo-Boereoorlog.

PRES. M. T. STEYN, Aanwins 4/12, 156.
Bande: 156/1/7, 156/2/2, 156/4/1, 156/4/2, 156/6/163, 156/26, 156/29, 156/30.

## II. REGERINGSPUBLIKASIES

NOTULES VAN DEN H.E. (O.V.S.) VOLKSRAAD, 1892 - 1896.

CAPE OF GOOD HOPE GOVERNMENT GAZETTE, 13/10/1899.

STAATSCOURANT VAN DEN ORANJEVRIJSTAAT, 1899 - 1902.

GOVERNMENT GAZETTE OF THE O.R.C. 30/4/1900.

ORANJE VRIJSTAAT UITVOERENDE RAAD NOTULE, Nr. 17.

IMPERIAL BLOUBOEKE (Verwys C. en Cd.):

1899: C-9507 - Correspondence relating to Status of the South African Republic.
1900: Cd.-261 - Further correspondence relating to Affairs in South Africa.
Cd. 426 - Proclamations issued by Field Marshall Lord Roberts in South Africa.
1901: Cd. 457 - South Africa Despatches, I.
Cd. 522 - South Africa Despatches, Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th March, 1901, relative to Military operations in South Africa.
Cd. 524 - Return of buildings burnt in each month from June 1900, to January 1901 inclu= ding farm buildings, mills, cottages and hovels.
Cd. 528 - Papers relating to negotiations between Commandant Louis Botha an Lord Kitchener.
Cd. 546 - Letter from Commandant Louis Botha to Lord Kitchener, 13th Febr., 1901.
Cd. 547 - Further correspondence relating to Affairs in South Africa.
Cd. 582 - Correspondence, etc. between the Comman= der-in-Chief in South Africa and the Boer Commanders so far as it affects the destruction of property.
Cd. 663 - Further papers relating to negotiations between Commandant Louis Botha and Lord Kitchener.
1902: Cd. 903 - Further correspondence relating to Affairs in South Africa.
Cd. 906 - Correspondence with the Netherland Go= vernment regarding the War in South Africa.
1903: Cd.1792 - Appendices to the minutes of evidence taken before the Royal Commission on the War in South Africa. London, 1903.

WATERS, W. H. H.: The German official account of the War in South Africa, second edition, London, 1905.

S. A. NATIONAL CONVENTION, 1908 - 1909. Minutes of Proceedings and Annexures. Cape Town, 1911.

BLOUBOEKE OOR REBELLIE:


U.G. 10-15: Rapport over het uitbreken der Rebellie en de handelwijse van de regering met betrekking tot de onderdrukking van deze.

S.G.I.: Report of the Select Committee on Rebellion.

U.G. 12-16: Judicial commission of inquiry into the causes and circumstances relating to the recent rebel= lion in South Africa: Minutes of Evidence.


III. <u>LITERATUUR</u> *(Werke wat moontlik onder Literêre bronne tuishoort is in die literatuurlys opgeneem, omdat 'n onderskeiding nie altyd moontlik is nie).*


AMERY, L. S. (Ed.): The Times History of the War in South Africa, 1899 - 1902. Vol. I - VII. London, 1909.

ANICUS, B.: De onderhandelinge van Lord Kitchener en Louis Botha. Amsterdam, 1901.

ANDERSON, Ken: Heroes of South Africa, Cape Town, s,j.

ANDRIESSEN, W. F.: Gedenkboek van die oorlog in Zuid-Afrika. Amsterdam, 1904.

ANONIEM: Burenlieder. München, 1901.

ANONIEM (Hintrager, O. J.): Steijn, De Wet und die Oranje Freistaater. Tübingen, 1902. (in Nederlands vertaal: Met Steijn en De Wet op kommando. Rotterdam, 1902).

BADENHORST, C. C. J.: Uit den Boerenoorlog, 1899 - 1902. Amster= dam, 1903.

BARBARY, JAMES: The Boer War, New York, 1969.

BEUKES, J. J.: Krisjan de Wet. (Gedig in Ons Klyntje, Janewari 1903).

BEYERS, C.: Laaste jare en heengaan van President Kruger. Argief= jaarboek vir S. A. Geskiedenis. Deel I, 1941.

BEYERS, C. J.: Die Kaapkolonie en die Jameson-inval. Ongepubli= seerde M.A.-verhandeling, U.S., 1951.

BODENSTEIN, H. D. J.: Was genl. Botha in 1900 'n verrader? Amster= dam, 1916.

BOËSEKEN, A. J. e.a. (reds.): Drie Eeue, IV. Kaapstad, 1953.

BOLDINGH, G.: Een Hollandsch officier in Zuid-Afrika. Rotterdam, 1903. (Verwerk deur G. H. Priem).

BOSHOFF, S. P. E.: Rebelliesketse. Amsterdam, 1918.

BOTHA, H. J.: Die moord op Derdepoort, 25 November 1899. Nie-Blankes in Oorlogsdiens, Pretoria, 1965.

BREDELL, H. C. en GROBLER, P.: Gedenkskrifte van Paul Kruger. Pretoria, 1947.

BREYTENBACH, J. H.: Kommandant Danie Theron. Kaapstad, 1950.

: Die Geskiedenis van die Tweede Vryheids=oorlog in Suid-Afrika, 1899-1902. Twee dele. Pretoria, 1969 (Deel I) en 1971 (Deel 2).

BROWN, H. and GREW, E. S.: War with the Boers, 5 volumes. London, s.j.

CAIRNES, W. E.: Earl Roberts as soldier in Peace and War. London, 1901.

CHURCHILL, W. S.: Ian Hamilton's March. London, 1900.

CILLIERS, Jan, F. E.: Die Lewenstuin en ander gedigte. Pretoria, 1925.

COETZEE, J. C. (Red.): Onderwys in Suid-Afrika, 1652 - 1960. Tweede druk, Pretoria, 1963.

CONRADIE, F. D.: Met Cronje aan die Wesfront, 1899 - 1900. Kaapstad, 1943.

COOK, Edward, T.: Rights and wrongs of the Transvaal War. London, 1901.

CRESWICKE, Louis: South Africa and the Transvaal War, 6 Volumes, Edinburgh, 1901.

CUNLIFFE, F. H. E.: The History of the Boer War, I. London, 1903.

DAVENPORT, T. R. H.: The Afrikander Bond, The History of a South African Political Party, 1880 - 1911. Cape Town, 1966.

DAVITT, Michael: The Boer fight for Freedom. New York, 1902.

DE KOCK, W. J. (Hoofred.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, I. Eerste uitgawe, Kaapstad, 1968.

DE KOCK, W. J. en KRÜGER, D. W. (Hoofred.): Suid-Afrikaanse Bio=grafiese Woordeboek, II. Eerste uitgawe, Kaapstad, 1972.

DE VILLEBOIS-MAREUIL, G. H.: War Notes. London, 1902. (Vertaal deur F. Lees).

DE VILLIERS, O. T.: Met De Wet en Steyn in het Veld. Amsterdam, 1903.

DE WET, C. R.: De Strijd tusschen Boer en Brit. Tweede druk, Amsterdam, 1902.

DOONER, Mildred G.: The Last Post. London, 1903.

DOYLE, A. CONAN: The Great Boer War. London, 1900.

ENGELENBURG, F. V.: Generaal Louis Botha. Pretoria, 1928.

FISHER, J.: That Miss Hobhouse. London, 1971.

GIBSON, G. F.: The Story of the Imperial Light Horse in the South African War. s.p., 1937.

GOLDMAN, C. S.: With General French and the Cavalry in South Africa. London, 1902.

GOODFELLOW, C. F.: Great Brittian and South African Confede= ration, 1870 - 1881. Cape Town, 1966.

GOOSEN, D. P. (Red.): Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910 - 1953. Johannesburg, 1953.

GROBLER, M. J.: Met die Vrystaters onder die wapen. Bloemfontein, s.j.

GRONUM, M. A.: Die Engelse Oorlog, 1899 - 1902. Kaapstad, 1972.

GUNTER, C. F. G.: Opvoedingsfilosofieë. Stellenbosch, 1961.

HILLEGAS, Howard, C.: With the Boer forces. London, 1901.

HOBHOUSE, E.: Die smarte van die oorlog. Kaapstad, 1923. (Vertaling deur N. J. van der Merwe).

: War without Glamour. Bloemfontein, 1924.

HOFMEYR, N.: Zes maanden bij de Commando's. 's-Gravenhage, 1903.

INTELLIGENCE OFFICER (Pseud.): On the heels of De Wet. London, 1902.

JACKSON, M. C.: A Soldier's Diary. London, 1913.

JACOBS, D. S.: Abraham Fischer in sy tydperk, 1850 - 1913. Argiefjaarboek vir S. A. Geskiedenis, Deel 2, 1965.

JAMES, D.: Lord Roberts. London, 1954.

KEMP, J. C. G.: Vir vryheid en vir reg. Tweede druk. Kaapstad, 1942.

KEPPER, G. L.: De Zuid-Afrikaansche Oorlog. Leiden, 1900.

KESTELL, J. D.: Christiaan de Wet. Kaapstad, 1920.

: Met de Boeren-Commando's - Mijne ervaringen als veldprediker. Amsterdam, 1903.

KESTELL, J. D. en VAN VELDEN, D. E.: De Vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit in Zuid-Afrika. Pretoria, 1909.

KRIEL, J. D.: Emily Hobhouse en die naweë van die Anglo-Boere=oorlog. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1956.

KRÜGER, D. W. (Ed.): South African Parties and Policies, 1910 - 1960. Cape Town, 1960.

KRÜGER, D. W.: The age of the generals. 1958.

LEHMANN, J. H.: The First Boer War. London, 1972.

LE MAY, G. H. L.: British supremacy in South Africa, 1899-1907. Oxford, 1965.

LEYDS, W. J.: De eerste annexatie van de Transvaal II. Amsterdam, 1906.

LÜCKHOFF, L.: Die Buren-Generale Botha, De Wet, De la Rey in der Deutschen Reichshauptstadt. Berlin, s.j.

MARAIS, A. H.: Die onstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-kolonie, 1902 - 1907. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1967.

MAURICE, F. M. and GRANT, M. H.: History of the War in South Africa. 4 Volumes. London, 1907.

MEINTJIES, J.: Stormberg - A lost opportunity. Cape Town, 1969.

METHUEN, A. M. S.: Peace or War in South Africa. London, 1901.

MOLTENO, P. A.: Life of Sir J. C. Molteno. London, 1900.

MOUTON, J. A.: Generaal Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Deel I, 1957.

NAUDE, J. F.: Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp bôkant De Wet. Rotterdam, 1903.

NEETHLING, E.: Mag ons Vergeet? Tweede druk, Kaapstad, 1940.

O.F.S. INFORMASIE KOMMISSIE: De Boeren Zijde. Jagersfontein, 1900.

OOSTHUIZEN, J.: Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheids=oorlog. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, P. U. vir C. H. O., 1949.

OTTO, J. C.: Die Konsentrasiekampe. Kaapstad, 1954.

PENNING, L.: De Oorlog in Zuid-Afrika II. Rotterdam, 1901.

PEYPER, P. A.: Generaal J. C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog (1899 - 1902). Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P. U. vir C. H. O., 1960.

PIENAAR, P.: Met Steyn en De Wet. Middelburg, 1902. (in Nederlands verwerk deur A. J. J. Ebeling).

PRELLER, Gustav, S.: Historiese Opstelle. Pretoria, 1925.

: Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland, Tweede uitgawe, Kaapstad, 1940.

RANSFORD, O.: The Battle of Majuba Hill, The First Boer War. London, 1967.

REITZ, D.: Commando. London, 1933.

REITZ, F. W.: Oorlogs- en ander Gedichten. Potchefstroom, 1910.

ROMPEL, F.: Heroes of the Boer War. London, 1903.

: Präsident Steyn. München, s.j.

: Siegen oder Sterben. 's-Gravenhage, (1901).

ROSENTHAL, E.: General de Wet. Cape Town, 1946.

SCHEIBERT, J.: Der Freiheitskampf der Buren, 2 Teile. Berlin, 1900.

SCHOLTZ, G. D.: Europa en die Tweede Vryheidsoorlog. Johannesburg, 1939.

: Generaal Christiaan Frederik Beyers. Johannesburg, 1941.

: Die Rebellie, 1914 - 1915. Johannesburg, 1942.

: Die Tweede Vryheidsoorlog. Johannesburg, 1960.

SELBY, John: The Boer War. London, 1969.

SMITH-DORIEN, H.: Memories of Forty-eight Year's Service. London, 1925.

SMITS, A.: Betrekkingen tussen Vlaanderen en Zuid-Afrika. Brugge, 1943.

SPIES, F. J. du T.: 'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat. Amsterdam, 1946.

STEAD, W. T.: Methods of Barbarism. London, 1901.

STEENKAMP, Ewald: Helkampe. s.p., s.j.

STRYDOM, C. J. Scheepers: Kaapland en die Tweede Vryheidstryd, Tweede druk. Kaapstad, 1943.

: Ruitervuur. Kaapstad, 1970.

THOMPSON, L. M.: The unification of South Africa, 1902 - 1910. Oxford, 1960.

VALTER, M. P. C.: Louis Botha contra Generaal Christiaan de Wet. Amsterdam, 1915.

VAN ASWEGEN, H. J.: Die verhouding tussen Blank en Nie-blank in die Oranje-Vrystaat, 1854 - 1902, 2 Bande. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1968.

VAN DEN HEEVER, C. M.: Generaal J. B. M. Hertzog. Johannesburg, 1943.

VAN DER MERWE, N. J.: Marthinus Theunis Steyn, II. Kaapstad, 1921.

VAN DER WALT, A. J. H.; WIID, J.A.; GEYER, A. L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, II, Tweede verbeterde druk.. Kaapstad, 1955.

VAN EVERDINGEN, W.: De oorlog in Zuid-Afrika. 2 Dele. Delft, 1920 (Tweede tydvak, eerste deel: Maart - Julie 1900. Tweede hersiene druk), en 1915 (Tweede tydvak, tweede deel: Julie - Oktober 1900).

VAN RENSBURG, A. P. JANSEN: Die Ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie, 1902-1907. Ongepubliseerde D.Phil.-proef=skrif, U.O.V.S., 1965.

VAN ROOYEN, J. J.: Die Nasionale Party. Kaapstad, 1956.

VAN SCHOOR, M. C. E., MALAN, S. I., OBERHOLSTER, J. J.: Christiaan Rudolph de Wet, Tweede uitgawe. Bloemfontein, 1964. (Nasionale Vrouemonumentekommissie).

VAN SCHOOR, M; C. E.: Christiaan de Wet. (Ongepubliseerde teks van: Vroeë Oggendpraatjies, S.A.U.K., uitgesaai vanuit Johannesburg, 1972).

VAN ZYL, P. H. S.: Die Helde Album. Johannesburg, 1944.

: Waar en Trou. Johannesburg, 1948.

VER LOREN VAN THEMAAT, H.: Twee jaren in den Boerenoorlog. Haarlem, 1903.

WALKER, E. A.: A history of South Africa. London, 1928.

WEBB, H. S.: De Oorzaken van de Rebellie. Pretoria, 1916.

WEIDEMAN, N. C.: Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P., 1955.

WOUTERS, D.: Na veertig jaar. Nijmegen, 1940.

## IV. KOERANTE (UITGAWES IN VOETNOTE AANGEDUI)

CAPE ARGUS
DAILY MAIL (London)
DE AFRIKANDER
DE BRANDWACHT
DE SPECTATOR

DE VOLKSSTEM
DIE BURGER
DIE VOLKSBLAD
HET VOLKSBLAD
LONDON TIMES
MIDLAND NEWS
THE FRIEND
THE STANDARD
THE STAR
THE TIMES
TRANSVAAL CHRONICLE
SUNDAY POST

## V. KOERANTE- EN TYDSKRIFARTIKELS

### a) KOERANTE

PRELLER, G. S.: Danie Theron, beroemde Boereverkenner en held in ons Vryheidstryd. Die Vaderland, 30 Augustus 1935.

### b) TYDSKRIFTE

CRONJE, P. A.: Herinnenringen door Generaal Piet Cronje, opgeteKend door Kapitein Jack Hindon. Die Brandwag, 15 Augustus - 15 Oktober 1913.

DE JONG, C.: Een Noorsbewonderaar van de Boeren. Historia, Maart 1973.

DE WET, J. M. B.: Die afkoms van genl. De Wet. Die Huisge= noot, 3 Februarie 1933.

FICHARDT, T.: The illness of President M. T. Steyn. S. A. Mediese Tydskrif, 24 November 1973.

J. E. V.: Die moord op Derdepoort: Die persoonlike getuienis van 'n ontvlugte vrou. Die Huisgenoot, 18 Oktober 1940.

(Redaksioneel): Christiaan de Wet. Die Huisgenoot, Februarie 1922.

STEYTLER, F. A.: Generaal Hertzog as krygsman. S. A. U. K. - publikasie, (P.60/8A), Johannesburg, 1961.

VAN JAARSVELD, F. A.: Uit die album van 'n Boerekrygsgevangene: Friedrich Ernst Otto Mörs. Historia, Maart 1973.

VAN RENSBURG, B. H. J.: Fleur, S. A. se beroemste perd. Fleur, September 1946.

VAN VELDEN, D. J. J.: Die siekte van President M. T. Steyn. S. A. Mediese Tydskrif, 19 Mei 1973.